

'n Sisteemteoretiese kartering van die Afrikaanse literatuur vir die tydperk 2000–2009: --- Kanonisering in die Afrikaanse literatuur

A.J.T. (LETI) KLEYN

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Philosophiae Doctor (Uitgewerswese)

in die Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Universiteit van Pretoria
Pretoria

Studieleiers:

prof. Maritha Snyman (Departement Inligtingkunde)
prof. Henning Pieterse (Kreatiewe Skryfkuns/Departement Afrikaans)
Universiteit van Pretoria

20 Mei 2013

Verklaring

Ek verklaar dat “’n Sisteemteoretiese kartering van die Afrikaanse literatuur vir die tydperk 2000–2009: Kanoniserings in die Afrikaanse literatuur:” my eie werk is in die ontwerp en uitvoering daarvan, dat dit nie voorheen vir enige graad- of eksamendoeleindes aan hierdie, of enige ander universiteit voorgelê is nie en dat alle bronne wat gebruik is, voldoende aangedui en erken is deur volledige bibliografiese verwysings.

Declaration

I declare that “’n Sisteemteoretiese kartering van die Afrikaanse literatuur vir die tydperk 2000–2009: Kanoniserings in die Afrikaanse literatuur” is my own work in design and execution, that it has not been submitted for any degree or examination at this or any other university, and that all the sources used or quoted have been indicated and acknowledged by complete reference.

A.J.T. (Leti) Kleyn

Geteken/signed _____

Datum/date _____

Opsomming

In hierdie studie word ondersoek ingestel na die rolspelers in die Afrikaanse literêre sisteem wat tot kanoniseringsaanleiding gee. Die literêre sisteem word gekarteer deur die publikasies, resepsie daarvan en openbare debatte daarvoor vir die tydperk 2000–2009 te ondersoek. Daar word aandag gegee aan die uitgewersbedryf; mediapraktyke; literêre pryse; vertalings; bloemlesings; literatuurgeskiedenis; skryfskole; verwerking van literêre werke vir film en die uitvoerende kunste; die impak wat die sensuurwetgewing op die status van skrywers en die bedryf gehad het; leeskringe en 'n aantal kleiner rolspelers soos boeksubsidies, biblioteke, literêre tydskrifte, skrywersverenigings en literêre toerisme. Daar word verder ook aandag gegee aan die wyse waarop hiërargieë in die sisteem tot stand kom, kanoniseringsbepalinge, knelpunte in die magspel tot uiting kom in veral openbare debatte, en die wyse waarop eksterne faktore op die sisteem inspeel. Die studie wys op die fyn netwerk wat ontstaan as verbande tussen verskillende rolspelers in die literêre sisteem van nader ondersoek word.

Sleutelwoorde: Afrikaanse letterkunde, kanoniserings, sisteemteorie, literêre debatte, literêre status, uitgewerspraktyke, resensies, literêre pryse, vertaling, bloemlesings, literatuurgeskiedenis, skryfskole, verwerking, sensuur, leeskringe

Summary

In this study, the role players in the Afrikaans literary system that give rise to canonisation was researched. The literary system was mapped by examining the publications, their reception and public debates about them for the period 2000–2009. Attention is given to the publishing industry; media practices; literary prizes; translations; anthologies; literature histories; writing schools; processing of literary works for film and performing arts; the impact censorship legislation had on the status of authors in the industry; reading clubs and a number of smaller role players like book subsidies, libraries, literary periodicals, writers' associations and literary tourism. In addition, attention is also given to the manner in which hierarchies in the system are formed, canonisation is established, difficulties in the power game are expressed especially in public debates, and the manner in which external factors affect the system. The study points out the fine network that develops when connections between various role players in the literary system are examined closely.

Key words: Afrikaans literature, canonisation, system theory, literary debates, literary status, publishing practice, reviews, literary prizes, translation, anthologies, literary history, creative writing, rewriting, censorship, reading groups

Reading deeply in the Canon will not make one a better or a worse person, a more useful or more harmful citizen. The mind's dialogue with itself is not primarily a social reality. All that the Western Canon can bring one is the proper use of one's own solitude, that solitude whose final form is one's confrontation with one's own mortality.
Harold Bloom, *The Western Canon* (1995:30)

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

KANONISERING IN DIE AFRIKAANSE LITERATUUR:

PROBLEEMSTELLING, OORSIGSTUDIE EN WERKMETODE | 10

1. Inleiding | 11
2. Probleemstelling | 12
3. Navorsingsmetodologie | 13
4. Ontplooing van die studie | 14
 - 4.1 Literêre evaluering en literêre waarde 14
 - 4.2 Die literêre kanon 15
 - 4.3 Die literêre sisteem 16
 - 4.4 Uitgewerspraktyke 17
 - 4.5 Mediapraktyke en resensies 18
 - 4.6 Prystoekenings 18
 - 4.7 Vertaling 19
 - 4.8 Bloemlesings 20
 - 4.9 Literatuurgeskiedenis 20
 - 4.10 Kleiner subsisteme in die Afrikaanse literêre sisteem 21
5. Notas by die voltooiing van die studie | 22

HOOFSTUK 2

TEORETIESE UITGANGSPUNTE:

LITERÊRE WAARDE, KANONISERING EN DIE LITERÊRE SISTEEMTEORIE | 23

1. Inleiding | 24
2. Literatuur met 'n hoofletter L | 25
 - Figuur 1: Verskille tussen lae en hoë literatuur (Brillenburger, 2006:340) | 27**
3. Die literêre kanon | 28
 - Figuur 2: De Geest (2003:208) se semiotiese vierkant | 31**
 - Figuur 3: Kompartemente van die kanon (Rigney, 2006:317) | 33**
4. Literêre sisteme | 37
 - Figuur 4: Even-Zohar (1990:31) se sisteemteoriemodel | 38**
 - 4.1 Die Afrikaanse literêre sisteem – skematiese voorstelling 41
 - Figuur 5: Voorstelling van rolspelers in die Afrikaanse literêre sisteem | 41**
 - Figuur 6: Van der Waal (2006:35) se model van 'n literêre veld | 42**
 - 4.2 Veranderlikes en/of faktore wat besluitneming in die Afrikaanse literêre sisteem beïnvloed 43
 - 4.2.1 Kulturele faktore
 - 4.2.2 Politieke faktore
 - 4.2.3 Ekonomiese faktore
 - 4.2.4 Tegnologiese faktore
 - 4.2.5 Sosiologiese faktore
 - 4.2.6 Institusionele faktore
5. Gevolgtrekking | 48

HOOFSTUK 3 UITGEWERSPRAKTYKE EN DIE BOEKHANDEL |50

1. Inleiding |51
2. Die kwessie van publikasie |52
3. Hekwagters |52
 - Figuur 7: Die rolspelers in die publikasieproses (1990–2005) (Venter, 2006:496) |54
4. Publikasieproses en -rolspelers |55
 - Figuur 8: Publikasieproses (Van Rooyen, 2005:202) |55
 - Figuur 9: Generiese model van die uitgesisteem (Venter, 2008:14) |56
 - Figuur 10: Publikasieproses (Fourie, 2009:64) |57
 - 4.1 Uitgewershuse 57
 - 4.2 Redakteur(sfunksies) 61
 - 4.2.1 Uitvoerende redakteurs/uitgewers
 - 4.2.2 Manuskriptontwikkelaars
 - 4.3 Keurders 64
 - 4.4 Taalversorgers (*copy editors*): redigeerders, spookskrywers en proeflesers 66
 - 4.5 Ontwerpers 68
 - 4.5.1 Ontwerpers in die uitgesisteem
 - 4.5.2 Ontwerp in die media
 - 4.5.3 Flaptekste
 - 4.6 Bemerkers en bemarking 72
 - 4.7 Handelaars/afsetpunte 73
 - 4.8 (Literêre) agente 75
5. Gevolgtrekking |76

HOOFSTUK 4 MEDIAPRAKTYKE EN RESENSIES |78

1. Inleiding |79
2. Openbare debatte oor resensiekunde |80
 - 2.1 Openbare debatte met betrekking tot die Afrikaanse letterkunde 82
 - 2.2 Probleme met resensies wat in openbare debat na vore kom 82
 - 2.3 Die groter debat 83
3. Resensiepraktyke (dag- en weekblaaie) |84
4. Die taak van die resensent |86
5. Knelpunte in die resensiebedryf |88
 - 5.1 Bemerkingswaarde en verkope 88
 - 5.2 Beperkte spasie 89
 - 5.3 Negatiewe resensiekoppe 89
 - 5.4 Literêre betrokkenheid van kritici 90
 - 5.5 Subjektiewe resensies 91
 - 5.6 Wie mag resenseer? 91
6. Verwagtinge van goeie resensies en billike resensente |92
7. Spreekbeurt vir die breër publiek |94
 - 7.1 Veranderende tendense in leesbehoefte 95
 - 7.2 Bruikbaarheid van resensies vir die breë publiek 96
 - 7.3 *LitNet* as spreekbuis vir die breë publiek 97
8. Rol en verwagtinge van boekeredakteurs |98
 - 8.1 Probleme en oplossings betreffende beperkte ruimte 98
 - 8.2 Keuse van resensente 99
 - 8.3 Geldknyp en vergoeding 99
 - 8.4 Koerante se benadering teenoor boekeredakteurs 100
9. Gevolgtrekking |100

HOOFSTUK 5 LITERÊRE PRYSE |102

1. Inleiding |103
2. Afrikaanse literêre pryse – ’n oorsig |104
3. Faktore vir prystoekennings wat magsverhoudinge in die literêre sisteem beïnvloed |107
 - 3.1 Aanstelling van paneellede 107
 - 3.2 Commendatio’s 108
 - 3.3 Status van pryse 109
 - 3.4 Knelpunte in die magspel 110
4. Resente debatte en die gevolg daarvan |113
 - 4.1 Akademiepryse 113
 - 4.2 Sanlam-/INSIG-Roman-wedstryd 115
5. Gevolgtrekking |116

HOOFSTUK 6 VERTALING |118

1. Inleiding |119
2. Vertaling in die groter konteks |119
3. Die plaaslike landskap – ’n oorsig |120
4. Soorte vertalings sedert 2000 |121
 - 4.1 Klassieke tekste na Afrikaans 121
 - 4.2 Nederlandse tekste in Afrikaans 122
 - 4.3 Plaaslike Engelse tekste na Afrikaans en Afrikaanse tekste na Engels 124
 - 4.4 Parallele uitgawes 125
 - 4.5 Plaaslike inheemse tale na Afrikaans 125
 - 4.6 Afrikaans vir die wêreldmark (internasionale uitgawes) 126
5. Faktore en rolspelers wat vertaling bepaal |127
 - 5.1 Status van vertaling 127
 - 5.2 Keuse van tekste 128
 - 5.3 Die uitgewer as rolspeler 129
 - 5.4 Gehalte en status 131
 - 5.5 Leesverwagtinge 131
6. Die vertaler se rol en status |132
 - 6.1 Akademiese waarde 134
 - 6.2 Van een sisteem na ’n ander 134
 - 6.3 Resepsie van vertaalde werke 136
7. Pryse vir vertaling |134
 - 7.1 Nedbank-Akademieprys vir Vertaalde Werk (Akademie vir Wetenskap en Kuns) 137
 - 7.2 SAVI-prys vir Voortreflike Vertaling/SATI Award for Outstanding Translation 138
 - 7.3 Ander vertalings 140
8. Gevolgtrekking |141

HOOFSTUK 7 BLOEMLESINGS |142

1. Inleiding |143
2. Soorte bloemlesings |143
 - 2.1 Bloemlesings gemik op die opvoedkundige mark 144
 - 2.2 Bloemlesings gemik op die algemene mark 145

3. Kenmerke(nd) van die bloemlesing |146
4. Knelpunte in die magspel |148
5. Die polemiekie rondom die Afrikaanse poësiebloemlesing |152
 - 5.1 *Poskaarte: Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960* – Louise Viljoen & Ronel Foster (1997) 152
 - 5.2 *Die Afrikaanse poësie in 'n duisend en enkele gedigte* – Gerrit Komrij (1999) 153
 - 5.3 *Groot Verseboek* – André P. Brink (2000, 2008) 155
6. Gevolgtrekking |157

HOOFSTUK 8 LITERATUURGESKIEDENIS |160

1. Inleiding |160
2. Aanloop tot en geskiedenis van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis |161
3. Twee benaderings |162
 - 3.1 Perspektiewe en profiele-model 162
 - 3.1.1 *Perspektief en profiel*– P.J. Nienaber (red.) (1951–1982)
 - 3.1.2 *Perspektief en profiel*– H.P. van Coller (red.) (1998, 1999, 2006)
 - 3.2 Chronologiese ensiklopediese model – J.C. Kannemeyer se prominente posisie in die literatuurgeskiedenis 168
 - 3.2.1 *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* in twee bande – J.C. Kannemeyer (1978, 1983)
 - 3.2.2 *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 1652–1987*– J.C. Kannemeyer (1989)
 - 3.2.3 *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 1652–2004*– J.C. Kannemeyer (2005)
4. Alternatiewe perspektiewe |174
 - 4.1 Afrikaans in die Suid-Afrikaanse literêre geskiedskrywing 174
 - 4.1.1 *Southern African Literatures* – Michael Chapman (1996, 2003)
 - 4.1.2 *A History of South African Literature* – Christopher Heywood (2004, 2006, 2010)
 - 4.2 *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom* – Snyman & Wybenga (2005) 178
5. Knelpunte in die magspel |180
6. Boekgeskiedenis en literatuurgeskiedenis |183
7. Gevolgtrekking |185

HOOFSTUK 9 KLEINER SUBSISTEME IN DIE AFRIKAANSE LITERÊRE SISTEEM |187

1. Inleiding |188
2. Skryfskole |188
 - 2.1 Ontwikkeling van die vakgebied 189
 - 2.2 Behoeftes aan skryfopleiding – formeel en informeel 190
 - 2.3 Soorte opleiding 191
 - 2.3.1 Mentorskap by www ...
 - 2.3.2 Uitgewers – publikasiegeleenthede en -ontwikkeling
 - 2.3.3 Slypskole
 - 2.3.4 Skryfhandleidings
 - 2.3.5 Tersiêre kwalifikasies
 - 2.4 Gepubliseerde skryfskoolprodukte 194
 - 2.5 Bemaking en resepsie van skryfskoolprodukte 195

- 2.6 Bekroning van skryfskoolprodukte 196
- 2.7 Skryfskole in die Afrikaanse literêre sisteem 197
- 3. Verwerking van literêre tekste |199
 - 3.1 Verwerking in die literêre sisteem 199
 - 3.2 Soorte verwerking in die Afrikaanse literêre sisteem 200
 - 3.2.1 Musiek en teater
 - 3.2.1.1 Kunstefeeste as platform
 - 3.2.1.2 Teaterproduksies
 - 3.2.1.3 Musiek en poësie
 - 3.2.1.4 Toonsettings
 - 3.2.1.5 Gepubliseerde lirieke
 - 3.2.2 Film
 - 3.2.2.1 Die Afrikaanse literatuur en die filmbedryf
 - 3.2.2.2 Verfilming in die Afrikaanse literêre sisteem
 - 3.2.2.3 Wrywing tussen sisteme
- 4. Sensuur |210
 - 4.1 Sensuurwetgewing – 'n oorsig 211
 - 4.2 Sensuur in die Afrikaanse literêre sisteem 212
 - 4.3 Positiewe gevolge van sensuur 214
 - 4.4 Die afwesigheid van sensuur in die literatuurgeskiedenis 215
 - 4.5 Die geskiedenis herhaal 215
- 5. Leeskringe |216
 - 5.1 Oprah's Book Club-fenomeen 217
 - 5.2 Ontstaan en verloop van die Afrikaanse leeskring 217
 - 5.3 Sosiale rol van leeskringe in die gemeenskap 219
 - 5.4 Keuse van tekste vir leeskringe 220
 - 5.5 Biblioteke en beskikbaarheid 221
 - 5.6 Leeskringe in die literêre sisteem 221
- 6. Ander |223
 - 6.1 Subsidies 223
 - 6.2 Voorgeskrewe mark (skole en universiteite) 224
 - 6.3 Biblioteke 225
 - 6.4 Literêre en versettydskrifte 225
 - 6.5 Skrywersverenigings 226
 - 6.6 Literêre toerisme 226
- 7. Gevolgtrekking |227

HOOFSTUK 10

SAMEVATTING EN NOTAS BY DIE VOLTOOIING VAN DIE STUDIE |228

- 10.1 Samevatting |228
- 10.2 Gevolgtrekking |228
- 10.3 Notas by die voltooiing van die studie |232
- 10.4 Slot |234
- 10.5 Gepubliseerde navorsing uit hierdie studie |234

BIBLIOGRAFIE |235

HOOFSTUK 1

Kanonisering in die Afrikaanse literatuur: probleemstelling, oorsigstudie en werkmetode

The question of “value” is irrelevant to the status gained by a certain text. A text gains a high status not because it is valuable and more important, but because someone has the political-cultural power to grant the text the status they believe it deserves.

Zohar Shavit, “Canonicity and Literary Institutions” (in Ibsch, Scram & Steen, 1991:233)

1. INLEIDING

Tydens die plagiaatdebat rondom Melanie Grobler se digbundel *Die waterbreker* (2004) het Loftus Marais – die verklikker – opgemerk dat die Afrikaanse literatuurstelsel “’n bloedskandelike, benepe affêre is” (Loots, 2005:4). Die Suid-Afrikaanse uitgewersbedryf gaan gereeld gebuk onder kritiese vroe oor inklusiwiteit, blootstelling aan en tekort aan of kritiek op eensydige en beperkte publikasiegeleenthede. Debatte rondom “middelmagtheid” wat die publikasie- en resensiebedryf oorneem, word op literêre webblaaie en in die media (kyk o.m. Botha, 2008; Hambidge, 2008a; Roux, 2008), en voorheen benadeelde groepe veg vir geleenthede om hulle stemme te laat hoor. By die derde Swart Skrywersberaad aan die Universiteit van Wes-Kaapland (2005) is daar wêër ontevredenheid uitgespreek oor die beperkte publikasiegeleenthede wat die uitgewersbedryf swart en bruin skrywers bied (vgl. Bezuidenhout, 2005; De Jager, 2005; Fransman jr., 2005 en Lloyd, 2005 wat aan die debat op *LitNet* deelgeneem het). Annemarié van Niekerk (1999) sowel as Amanda Lourens (1996, 1997a, 1997b) betoog ook teen die onderskatting van vroueskrywers, wat volgens hulle ’n meer prominente plek in die Afrikaanse literatuur verdien.

Kanonisering is so oud soos die literatuur self, en daarmee saam die meganismes wat dit in stand hou. Daar is voortdurend nuwe debatte oor die kwaliteit en kategorisering van tekste (Botha, 2008; Hambidge, 2008c; Roux, 2008), sowel as oor die verband tussen die omslagontwerp, flapteks en kategorisering. Die toekenning van literêre pryse word soms ernstig bevraagteken en die instel van nuwe pryse word as teenkating teen die huidige beoordelingsproses beskou.

In die Suid-Afrikaanse konteks het die veranderde skool- en tersiêre kurrikulum boonop ’n direkte invloed op voorgeskrewe literatuur en die boekbedryf. Daarbenewens word kommer uitgespreek oor die gebrek aan ’n omvattende volwaardig Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis, wat uiteraard taal- sowel as landsgrense (deur vertalings) oorskry. Elke nuwe of heruitgawe van ’n literatuurgeskiedenis, sowel as die besluite van komitees met betrekking tot literêre bekronings, ontlok ook debat oor die maatstawwe vir literêre status en kanonisering. Hierdie tipe waardeoordeel strek egter veel verder as net die “goed” of “sleg” van ’n bepaalde genre (Senekal, 1985) – dit bepaal die genre waaronder ’n teks gekategoriseer word (“die tipologie of klas waartoe ’n literêre werk behoort” (Hambidge, 1992:148)) sowel as die posisie en belangrikheid daarvan in die groter literêre sisteem.

2. PROBLEEMSTELLING

In hierdie studie word 'n ondersoek geloods na die Afrikaanse literêre sisteem, verskillende rolspelers in die sisteem, en kanoniseringsmeganismes wat tot verhoogde status en die totstandkoming van hiërgarchie in die Afrikaanse letterkunde lei. Daar word spesifiek verwys na 'n veldkartering van die groter literêre sisteem, literêre polemieke, debatte en publikasieoorsigte vir die tydperk 2000–2009.¹

De Geest (2003:214) voer aan dat daar wegbeweeg moet word van tradisionele wyses waarop daar met literatuur omgegaan word, naamlik om slegs waardeoordele te bepaal, en ook gekyk word na analyses en verklarings waarom daar op bepaalde waardeoordele besluit is. Hierdie ondersoek stel dit dan ook ten doel om eerder die waardeoordele te ondersoek, te analiseer en te probeer verklaar.

Hierdie invalshoek hou (volgens De Geest (2003) se benadering) verband met vrae soos:

- Hoe word tekste (outeurs, genres, ens.) gekanoniseer?
- Watter elemente (tekste, genres, temas) is die kanon meer waardig as ander?
- Watter individue en instansies is verantwoordelik vir die totstandkoming en instandhouding van die literêre kanon?
- Poog dominante waardeoordele en argumente om die kanon te legitimeer en in stand te hou?
- Is daar tans “kanoniseringskonflikte” of praat rolspelers uit een mond?
- Watter verhoudings bestaan tans tussen literêre produksie en tradisionele persepsies?

Die Afrikaanse literêre sisteem word vir die tydperk 2000–2009 gekarteer en sodoende word die magstrukture rondom en instandhouding van die kanon blootgelê. Aandag word gegee aan subsisteme in die Afrikaanse literêre sisteem, soos uitgewerspraktyke, media- en resensiepraktyke, literêre pryse, vertaling en verwerking, die samestelling van bloemlesings en die dokumentering deur middel van literatuurgeskiedenis. Daar word swaar gesteun op mediaontvangs en openbare debat om knelpunte met betrekking tot die kanoniseringsproses in die sisteem uit te lig.

Die studie fokus in die afsonderlike hoofstukke op polemieke, debatte en relevante gesprekke wat in die afgebakende tyd, grootliks in die pers, maar ook in akademiese joernale, voorgekom het. Daar is gepoog om so noukeurig moontlik te kyk na

¹ Die gekose tydperk reflekteer 'n kritieke tydperk in die Afrikaanse uitgewersbedryf met betrekking tot die ekonomiese ineenstorting van die boekbedryf (soos bespreek in hoofstuk 2, afdeling 4.2.3). Ten einde 'n behoorlike analise van die rolspelers en die invloed wat die rolspelers te karteer, is daar gebruik gemaak van 'n langdurige tydperk (nege jaar, bykans 'n dekade) om met oortuiging en sekerheid bepaalde afleidings te kon maak.

die publikasies in die betrokke kategorieë wat bespreek word (kyk hoofstuk 10 – Notas by voltooiing van die studie, vir inligtingsbeperkings). Ten einde nie bloot op reeds gevestigde menings te fokus nie (dus nie *self* te (her)kanoniseer nie), is daar – waar moontlik – ook gekyk na menings van die breë publiek, briewe in die pers, sowel as kommentaar wat op *LitNet* se resensieblad verskyn het (hoofstuk 4).

Die afgebakende tydperk is aangepas in die volgende afdelings:

- Hoofstuk 3 – oor uitgewerye (aangesien die geskiedenis en veranderinge in die negentigerjare in die bedryf 'n daadwerklike uitwerking op die verdere verloop van die bedryf uitgeoefen het).
- Hoofstuk 4 – resensies (aangesien die omvang daarvan te omvattend is om volledig te bespreek, is daar slegs gefokus op belangrike polemieke vir die tydperk onder bespreking), en wat *LitNet* betref, slegs op resensiekommentaar van publikasies wat in 2008 verskyn het.
- Hoofstuk 6 – bloemlesings (waarin twee publikasies uit die laat negentigerjare van die vorige eeu ook betrek is aangesien dit in gesprekke direk in verband gebring is met bloemlesings wat ná 2000 verskyn het, en nie uit die groter debat weggelaat kan word nie).
- Hoofstuk 8 – Kannemeyer en Van Coller se literatuurgeskiedenis, met 'n bondige oorsig oor die aanloop van dié geskiedenis (weens die voortbou op vorige uitgawes en/of voorgangers).
- Enkele kleiner rolspelers (hoofstuk 9) wat hernude aandag geniet maar nie noodwendig 'n groot invloed in die afgebakende tydperk uitgeoefen het nie omdat die rol daarvan in die literêre sisteem nie langer meer prominent is nie.

3. NAVORSINGSMETODOLOGIE

In hierdie studie word daar gebruik gemaak van sisteemteorie as oorhoofse teoretiese model (sisteemteorie word in hoofstuk 2 breedvoerig bespreek). Bestaande sisteemteoretiese beskrywings en modelle van die Afrikaanse literatuur (o.m. Fourie (2009), Van der Waal (2006) en Venter (2008)) is gebruik om subsysteme, rolspelers, instansies en individue vir die periode van ondersoek te identifiseer.

Data oor rolspelers is versamel deur eerstens die Afrikaanse literêre publikasies vir die tydperk 2000–2009 te identifiseer, en tweedens die beskikbare resensies en media met betrekking tot die publikasies te ontleed; uitgewerspraktyke deur middel van onderhoude te ondersoek; belangrike debatte oor literêre en boekaangeleenthede te monitor; commendatio's van prystoekennings te analiseer en die ontwikkeling en (nuwe)

tendense in die boekbedryf en literêre sisteem te identifiseer en te ontleed (bv. verfilming en skryfskole).

As gevolg van die gebrek aan volledige inligting (dit is nie moontlik om alle publikasies op te spoor nie, nie alle publikasies geniet aandag in die media nie, nie alle inligting betreffende publikasiesyfers of commendatio's vir literêre pryse is beskikbaar vir navorsingsdoeleindes nie) is daar eksemplaries te werk gegaan. Indien genoeg data beskikbaar was, is die data deur middel van inhoudsanalise (van onder meer publikasielyste, resensies, berigte in die media, openbare debat, besprekings op literêre webtuistes en beskikbare dokumentasie) geanaliseer ten einde belangrike temas te identifiseer en die bespreking te rig. Daar is dus nie van 'n eenvormige navorsingsmetode gebruik gemaak nie. Die aard van die studie is oorsigtelik omdat dit ten doel stel om 'n literêre sisteem en die betrokke rolspelers, sowel as die verbande tussen die sub sisteme in die geheel, te karteer eerder as in detail te analiseer.

Elke sub sisteem (met meegaande rolspelers) soos in hierdie studie bespreek is, sou as 'n alleenstaande navorsingsonderwerp beskou kon word.

4. ONTPLOOIING VAN DIE STUDIE

Die onderskeie hoofstukke in die studie sien soos volg daar uit:

4.1 Literêre evaluering en literêre waarde

Cloete (1984:4-5) wys op die fenomenologiese siening wat 'n feitelike beskrywing van die literêre werk behels – geen interpretasie word aan die werk geheg nie, en geen beoordeling of die werk goed of swak is nie. “Die vraag is of literêre beskrywing sonder literêre evaluering moontlik is. Mens gaan immers nie uit eie beweging en vryelik iets beskryf waarvoor jy nie waardering het nie.”

As daar maandeliks nuwe boeke in amper alle genres in Afrikaans gepubliseer en verkoop word, wat is die nut van dié onderskeid? Waarom is klassieke tekste en literêre waarde hoegenaamd nog belangrik? Moerbeek (1996:156) verduidelik: “They [cultural pessimists] are afraid that society might grow superficial if the cultural basis would be reduced.”

Pierre Bourdieu onderskei in *Field of Cultural Production* (1993) tussen die twee subvelde “mass culture” en “accredited connoisseurs”. In eersgenoemde word die waarde van 'n teks in ekonomiese terme bereken, in laasgenoemde word 'n waardeoordeel op grond van die estetiese waarde gevel. Estetiese waarde hou volgens McDonald (1997:113-114) verband met “particular demands, traditions and excellences of their craft; they respect only the opinion of peers or accredited connoisseurs and critics; and

they deem legitimate only those rewards [...] which affect one's status within the field itself".

Literêre evaluering bepaal dus watter tekste as klassieke werke voortbestaan, watter moderne uitgawes van klassieke werke (soos die klassieke-reeks van Nasionale Boekhandel), voorgeskrewe werke, en "belangrike" of noemenswaardige werke is. 'n Mens sou dus van die vertrekpunt kon uitgaan dat die seleksie tekste wat deur middel van literêre evaluering uitgesonder word, gelykgestel kan word aan die "kanon" (Moerbeek, 1996:157).

Kritiese studies oor kanoniserings wat met die Afrikaanse letterkunde verband hou, is onderneem deur o.a. Adendorff (2003, 2006); Barnard (1998); De Wet (1994); Lourens (1996, 1997a, 1997b); Marais (1993); Nolte (1994); Ohlhoff (1993, 1995) en Van Coller (2001a, 2001b, 2002a, 2002b, 2005a).

4.2 Die literêre kanon

Die woord "kanon" kom van die Griekse woord "kanoon", wat "reël" of "rigsnoer" beteken (Van Gorp in Viljoen, 1992:196) en as gesaghebbend en normatief beskou word. Van Coller (1996:50–51) beskryf die kanon se funksies as 'n "verwysingspunt" binne 'n literêre stelsel. Paisley Livingstone (1996:145; my kursivering) benadruk die waarde van die kanon as "*a publicly recognized collection of works believed to have some kind of value, such as artistic merit [...] that includes literary works of high literary merit, where a work's literary merit is a matter of its combined artistic and aesthetic value*". Fokkema (1991:366) se definisie weer, sluit in dat dit tekste is wat in opvoedkundige instellings gebruik word en 'n raamwerk vorm waarbinne literêre kritici funksioneer. Die kanonieke status of waarde van hierdie tekste berus verder ook in die langtermynwaarde as dit van een geslag na 'n volgende oorgedra word.

Die ontstaan, instandhouding en aanpassing van kanons is egter nooit slegs 'n literêre aangeleentheid nie, maar ook afhanklik van buiteliterêre kragte wat deur figure en "siftingsprosesse" (hekwagters) in stand gehou word. Harold Bloom (1994:32–33) stel: "[C]anons always do indirectly serve the social and political, and indeed the spiritual, concerns and aims of the wealthier classes of each generation of Western society." Botha (in Roodt, 1991:5) erken dat dit ook 'n "instrument is om mag te verkry", maar dat die literatuur ook mag uitoefen en daarom van groot belang in enige samelewing is.

Dit is egter Van Coller (2001a:67) wat die grootste aantal verskillende prosesse, produkte en rolspelers in die kanoniseringsproses uitwys: herskrywing (vertalings, bloemlesings, informele seleksies uit tekste, literêre kritiek, literatuurgeskiedenis); uitgewerspraktyke (die keuring van manuskripte en flaptekste); mediapraktyke (formele en informele boekaankondigings en -besprekings); prystoekennings, en institusionele

praktyke (die bepaling van voorgeskrewe boeke, en die skryf van aantekeninge en inleidings of vooroorde). Skrywers dra self ook by tot kanoniserings deur aan te sluit by 'n sekere tradisie, die gebruik van verwysings en sitasies, die parodiëring van skrywers en tekste, intertekstualiteit en voorwerk (Van Coller, 2001a). Van Rensburg (1999:82–83) is selfs meer radikaal in sy mening. Hy verwys na “voordele” wat in 'n individu se guns kan tel om eie kanonstatus te verhoog: “beïnvloedingsbronne” soos die Afrikaner-Broederbond, die hoofstroomers, kennisse met “invloedryke ideeverspreiders” en verteenwoordiging by kongresse.

4.3 Die literêre sisteem

Die literatuur kan nie losgemaak word van die groter sosiale konteks waarin dit bestaan en funksioneer nie. Dit is 'n “sosiale verskynsel [...] [waar] literatuur en samelewing mekaar weerspieël of wedersyds beïnvloed” (Viljoen, 1992:275). Hierdie argument is dan ook die kern van die literatuursosiologie deurdat “teks, instelling en individu integreer”. Een so 'n voorbeeld wat Viljoen noem, is die politieke, ekonomiese en militêre kontekste wat nie los te redeneer is van 'n verskynsel soos byvoorbeeld Grensliteratuur nie.

Verder in hierdie verband meen Cloete (1992:334) dat daar ook ideologiese en maatskaplike faktore binne 'n land se grense is, wat bepaal hoe 'n sekere literatuur opgeskryf word. Skrywers kan hulle egter doelbewus vernet teen die nasionale, maar literêre werke van ander lande en volkere oor landsgrense heen kan ook 'n invloed hê op die literatuur wat in 'n bepaalde land ontstaan, en wat dan weer onderhewig is aan 'n eie reeks invloedryke faktore.

In Galloway en Venter (2005; 2006) word aangevoer dat die literêre sisteem boekproduksie en vervaardigingsprosesse uitsluit, omdat dit grootliks fokus op die outeur, teks, leser en nie werklik plek laat vir produksie nie. Hierdie sisteem se rolspelers is veel groter as wat normaalweg in ag geneem word. 'n Volwaardige sisteem moet ook plek maak vir uitgewerspraktyke wat die produksiefaktore sowel as sekere produksietegnieke insluit (Viljoen, 1992:496). Die grense van die literêre sisteem moet so getrek word “dat dit die teks, sy produsent en resipiënt insluit, plus ook die norme, postulate of konseptuele raamwerke waarbinne produksie en resepsie plaasvind” (Viljoen, 1992:497).

Hoofstuk 2 ondersoek die verskynsel van Literatuur met 'n hoofletter L, die literêre kanon en literêre sisteemteorie met 'n toepassing op die Afrikaanse literêre sisteem. Daar word ook aandag gegee aan die eksterne veranderlikes/faktore wat besluitneming in die Afrikaanse literêre sisteem beïnvloed, naamlik: kulturele, politieke, ekonomiese, tegnologiese, sosiologiese en institusionele faktore.

4.4 Uitgewerspraktyke

Van der Vlies (2004:3) verbind die “verpakking” (formaat, ontwerp en aanbieding) van tekste met die literatuurgeskiedenis. Die geheelbeeld van ’n publikasie vorm volgens hom deel van die geskiedenis: “[T]he history [of a text] is not merely a matter of its author’s biography, reading and context, it is also the history of each publication of the novel – each instance of its repackaging and recontextualisation at different historical moments, for audiences with different interests and investments in the novel.”

Die meningsverskille oor en kritiek teen sogenaamde “gewilde” tekste vorm ’n groot deel van die literatuursosiologiese studies. Die heersende kritiek teen populistiese literatuur verskil geensins van dié teen die “populêre kultuur” nie. Die probleem ontstaan by die persepsie dat enigiets wat nie “literatuur” in die gelaaide sin van die woord is nie, nie noemenswaardig is nie, geen aandeel in literêre ontwikkeling en praktyke het nie, en in elke opsig minderwaardig is.

Die ironie is dat die finansiële sukses van hierdie gewilde publikasies inderwaarheid dikwels as “kruissubsidie” dien vir die publikasie van tekste wat min of geen finansiële voordele inhou nie. In Suid-Afrika publiseer sommige uitgewers om “morele” en “kulturele” redes steeds “literêre” tekste soos digbundels, dramatekste, kortverhaal- en/of essaybundels met geld wat gegenereer word uit die publikasie van sogenaamde “gewilde” tekste.

Hierdie “kruissubsidie” is egter nie ’n volhoubare oplossing nie, aangesien literêre werke al swakker verkoop. Dit dien verder as ’n bewys dat Afrikaanse lesers allermins skaapagtig gebuk gaan onder die ideologie van ’n nasionale literatuur. Barnard (2005:91) se boekverkoopsyfers is ’n goeie aanduiding van die reuse-invloed van die internasionale mark wat meer as 70% van die Suid-Afrikaanse lesersmark besit.

Hoofstuk 3 karteer en bespreek die groter publikasieproses en individuele rolspelers. Deur gebruik te maak van Van Rooyen (2005), Van der Waal (2006), Fourie (2009) en Venter (2006) se modelle word ’n boeksiklusskema ontwerp wat die vloei van die publikasie deur die produksie-, bemarkings- en kanoniseringsprosesse uitbeeld. In dié hoofstuk sal Van Rooyen (2005) se boekproduksieproses gebruik word om te kyk na die onderskeie rolspelers en hulle funksie as hekwagters, asook na die faktore wat ’n rol speel in besluitneming deur onder meer aandag te gee aan Bourdieu se *Field of Cultural Production*, Kotzé en Verhoef (2001) se argumente oor die “teksversorger as spookskrywer”, bemarkingstrategieë, omslagontwerp en -aanbieding, manuskriptontwikkeling en skrywersbegeleiding. Die afsetgebiede en handelspraktyke van die bedryf (wat in werklikheid buite die uitgewerspraktyke lê) kom ook in hierdie hoofstuk ter sprake. Daar word telkens gewys op en bespreek hoe die heersende magsverhouding wat in die sisteem bestaan ’n invloed kan uitoefen op die skrywer se status en sy/haar kansse verhoog om gekanoniseer te word.

4.5 Mediapraktyke en resensies

Mediapraktyke as kanoniseringsmedium hou grootliks verband met formele en informele boekaankondigings en -besprekings. Na aanleiding van die vuisgeveg (letterlik!) tussen Jan-Jan Joubert en Steve Hofmeyr in 2001 oor 'n resensie wat in die KKNK se koerant *Krit* verskyn het, het 'n reuse-openbare debat in die media ontstaan waarin kunstenaars en resensente mekaar die stryd aangesê het. Vrae is opnuut gevra oor die rol en verantwoordelikheid van resensente, lesers (en toeskouers) se opinies en kunstenaars se regte. In April 2002 volg daar toe ook 'n debat onder leiding van Herman Wasserman van die Departement Joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch by die Woordfees – “Die bedompigheid van die binnekring”.

Wat die Afrikaanse literatuur betref, was daar onder meer die openbare debatte rondom Dan Roodt (2002:5) se resensie van André P. Brink se *Anderkant die stilte* (2002), Joan Hambidge (2007a:13) se resensie van Emile Joubert se *Kouefront* (2007) en Charl-Pierre Naudé (2008a:18) se resensie van Ilse van Staden se *fluisterklip* (2008).

Hoofstuk 4 fokus op die doel en nut van resensies, sowel as die verwagtings wat resensies by lesers skep, met spesifieke verwysing na veral Segers (1990) se navorsing hieroor. Daar word ook aandag gegee aan die verskil tussen joernalistieke en literêre kritiek en polemieke wat oor die afgelope dekade hernude belangstelling in die doelstellings van resensies gewek het. Verder tref dit 'n onderskeid tussen en bespreek die verskillende mediapraktyke, probleme in die resensiebedryf, verwagtinge van goeie/billike kritiek, *LitNet* as spreekbuis vir die breër publiek en die rol van boekeredakteurs. Daar word krities gekyk na polemieke, debatte wat rondom resensies ontstaan het, sowel as die publiek se mening oor die verwagtinge van die “gewone” leser. Vir dié doeleinde is daar ondersoek ingestel na resensies wat op *LitNet* vir 'n tydperk van 12 maande (Januarie 2008–Desember 2008) verskyn het.

4.6 Prystoekennings

Charles Malan beskryf die rol wat pryse in die literêre stelsel speel soos volg: “[In] literêre kanonisering is kontinuïteit belangrik, terwyl pryse van waarde is by die optekening van literatuurgeskiedenis, maar veral ook op die gebied van vergoeding aan publisiteit vir die skrywer” (Malan in Boekkooi, 1988:39). Volgens Hambidge (1994:2) is literêre pryse “niks meer as die paneel” nie, en sy vra kritiese vrae oor die persone wat jaar ná jaar in hierdie magsposisie sit (kyk ook Hambidge, 2007b:13).

In dié studie sal aandag gegee word aan die pryse vir Afrikaanse literatuur wat toegeken is vir die tydperk onder bespreking. Ten einde die hiërargie en reputasie van sekere pryse uit te lig, sal daar ook aandag gegee word aan die ontstaan, geskiedenis en kontroversie wat met enkele van dié pryse gepaardgegaan het. Die status van hierdie

pryse sal ondersoek word en probleme wat veral in openbare debatte uitgewys is, sal ondersoek word.

Hoofstuk 5 bied 'n oorsig oor die geskiedenis van die belangrikste Afrikaanse literêre pryse, sowel as 'n aantal prominente debatte in die verlede. Daar word gefokus op die keuse van paneellede, maatstawwe/wyses waarop literêre gehalte bepaal word, die status van literêre pryse en die wyse waarop magsverhoudings in hierdie praktyk tot 'n skrywer se gekanoniseerde posisies bydra. Daar word – as stawende voorbeelde – gekyk na onlangse debatte aangaande die Akademiepryse (2003), sowel as die debat rondom die Sanlam-/INSIG-Roman-wedstryd (2007).

4.7 Vertaling

André Lefevere (1986:12) wys op die belangrikheid van herskrywing as kanoniseringspraktyk: “Literature which is not rewritten does, quite simply, not survive in a literary system much beyond its original publication. It does not occupy a canonized position, nor is it likely to build up as a candidate for one of those positions.”

Nie alleen is dit die kanoniseringswaarde van verwerkings wat ondersoek regverdig nie, maar ook die kwessie van nuwe werke wat deur middel van vertaling tot 'n (ander) letterkunde en (nuwe) literêre sisteem toegevoeg word. Lefevere (1986:6) meen egter dit is ook wat vertalings betref steeds literêre kritiek wat kanonisering bepaal: “In order for a foreign writer to be accepted in a native system, translations of his or her work need to be supplemented by critical appreciations from the pen of a major literary figure within the potentially receiving system.”

Vertaling kan egter nie losstaan van die vertaler se ideologie nie (Lefevere, 1986:6). Antjie Krog se verwerkings van Afrika-letterkunde en -oorlewerings is 'n goeie voorbeeld van ideologiese knelpunte en wrywing in 'n nuwe sisteem. Sy word in die ontvangs van haar vertalings byvoorbeeld as 'n “manipuleerder” beskryf en daarvan beskuldig dat haar stempel op vertalings afgedruk word. Hierdie eie stempel is toevoegings deur middel van metatekste soos voetnote, kursivering, 'n voorwoord, nawoord en vertaalnotas (Viljoen, 1999:42).

Hoofstuk 6 bied 'n oorsig oor die plaaslike landskap betreffende vertaling. Daar word aandag gegee aan die rol wat uitgewers en subsidies in die keuse van vertalings speel, sowel as die “herverpakking” (veranderende aanbieding) en die leesverwagtinge van die nuwe teikengehoor. Die vertalers se rol, akademiese waardetoevoeging deur annotasie en die knelpunte wat tussen die verskillende literêre sisteme ontstaan, word ook ondersoek. Soorte vertalings sedert 2000 (klassieke literatuur na Afrikaans, Nederlandse tekste na Afrikaans, plaaslike tekste na Engels of Afrikaans, plaaslike inheemse tale na Afrikaans, parallelle uitgawes en Afrikaans vir die wêreldmark) word bespreek en met voorbeelde toegelig. Resente wenners van vertaalpryse (Nedbank-Akademieprys vir Vertaalde Werk en SATI/SAVI

Award for Outstanding Translation/Prys vir Voortreflike Vertaling), en die motivering vir vertaalpryse en prysgeld word in hierdie afdeling onder die loep geneem.

4.8 Bloemlesings

Bloemlesings in bykans alle genres skep opnuut geleenthede vir kanoniserings. André P. Brink se *Groot Verseboek 2000* was een van die belangrikste publikasies in Afrikaans in die nuwe millennium en is weer grondig in 2008 hersien en bygewerk vir publikasie in 3 bande (Tafelberg, 2008). In die Afrikaanse poësie het bloemlesings egter heelwat polemieke tot gevolg gehad. Een so 'n polemieke is rondom die samestelling van Komrij, *Die Afrikaanse poësie in 'n duisend en enkele gedigte* (1999), maar ook Brink se *Groot Verseboek* (2000; 2008) en Foster en Viljoen se *Poskaarte: Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960* (1997) spring kritiese vrae nie vry nie. Komrij se genoemde publikasie het die aandag veral op alternatiewe periodiseringsmoontlikhede in die Afrikaanse digkuns gevestig. Van Coller (2002a:72) wys op die statusverskil tussen die aanbiedingsformaat en ontwerp van *Groot Verseboek 2000* (hardeband met twee pleklinte) en byvoorbeeld Foster en Viljoen se samestelling *Poskaarte* (1997) op maklik vergeelbare papier (dus swakker gehalte).

Hoofstuk 7 bied 'n onderskeid tussen verskillende terme as oorsig tot die proses van bloemlesingsamestelling aan. 'n Onderskeid word getref tussen bloemlesings wat op die opvoedkundige en/of die algemene mark gerig is. Kenmerke van die onderskeie kategorieë, die knelpunte en magsverhoudinge met betrekking tot die bloemlesing in die Afrikaanse literêre sisteem sowel as resente polemieke word in hierdie verband bespreek. Daar word ook aandag gegee aan *Poskaarte: Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960* (Foster & Viljoen, 1997) en *Die Afrikaanse poësie in 'n duisend en enkele gedigte* (Komrij, 1999) wat buite die afgebakende tydperk van die studie val omdat dit twee besonder belangrike bloemlesings is, maar groot debat ontlok het. Dit het herhaaldelik weer onder bespreking gekom soos dit die geval was by die verskyning van *Groot Verseboek* wat vir dié tyd 'n heruitgawe in 2000 en 2008 gehad het.

4.9 Literatuurgeskiedenis

Heelparty individue het hul vroeër jare vir die dokumentering van literatuurgeskiedenis beywer, onder meer Rob Antonissen, Elize Botha, André P. Brink, T.T. Cloete, Gerrit Dekker, A.P. Grové, J.C. Kannemeyer, Ernst Lindenberg, F.E.J. Malherbe, P.J. Nienaber (die samesteller van die *Perspektief en profiel*-reeks), E.C. Pienaar, P.C. Schoonees en H.P. van Coller. Drie publikasies oor die Afrikaanse literatuurgeskiedenis en twee met betrekking tot die Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis het sedert die laat negentigerjare verskyn. Beide die publikasies van Van Coller en Kannemeyer gaan nie skotvry deur wanneer die

term “kanonisering” geopper word nie. Dit is egter veral in die Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis waar kritiek en debat die botoon voer. Heelwat vrae bestaan oor die besluitnemingsprosesse, ideologieë, volledigheid, aanbieding, periodisering, weglating, en die gewraakte kritiek en waardeoordeel waaraan geen lewende of dooie ontkom nie. Die rol van literatuurgeskiedskrywing – wat kanoniseringsmag verskaf – hou verband met konsensus oor waardeoordele, soos byvoorbeeld herhaalde goeie resensies wat oor ’n sekere teks verskyn. Cloete (1992:263) waarsku egter dat die keuses wat uitgeoefen word by die insluiting van tekste in so ’n geskiedenis nie los kan staan van die geskiedskrywer se eie vooropgestelde idees en voorkeure nie, soos dit herhaalde kere in die Afrikaanse literatuur die geval was en tans steeds is. ’n Verdere knelpunt in die debat rondom literatuurgeskiedenis ontstaan met die verskyning van Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis en die wyse waarop Afrikaanse literatuur in hierdie werke bespreek word.

In **hoofstuk 8** word daar aandag gegee aan die geskiedenis en aanloop van die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing deur onder andere te kyk na pioniers (1914–1936) en ander of latere belangrike geskiedskrywers soos Gerrit Dekker en Rob Antonissen (1935–1972). John Kannemeyer se *Die geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 1652–2004* (wat aanvanklik in 1978 in twee bande verskyn het, in 1983 en 1984 hersien en later in een band verwerk is as *Die geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 1652–1987* waarvan ’n herwerking ook in 2005 verskyn), word in teenstelling met P.J. Nienaber (1951–1982) en later H.P. van Coller se *Perspektief en profiel* (1998, 1999, 2006) bespreek. Die laasgenoemde twee literatuurgeskiedenis het beide ’n aanloop gehad in vroeë uitgawes wat hier reeds kritiese kommentaar ontlok het, en wat die nuwe uitgawes noodgedwonge saamdra. Daar is dus in aanloop tot die besprekings ook gekyk na die voorgangers van elk van die twee dominante literatuurgeskiedenis wat verskyn het. Daar word ook aandag gegee aan debatte (plaaslik en internasionaal), probleemelemente, die rol en ontvangs van alternatiewe literatuurgeskiedenis(se), boekgeskiedenis as aanvuller en/of alternatief tot literatuurgeskiedenis en die kanoniserende rol wat literatuurgeskiedenis – veral weens die voorgeskrewe en opvoedkundige mark – in die groter literêre sisteem speel.

4.10 Kleiner sub sisteem in die Afrikaanse literêre sisteem

Ten einde die sub sisteem en rolspelers in die Afrikaanse literêre sisteem so volledig moontlik te karteer, word daar ook krities gekyk na onder meer (i) die rol van herwerkings soos toonsettings, verfilming en verwerking tot verhoogstukke as bydraende faktore wat die skrywer se status verhoog; (ii) kreatiewe skryfkunskursusse aan tersiêre instansies: die status wat ’n debutant deur ’n skryfskool bekom, verhoudings tussen skryfskole en uitgewershuse, beurse aan studente in kreatiewe skryfkuns, en die status van mentor as gevestigde skrywer; (iii) institusionele praktyke soos die voorgeskrewe mark (veral met

betrekking tot universiteite wat groot getalle studente in generiese letterkundekursusse opneem), voorskryfmark vir skole en die gebruik van bloemlesings en literatuurgeskiedenis as voorgeskrewe tekste; (iv) die wyse waarop outeurs wat onder die sensuurwetgewing geteiken is se literêre status daardeur verhoog is; sowel as (terugskouend) (v) betrokkenheid van Afrikaanse skrywers by skrywersverenigings; en (vi) die rol van versettydskrifte.

In die eerste vier afdelings van **hoofstuk 9** word daar gekyk na die tendense met betrekking tot onder meer die kanonisering van debuutskrywers wat publikasies aan nagraadse skryfskole voltooi het, verwerking van literatuur na films en die uitvoerende kunste, die rol wat sensuurwetgewing gespeel het om skrywers se literêre status te verhoog, sowel as die Afrikaanse leeskringfenomeen. Ter volledigheid word daar in 'n slotafdeling gekyk na kleiner sisteme van die Afrikaanse literêre sisteem wat nie werklik 'n invloed op die kanonisering van tekste uitoefen nie omdat die impak te gering is (bv. subsidies), te populisties of te vermaaklik is (kunstefeeste), of omdat die impak daarvan met tyd verminder het (skrywersverenigings en versettydskrifte), of dit nog nie behoorlik posgevat het in Suid-Afrika om 'n doelbewuste invloed op die sisteem uit te oefen nie (literêre toerisme). Die voorskryfmark word in hierdie afdeling slegs kortliks bespreek omdat dit reeds volledig in die werk van Van der Waal (2006) ondersoek en bespreek is.

5. NOTAS BY DIE VOLTOOIING VAN DIE STUDIE

In die slothoofstuk (**hoofstuk 10**) word daar 'n samevatting van die studie gegee, 'n aantal gevolgtrekkings gemaak en 'n paar bondige outeursnotas aangebied.

HOOFSTUK 2

Teoretiese uitgangspunte: literêre waarde, kanonisering en die literêre sisteemteorie

[L]anguage can be thought of as a kind of system within which any writer must take a designated place: the system and rules of language inevitably dictate the possibilities of what someone can say. An author is not God, after all.

Bennett & Royle, *An Introduction to Literature* (1995:22)

Literatuur met een hoofdletter L – daaronder worden waardevolle teksten verstaan die beschikken over specifieke kenmerken: teksten die op een kunstige manier spelen met het medium taal en teksten die om een of andere reden een lange houdbaarheidsdatum hebben.

Brillenburg Wurth, *Het leven van teksten* (2006:335)

1. INLEIDING

Die seleksie en kategorisering van tekste (óf outeurs, genres, groeperings) lê grense neer en bring hiërargieë tot stand (De Geest, 2003:202). Benewens die onderskeid wat getref kan word tussen elitistiese literatuur teenoor *pulp* (gemors) (of “hoë” en “lae” literatuur, gekanoniseer teenoor niegekanoniseer, belangrik teenoor onbelangrik, van literêre gehalte teenoor triviaal, betekenisvol teenoor niebetekenisdraend, soms selfs hardeband teenoor sagteband), word daar ook in die literatuur op ander wyses gekategoriseer en onderskei: “‘literature’ refers to a certain group of genres, whose exemplars are therefore by definition literary, at least in aspiration” (Fowler, 1982:5).

Een so ’n kategoriseringsmetode wat algemeen deur die boekbedryf gebruik word, onderskei tussen boeke vir die handel (fiksie en niefiksie, ook bekend as *trade books*) en opvoedkundige boeke (vir akademiese en skoolopleiding). Fiksie (onderverdeel in onder meer poësie, kortverhale, romans en dramatekste –literêre genres) en niefiksie word dus van mekaar onderskei. “Of the many factors determining canon, genre is surely among the most decisive. Not only are certain genres regarded *prima facie* as more canonical than others, but individual works or passages may be valued more or less according to their generic height” (Fowler, 1982:216; oorspronklike kursivering).

Met betrekking tot die subgenres waarin sekere soorte boeke gekategoriseer kan word, is daar literatuur wat ernstiger deur akademici en kritici bejeën word, teenoor dit wat as populisties beskou kan word, soos liefdesromans, speurverhale, rillers, historiese romans en andere. Liefdesromans word ook byvoorbeeld verder onderverdeel in kategorieë wat verbruikers nader bring aan dit waarvan hulle die meeste hou: liefdesverhale met religieuse inhoud, gewaagder seksuele tonele, hospitaalverhale, Middeleeuse romanses en dies meer. Fowler (1982:112) verduidelik: “Division of kinds into subgenres normally goes by subject matter or motifs. In fact, they are formed in just the opposite way from that which produces modes: subgenres have the common feature of the kind – external forms and all – and, over and above these, add special substantive features.” Só beskryf Beebee (1994:3–9) dan ook die aanbieding van die boek (titel, omslag en flapteks) as deurslaggewend tot die genre (die soort) waartoe ’n sekere werk behoort (kyk ook Van der Vlies, 2004:1). Kategorisering is nie bloot vir gebruikersgerief en bemarkingsdoeleindes vir uitgewers en boekhandelaars nie, maar hou ook verband met die waarde wat aan ’n bepaalde teks of tekssoort toegeken word:

Besides the fact that [genre and canonicity] are both acts of sorting, [they] are also related in the sense that the recognition of an artefact as belonging to a certain genre can automatically exclude it from potential canonizing [...] To put it in another way, the act of canonizing is one of the potential use-values associated with certain genres [...] not only are genre systems ideological, but their cusps provide a most advantageous place from which to observe the workings of ideology in literature (Beebee, 1994:17).

Literêre waarde hou verband met gesaghebbende menings oor wat “goeie” en wat “swak” literatuur is, wat behoue sal bly vir generasies wat kom en wat in alle waarskynlikheid mediablootstelling sal kry, literêre pryse sal inpalm, voorgeskrewe materiaal sal word en deel sal vorm van die literatuurgeskiedenis van ’n bepaalde land of (taal)groepering. “In ons eeu van literêre oorproduksie hang dit weliswaar in ’n groot mate van die professionele lesers (kritici, akademië, joernaliste, uitgewers en hulle keurders) af wat op die gesogte boekerak of in die snippermandjie beland, en dikwels beland tekste op die boekerak wat die naam literatuur nie werklik verdien nie of dit kwalik verdien” (Cloete, 1984:9; kyk ook Burger, 2008c:9).

In onlangse debatte oor die gehalte van literêre kritiek wat in die Afrikaanse media uitgespreek is (o.m. Naudé, 2008c; Rossouw, 2008:10) en vooroordele wat literêre gehalte betref (o.m. Hambidge, 2008a, 2008c, 2008h; Snyman, 2007:4), blyk dit dat daar ’n ernstige vervlakking is in dit wat as noemenswaardige werke beskou word, teenoor boeke wat die lesersmark dien maar nie aan literêre gehalte voldoen nie. Fowler (1997:10, oorspronklike kursivering) verduidelik:

Our age has a great appetite for studies of writing that is hardly worth studying. Thrillers, detective stories, science fiction, advertisements, pop poetry, pornography: these and other kinds of *trivial literature* are accorded a weighty treatment that nevertheless avoids, somehow, questions of value. In fact, some critics openly express their greater interest in the typical than in the valuable.

Wat is dan die sogenaamde belangrike tekste, literatuur met ’n hoofletter L?

2. LITERATUUR MET ’N HOOFLETTER L

“Literatuur is als literatuur herkenbaar omdat de auteur zich houdt aan de code van het genre, zijn werk laat uitgeven door iemand die als uitgever van literatuur bekend staat, en het besproken ziet op de pagina’s voor literatuur bestemd zijn,” meen De Moor (1993:17). Hier (na die teorie van Mooij (1979) en Hernadi (1978)) is die element van subjektivisme in terme van literêre oordeel ter sprake.

Die relativisme “beweer [...] dat die literêre werk geen eiesoortige eienskappe het wat inherent in hom geleë is nie, maar dat dit die leser is wat bepaal of ’n sekere teks literêre eienskappe het of nie” (Cloete, 1984:2). Daar is egter ook diegene wat meen dat die “gewone leser” se persepsie en beslissing afhang van kundige besluite deur kenners op die gebied, “dit wil sê van mense wat hulle professioneel met die literatuur besig hou: kunstenaars, kritici, uitgewers, literatore, regisseurs, [...] joernaliste (Cloete, 1984:7).

Die eienskappe wat aan literêre werke toegeken word, kan soos volg opgesom word:

- Literatuur het ’n bewaringsfunksie deurdat dit bestaande kultuur representeer en vaslê (Rigney, 2006:307; Schram, 1992:253).

- Literatuur stem die leser tot kritiese afstand ten opsigte van bestaande sienswyses (Rigney, 2006:307). Bloom (1995:3) meen: “When you read a canonical work for a first time you encounter a strange, an uncanny statement rather than a fulfilment of expectation”.
- Literatuur gee insig in dit wat moeilik begryp kan word (Rigney, 2006:307) en verrig filosofiese en insiggewingsfunksies (Rigney, 2006:311). Ware kuns breek deur illusies en verskaf insig in wat tot illusies meewerk en dit in stand hou, dus vooroordeel bevestig (Rigney, 2006:308; kyk ook Schram, 1992:253).
- Literatuur vervreem die leser om hom/haar op ’n kritiese afstand te dwing (Miall & Kuiken, 1999:122–123; Rigney, 2006:308). “I have tried to confront greatness directly: to ask what makes the author and the work canonical. The answer, more often than not, has turned out to be strangeness, a mode of originality that either cannot be assimilated, or that so assimilates us that we cease to see it as strange”, verduidelik Bloom (1995:3–4).
- Literatuur is tekste wat bo tyd verhewe is (De Geest, 2003:213; Rigney, 2006:11). Cloete (1984:16) sluit hierby aan as hy skryf: “Klassieke literêre werke bewys dat juis waar die sosiale of sosiologiese omstandighede verander het en nie deurslaggewend is nie, bly die werk voortbestaan”.
- Literatuur word beskou as literêre erfgoed (Rigney, 2006:324) en kan nasionale identiteitsbesef versterk (Rigney, 2006:324; Schram, 1992:253).
- Literatuur bekom deur vertaling internasionale en/of globale relevansie en belangrikheid (De Geest, 2003:213).
- Literatuur dien as verwysingspunt in die kritiek en onderwys (Schram, 1992:253).
- Literatuur word gekenmerk as simbolies toonaangewende tekste (De Geest, 1997:162).
- Literatuur verskaf ’n estetiese ervaring wat bydra tot morele insig (De Geest, 1997:172; Schram, 1992:253).
- Ware kuns hou verband met ’n vorm van verering deur straatname of beelde of borsbeelde of benoemings van geboue en versamelings of lokale of lesings of pryse (Rigney, 2006:326).

Die verskil tussen lae en hoë literatuur word soos volg deur Brillenburg Wurth (2006:340) in figuur 1 teenoor mekaar gestel:

Laag	Hoog
Massacultuur	Artistieke kultuur
Massamedia	Tradisionele media
Industriële produksie	Individuele produksie
Massale reproduksie	Gezag van het origineel
Herhaling	Vervreemding
Gewenning	Deautomatisering
Standaardisering	Vernieuwing/ondermijning
Commerciële funksie	Kritiese/estetiese funksie
Passief verbruik	Actiewe resptie
Eonomiese prinsipie	Onafhankelik vanonomiese prinsipie
Triviaal	Wezenlik voor een bepaald tydperk

Figuur 1: Verskille tussen lae en hoë literatuur (Brillenburg Wurth, 2006:340)

Twee subvelde vir waardeoordeel word onderskei. In die eerste geval word die waarde van 'n teks gemeet in ekonomiese terme: “[T]he agents see their craft [...] as a commercial enterprise; the opinion of the greatest number, expressed through sales, is all that counts; and rewards like money or fame which, by definition, are not specific to the literary field, are considered both acceptable and desirable” (McDonald, 1997:113). Daarteenoor lê die waardeoordele wat gemaak word op grond van estetiese terme: “[T]hey concern themselves chiefly with particular demands, traditions and excellences of their craft; they respect only the opinion of peers or accredited connoisseurs and critics; and they deem legitimate only those rewards [...] which affect one’s status within the field itself” (McDonald, 1997: 114).

Cloete (1984:5) bespreek die heterogeniteit van die begrip *literatuur*, en tref 'n onderskeid tussen die volgende kategorieë: (i) fenomenologiese siening – 'n feitlike beskrywing van die literêre werk waaraan geen waarde of interpretasie gevoeg word nie, asook geen beoordeling wat bepaal of die werk goed of swak is nie; (ii) normatiewe siening – 'n bepaling wat 'n literêre werk behoort te wees, en of dit 'n goeie of swak teks is (Cloete, 1984:5).

Volgens Viljoen (1992:110) sluit literêre evaluering die volgende in: “[D]ie handeling van waardes toeken aan literêre werke, die plasing daarvan in 'n rangorde van 'die beste' na 'die swakste', die resultaat van hierdie toekennings van waarde en selfs ook die produksie van literêre waardes”. Dit geskied na aanleiding van sekere intrinsieke

kriteria soos “intensiteit, digtheid, meerduidigheid, paradoks, geïntegreerde materiaal, eenheid en samehang, polivalensie, poli-interpreteerbaarheid”.

Waarom is klassieke tekste so belangrik? Moerbeek (1996:156) verduidelik dat “society might grow superficial if the cultural basis would be reduced”. Maar daar is ook die teenargument. Eerder as literêre waarde alleen is dit ook literêre groeperings, periodisering en kategorisering deur verbintenisse met groepe, uitgewershuse, *little magazines*, literêre joernale, bylaes, unies, instansies wat beheer het en meewerk aan befondsing, individue wat posisies aan universiteite beklee, regeringsorganisasies, internasionale kongresse, subsidies, vertalings, en dies meer, wat ’n rol in waardetoekenning speel.

Wat dan is die belang van die literêre kanon, as die breë publiek nie noodwendig lees wat aan hulle voorgelê word as goeie literatuur nie, as hulle menings verhoog word deur platforms wat hierdie menings aanbied?

3. DIE LITERÊRE KANON

Lefevere (1986:1–2) wys op die oorsprong van die kanon reeds vóór die bestaan van boeke:

There was a time when there was a canon before there were books. Think of the Homeric epics, or the tales that are the basis of much of the African literature. Then there was a time when the canon was a book, the Bible, or the Quran, but also the Shih Ching and the Manyoshu, not to mention the same Homeric epic. There was, in other words, a time when books, certain books, a very limited number of books epitomized the values of a society, a culture. The values were (are) not eternal, of course, and books were displaced by other books: the Homeric epics by the Bible, e.g., or at least books had to learn to coexist with other books, or small corpus of books – the Canon – was so central, it was absolutely vital, indeed literally a matter of life and death (as many a Renaissance Bible translator was to learn to his detriment), that these books would be explicated, interpreted in the “right” way, in fact the only possible way. Hence the rise of a class, caste, corporation of professional interpreters and hence, too, their power.

Die woord “kanon” beteken in die algemene sin “voorbeeld, norm, wet en lys, katalogus of tabel” (Van Gorp, 1991:62). Ons kan van die vertrekpunt uitgaan dat die woord “kanon” gelykgestel kan word aan die begrip “seleksie” (kyk Moerbeek, 1996:157). Van Coller (1996:50–51) verwys na die kanon as ’n versameling tekste (’n herlesing daarvan) wat as “verwysingspunt” dien binne ’n literêre sisteem. Óf soos Paisley Livingston (1996:145; oorspronklike kursivering) daarna verwys: “a *publicly recognized* collection of works believed to have some kind of value, such as artistic merit. [... T]hat includes literary works of high literary merit, where a work’s literary merit is a matter of its combined artistic and

aesthetic value”. Fokkema (1991:366) weer meen dat die kanon verwys na: “a selection of well-known texts, which are considered valuable, are used in education, and serve as a framework of reference for literary critics”.

’n Kanon is afhanklik van en word gevorm deur verskillende rolspelers en faktore, in so ’n mate dat daar gepraat kan word van kanons in die meervoud, eerder as slegs een gekose kanon: “For each situation the social group or the literary circuit will have to be defined, as the function of a canon is context-bound. Thus it will be possible to speak of a canon of a reading-club, a canon of a literary magazine, an academic canon or a school canon. From this point of view ‘canon’ equals selection” (Moerbeek, 1996:157). So onderskei Harris (aangehaal in Ohlhoff, 1993:62) onder meer tussen die (i) potensieële kanons; (ii) toeganklike kanons; (iii) selektiewe kanons; (iv) persoonlike kanons; (v) literêr-kritiese kanons; (vi) pedagogiese kanons; en (vii) historiese kanons.

Fowler (1982:213) se mening is dat die kanon nie stagnant is nie, maar aanpasbaar, buigbaar en veranderlik:

The literature we criticize is never the whole. At most we talk about sizable groups of writers and works of the past. This limited field is the current literary canon [...] the literary canon varies obviously – as well as unobviously – from age to age and reader to reader. [...] What makes a strong impression on the public at one time, ceases to interest it at another [...].

Waardevolle literêre tekste word deur praktyke soos literatuurgeskiedskrywing, bloemlesings en instansies soos biblioteke en opvoedkundige instellings “bewaar” en van die een geslag na ’n volgende oorgedra. Die ontstaan, instandhouding en aanpassings van kanons is nooit slegs ’n literêre aangeleentheid nie, maar is ook afhanklik van “buiteliterêre kragte” wat deur figure en “siftingsprosesse” in stand gehou word.

Die literêre sisteem hou verband met die uitsluiting, die marginalisering van die mindere en die doel van die kanon as eensydige opvoedingsmiddel (Vervliet, 1992:360). In die Suid-Afrikaanse en Afrikaanse kontekste is daar veral die kwessies rondom vroueskrywers (o.m. Lourens, 1992, 1996, 1997a, 1997b; Nolte, 1994; Van Niekerk, 1994, 1999); skrywers van kleur (o.m. Van Wyk, 2000; Willemse, 1996); avant-garde werke (o.m. John, 2009); genres in geheel (o.m. Kleyn & Snyman, 2009, 2010); en individuele figure wat oor die hoof gesien is (o.m. Kleyn & Marais, 2009 & 2010; Kleyn, 2012) en dies meer, wat in die lig van ’n benoude politieke verlede problematies is (kyk ook Ohlhoff, 1993:62). Dié situasie het Botha (1991:5) genoop om te vra: “Watter gode dien ons, in ons omgang met ons vak, in ons vertolking, ons durende herskrywing van die Afrikaanse letterkunde, vir en onder andere, in tye van verandering?”

Die kanoniseringsproses hou duidelik met méér verband as blote literêre kwaliteite en rolspelers in die literêre sisteem. Politieke en sosiale maghebbers moenie onderskat word nie (Brillenburger Wurth, 2006:352). Moerbeek (1996:159) waarsku egter

dat die kanon konteksgebonde is en van konsensus tussen rolspelers afhanklik is: “[C]onstructions [...] based on selection by a certain group on [sic] a certain moment with a certain purpose. Consensus is the key notion.” So ook is die kwessie rondom politieke motief ook duidelik as die kanon van ’n land of taal streef na “behoud en bevordering van de nasionale eenheid” (Vervliet, 1992:360) – iets wat in Suid-Afrika tot ongeveer 1994 (ook selektief daarna) die geval was.²

Vervliet (1992:364; kyk ook Ohlhoff, 1993) verduidelik:

In iedere nationale literatuur is zo een canon gevormd die fungeert als een middel tot bewustwording van de eigen culturele identiteit, als een middel om historisch inzicht te verwerven in de wortels en patronen van de huidige cultuur, als een middel om universele en boventijdelijke waarden over te dragen bij lezers met verschillende religieuze en ideologische overtuigingen en als toetssteen en bron van referenties voor de literaire kritiek.

Dit is ook van toepassing op die Afrikaanse letterkunde vóór 1994. Willemse (1996:96) verduidelik:

Afrikaans literary production is limited by the monopoly of the Afrikaner communication giants [...] This literature is therefore mainly determined by Afrikaner economic and cultural interests and produced for a market circumscribed by Afrikaner concerns. Although a relatively small literature, Afrikaans literature is lionized by several literary awards, offering substantial amounts of prize money. In a remarkably short period of time, less than a century, Afrikaans literature became arguably the most sophisticated and best provided-for literature in South Africa.

In kontras met die gekanoniseerde tekste, instandhouders en maghebbers, is instrumente van die kapitalistiese wêreld wat die publiek manipuleer met werke wat blote vermaak of ontvlugting bied (Brillenburger Wurth, 2006:356) – dus, massakultuur wat produkte lewer wat maklik reproduseerbaar is op die basis van standaardisering en massakonsumpsie en waar dit gaan om bemarkingsstrategieë, verkoopsyfers en winste (kyk ook Steinert, 2003:9): “De waarde van simbolisch kapitaal is dan ook de ogenschijnlijke afwezigheid van winstoogmerk: culturele erkenning hangt zelden samen met bestsellerskwaliteiten, ook al kan deze erkenning op termijn wel degelijk hoge verkoopcijfers tot gevolg hebben” (Brillenburger Wurth, 2006:342; oorspronklike kursivering).

In die Afrikaanse boekbedryf is daar ook die geval waar uitgewers winsgedrewe handel en bemarkingsmoontlikhede put deur gekanoniseerde en literêre skrywers (o.m. André P. Brink; Marita van der Vyver; Annelie Botes e.a.) in sepies (*pulp-TV*) soos *7deLaan* te bemark, en ook die bemarkbaarheid van produkte te verhoog deur verpakking aan te pas om dit op ’n populêre, eerder as uitgesoekte lesersmark te rig.³ Ook herdrukke skep in die Suid-Afrikaanse konteks ’n probleem. Herhaalde herdrukke word beskikbaar gestel

² Kyk ook afdeling 4.2.1 van hierdie hoofstuk oor die ontstaan van die Afrikaanse letterkunde onder ’n nasionalistiese dryfveer; ook Willemse, 1996.

³ Kyk afdeling 4.5.1 van hoofstuk 3 (Uitgewerspraktyke) oor omslagontwerp.

weens die nostalgiese waarde daarvan. Hierdie herdrukke is soms ook dalk ten koste van ander of nuwe titels, juis vanweë die winsgewendheid daarvan (kyk die menings van Diedericks-Hugo, 2009; Du Plessis, 2009a, 2009b; Stassen, 2009 betreffende die situasie by uitgewers van kinder- en jeugboeke).

De Geest (1997:169–170) dui in sy semiotiese vierkant (volgens Greimas se model) die teenstellings van gekanoniseerde tekste teenoor niegekanoniseerde tekste aan, sowel as die verbode teenoor die buitekanonieke tekste, en die verbande of netwerke tussen die verskillende posisies.⁴

what has to be said obligation		what must not be said prohibition
	SEMIOTIC SQUARE	
non-prohibition what may be said		non-obligation what does not have to be said

Figuur 2: De Geest (2003:208) se semiotiese vierkant

Hierdie model kan gebruik word om spanning en verandering in literêre sisteme te analiseer. Die boonste deel dui die eksplisiete normatiewe kodifikasie van die (literêre) sisteem aan, en die onderste deel die implisiete norme, of kreatiwiteit en artistieke eksperimente. Die linker- en die regterkant onderskei en stel dan ook negatiewe en positiewe deksis teenoor mekaar (De Geest, 1997:170–171).

Ohlhoff (2008) pas De Geest se model op die Afrikaanse poësisisteme van die 1930's toe. Hy dui dan aan hoe voorskriftelik die verwagting is wat daar (deur o.m. W.E.G. en Van Wyk Louw) vir die poësie van die tyd gestel word. Deur die model van De Geest te gebruik, word “belangrike insigte [...] verskaf in die insluitings- en uitsluitingsmeganismes wat in ’n bepaalde stadium werksaam was” (Ohlhoff, 2008:6).

Met betrekking tot die kanon is opposisies onafwendbaar. As een ingesluit word, word ’n ander noodwendig uitgesluit. “Kies je voor de één, dan sluit je de ander uit,” meen Brillenburg Wurth (2006:335) – ’n proses wat ook op jong skrywers van toepassing is. Brillenburg Wurth (2006:335) meen dat jong skrywers (debutante) wel in ’n kanon opgeneem kan word (dus ruimte voor gemaak kan word), maar dat hulle van geen historiese belang is nie.

By latere herwaardering kan ’n voorheen gekanoniseerde posisie egter ook verloor word: “De opname of uitstoting uit de canon bepaalt de status, maar ook de verkoopcijfers

⁴ In die studie van Van Coller en Odendaal (2005:12) word hierdie model aangepas tot ’n “vierhoekige meganisme van intersistemiese diskoers” om “buite”-literêre sisteme (Afrikaanse- en Nederlandse literêre sisteme) te akkommodeer.

van een literaire tekst: zijn symbolische en economische waarde”. Die kwessie van oorlewing is vir sommige skrywers ’n belangrike standaard. Hazlitt (aangehaal in Bloom, 1995:525) verwys soos volg na kritiek op kontemporêre skrywers: “I have more confidence in the dead than the living. Contemporary writers may generally be divided into two classes – one’s friends or one’s foes. Of the first we are compelled to think too well, and of the last we are supposed to think too ill, to receive much pleasure from the perusal, or to judge fairly the merits of others”. By die samestelling van die Top 100 vir die Letterkundige Museum in Den Haag is die vereiste gestel dat ’n skrywer reeds oorlede moet wees om as een van die 100 grootste skrywers beskou te word (Buelens, 2009:6). Ook Schram (1992:245) vra: “Is het niet enigszins vroeg om de gedragen kwalificatie ‘tot de canon behorend’ toe te kennen aan een zoals dat heet ‘nog levend auteur?’”

In die Afrikaanse konteks staan sake egter anders. Met ’n letterkunde wat kwalik meer as 100 jaar bestaan, word literatuurgeskiedkundiges, bloemlesers en ander rolspelers genoodsaak om ruimer vir die kanon te oorweeg as slegs die gestorwe outeurs.

Heelwat onrustigheid ontstaan deur rolspelers in die sisteem omdat die gevestigde literêre kanon bedreig word, wat kan lei tot daadwerklike vervlakking en ondermyning van die kulturele geletterdheid van veral studente: “[T]he decrease in the extent of reading of students and adults is especially due to the shortcomings of literary education” (Moerbeek, 1996:156; kyk ook Bloom, 1995; Brillenburg Wurth, 2006:353). Dit gaan reeds aan Afrikaanse departemente en elders mank aan studente wat belangstelling in tale, ook Afrikatale toon (Van Zyl, 2001; kyk ook afdeling 4.2.1 van hierdie hoofstuk), en min belangstelling in lees en literatuur openbaar (Snyman, 2006).

Andere meen egter die nuwe “populêre kultuur” is nie so nadelig nie en dat “populaire kultuur mense skokken en verrassen, tot nadenken stemmen en ze actief betrekken in het kijk-, lees- of luisterproces. Populaire kultuur beteken nie ‘passief consumeren’, maar eerder onvermijdelijk verwickeld raken in een dynamisch proces van betekenisgeving” (Brillenburg Wurth, 2006:358).


Binêre opposisies word omgekeer as die grense tussen hoog en laag vervaag en ’n teks soodoende eksklusiwiteitswaarde in die een sisteem verloor, in ’n ander sisteem opgeneem kan word, of alternatiewe sisteme laat ontstaan (Brillenburg Wurth, 2006:359). Só beskryf Moerbeek (1996:158; kyk ook Vervliet, 1992:367) die proses van kanonverandering:

Each canon has a relative constant “core” which has gained a general consensus. Round about such a collection a series of works gather themselves. The selection of these works depends among other things on historical, political and geographical factors. A concrete work can have a different position in different canons or through various times: from a dominant position the work can even move towards the periphery. No canon will remain unchanged during a number of

years. On the one hand, in each period people set different standards towards literature, not seldom based on changing criteria of valuation. On the other hand, a canon has at all times to be able to select and integrate the contemporary literary production.

Tussen die verdeling van hoë en lae kultuur/literatuur vind daar ook wisselwerking plaas wat nie net tot die literatuur beperk is nie, maar ook op die breër kunste van toepassing is (Brillenburg Wurth, 2006:347, 350). Daar word telkens met herwaardering nuwe bepalings gemaak en 'n teks of skrywer wat lank as gekanoniseer beskou is, kan dalk sy/haar plek in die kanon verloor en plek maak vir iets/iemand wat lank gemarginaliseer was. "The generation game, after all, is often played out as a series of conflicts for and about legitimacy," verduidelik McDonald (1997:116). Herwaardering en -oorweging is dan ook onder meer bepalend tot dit wat vroeër oorskot is (Livingston, 1996:145).

Die kanon en al die onderskeie kompartemente word skematies deur Rigney (2006:317) soos volg aangebied:



Figuur 3: Kompartemente van die kanon (Rigney, 2006:317)

"Dominante elemente in die [literêre] hiërargie slyt af en word vervang deur minder dominante elemente" sodat verandering kan plaasvind (Viljoen, 1992:548). Even-Zohar (1990:14) waarsku dat daar nie net een sentrum en een periferie bestaan nie, maar dat daar meervoudige posisies is. Verskuiwings wat plaasvind, kan van een sisteem se periferie na 'n ander s'n wees, eerder as 'n verskuiwing van periferie na/uit die sentrum.

Binêre kodes (opposisies) is die metodes waarvolgens sisteme gekarakteriseer en gedefinieer word. De Geest (1997:166) verduidelik:

[T]he economic system is ultimately based on the binary code “to have vs. to have not,” the political system on the code “conservative vs. progressive,” science on the code “true vs. not true.” In a similar way Luhmann has proposed the oppositions “beautiful vs. ugly” as the constitutive code for the artistic system. As far as the literary system is concerned, Schmidt (1989) has instead opted for the opposition “literary vs. non-literary,” whereas Plumpe and Webster (1993) preferred to use the binary code “interesting vs. boring” as constitutive for all communication on literary phenomena.

En, meen hy verder, die gebruik van binêre opposisies plaas ernstige stremming op die moontlikheid om komplekse literêre fenomene te analiseer en verklaar.

In die Suid-Afrikaanse konteks bestaan binêre opposisies tussen elite en populisties, tussen gegoed en minder gegoed, gekultiveerd en laerklas (sg. *common* (kommin)) maar ook subversiewes – soos onder meer in die geval van die musiek van Die Antwoord en Jack Parow, die boek *Is dit net ek of is als tos* (Chopper Charlie & Griffin, 2008), en die watkyk-jy-webblad (www.watkyk-jy.co.za). Só verwys Parow (2009) na die nuwe uitkyk op binêre opposisie in die Suid-Afrikaanse samelewing in die lirieke van “Cooler as ekke”:

Jack Parow in jou moeder se huisie
(jy dink jy is cooler as ekke)
want jy rook Yves saint Laurent sigarette
(jy dink jy is cooler as ekke)
want jy het 'n tattoo van 'n slang op jou tette
(jy dink jy is cooler as ek)
want jy het 'n plakaat van Led Zeplin bo jou bed
(jy dink jy is cooler as ek)
want jy's elke jaar by die JandB Met

Jy's ou nuus, ek kom met rou beats
Jy lê en wag, ek gaan soek iets
Jy's Ice-T, ek's wit bliits
Jy's light bier, ek's spirits
Jy's die ou met new fresh look, ek's die ou met die

Pep stores broek
Ek watch jou, ek koekeloer jou
Jy forward nog Vernon Koekemoer jokes
Ek's fantasies, jy's spasties
Ek vat aan poppies, jy raak aan klein kids
Jy's Tim Vorster, ek's Chris Edwards
Jy's in die bosse, ek rol in die vetness
jy's boring soos liedjies om die kampvuur
my styl slick sneak-sneaky soos 'n vampier
jou styl slat sag soos 'n marshmallow
meisies skreeu vir net one night in parow

Aanhang vir hierdie musiek is oorwegend uit die Afrikaanse middelklas (Eybers, 2010:3) en Parow self meen (aangehaal in Taljaard, 2010:9; oorspronklike kursivering) dit is musiek bedoel “vir die *everyday* gewone mens [...] Die pyle, die onderdrukte mense wat altyd k[a]k was en nie cool was nie”.

Op literêre front is daar ook argumente vir die wegbreek van die norm en elitisme: “Die kanon is nie 'n monument nie. Dit verander, word afgebreek, herdefinieer [...] Daar is nie máár een gesaghebbende kanon nie, wil dit vir my lyk, maar verskillende tome, analogieë, bloemlesings,” skryf Hambidge (2008f).

Bloom (1995) voel egter sterk daarvoor dat skryfwerk sekere eienskappe moet openbaar, ten einde te verseker dat 'n literêre werk gekanoniseer sal word. Hy verwys onder andere na:

- Oorspronklikheid: “the tang of originality must always hover in an inaugurable aspect of any work that incontestably wins the agon with tradition and joins the canon” (Bloom, 1995:6).
- Die proses van literêre invloed (Bloom, 1995:8–11): “Poems, stories, novels, plays come into being as response to prior poems, stories, novels, and plays, and that response depends upon acts of reading and interpretation by the later writers, acts that are identical with the new works” (Bloom, 1995:9).
- Estetiese waarde: “One breaks into the canon only by aesthetic strength, which is constituted primarily of an amalgam: mastery of figurative language, originality, cognitive power, knowledge, exuberance and diction” (Bloom, 1995:29).
- Herleeswaarde: “One ancient test for the canonical remains fiercely valid: unless it demands rereading, the work does not qualify” (Bloom, 1995:30).

Kwessies soos onsterflikheid (Hellemans, 2009:4; Schram, 1992:248); radikaliteit; belangrikheid; bewaringswaarde (Buelens, 2009:7); ontroering en inspirering (Buelens, 2009:7; Schram, 1992:248) en lewensveranderende invloede (Belfiore & Bennett, 2009:28) kan tot hierdie verwagtinge toegevoeg word.

Bloom (1995:39) wys daarop dat die kanon 'n belangrike en nuttige konstruk is, wat gesien moet word as 'n geheuesistiem (*memory system*) eerder as 'n fundamentele waarheid vir die samelewing of die individu. “The study of literature, however it is constructed, will not save any individual, any more than it will improve any society,” verduidelik Bloom (1995:31). Wat wel vir Bloom (1995: 41) van belang is, is die volgende: “Without the Canon, we cease to think. You may idealize endlessly about replacing the aesthetic standards with ethnocentric and gender consideration, and your social aims may indeed be admirable. Yet only strength can join itself to strength, as Nietzsche perpetually testified.”

Hellemans (2009:4) verwys na die nut van die gekanoniseerde tradisies:

Wie wil skrywen, heeft er alle belang bij om het werk van illustere voorgangers ter hand te nemen om te zien hoe zij hun lezers proberen te verleiden. Maar ook voor de lezer, de toeschouwer en de luisteraar is het essentieel om zijn klassieken te kennen. Wie immers als kunstconsument op de hoogte is van de geijkte

tegnieke en meesterwerke, kan zoveel meer geniet van hetgeen er word aangeboden.

Die kanon berus dus op onuitgesproke reëls, spelers, wette en magsmeganismes (Brillenbug Wurth, 2006:342). Daar heers egter weerstand teen die kanon wat grootliks as blank en manlik beskou word (Brillenbug Wurth, 2006:352; Steinert, 2003:2) en wat 'n sisteem is wat dalk in die geheel hersien moet word, "of, nog beter, afgeschaft word as eksklusiewe standaard"(Brillenbug Wurth, 2006:352); 'n mening waarby Vervliet (1992:360) aansluit as hy skryf: "Dit bastion dient dan ook belaagd en met de grond gelijkt gemaakt te word om tot een noodzakelijk geachte hervorming en verruiming van het literatuurprogramma te kunnen overgaan."

Van Coller (2001a:67) lig die volgende prosesse en produkte in terme van die kanoniseringsproses uit:

- herskrywing (vertalings, bloemlesings, informele seleksies van tekste, literêre kritiek, literatuurgeskiedenis);
- uitgewerspraktyke (keuring van manuskripte, flaptekste);
- mediapraktyke (formele en informele boekaankondigings en -besprekings);
- prystoekennings; en
- institusionele praktyke (voorgeskrewe boeklyste, skryf van aantekeninge en inleidings of voorwoorde).

Skrywers self dra ook by tot die proses van kanonisering deur aan te sluit by 'n sekere tradisie, gebruik van verwysings en aanhaling, parodiëring van skrywers en tekste, intertekstualiteit en voorwerk (kyk in dié verband ook Van Coller, 2001a:69).

Bourdieu (aangehaal in McDonald, 1997:112) wys egter op die kanon as magskonstruksie en verduidelik hoe maghebbers se posisies ontstaan:

What "makes reputations" is not [...] this or that "influential" person, this or that institution, review, magazine, academy, coterie, dealer or publisher; it is not even the whole set of what are sometimes called "personalities of the world of arts and letters"; it is the field of production, understood as the system of objective relations between these agents or institutions and as the site of the struggles for the monopoly of the power to concentrate, in which the value of works of art and belief in that value are continuously generated.

Vervolgens word daar gekyk na die literêre sisteemteorie, alvorens die verskillende rolspelers in die Afrikaanse letterkunde aandag geniet.

4. LITERÊRE SISTEME


Vervliet (1992:365) wys op die vorming van die kanon as 'n proses: “Synchronisch empirisch onderzoek heeft aangetoond dat de vorming van een canon op een bepaald moment in een bepaalde maatschappij inderdaad sterk institutioneel gedetermineerd is: de zgn. gatekeepers in het selectieproces.” Hierdie hekwagters (ook genoem agente of rolspelers) oefen beheer uit oor die literêre sisteem deur voorskrifte vir smaak en normbepaling te bepaal deur onder andere ideologie, uitgewersbesluite, literêre kritiek, literêre groeperings, joernale, regerings, opvoedkundige instellings en die massamedia (Even-Zohar, 1990:22–23, 37). Joan Hambidge (2008c) stel dit dat

[d]ie [kanoniserings]proses begin [...] met die voorlegging van 'n teks aan 'n uitgewershuis, met 'n bepaalde status. Keurders (anoniem) skryf dan verslae oor die gehalte van die teks waaroor 'n publikasiebesluit geneem word. Hierna volg resensies in dagblaaie en op LitNet, die webruimte. Die kanoniseringsproses word tot 'n verdere vlak gevoer wanneer pryse toegeken word. Dus, vanaf publikasie tot resensie tot pryse en uiteindelik literatuurgeskiedskrywing en/of profilisering, lyk dit op die oog af na 'n koherente proses. Tog is dit nie 'n deursigtige proses nie. Vele pryskomitees bly anoniem, sonder commendatio's. Of wanneer daar kritiek uitgespreek word op die publikasieproses of -program, blyk dit dat daar eerder na finansiële oorwegings gekyk word. Daar moet egter na die volledige letterkundige sisteem gekyk word ten einde sekere probleme of hiate uit te wys wat tans opvallend is binne die Afrikaanse letterkunde.

Volgens Segers (1997:76) word vyf hoofkategorieë in die literêre sisteem onderskei: outeurs, instansies, algemene lesers, sosiale konteks en tekste. Rolspelers soos uitgewers, kritici en resensente, onderwysers, akademiese navorsers, biblioteekwerkers, vertalers, verteenwoordigers van organisasies soos boekklubs, verenigings vir skrywers, administrateurs en burokrate wat op stads-, provinsiale en nasionale vlak met “kultuur” gemoeid is, vorm almal deel van die groter literêre sisteem. Ten einde die sisteem te ondersoek, moet die agente en die verbande tussen die agente wat daarin funksioneer, ondersoek word: “Systematic theory is interested in the ‘actions’ of all agents of the communication process, as opposed to most other approaches which are interested in just one agent” (Segers, 1997:76).

Adendorff en Foster (2007) voer aan: “Binne 'n sistemiese benadering kan die konsepte van kanon en kanonisiteit nie geïgnoreer word nie. Dit gaan in die literêre sisteem om 'n hiërargiese magspel aangesien daar 'n voortdurende stryd tussen die verskillende strata in die sisteem is. Die stryd tussen die strata is 'n stryd om kanonisering, om hiërargies die eerste of sentrale plek te beklee.” Die sisteem is egter afhanklik van die seleksie-, strukturerings- en legitimeringsvaardighede met betrekking tot die verband met “diskursiwiteit” en “normatiwiteit” (De Geest, 1997:167).

In die werk van Saussure (Even-Zohar, 1990:10) hou die sisteem verband met 'n "static ('synchronic') net of relations, in which the value of each item is a function of the specific relation into which it enters". 'n Netwerk dus, van verhoudings en 'n ondersoek na die wyse(s) waarop dié verhoudings mekaar reguleer: "a multiple system, a system of various systems which intersect with each other and partly overlap, using concurrently different options, yet functioning as one structured whole, whose members are interdependent" (Even-Zohar, 1990:11). So beeld Even-Zohar dan ook die agente in die sisteem uit:



Figuur 4: Even-Zohar (1990:31) se sisteemteoriemodel

Even-Zohar (1990:13) is van mening dat 'n sisteemteoretiese benadering bydra tot 'n verbeterde begrip van 'n semiotiese veld, en blootlê op watter wyse literatuurstudies tekortsiet aan 'n volledige, gekontekstualiseerde begrip van die groter geheel van 'n bepaalde letterkunde of literêre groepering.

Deur 'n sisteemteoretiese benadering sal verbande gelê kan word waar nodig en miskennings kan sodoende uit die weg geruim word: "[L]iterature for children would not be considered a phenomenon sui generis, but related to literature for adults; translated literature will not be disconnected from original literature; mass literary production (thrillers, sentimental novels, etc.) would not simply be dismissed as 'non-literature' in order to evade the recognition of its mutual dependence with 'individual' literature" (Even-Zohar, 1990:13).⁵ Ook Van Coller en Odendaal (2005:10–11) wys daarop dat die Afrikaanse literêre sisteem baat sal vind by herwaardering en 'n literêre kanon wat aangevul en uitgebrei word.

Die hipotese wat die polisisteemteorie vooropstel, verwerp waardeoordeel as kriteria vir die seleksie van objek en/of studie (Even-Zohar, 1990:13):

If one accepts the polysystem hypothesis, then one must also accept that the historical study of literature polysystems cannot confine itself to the so-called

⁵ Kyk ook Nolte (1994) se studie van M.E.R. se status as skrywer en kinderboekskrywer en Marais (1993) in verband met die kwessie rondom vertaalde werk in die geval van Eugène Marais.

“masterpieces”, even if some would consider them the only *raison d’être* of literature in the first place. [...] In other words, as scholars committed to the discovery of the mechanisms of literature, there seems to be no way for us to avoid recognizing that any prevalent value judgement of any period are themselves an integral part of these mechanisms. No field of study, whether mildly or more rigorously “scientific”, can select its objects according to norms of taste.

Senekal (1985:20) maak byvoorbeeld ’n saak daarvoor uit dat ’n skrywer nie vir ’n amorfe groep lesers kan skryf nie, maar hom/haar toespits op spesifieke lesers of groepe (bv. liefdesverhale, ontspanningslektuur, kinder- en jeugliteratuur) en sodoende ’n aantal sub sisteme in die groter literêre sisteem tot stand bring. Die kwessie rondom sub sisteme word soos volg deur Fokkema (1991:363) beskryf: “Often there is no simple hierarchy between system and subsystem. Smaller systems are not necessarily the product of internal differentiation of larger systems; they can also be hybrids deriving from heterogeneous systems.”

Barsch (1991:355) onderskei tussen mikro- (interaktiewe literêre sub sisteme), meso- (hoër literêre sub sisteme) en makrovlakke (bepalende literêre sub sisteme) in die analise van literêre sisteme. “A social system is roughly defined as a group of individuals who, first, through social interaction, have generated a common set of reality constructs together with a set of actions and types of behaviour deemed adequate to handle the so defined realities; and who, second, interact with respect to these realities by means of socially defined actions and types of behaviour.”

Boonop, meen McDonald (1997:111, oorspronklike kursivering) dat sogenaamde rolspelende agente in die literêre kultuur se aandeel in die sisteem op meer as een vlak plaasvind: “First, the agents’ positions in the culture are not only defined horizontally, in terms of their *function* in the circuit, but vertically, in terms of their *status* in the hierarchy of circuits.”

Met betrekking tot die polisisteamteorie, lig Cattrysse (1997:51) die volgende kenmerke van die sisteem uit: (i) sistematiese koherensie, (ii) komplekse sisteme (bestaande uit sub sisteme) of dinamiese sisteme (veranderend oor tyd) en (iii) heterogeniteit. Ook De Geest (2003:204–206) merk op dat “models of culture” bepalend is vir die literêre sisteem deur die benaderings dat kultuur ’n geheue is wat oorleef en voortbestaan, ’n argief of ensiklopedie van ’n bepaalde literatuur, maar ook ’n komplekse netwerk van kommunikasie: “In this approach, the focus lies not so much on the maker or the receiver, but on the medium and on the specific appearance, which is aimed primarily at communication, but which may also serve many other functions at the same time” (De Geest 2003: 205). Literêre of kulturele identiteit soos bespreek deur Segers (1997:275) hou verband met drie faktore:

1. formele eienskappe (publikasiesyfers, verkoopsyfers, uitleenstatistiek van biblioteke, vertalings uit ander tale), en ook sosiale omstandighede (taalopleiding, literêre onderrig, mediablootstelling aan literatuur en sensuur);
2. produksie en resepsie van 'n nasionale literatuur en die resepsie van buitelandse literatuur wat 'n rol speel in die land of gemeenskap;
3. resepsie van ander lande of gemeenskappe (interpretasie, vertalings, kanonvorming, onderrig en reisliteratuur oor ander lande).

Só postuleer Schmidt (1991:413, oorspronklike kursivering) die werkinge van en in die literêre sisteem:

I take *literary activities* to be the basic components of a literary system. Literary activities are those activities that follow the basic conventional regulations (macro-conventions) of a literary system [...]. Literary activities focus on those types of phenomena (mostly texts) that people deem literary according to whatever aesthetic/poetic criteria and values they have acquired during their literary socialization. Literary activities are manifestations of *acting roles*, which, [...] have become professionalized and institutionalized, viz. the production, mediation, reception, and post-processing of literary texts.

Hierdie aktiwiteite is noodgedwonge ook aan mekaar verbind. “[T]he literary activities are *exclusively* related to each other as a result of the efficiency of certain macro-conventions. Thus, the literary system constitutes a *closed organization*” (Schmidt, 1991:414, oorspronklike kursivering). Schmidt (1991:417–418) meen verder dat die evaluering van tekste gebonde is aan die individu en die omstandighede en/of konteks: “[T]ext receivers evaluate the different cognitive, emotive, and moral reading results obtained at different levels of reception in terms of their needs, abilities, intentions, and motivations although the reason behind these evaluations may differ in function of the participants and situations.”

Sodoende kom die binêre opposisies ter sprake en kan die sogenaamde “elite”⁶ (teenoor die algemene gebruikers) se rol in die literêre sisteem uitgelig word wat afhanklik is van agente, hekwagters en rolspelers wat as instrumente binne die sisteem optree (Van Coller & Odendaal, 2005:4–5).

4.1 Die Afrikaanse literêre sisteem – skematiese voorstelling


Lefevere (1986:5, 6) verwys na die verdeling van die mag in twee groepe individue:

⁶ “Elites are theoretically modeled as individuals or (more or less organized) groups which cooperate or conflict with each other in relation to the systematically determined acting goals and possibilities. Elites are defined as those instances which play a decisive role in the social construction of reality, in defining specific situations, and in making relevant decisions. Elites introduce, stabilize, and change socially relevant ideas, convictions and orientations as well as those symbolic systems which present the accumulation of subjective and cultural capital [...] which in turn produces and preserves elites. Owing to their privileged action possibilities, actions and decisions, elites influence the opinions of a greater public, orient their activities, and thus change their life situation in a non-trivial way” Schmidt (1991:123).

“[T]hose who are responsible for the system as a whole and therefore have power over the system as a whole, and those who are responsible for the various subsystems, the ‘experts’ in various fields, whose power reaches only as far as their expertise [...] the literary system is a contrived system in that it consists not just of books, but also of the people who write, read and rewrite these books.”

Operasionele rolle wat onderskei word en as sub sisteme in ’n literêre sisteem teenwoordig is, word deur Schmidt (1996) soos volg onderskei: (i) literêre produksies, (ii) literêre distribusie, (iii) literêre resepsie en (iv) literêre verwerking (kyk ook Van Coller & Odendaal, 2005:5).

’n Vereenvoudigde skematiese voorstelling (gerig op die kommunikasiemodel) van die praktyke en rolspelers in die Afrikaanse literêre sisteem (ook vir die doeleindes van hierdie studie) kan soos volg aangebied word:




Figuur 5: Voorstelling van rolspelers in die Afrikaanse literêre sisteem

In Van der Waal (2006:35) se figuur word die literêre veld (na die model van Rees & Dorleijn, 1999) met die betrokke rolspelers en die verbande tussen die rolspelers skematies uitgebeeld (kyk figuur 6). Die verbande tussen die rolspelers is egter te kompleks om skematies uit te beeld omdat daar bykans tussen alle rolspelers in die sisteem verbande getrek kan word. In die model van Van der Waal is daar byvoorbeeld

geen verband tussen uitgewers en kunstefeeeste of literêre pryse en die boekhandel nie. Die sisteem is in 'n groot mate ook uitgelewer aan chronologiese prosesse wat nie in Van der Waal se model sigbaar is nie.

Beide skematiese voorstellings (fig. 5 en fig. 6) hou verband met die prosesse van publikasie, verspreiding, bemarking, waardetoevoeging en kanoniserings. Die model probeer doelbewus wegbreek van die kanoniseringsproses as 'n liniêre proses wat onafhanklik van kontekste, rolspelers en invloede funksioneer. Dit poog om die Afrikaanse literêre sisteem bloot te lê, en die sikliese aard daarvan uit te beeld. Ook dui dit die verskillende verbande tussen die rolspelers in die sisteem aan, en op die meervoudige aspekte wat tot die kanoniserings van 'n skrywer of teks bydra. Die model dui ook aan dat die prosesse homself herhaal, en sodoende waarskynlik die status van die skrywer, uitgewershuis en ander praktiese bevestig.



Figuur 6: Van der Waal (2006:35) se model van 'n literêre veld

Bourdieu (1993:42) gebruik die term “literary struggle” om die wisselwerking tussen verskillende magte en kragte in die literêre sisteem te beskryf:

[The] fundamental stake in literary struggles is the monopoly of literary legitimacy, i.e., *inter alia*, the monopoly of the power to say with authority who are authorized to call themselves writers; or, to put it another way, it is the monopoly of the power to consecrate producers or products (we are dealing with a world of belief and to win assent when he or she consecrates an author or a work – with a preface, a favourable review, a prize, etc.).

Die literêre sisteem is ’n oop sisteem wat nie onafhanklik van of onbeïnvloed deur ander sisteme staan nie, en wat met die direkte omgewing (en subsisteme) in interaksie is. Hoewel subsisteme ook bestaan,⁷ en alle sisteme nie soos hierbo uitgebeeld kan word, óf gevorm word, óf verloop nie, is daar ook ander buiteliterêre sisteme wat ’n invloed op die literêre sisteem uitoefen (Adendorff & Foster, 2007; Barsch, 1991:355; Cattrysse, 1997:54; De Geest, 2003:211; Schmidt, 1991:415). Galloway en Venter (2005:55) voer aan: “By placing book publishing (as an institution) within the social and material context (e.g., the broader political, economic, and technological systems of society) and in relation to other institutions with which it is closely linked (e.g., cultural, literary, library, educational, and media subsystems), the vast web of interrelationships can be traced”. Veranderlikes, kontekste en/of faktore wat ’n rol in die Afrikaanse literêre sisteem speel, word vervolgens bespreek want, verduidelik Barnard (2005:18), “’n [o]ndersoek na die boekbedryf vra om ’n perspektief waarin die ekonomiese, politieke, institusionele en tegnologiese faktore verreken word, want alle literatuur word noodwendig beïnvloed deur die wyse waarop hierdie kategorieë meespeel”.

4.2 Veranderlikes en/of faktore wat besluitneming in die Afrikaanse literêre sisteem beïnvloed

4.2.1 Kulturele faktore

“Almost everyone who contributed to the establishment and upliftment of Afrikaans literature was motivated by ideology rather than profit,” meen Ndiki (aangehaal in Machet, 2002:68). Of, soos Pretorius (1967:13) die ontstaan van die Afrikaanse boekbedryf beskryf: “Nog nooit in die geskiedenis het seker ’n letterkunde so bewustelik en georganiseerd ontstaan nie.” Die Suid-Afrikaanse drukbedryf het vir net meer as 5 000 blanke inwoners in die 1800’s begin. *Di Patriot* het teen 1877 ongeveer 3 000 intekenare gehad en ’n beroep is op lesers gedoen om in Afrikaans te skryf. In dieselfde tyd het die redaksie van *Ons Klyntji* hul ook sterk beywer vir die ontstaan van ’n Afrikaanse letterkunde (Rosenthal, 1970:275). S.J. du Toit (Superintendent van onderrig

⁷ Kyk afdeling 4 van hoofstuk 3 met betrekking tot Venter se model van die publikasiebedryf.

in die Zuid-Afrikaansche Republiek) was boonop skepties oor die hoeveelheid en kwaliteit van die Nederlandse boeke wat na Suid-Afrika gestuur is om in skoolbiblioteke opgeneem te word, en daar was ontevredenheid met die onderrigprogramme wat deur die Britse Workers Educational Association gebruik is. Dié is beskou as “foreign in spirit” tot die Suid-Afrikaanse situasie (Dick, 2006:38–39).

Die vroeëre Afrikaanse publikasiesyfers sien soos volg daar uit: Voor 1900 het daar nie minder nie as 92 Afrikaanse boeke verskyn as Bybelvertalings bygereken word. Die eerste sowat 50 jaar van die Afrikaanse boek is grootliks nasionalisties van aard. “Met die deurbraak van Afrikaans in die skole sedert 1914, met Langenhoven aan die spits, begin die kruistog vir die Afrikaanse boek in volle erns en word 5 052 nuwe titels tussen 1900 en 1943 gepubliseer” (Pretorius, 1967:12–15). Die syfers wat daarop volg, is: 1943–1948: 1 929 titels; 1949–1953: 2 663 titels; 1953–1958: 2 823 titels; 1965: 894, waarvan 640 nuwe Afrikaanse titels en 254 vertalings in Afrikaans is. Van die 274 literêre werke is 30 “krities letterkundig van aard”, dus is byna 50% van die totale produksie van Afrikaanse boeke in 1965 as literêr van aard beskou. In 1965 was daar reeds 215 firmas wat verantwoordelik was vir hierdie publikasies (Pretorius, 1967:12–15), ’n situasie wat bykans ondenkbaar is met betrekking tot die handjie vol uitgewershuse wat tans Afrikaanse boeke van literêre gehalte publiseer.

Die situasie het egter drasties verander. Huidig verloor Afrikaans vinnig veld in skole en aan universiteite weens nuwe leerplanne en vakvoorkeure, maar ook weens grootskaalse verengelsing en emigrasie, meen Van Zyl (2001:260–263). Skrywersorganisasies, literêre tydskrifte, letterkundige laboratoriums (vandag Skryfkuns as vakgebied aan universiteite) het vandag minder beheer oor die Afrikaanse literatuur, en daar is geen voor die hand liggende georganiseerde ontwikkeling van Afrikaanse letterkunde nie.

4.2.2 Politieke faktore

In 1994 kom die Nasionale Party se 46-jaar bewind in die eerste demokratiese verkiesing tot ’n einde. Afrikaans se lank bevoordeelde posisie kwyn met die nuwe taalbeleid van 11 amptelike nasionale tale en algehele taalgelykheid. Hierbenewens is daar ook die nuwe onderwysbeleid (uitkomsgebaseerde onderwys) wat die voorgeskrewe skoolboekmark weens swak regeringsbestuur, verminderde staatsbegrotings (Van Zyl, 2001:259) en ’n algehele persepsie dat boeke uitgefaseer gaan word (Land, 2003:93), in duie laat stort. Die gevolge hiervan word duidelik weerspieël in die ekonomiese toestande van die boekbedryf: “Namate Afrikaans sy amptelike funksies verloor, byvoorbeeld in onderwys- en arbeidsverband, krimp die lesersgetalle” (Barnard, 2005:21).

Voor 1994 het die Suid-Afrikaanse boekbedryf soos volg daar uitgesien:

The growth of fiction publishing in African languages was controlled and directed towards providing literature for the school market under the apartheid system of “Bantu Education”. Local fiction production in English was manipulated, on the one hand, by the repression of authors through bans, arrests and exiles and, on the other, the option to publish internationally. High hopes were pinned on the growth and vitality of all strands of fiction production at the dawn of the new political dispensation of the 1990s (Galloway, aangehaal in Galloway & Venter, 2005:56–57)

Die nagevolge van die nuwe politieke klimaat het egter nie dadelik ’n negatiewe uitwerking op die produksie en verkope van Afrikaanse boeke gehad nie: “The Afrikaans book-buying public became aware of the fact that the Afrikaans language and culture may be marginalized within the new political dispensation [...] which led to an increased book-buying (and accompanying production) pattern for Afrikaans fiction” (Galloway & Venter, 2005:58). Dié situasie het – ’n styging in verkope in marksegemente ten spyte – steeds reuse- ekonomiese insinkings in die boekbedryf tot gevolg gehad.

4.2.3 Ekonomiese faktore

Die ineenstorting van die skoolboekmark en die verminderde biblioteekaankope het veroorsaak dat dit vir uitgewers baie moeilik geword het om te oorleef (Van Zyl, 2001:260). “The upwards trend until 1995 forecast the end of a golden era for the Afrikaans book – an era in which media companies cross-subsidised the publication of fiction with the profit earned from prescribed schoolbooks as well as popular non-fiction books” (Galloway & Venter, 2006:56).

In 1998 kom die skoolboekmark – die hoeksteen van die Suid-Afrikaanse boekbedryf – tot ’n algehele stilstand, met ’n besnoeiing van 85% van die begroting vir skoolboek aankope en ’n astronomiese verlaging van R184,9 miljoen in boekaankope deur openbare biblioteke teen 2000 (Galloway & Venter, 2006:57).

In 1998 betaal Macmillan SA en Macmillan Boleswa 30 van sy 85 werknemers af, Kagiso 200 van sy 450 en Shuter & Shooter 40 van sy 130 (Van Zyl, 1998:10). Die desentralisering van boekaankope deur die regering veroorsaak groot ontsteltenis weens herhaalde patrone van langdurige tenderprosesse, swak dienslewering, min ervaring van maatskappye waaraan tenders toegeken word, lang wagtye vir betaling van die onderwysdepartemente, korrupsie (*Finansies & Tegniek*, 1999:13–14), asook laat kansellasies van groot hoeveelhede voorraad, geldtekort en besparingsmaatreëls deur die provinsiale onderwysdepartemente (Van Zyl, 1998:10). Boonop, skryf Sandra Land (2003:93), was “the shift to outcomes-based education (OBE) [...] widely interpreted to imply that textbooks were unnecessary”.

Vroeër was alle biblioteke verplig om 50% van hulle geld aan Afrikaanse boeke te spandeer (Barnard, 2005:87), maar tans is daar geen voordeel van die regering vir die

ontwikkeling van Afrikaanse skoolboeke, biblioteekaankope óf staatsinstellings nie. Uitgewershuisse soos Daan Retief en Benedic/Makro word genoodsaak om hulle deure te sluit weens die tekorte aan biblioteekaankope (Galloway & Venter, 2005:64).

Likwidasie van die CNA in 2003 het tot verdere verliese vir uitgewers gelei. “Hoewel die CNA onder nuwe eienaarskap weer tot winsgewendheid herstel is, het die onderneming nooit die verlore markaandeel ten volle herwin nie; ook nie sy posisie as die land se grootste boekhandelaar nie. [...] In ’n enkele jaar is R35 miljoen se aangekoopte boekvoorraad aan uitgewers teruggestuur. Die voorwaarde vir die aankoop van nuwe titels was dat ou voorraad eers deur uitgewers teruggekoop moes word” (Barnard, 2005:86).⁸

Uitgewershuisse is genoodsaak om dringende maatreëls aan te bring ten einde oorlewing te verseker. “Publishers had to adjust to economic independence from the comfort zone of a ‘prescription’ mode – in the long term, it may be a step in the direction of true sustainability of indigenous fiction publishing; but in the short term it led to downsizing of the publishing operations and reduced production” (Galloway & Venter, 2006:57). Naspers se individuele uitgewers (Human & Rousseau, Tafelberg, Kwela, Van Schaik) is in 2001 saamgegroepeer as aparte drukkersmerke van een uitgewershuis: NB-Uitgewers – ’n poging om hulpbronne te verdeel en van finansiële verliese te herstel (Barnard, 2005:88–89; Galloway & Venter, 2005:64).

Volgens Barnard (2005:15) is daar “in ontwikkelende lande [...] min geld beskikbaar vir luukse en produkte wat met ontspanning en vermaak verband hou. In die huidige Suid-Afrikaanse klimaat is boekproduksie verder ook afhanklik van, of beïnvloedbaar deur ’n hoë werkloosheidsyfer, beperkte toegang vir die breë publiek tot biblioteke en boekwinkels, lae opvoedingspeil en diversiteit in bevolkingsgroepe en amptelike tale”. Boeke word deur slegs 5% van die bevolking gekoop, en verteenwoordig 0,007% van die land se totale jaarlikse uitgawes (Grey, s.j.). Verder veroorsaak invoere van internasionale titels verliese vir plaaslike uitgewers, en is daar sterk kompetisie tussen plaaslike en ingevoerde boeke waar laasgenoemde bykans 73% van Suid-Afrikaanse boekverkope verteenwoordig (Barnard, 2005:27, 91).

4.2.4 Tegnologiese faktore

Die koms van die internet, *print on demand*-tegnologie, *desktop publishing* en die gebruiker se behoefte aan inligting wat vinniger en makliker beskikbaar is, het ook veranderinge in die boekbedryf teweeggebring. “Die internet skep die geleentheid vir gebruikers om, ongeag geografiese beperkinge, enige boek by enige handelaar te koop,

⁸ ’n Knellende finansiële situasie speel hom in 2008 af met die likwidasie van Fascination Books en sedert 2012 ontstaan gerugte dat Exclusive Books te koop is weens die lae winste wat dit genereer.

dus globalisering van die bedryf”, produkkeuses te vergroot deur alternatiewe verpakkings (e-boeke, klankboeke), “groter effektiwiteit (lees: kostebesparing) ten opsigte van produksie- en verspreidingsprosesse” te geniet, en tweedehandse boeke deur internethandelaars soos amazon.com aan te koop (Barnard, 2005:27–28). Die oogmerk is om plaaslike sowel as internasionale boeke te verkoop, maar ook om die “plaaslike uitgewersbedryf te ondersteun om [dit] van die internasionale mededinging te onderskei” (Vermaas aangehaal in *Finansies en Tegniek*, 1998:76). Media24 se alternatief is Suid-Afrika se eie amazon.com met kalahari.com.

Die aantal Afrikaanse selfpublikasies neem drasties toe (Kleyn, 2008a, 2009), maar het weinig invloed op die totale boekverkope, waarskynlik omdat, soos Van Zyl (2001:265) meen, boeke goedkoper word om te produseer, maar duurder om te bemark. Daarom betree selfpublikasies nie die kleinhandel op ’n skaal wat noemenswaardige gevolge vir die bedryf inhou nie.

4.2.5 Sosiologiese faktore

Sensurering wat veral sedert die 1960’s onder nuwe wetgewing voorgekom het, het ’n knellende invloed op Suid-Afrikaanse boekproduksie gehad (Van Zyl, 2001:260). Gevestigde uitgewers het groot somme geld verloor met die verbanning en vernietiging van drukoplae in die geheel en het huiwerig geword om te publiseer as daar ’n risiko vir sensurering was. Dit het egter tot gevolg gehad dat alternatiewe uitgewers ontstaan het wat die staat se wetgewing uitgedaag het.

During the apartheid era, the former alternative (anti-apartheid) publisher Taurus was willing to take risks with Afrikaans literary fiction about which mainstream publishers of the day were extremely cautious because of the threat of state censorship [...]. Another former alternative, Hond, can also be grouped under this category because of the anti-establishment in its publishing philosophy. Two other former alternative publishers, Domestica and Prog, focused on the democratization of the author profile by specializing in poetry by black Afrikaans authors (Galloway & Venter, 2005:66).

Al vier hierdie maatskappye moes weens die veranderende politieke klimaat, die opheffing van sensuurwetgewing en finansiële oorweginge hulle deure ná 1994 sluit. Pienaar (s.j.) verwys ook na “manipulasie van die stelsel deur letterkundiges indirek in diens van die staat”. Aanbevelings, komitees, keurders en hardnekkige apartheidsondersteuners was hieraan skuldig. Dokumentasie betreffende die sensuurraad is nou by die staatsargief ontsluit en kan nou besigtig word (Dick, 2006:45).

Barnard (2005:29–30) verwys in haar studie ook na kwessies soos vryetydsbesteding, toegang tot rekenaars en sigbaarheid van boeke in die media as sosiale faktore wat ’n invloed op die bedryf uitoefen.

4.2.6 Institusionele faktore

Die belangrikheid van 'n gesonde publikasiebedryf is “the integral part of the intellectual, cultural and educational system of a country. It is a key means of communicating a culture and key intellectual insights” (Machet, 2002:67). Verder verwys Machet ook na die pluspunte van 'n gevestigde leeskultuur soos dit met Afrikaans die geval is:

“[A]lthough Afrikaans no longer occupies a privileged position where it is supported by the government at the expense of other languages, Afrikaans literature has continued to be published, reviewed and bought. This indicates that once a literature and reading public for a language has become established it will sustain itself even without government support” (Machet 2002:76). Dit is 'n verskynsel wat nie algemeen onder Afrikatale is nie en plaaslike Engelse publikasies noustrop laat trek.

Die institusionele benadering hou grootliks verband met ekonomiese oorwegings, maar “the power of public opinion, as reflected in sales figures, should not be underestimated, since such factors may be ‘more powerful than the gatekeepers themselves’” (Hall aangehaal in Van der Westhuizen, 2004:146).

Afgesien van die werking van die groter literêre sisteem, afhanklik of onafhanklik van sekere ander faktore en kontekste soos hierbo bespreek, is daar ook praktiese implikasies wat beperkinge op die behoud van literêre waarde en die voortbestaan van literatuur plaas. “Practical limitations work in several ways, which can be mutually confirming [... C]ontingencies of manuscript transmission have shaped the medieval canon; paperback publication and anthologizing still limit the accessible canon for some social groups; warehousing costs put some great books out of print; and the bibliophilic canon influences in unexpected ways the literature available even to scholars” (Fowler, 1997:215).

5. GEVOLGTREKKING

Veral in die Afrikaanse literêre sisteem is daar probleme met 'n geslote literêre sisteem deur uitsluiting van genres, literêre verskynsels en individue, hiërargieë wat tot stand kom en waardeoordele wat gevaarligte laat flikker. In 1985 reeds het Senekal (1985:22) 'n saak uitgemaak vir 'n ander ingesteldheid om die behoud van die Afrikaanse boek te verseker:

Oopheid is 'n vereiste vir dinamiek en groei. Daar behoort sommer baie ruimte te wees om nuwe en ander dinge in die sisteem op te neem. Die wisselwerking tussen die verskillende subsisteme is van groot belang. As 'n mens nie jou kinderen jeugliteratuur versorg nie, en as jy nie jou didaktiese literatuur reg kies nie, is daar mōre, oormōre 'n groot persentasie wat nie belangstel nie, wat geen

Afrikaans lees nie of vir wie die Afrikaanse letterkunde irrelevant geword het [...] 'n Geslote sisteem stort in duie of word deur 'n ander vervang.

Om hierdie redes (en ook ander wat uit die studie sal blyk) moet 'n literêre sisteem dinamies wees – iets wat groei en gedy tot voordeel van almal (Brillenburg Wurth, 2006:353; Van der Westhuizen, 1999). Hierdie situasie is egter slegs moontlik as daar krities gekyk word na voorskrifte, persoonlike ideologie en manipulerings, asook alternatiewe wat behoud kan verseker (Senekal, 1985:22). Om die situasie in die geheel te begryp, moet daar krities na die Afrikaanse literêre sisteem sowel as die rolspelers in die sisteem en die huidige probleme gekyk word.

Daar word dus aandag gegee aan enkele kanoniseringsmeganismes: uitgewerspraktyke (hoofstuk 3); mediapraktyke en resensies (hoofstuk 4); literêre pryse (hoofstuk 5); vertaling (hoofstuk 6); bloemlesings (hoofstuk 7) en literatuurgeskiedenis (hoofstuk 8). In hoofstuk 9 word daar aandag gegee aan kleiner rolspelers in die literêre sisteem, byvoorbeeld skryfskole, verwerking (film en uitvoerende kunste), sensuurwetgewing en leeskringe. In hoofstuk 9, afdeling 7 word kortliks gekyk na subsidies, biblioteke, literêre en versettdskrifte, skrywersverenigings en literêre toerisme, ten einde die rolspelers en instansies so volledig moontlik binne die afgebakende tydvak te karteer.

HOOFSTUK 3

Uitgewerspraktyke en die boekhandel

Dis soos in die ou dae. Party van ons kry ons boeke in hardeband, en ander in sagteband.

Joan Hambidge by die vergadering tussen NB-Uitgewers en NB-skrywers op 6 Maart 2002, Sentrum vir die Boek in Kaapstad

Die skrywer verkies stil bekendstellingsgeleenthede – byeenkomste wat eintlik maar 'n gebaar is teenoor die boekwinkelpersoneel wat hulle afsloof om die vrugte van sy gees te verkoop. Ook 'n gebaar na die personeel van sy uitgewershuis: harde werkers buite die openbare oog, sout van die aarde. Nou moet die kollig val en die skrywer verduur die ritueel (alhoewel hy so gou hy kan na sy kamers vlug). Hy sê 'n paar woorde en gaan sit by 'n tafel om die boeke te teken wat hom aangebied word.

Etienne van Heerden, *Asbesmiddag* (2007:142)

1. INLEIDING

'n Literêre werk wat nie op die een of ander wyse in die openbare domein gepubliseer is nie, kan nie 'n gekanoniseerde teks wees nie omdat die belangrikheid daarvan nooit ter sprake sal kom nie. "Gedichten in een literair tijdschrift, kort verhaal, verhalenbundel in boekvorm als debuut, eerste king size roman, ziedaar het patroon in de beginfase van menige recente auteursloopbaan," meen De Glas (1992:293). Daarom is uitgewershuise – vir die doel van hierdie studie – die eerste rat in die masjien, of rolspeler in die sisteem wat tot die kanoniseringsproses bydra en ondersoek verdien.

In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan die uitgewershuis as rolspeler in die groter literêre sisteem sowel as aan rolspelers *in* die subsisteem van die uitgewersbedryf. Hierdie subsistemiese rolspelers se funksies en betrokkenheid by kanoniseringspraktyke word ondersoek deur aandag te skenk aan onder meer (i) besluitneming om 'n teks vir publikasie te aanvaar (uitgewers, redakteurs en keurders); (ii) die ontwikkeling, taalversorging, afwerking en teksaanbieding van die finale produk (manuskriptontwikkelaars, taalversorgers en spookskrywers); (iii) boekontwerp en aanbieding van die produk; (iv) bemerkingstrategieë; (v) verkope in die handel; en (vi) bemiddeling vir publikasie deur literêre agente.

2. DIE KWESSIE VAN PUBLIKASIE

Sedert die ontwikkeling van breëbandinternettoegang in Suid-Afrika sou die verwagting wees dat dit verandering in publikasiepraktyke én waardeoordeel van literêre werke sou meebring. 'n Groter aantal selfpublikasies en publikasiegeleenthede op webblaaie het wel 'n toename getoon, maar dit het nie noodwendig verhoogde skrywersreputasie of kanoniseringswaarde tot gevolg gehad nie.

Publikasie hoef nie meer in die gewone sin van die woord in boekformaat te geskied nie; tydskrifpublikasie, selfpublikasie en die internet dien ook nou as publikasieplatforms. Die uitgewershuis Tafelberg doen in 2006 'n beroep op rand- en kleiner uitgewers en selfgepubliseerde outeurs om hulle werke vir oorweging van die nuwe uitgawe van *Groot Verseboek* voor te lê. Brink neem dan ook in sy heruitgawes van *Groot Verseboek* (2000, 2008) gedigte op uit selfpublikasies en/of randuitgewers, versetuitgewers, debuutwerk uit onder meer *Stiebeuel*, die *Nuwe stemme*-reeks en enkele bloemesings waarvan sommige digters self nog nie eers 'n eie bundel gepubliseer het nie.⁹ Dié situasie is dan ook in teenstelling met die heersende

⁹ Gedigte van Zandra Bezuidenhout, Vernon Februarie, Valda Jansen, Patrick Petersen, Dan Roodt, Anette Snyman, Stefaan Steyn, Marius Titus en Erika van der Walt.

persepsies dat selfpublikasies aan laer (of geen) standarde onderwerp word nie, en nie maklik aanspraak kan maak op status in die boekbedryf nie (Adendorff, 2003, 2006; Hambidge aangehaal in Kleyn, 2009). Dit is egter nie bloot die persepsie van uitgewers, akademici en literêre kritici nie, meen De Wet (2005): “Afrikaanse skrywers en Afrikaanse lesers is nie vry te spreke van die stigmatiserende persepsie dat ‘klein uitgewerye’ ‘minder’ is nie.”

Die oordad internetwerk kom egter nêrens ter sprake nie. Tydskrifpublikasies en werke wat “slegs elektronies” gepubliseer is, dra eenvoudig nie dieselfde gewig of status as gepubliseerde werk nie en is byvoorbeeld nie vir opname in *Groot Verseboek* oorweeg nie (kyk in dié verband na die persverklaring van Tafelberg, 2006). Dit wil dus voorkom asof daar tog ’n vereiste is dat die werke op die een of ander wyse op “papier”, gedruk, in boekformaat moet verskyn, dus gepubliseer moet wees, ten einde oorweeg te word. “Uitgewers, resensente en kenners meen dat hekwagters en ’n volledige publikasieproses die goue sleutel is om ’n boek van uitstaande gehalte te kan laat getuig. Sonder hierdie struktuur is daar geen ‘ware’ boekpublikasie nie [...] Elkeen van die stappe is belangrik om ’n bemerkbare eindproduk in ’n streng mededingende omgewing te verseker” (Kleyn, 2009). Iewers in die proses moet daar dus ’n hekwagter wees wat die nodige gehaltekontrole uitoefen.

3. HEKWAGTERS

Kanonisering behels besluite wat deur sogenaamde rolspelers of hekwagters geneem word, of soos Snyman (2007:4) dit stel, deur diegene met “magsposisies” in die literêre wêreld. Bourdieu (1993:42) maak gebruik van die term “literary struggle” om die wisselwerking tussen verskillende magte en kragte in die literêre sisteem te beskryf. Hierdie hekwagters of agente staan tussen die outeur en die leser. Dick (2006:43) lys diegene as “publishers, editors, literary critics, professional interest groups such as librarians and teachers, groups with commercial or ideological interests, and so forth”.

In die Suid-Afrikaanse konteks is al die bogenoemde instansies belangrike rolspelers, maar dit is veral by die sensuurwetgewing in die apartheidsjare en biblioteek- en regeringsgesubsidieerde aankope voor 1994, waar hekwagters die boekbedryf (en by implikasie die literatuur) onherroeplik verander het. Hekwagters vervul die rol van tussengangers en fasiliteerders vir leesaksies: “The regulation of reading can therefore involve facilitating the reading of certain books, and restricting the reading of others. It touches on matters of recommending even to the point of proscribing or censoring [...] the other” (Dick, 2006:43).

Bourdieu gebruik in sy *Field of Cultural Production* (1993:76–77) die term

“agent” om te wys watter instansie vir die waarde van die bepaalde werk verantwoordelik is. Is dit die skilder of die kunshandelaar; die dramaturg of die teaterbestuurder; die outeur of die uitgewershuis? Dié agent is verantwoordelik vir die ontdekking en blootstelling van die werk, en as dit nie daarvoor was nie, sou dit nooit ’n literêre produk geword het nie. “He [the agent] is the person who can proclaim the value of the author he defends (cf. the fiction of the catalogue or blurb) and above all ‘invest his prestige’ in the author’s cause, acting as a ‘symbolic banker’ who offers as security all the symbolic capital he has accumulated (which he is liable to forfeit if he backs a ‘loser’)” (Bourdieu 1993:77). Leopold Wagner (aangehaal in McDonald, 1997:111) adviseer reeds in 1898: “A book may derive prestige from the imprint of one publisher, and be quite discredited by the imprint of another house in the same street.”


Hierdie agente se kulturele posisie word nie net bepaal deur ’n funksie wat in die sisteem vervul word nie, maar ook deur die status wat die agent in die hiërargie van die literêre proses beklee. “Daar heers onbetwisbaar ’n siening van: as jy *goed* is, publiseer (sê maar) Tafelberg of Human & Rousseau jou. As jy vroeër by Taurus of Hond uitgegee het [...] oorweeg jy deesdae Kwela. En eers as jou manuskrip daar (d.w.s. by al die NB-uitgewerye) die deur gewys word, sal jy na “klein” uitgewerye gaan. ’n Soort laaste desperate uitweg” (De Wet, 2005, oorspronklike kursivering). Dit is egter nie net waar vir uitgewers nie. McDonald (1997:111) voer aan: “What is true for publishers is true for writers, printers, distributors, reviewers, and readers as well. Each has a changeable and, indeed, often precarious status relative to his or her immediate competitors and to the field of production as a whole”.

Min navorsing met betrekking tot uitgewers en boekgeskiedenis – veral wat die Afrikaanse sisteem betref – is onderneem. Een kategorisering van uitgewershuse is deur Galloway en Venter (2005:62, 64) gedoen. Hulle onderskei ses kategorieë waarin Afrikaanse uitgewers en boekprodusente gegroepeer kan word:

- uitgewers en drukkersmerke binne mediamaatkappye (byvoorbeeld Naspers en die voormalige Perskor);
- onafhanklike uitgewers met produksiefokus op populêre fiksie (bv. die voormalige J.P. van der Walt-, nou Lapa-uitgewers);
- onafhanklike uitgewers met produksiefokus op literêre werke (bv. Protea Boekhuis, Praag, Litera en Hemel & See Boeke);
- die voormalige alternatiewe uitgewers (bv. Taurus en Hond)
- eenman-, niewinsgedrewe uitgewers (bv. Ateljee);
- selfpublikasies.

In Venter se model (Venter, 2006:496) word hierdie uitgewerskategorieë en individuele rolspelers vir die tydperk 1990–2005 in diagramformaat aangedui en opgesom:


Uitgeweryprofiel: Afrikaanse romantiese fiksie oor die periode 1990–2005



Figuur 7: Die rolspelers in die publikasieproses (1990–2005) (Venter, 2006:496)

Dié kategorieë is egter in 'n groot mate bloot algemene produksie-indelings. As daar gekyk word na die kategorisering wat deur die Publishing Association of South Africa (PASA) gebruik word, vervaag dié afbakenings van Galloway en Venter en kom daar meervoudige moontlikhede vir kategorisering na vore. PASA se kategorisering word streng bereken volgens die omset van die uitgewershuis en reflekteer die markaandeel van die uitgewer eerder as die soorte publikasies op die fondslyste. Bykans geen uitgewershuis spesialiseer uitsluitlik in die een of ander kategorie nie. Hernude druk om winsgewend te wees, vereis van uitgewershuis om voortdurend aan te pas en uit te brei ten einde kompetend te kan wees, markaandeel te vergroot en in die bedryf te kan oorleef. Sedert Venter se studies, is daar ook 'n aantal nuwe rolspelers wat tot die sisteem toegetreë het (o.m. Fantasi, Griffel en Naledi); Afrikaanse uitgewers het ook die Engelse boekemark betree (o.m. Lapa-uitgewers, NB en Protea Boekhuis); Engelse uitgewershuis het ook in Afrikaans begin publiseer (o.m. Penguin en Umuzi); en uitgewers soos Hartbees en Tiara het van die toneel verdwyn. Dit is daarom belangrik om Galloway en Venter se indeling, en Venter se aanbieding van rolspelers in die groter literêre en publikasiesisteme krities te beoordeel. Uitgewers met uitgebreide fondslyste kan maklik foutiewelik deur literatore beskou word as magtige rolspelers sonder om noemenswaardige markaandeel te besit. Kleiner uitgewershuis kan egter 'n spesifieke marksegment met verkope domineer ongeag die omvang van die fondslis waarvoor hulle beskik.

4. PUBLIKASIEPROSES EN -ROLSPELERS




Figuur 8: Publikasieproses (Van Rooyen, 2005:202)

Ten einde die rolspelers wat aktief in die uitgewersbedryf meewerk te identifiseer, kan daar gebruik gemaak word van Van Rooyen (2005) en Fourie se publikasieprosesmodelle en Venter (2008) se uitgesisteemmodel.

Basil van Rooyen (2005:202) bied in sy navorsing oor die Suid-Afrikaanse


uitgewersbedryf 'n diagram (fig. 8) aan van die werksvloei en tipe individuele betrokkenheid deur partye by die proses om 'n manuskrip in 'n bemerkbare produk om te skakel en te vervaardig. Hierdie liniêre model bevat slegs die proses vir produkvervaardiging vanaf manuskrip tot aflewering in die pakhuis en sluit die bemaking, kleinhandel en verkope uit. Om die produksieproses, die verloop en rolspelers in 'n volledige konteks te beoordeel, kan daar gebruik gemaak word van Venter (2008:14) se "Origination process"-model wat deel vorm van die "Publishing system"-model om verdere rolspelers tot die proses toe te voeg (kyk fig. 9).



Figuur 9: Generiese model van die uitgesisteesem (Venter, 2008:14)

Venter dui dan ook aan dat daar meermale ook ander subsisteme is wat die publikasieproses beïnvloed, en dat die sisteme ook die publikasieproses kan beïnvloed. Andries Oliphant (2000:107–108) verduidelik waarom dit 'n ongesonde situasie is om die uitgewersbedryf deur 'n literêre bril te beoordeel: "Writing about the publishing industry from a literary point of view demands attentiveness to matters other than the purely literary. It calls for a perspective which links literature to economic, political, institutional and technological factors involved in publication" (kyk ook hoofstuk 8 m.b.t. boekgeskiedenis).

Die publikasieproses is nie liniêr van aard soos dit gewoonlik uitgebeeld word nie (kyk o.m. Van Rooyen, 2005:202), maar eerder sirkulêr soos die skema van Venter (in Galloway & Venter, 2005:56; Venter, 2008:14; kyk figuur 9) omdat rolspelers “buite” die normale proses (bv. die lesende publiek) in ag geneem word. In elk van die stappe en prosesse is daar besluitnemers wat die produk ontwerp en ontwikkel tot die eindproduk wat op die rakke van die boekhandelaars staan. Elke stap van die publikasieproses voeg waarde toe tot die produk om sodoende die waarde van die eindproduk te verhoog. Die individuele prosesse, rolspelers, faktore en produkte oefen ook invloed op mekaar uit, wat (vir die doeleindes van hierdie studie) onder meer die status van rolspelers kan verhoog of verlaag ten einde ’n skrywer gekanoniseerde status te besorg, soos Fourie (2009:64) in sy skematiese voorstel van die publikasieproses aanvoer:



Figuur 10: Publikasieproses (Fourie, 2009:64)

Enige publikasie word egter in die meeste gevalle aan hierdie rolspelers en prosesse uitgelewer. Dit sou ’n foutiewe aanname wees dat produkte wat stap vir stap deur die volledige publikasieproses gevorder het noodwendig kanonisering tot gevolg het.

Rolspelers in die uitgewersbedryf sien soos volg daar uit:

4.1. Uitgewershuisse

“In de geschiedenis van de literatuurbeskouing in brede zin werd traditioneel weinig gesproken over de bijdragen van de uitgeverij aan het geheel van de literaire produktie

en aan de meningvorming rond literatuur,” meen De Glas (1992:289) in sy artikel oor die invloed van uitgewerye op die literêre kanon. In enkele gevalle verwys hy na essays, biografieë en outobiografieë wat deur uitgewers gepubliseer is, en sodoende lig werp op die rolspelers en besluitnemers in die uitgeeprosesse.¹⁰ De Glas (1992) onderskei vyf take (“bemoeienisse”) wat ’n uitgewer met die teks het, en wat tot die kanonisering van ’n outeur of outeursoeuvre kan bydra: (i) seleksie van titels (uitgewers en bemaking); (ii) teksversorging (redigering); (iii) kulturele bruidskat van die uitgewershuis (uitgewers); (iv) optimale eksploitasie van outeurs (oeuvre); en (v) invloed op resepsie (bemaking).

Die rol van die uitgewershuis is in die eenvoudigste omskrywing die vervaardiging van boeke as bemerkbare produkte. “[S]omeone has to ensure that the right information [boek of literêre produk] reaches the right consumer, at the right time, in the right format, and at the right price” (Greyling, 2003:83). Machet (2002:67) verduidelik egter dat die uitgewer se rol ’n magspel behels: “The publisher is a ‘gate keeper’ of knowledge, since through selection and choice of what they will publish they control which books will be made available.” Die uitgewer maak dus ’n keuse *vir* een titel *teen* ’n ander. Die uitgewer besluit wie in boekvorm mag debuteer en wie nie, dus, wie die mark sal bereik en wie nie, en wie sal kan voortgaan om ’n oeuvre op te bou (De Glas, 1992:293). Vir De Glas is die oeuvre van ’n skrywer die deurslaggewende faktor wat aanleiding gee tot kanonisering. In veral die Nederlandse literatuurgeskiedenis en studies oor kanonisering is dit duidelik dat skrywers wat meer as een publikasie agter hulle naam kan skryf (met enkele uitsonderings) die enigste skrywers is wat in die Nederlandse kanon opgeneem word.

In die Suid-Afrikaanse konteks is die uitgewerskeuses menigmaal al “gekorregeer” deur verandering wat in die publikasie- en literêre sisteem plaasgevind het. Nuwe uitgewershuisse ontstaan na gelang van behoeftes na bepaalde produkte (bv. Protea Boekhuis, Umuzi, Hemel & See Boeke, Genugtig!/Jo-ho); uitgewers pas hulle profiele aan om nismarkte te ontgin (Lapa-uitgewers se meer literêre publikasies en niefiksie); maar ook spesifieke produkte ontstaan en publikasietendense ontwikkel. In 2000 byvoorbeeld word 20 digbundels vir die Ingrid Jonkerprys en in 2001 ses bundels voorgelê – nie een uit die stal van ’n gevestigde uitgewershuis nie. In 2003 word 20 inskrywings uitgedun tot ’n kortlys van vyf en weer is nie een daarvan op die lys van gevestigde uitgewershuisse nie. Twee keer word ’n prestige-prys toegeken aan ’n werk wat nie deur gevestigde uitgewers gepubliseer is en dus nie die normale publikasieproses deurgegaan het nie.¹¹

¹⁰ Min besonderhede is oor die binnewerkinge van die Afrikaanse uitgewersbedryf beskikbaar. Tekste wat wel verskyn het, waarin uitgewers openhartig oor hulle ervarings en die bedryf praat, is *Boekewêreld: Die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990* onder redakteurskap van W.D. Beukes (Nasionale Boekhandel, 1992); Koos Human se *’n Lewe met boeke* (2006, Human & Rousseau) en enkele vroeëre onderhoude (met Koos Human, Nicol Stassen van Protea Boekhuis en Hannes Van Zyl van Naspers).

¹¹ Die Ingrid Jonkerprys word aan Zandra Bezuidenhout (Suider Kollege Uitgewers) vir haar *Dansmusieke* (2000) toegeken en die Eugène Maraisprys aan Marlize Hobbs (Genugtig!) vir *Flarde* (2005).

In die publikasieproses is daar volgens Venter (2008) se model bloot twee moontlikhede vir die ontginning van manuskripte deur 'n gevestigde uitgewershuis: (i) 'n skrywer nader 'n uitgewer met 'n produk; of (ii) 'n werwingsredakteur laat 'n teks vir 'n spesifieke nismark ontwikkel. In laasgenoemde geval gaan dit om

collaboration between the writer and a commissioning editor employed by the publishing house who effectively manages the process, and may often play a role in the development of the content of the work by ensuring the book responds to the market needs and trends. In many cases the publisher acts as the originator of the work and will commission a book to address a particular gap in the market, or a particular brief (Davies, aangehaal in Greyling, 2003:87).

As daar gekyk word na De Glas (1992) se uitspraak oor oeuvre-ontwikkeling as deel van die uitgewershuis se volhoubaarheid, kan 'n derde moontlikheid vir die ontginning van manuskripte aangebied word: 'n uitgewershuis nader 'n skrywer vir volhoubare nuwe produkte en bykans jaarliks of tweejaarliks word daar een teks van die bepaalde outeur gepubliseer. Dus 'n resepmatige en volhoubare moontlikheid om manuskripte in te win. Volgens De Glas (1992:293) is die motivering van die uitgewershuis: “[W]ij geven geen boeken uit, maar auteurs” – dus is dit die uitgewer se verantwoordelikheid om ook volhoubaar te publiseer deur literêre oeuvres tot stand te bring.

Die kriteria wat hierdie oevrevorming bepaal, is volgens De Glas (1992:294) kwaliteitskriteria, veranderinge of verskuiwings in publikasietendense en fondslsredakteurs (besluitnemers). Uitgewershuis se voorafbepaalde publikasieprofiel, wat omskryf kan word as “shape and size”, eienaarskap, redaksionele beleide, 'n verskeidenheid publikasiekategorieë en produksiestatus wat verband hou met groei, volhoubaarheid, aantal titels wat gepubliseer word, ensovoort (Galloway & Venter, 2005:52). Hierdie profiel sowel as die uitgewer se ideologiese uitgangspunte, publikasiebeleide en kwotastelsel sal 'n rol speel in die besluitneming of 'n manuskrip vir publikasie oorweeg sal word, al dan nie. Die profiel van die uitgewershuis hou verband met die herkenbaarheid van die titels deur kontinuïteit in produkte (dus oeuvres, genres, tematiek, ens.). Stassen (2007) van Protea Boekhuis verduidelik dat skrywers wat gereeld van uitgewer verwissel sy/haar bemarkbaarheid kortwiek. Elke nuwe titel van 'n spesifieke skrywer skep die geleentheid om weer vorige publikasies van hierdie skrywer te bemark, en maak die oeuvre van die skrywer meer aantreklik weens die verhoogde bemarkbaarheid. Skrywers wie se werke verspreid lê by uitgewershuis veroorsaak dat skrywers asof van nuuts af deur die uitgewer bemark word.

Die skrywer besluit op 'n uitgewer waaraan hy sy produk wil toevertrou op grond van sy voorafkennis van die uitgewer se publikasielys (katalogus), status, sukses, bekendheid, bemarkingstrukture, ensovoort. Die uitgewer se “kulturele bruidskat” (De Glas,

1992:296) verwys na die uitgewersprestige en kulturele status wat aan debutante publikasiestatus gee by resensente en literêre kritici. Die gevestigde skrywer se status word bepaal deur sy of haar voorafgaande sukses in terme van skrywersreputasie, prysbekronings, bekendheid, gewildheid, bemarkbaarheid en verkoopsyfers. Die uitgewer se status word deels bepaal deur die uitgewershuis se reputasie en etiek, skrywers (en bekronings) en personeel in diens.

In Bourdieu (1993:78) se woorde is die uitgewer se outoriteit niks meer nie as 'n kredietwaardigheid “which only exists in the relationship with the field of production as a whole”. 'n Uitgewer *is* sy katalogus, *is* die skrywers wat tot sy stal behoort: “This ‘authority’ is nothing other than ‘credit’ with a set of agents who constitute ‘connections’ whose value is proportionate to the credit they themselves demand. It is also too obvious that critics also collaborate with the art trader [uitgewer] in the effort of consecration which makes the reputation and, at least in the long term, the monetary value of works.”

Die uitgewer staan in verhouding tot ander uitgewers wat sy skrywers begeer of kritiseer, die wat wens om hulle oor te neem; die kritici wat in sy oordeel en besluite glo of nie, en met of sonder respek oor sy produkte praat en die gebruikers of lesers wat sy handelsmerk respekteer en hulle vertrou in sy produk plaas. “What makes reputations [...] is the field of production, understood as the system of objective relations between these agents or institutions and as the sites of the struggles of the monopoly of the power to consecrate, in which the value of works of art [books] and belief in that value are continuously generated,” verduidelik Bourdieu (1993:78).

Volgens Bourdieu (1993:98) kan die meeste uitgewershuisse gekategoriseer word volgens hulle beleggings in riskante langtermynprojekte soos klassieke werke wat stadig oor 'n langer tydperk verkoop – in die Afrikaanse konteks is digbundels 'n goeie voorbeeld – ook veilige korttermynbeleggings soos topverkopers, en die persentasie van die uitgewershuis se produkte wat onder elk van hierdie kategorieë val. Die uitgewer se besluite is onlosmaaklik deel van veranderlikes wat die proses beïnvloed. In veral die Afrikaanse konteks is die boekbedryf nie los te maak van Afrikaner-ideologie, 'n bedenklieke politieke verlede en ernstige ekonomiese terugslae nie. Daar is ook die probleme met 'n te beknopte literêre bedryf soos Pearce (1996:93) dit beskryf in sy “Estetiek en die boekbedryf”: “Die Suid-Afrikaanse toestand lyk nie goed nie. Ons ken die Suid-Afrikaanse opset al te goed van ‘brood vir my broer’, ‘sindikate’ wat die vriende se werke keur, publiseer en voorskryf aan skole en dan nog resensies vir mekaar ook skryf” (kyk ook Kleyn, 2008b).

Buiten die uitgewershuis as instelling of maatskappy, is daar ook verskeie rolspelers en individue (inhuis sowel as vryskutwerkers) wat belangrike funksies in die publikasieproses verrig.

4.2 Redakteur(sfunksies)

Dan Franklin (1996:133) onderskei twee groepe wat onder die Engelse term “*editor*” omskryf word.

In [...] publishing some editors edit, some never edit and some edit sometimes. The first category are [sic] known as ‘desk editors’ or ‘copy editors’. Their role is to work on an author’s manuscript. They are poorly paid, underrated by senior management, and usually grossly undervalued. The second two categories are known as commissioning editors (or indeed as executive editors, editors-in-chief, senior editors, publishers, chief editors or any combination of these terms). They are well paid by publishing standards, underrated by senior management and usually grossly overvalued by the world in general. The commissioning editor gets his name in the paper; the desk editor does not. His [...] gratification comes in the author’s acknowledgement at the front of the book, if he is lucky.

In Afrikaans word met “redakteurs” (of “uitgewers” soos hulle ook bekend staan – nie te verwar met uitgewershuise nie) bedoel individue wat as kernbesluitnemers by die aanvaarding van ’n manuskrip vir publikasie optree, sowel as besluitnemers gedurende die produksieprosesse. Barnard (2005:89) verduidelik die kwessie rondom NB-Uitgewers: “[NB-Uitgewers het] wegbeweeg van ’n streng hiërargiese struktuur na ’n netwerk waarin individuele uitgewers – voorheen redakteurs – in eie reg publikasiebesluite kan neem met ’n begrip vir die finansiële risiko’s en bemarkingsuitdagings. Redakteurs is dus opgelei om uitgewers te word.”

Met verwysing na Franklin se definisies vir *copy editor* of *desk editor* word daar verwys na “redigeerder” of “taalversorger”. Hierdie rolspelers se funksies en plasing in die uitgewersproses word afsonderlik bespreek.¹² Omdat die redakteur se verantwoordelikheid ook gepaardgaan met die versorging van die manuskrip, word daar ook aandag gegee aan die rol van die taalversorger.

4.2.1 Uitvoerende redakteurs/uitgewers

Die rol van ’n redakteur is in sekere maatskappye (bykomend tot sy/haar take) ook dié van uitgewer in eie reg. Hannes van Zyl (2001:264) wys op die veranderinge in NB se bestuurstruktuur met betrekking tot veranderinge in die bestuurstyl: “Die model van ’n enkele uitgewersbaas omring van redakteurs, word vervang deur een waar redakteurs nou uitgewers in eie reg is, en selfstandig ’n eie publikasielys saamstel. Dit is ’n verskuiwing van mag wat op die lange duur onomkeerbaar is.” Hierdie rol is dan ook een wat gelaai is met mag- en hekwagtersverantwoordelikhede, aangesien die redakteur die verantwoordelikheid van evalueerder, besluitnemer, ontwikkelaar en mediator dra: “In publishing [...] responsibility falls to the prime decision-maker, the editor [...] The person

¹² Vir verdere onderskeid en beskrywings en vertalings van die verskillende variante van die term, kyk Kotzé en Verhoef (2001), en Kotzé (1997).

responsible for evaluating typescripts, proposals, projects; for creating ideas for new books and developing them; for contracting authors; for seeing books through the publishing process” (Davies aangehaal in Greyling, 2003:84). Of, soos Van Rooyen (aangehaal in Greyling, 2003:84) die situasie beskryf: “It is the editor who – through the publishing process – ‘minds’ the book. A good editor will direct an author in his/her writing, warn against pitfalls in the road ahead, help the author to meet deadlines, and generally offer encouragement in what is after all a very lonely job.”

Die redakteur is egter nie alleenbesluitnemer nie. Die uitgewershuis se ideologieë, publikasielyst en so meer speel ook ’n rol in die tipe besluite wat ’n redakteur kan neem. “The fact is that very few editors can choose what they want to publish in isolation from other factors; they have to work within the context of a publishing program or a ‘list’” (Greyling, 2003:87). Van die meer rampspoedige hekwagtersbesluite in die Afrikaanse boekbedryf is die afkeur van *Kook en Geniet* (afgekeur vir publikasie weens ’n beleid van net een kookboek per jaar); *Heilige Beeste* van Opperman (afgekeur weens papiertekorte) en *Sewe dae by die Silbersteins* van Etienne Leroux (afgekeur weens ’n vol publikasielyst) (Parker, 2002:50–52).

In ’n meedingende mark het selfpublikasies ’n al aantrekliker en toegankliker moontlikheid geword (kyk Kleyn, 2009), en verander die rol van die uitgewer en die redakteur ook – in meer of mindere mate – as alternatiewe publikasiemoontlikede ontstaan. “Om goeie skrywers te behou, sal uitgewers hulle moet toespits op dié funksies waar hulle vir die skrywer van die grootste waarde kan wees: ’n [...] belangrike rol is redaksionele versorging, waar juis die volle menslike register van oordeel en empatie belangrik bly. ’n Uitgeweke skrywer, wat lank nie meer in Afrikaans skryf nie, sê byvoorbeeld: ‘Ek mis nie Afrikaans nie; ek mis nie meer gewese vriende nie ... Ek mis Charles Fryer!’” (Van Zyl, 2001:264).

Weens die tekort aan uitgewers- en boekgeskiedenis is daar betreklik min inligting beskikbaar oor die rol van die redakteur. Charles Fryer (1997:30) meen egter dié taak is een van jongleur, chirurg en koppelaar – ook die titel van hierdie bekende stuk waaruit daar breedvoerig aangehaal word:

As boekeredakteur oor baie jare het ek so gewoon geraak daaraan om agter die skerms te werk en uit die skrywer se kollig terug te staan, dat ek begin glo het ek is onsigbaar vir die wat van hoog bo op die “gods” afkyk. Dat u my vandag met hierdie prys vereer, dui daarop dat ek my misgis het. U is tog bewus van die sorgsame skimme wat op die agtergrond bly terwyl die skrywer vorentoe tree vir applous. U wéét dat ’n boek nie net met lym gebind word nie, maar ook met die sout en sweet van redakteurs.

Die boekeredakteur is feitlik daagliks in ’n soort oorlewingstryd gewikkel. Gevang tussen meedoënlose sperdatums en ’n verbondenheid tot gehalte, tussen prioriteite wat die mark stel en die eise van ongedurige skrywers, staan jy dikwels uitgelewer aan onbegrip en kritiek.

Maar krisisse bring inspuittings van adrenalien en 'n soort "high" waarsonder die lewe onvoorstelbaar saai sou wees. Waar kry jy nóg die geleentheid om so 'n verskeidenheid van beroepe saam te trek in een?

Ten eerste is jy 'n jongleur wat baie dinge gelyktydig in die lug moet hou. Met die een hand moet jy persklaar maak of proeflees, met die ander hand nuwe manuskripte ontvang of reeds gekeurdes met wenke terugstuur. Met die linkervoet skryf jy klaptekste of voorpublikasie-inligting, dalk nog 'n huldigingsartikel of 'n grafskrif vir 'n skrywer; met die regtervoet probeer jy die waansinnige aanwas van administrasie-papier op jou lessenaar teëhou. Vir die alewige telefoon is daar nie 'n orige ledemaat nie, daarom knyp jy dit maar tussen wang en skouer vas, en gaan die aand met 'n stywe nek slaap.

Ten tweede is die boekeredakteur 'n kosmetiese chirurg. Foute word weggesny en reggesny, en as jy jou storie ken, sal Koornhof se ore mooi plat lê en die mense sal sê: watter mooie boek.

Verder moet jy 'n koppelaar wees wat skrywer en idee in hartstog kan verenig; beroepsvryer wat ander "callers" kan koudsit met die opsit; 'n sielkundige wat skrywers uit die dieptes van depressie kan lei sonder om jouself in jou kantoor te wil ophang; en jy moet 'n koorddanser wees wat op die dun draad tussen vulkaniese skrywers-ego's gat oor kop kan slaan sonder om jou gat te sien.

Daar is nóg verskuilde beroepe, maar laat ons hiermee volstaan. En byvoeg: jy moet 'n aartsoptimis wees. Selfs die aanskoue van pakkamers vol onverkoopte voorraad moet jou nie jou lus ontnem om nog boeke te maak, en nog, en nog nie. Want tussen al die baie boeke deur is daar die wat die toets van die tyd deurstaan. Boeke wat 'n verskil maak; wat sin gee aan al jou bemoeienis. Goeie oordeel bly deurslaggewend in dié bedryf. Dit hang ten nouste saam met aanvoeling, met intuïsie, nie noodwendig met literêre geleerdheid nie. Hennie Aucamp het by geleentheid gesê 'n redakteur moet bo alles 'n "shit detector" hê. [...] As ek in die nag wakker lê, is dit gewoonlik oplossings vir manuskripte waaraan ek werk wat uit die onderbewuste opduik.

Maar ek voel getroos deur die feit dat ek 'n stukkie van myself aan soveel skrywers kon en kan gee, al is hulle nie altyd erkentlik nie. Dat ek in 'n posisie is om 'n verskil te kan maak tussen vrotterig en genoeglik, en tussen amper-goed en voortreflik.

Verhoudings tussen skrywers en redakteurs, meen Jacques Barzun (aangehaal in Greyling, 2003:90), is amper altyd antagonisties van aard. Van Zyl (2001:266) weer meen dat "uitgewers [...] op 'n manier ook deur skrywers 'besit' [word]". Dit is 'n belangrike aanspraak van veral literêre skrywers en gee 'n aanduiding van die verhouding tussen die skrywer en die rolspelers aan wie 'n teks toevertrou word. Dit is dan ook duidelik dat die rol van 'n redakteur 'n belangrike rol in die totale publikasie-proses speel, soos Greyling (2003:89; oorspronklike kursivering) verduidelik: "Publishing is a complex, interactive process and at the core of this process stands the editor, who has to coordinate all the developmental stages that turn the author's raw material into polished writing. Unfortunately, this part of the editor's art is often overlooked, precisely because it *becomes most obvious only by its absence.*" Die redakteursrol geniet veral dan ook aandag by die negatiewe bespreking van selfpublikasies en publikasies deur randuitgewers (kyk Adendorff, 2003, 2006; Fourie, 2009; Kleyn, 2009; Stassen, 2008).

Die redakteur funksioneer egter nie onafhanklik as besluitnemer nie, en maak van keurders en evalueerders as raadgewers gebruik om te bepaal of 'n manuskrip tot die publikasielys van 'n uitgewershuis toegevoeg word (kyk afdeling 4.3).

4.2.2 Manuskripontwikkelaars

Met betrekking tot manuskripontwikkelaars (anders as redakteurs wat soms ook hierdie rol vervul) word daar ook verwys na

- werwingsredakteurs (redakteurs wat 'n spesifieke behoefte by 'n spesifieke mark bepaal en dan persone nader om produkte te ontwikkel); en
- ontwikkelingsredakteurs (die manuskrip word vir publikasie aanvaar, maar daar word in samewerking met die outeur aan die manuskrip gewerk totdat dit persklaar is).

Die funksie van die manuskripontwikkelaar en skrywersopleiding behels dat “die geslaagdheid van die redaksionele versorgingsproses enersyds sal afhang van die vermoë, vaardighede en sensitiwiteit van die teksversorger en, andersyds, van die konsultasieproses as geheel en die waarde wat die skrywer as kreatiewe teksskepper heg aan die oordeel van die teksversorger as professionele persoon” (Kotzé & Verhoef, 2001:54). Hierdie proses leer die skrywer om beter te skryf. Die redigeerder se vermoë om sensitief en akkuraat met die teks en die outeur te werk, bepaal die verhouding wat langdurig kan wees, en tot 'n langtermynsamewerkingsooreenkoms kan ontwikkel. “Die ontwikkeling van skrywerskap sorg onder meer vir die bevordering van taal deur die geskrewe woord, en die geestelik-intellektuele ontwikkeling van die lesersgemeenskap” (Smit, 1991:75). *Vatmaar* (1995) van A.H.M. Scholtz is een so 'n manuskrip wat met “besondere sorg en skrywersbegeleiding ... tot 'n merkwaardige proses van selfontdekking gelei” het deur die rol wat Annari van der Merwe met betrekking tot manuskripontwikkeling gespeel het (Botha, 2001:75).

4.3 Keurders

Uitgewers gebruik raadgewers om met publikasiebesluite te help. Human (1967:6) verduidelik dié proses as volg:

Hy gebruik natuurlik adviseurs, en hy moet sy adviseurs goed kies, veral in die gevalle [...] waar hy uitsluitlik op hulle advies moet staatmaak, dus nie bevoeg is om self te oordeel nie (niemand kan ten slotte 'n deskundige op elke gebied wees nie!). Maar in die meeste gevalle van die boek wat vir die algemene publiek bedoel is, moet hy tog sy eie oordeel gebruik en dit soms nogal teen die raad van die deskundige adviseurs in (bv. as hy geen ekonomiese moontlikhede sien nie).

'n Keurder is “a ‘reader’ who closely scrutinises [the text]” (Greyling, 2003:87), of soos Pienaar (s.j., oorspronklike beklemtoning) sinies beskryf, “hulle [Suid-Afrikaanse uitgewershuse] [maak] dit nog moeiliker as oorsee deur nie EEN regmerknie van 'n keurder te vereis nie, maar TWEE”.

Hierdie kwaliteitsbeoordelaar is gewoonlik iemand wat geskool is in die letterkundige veld, aansien en status in die bedryf geniet en oor waardevolle kennis aangaande die ontwikkeling en verruiming van 'n bepaalde genre, tematiek of fondslys beskik. Dit is 'n taak wat opgedra word aan literêre akademici, kritici, (literêre) kenners, resensente of redakteurs in die uitgewershuis self (Stassen, 2007; Volschenk, 2008). “In [sommige] ander lande [...] geskied literêre keuring op 'n baie ondoeltreffende *mog 't troffe* wyse. Manuskripte word tipies op 'n reuse ‘slush pile’ gegooi, en elkeen by die uitgewery wat maar wil, gryp een om te sien of daar iets in steek. Kry die skrywer dan sy verwerpingsbrief, stuur hy sy manuskrip eenvoudig na die volgende uitgewer. Die legendes is legio oor suksesvolle skrywers wat [...] verwerp is” (Pienaar, s.j.). Skrywers soos Le Carré, King en J.K. Rowling is immers al by uitgewers weggewys. Van Rooyen (2005:114) verduidelik hieroor: “[N]o two editors will have exactly the same response to a particular book. A book that is rejected by one company may be quite acceptable to another”.

Keurders bly gewoonlik anoniem, behalwe in die geval waar 'n outeur en 'n keurder saamwerk aan die ontwikkeling van 'n manuskrip deur aandag te gee aan kommentaar van die keurder. In uitsonderlike gevalle kan die keurder ook as manuskripontwikkelaar optree. Probleme met hierdie proses word onder meer deur Weideman (2002) as volg uitgelig: “Sommige keurders se identiteit word bekendgemaak, ander s'n nie. Wanneer na die gehalte van sommige (resente) tekste gekyk word, duik ernstige bedenkinge op en kom keurdersintegriteit in die gedrang. Minstens een geval is bekend waar 'n keurder – ter wille van die skrywer – aanbeveel het dat die manuskrip eers teruggehou moet word. Tog is met publikasie voortgegaan.” Human (1967:6) wys egter daarop dat die uitgewer soms teen sy adviseurs (keurders) se oordeel, om ekonomiese of ander oorwegings besluite neem of produkte moet verskyn of nie. Hiermee stem Volschenk (2008), voormalige fiksieredakteur by Lapa-uitgewers, saam as sy meen dat 'n uitgewer soms na iemand soek wat na gelang van die uitgewer se behoeftes – dus breër as net die kwessie van kwaliteit – sal keur.

Van 'n goeie keurder word verwag om 'n manuskrip so te beoordeel dat die uitgewer daarvolgens publikasiebesluite kan neem. Keuring sluit in: tematiek, outeurstatus, kopersmark, bemarkingsmoontlikhede, mededingendheid met ander titels, omvangrykheid van publikasie, aanvaarbaarheid, risiko, prys, produksie en kwaliteit (Van Rooyen, 2005:104). Dit gebeur egter ook dat resensente se menings, wat soms verskil met dié van keurders, geopper word by verskyning weens 'n verskil in smaak, kwaliteitstandaarde, verwagtinge en kennis.

Een voorbeeld is die verskille in menings van keurder en resesent in verband met Ilse van Staden se tweede digbundel, *fluisterklip* (2008). Beukes (2008b) meen as

keurder: “[Die bundel] se sterk metapoëtikale inslag [is] bevestiging van die digter se ingestemdheid op God, die natuur en die geliefde se (in)fluisteringe. Sonder om in hooflettertaal te verkondig dat sy haar oor en woordvernuf dig(ter)by God se taaluitinge hou, is hierdie ’n bundel wat ’n welkome toevoeging tot die Afrikaanse poësie, en in besonder religieuse poësie, bied”. Hierteenoor staan die resensent Charl-Pierre Naudé se mening: “Dit het min sprankel en soepelheid in segging óf verbeelding” (Naudé, 2008a:18). Ook die feit dat dit eers by ’n ander uitgewershuis afgekeur is, is as motivering vir die bundel se negatiewe ontvangs genoem.

4.4 Taalversorgers (*copy editors*): redigeerders, spookskrywers en proeflesers

Die teksversorger word ook genoem “taalversorger”, “proefleser”, “teksredakteur” en “redigeerder” (Kotzé & Verhoef, 2001:78), hoewel al hierdie terme nie na dieselfde pos- of werksbeskrywing verwys nie. Die funksie van hierdie rolspelers hou verband met “die *beoordeling* van ’n teks [wat ...] vergemaklik [word] deur die raamwerk van die taalgebruikskunde” en verband hou met doelwitbeplanning, teksstruktuur en -organiserings, lesersbewustheid, korrekte taalgebruik en styl (Du Plessis & Carstens, 2000:65, oorspronklike kursivering). Cheney (aangehaal in Kotzé & Verhoef, 2001:81) beskryf dit as ’n proses wat die volgende take vereis:

writing, re-writing, rereading, reviewing, rethinking, rearranging, repairing, restructuring, re-evaluating, editing, tightening, sharpening, smoothing, pruning, polishing, punching up, amending, emending, altering, alimending, transposing, expanding, condensing, connecting, cohering, unifying, perfecting.

“[D]ie primêre taak van die taalversorger is om ’n teks presieser, saakliker en betekenisvoller te maak as wat dit oorspronklik was” (Du Plessis & Carstens, 2000:61), met ander woorde, dit wat De Wet (2005) beskryf as waardetoevoeging tot ’n produk – dié belangrikste funksie van die uitgewershuis. Taalversorging sowel as vertaling en bloemlesings is volgens Lefevere (1986:4) deel van die proses “which establish[es] and validate[s] the value-structures of canons”.

Fourie (2009) stel ’n ondersoek in na die produksiegehalte van twee publikasies van Joan Hambidge. Hy trek die kwaliteit van randuitgewers in twyfel as hy wys op die talle foute wat in *Palindroom* (Genugtig!, 2008) voorkom, en meen: “[R]esensente moet goeie oordeel aan die dag lê en nie skroom om afskeepwerk van uitgewers as sodanig te identifiseer nie. [...] Uitgewers in Suid-Afrika speel ’n bepalende rol in die ontwikkeling van die letterkunde, maar ook in die ontwikkeling en instandhouding van Afrikaans – en verbruikers is nie veronderstel om maar vir lief te neem met onaanvaarbare kwaliteit nie.”

Grebe (2006:94–95) is van mening dat taalversorgers se rol nie met die nodige erns bejeën word as daar na gepubliseerde tekste gekyk word nie. Hy mik sy kritiek nie

op rand- of alternatiewe uitgewers nie, maar sluit ook hoofstroomuitgewers se versorgingsgehalte in. As voorbeeld verwys hy na Etienne van Heerden se roman *In stede van die liefde* (2005):

As die taalgebruik in *In stede van die liefde* [...] beoordeel word vanuit die oogpunt van 'n ervare leser teen die agtergrond van heel basiese linguïstiese begrippe soos *afwyking*, *fout* en *gepas*, in samehang met die verskillende vertelperspektiewe wat die skrywer tot sy beskikking het, blyk dit dat daar iewers 'n ernstige skroef los is. Hierdie losse skroef hou stellig daarmee verband dat die rol van die redakteur in die publikasie van Van Heerden se manuskrip nie met genoeg erns deur die uitgewer bejeën is nie. In stede van wat 'n boeiende leeservaring kon wees, kortwiek die taalgebruik die roman ernstig (Grebe, 2006:105–106).

Hy wys dan ook op die taak/rol wat die redakteur in hierdie proses vervul:

Een van die vernaamste probleme waaraan vele van die onlangse tekste in Afrikaans mank gaan, is juis die skynbare onbelangrikheid waarmee die funksie van die redakteur in die jongste tyd bejeën word. Nie alleen het die uitgewer 'n plig teenoor sy skrywer nie, maar ook die leser behoort gerespekteer te word. Die uitgewer is daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat die maatstawwe van behoorlik versorgde taal gerespekteer word. Natuurlik is dit in die geval van iets so lewends soos taal nie eenvoudig nie, maar deur die algemeen aanvaarde norme te volg waar daar nie dwingende rede is om daarvan af [te] wyk nie, is sekerlik nie te veel gevra nie (Grebe, 2006:97).

De Glas (1992:295) verwys na die term “teksbehandeling” as redigering en verwerking (ingryping en afronding) van 'n manuskrip as kanoniseringsmeganisme met betrekking tot uitgewerspraktyke. Teksvorsers is “gatekeepers” (kyk Bowles aangehaal in Kotzé & Verhoef (2001:79)) of mediators tussen die outeur en sy teks, sowel as die outeur en sy leser. “[T]aalversorging as *proses* moet nie net beskou word as die korrigering van taal nie, maar ook as die versorging van teks as geheel, met ander woorde die totale *produk* en nie net deel (taalgebruik) daarvan nie” (Du Plessis & Carstens, 2000:61; oorspronklike kursivering). Maar, waarsku Judd (1982:14): “It is the publisher [lees redakteur], not the editor [lees taalversorger] [...] who determines how much and what kind of work needs to be done on a manuscript.” Die verantwoordelikheid is dus nie slegs op gehalte van 'n produk nie, maar ook met betrekking tot instandhouding van status. “Die skrywer of taalgebruiker moet in gedagte hou dat die teks namens die skrywer, as verteenwoordiger van die skrywer se idees by die leser, optree. Deur 'n goed versorgde teks bou die leser 'n positiewe beeld op van die skrywer [en uitgewershuis]; 'n swak versorgde teks gaan beslis nie 'n positiewe beeld oordra nie” (Du Plessis & Carstens, 2000:63). En, soos Van Zyl (2001:264) meen, is redaksionele versorging (en bepaalde individuele redakteurs) een van die aantrekkingskragte wat skrywers se keuses van uitgewers beïnvloed en bepaal.

4.5 Ontwerpers

Van Rooyen (2005:212) wys op die elemente van suksesvolle boekbemarking: “[T]he answer lies in good packaging, good marketing, good advertising, and good branding – in short, the kind of classic bullshitting of an uncritical audience that sells most consumer goods”. Vir hierdie taak maak die uitgewershuis gebruik van ’n (boek)ontwerper wat binne die konteks van die produk en die maatskappy ’n bemerkbare boek kan ontwerp. Kannemeyer (2008:25) wys in ’n artikel oor boekontwerp in die Afrikaanse mark op ’n paar ononderhandelbare beginsels vir goeie ontwerp: komposisie, spanning, goeie gebruik van kleur, goeie praktiese oorwegings – swart boeke se omslae bly nie lank swart nie (wit word ook te vinnig vuil) – interessante visuele materiaal, opwindende ontwerpe, maar geen oordadige rekenaarmaanipulasie nie.

Die doel en funksies van goeie boekontwerp is deur die bekende Duitse ontwerper, Jürgen Fromm (1968:20), vergelyk met die rol van regisseur en argitek:

Book-design has been compared to stage-direction: the written word of the author has to be presented clearly and within the framework of given possibilities. A good play can be produced expensively or in a simple, improvised manner: This has little to do with quality. The efficiency of direction is more important [...] In its printed form typography has to be functional although its aesthetic value has to be taken into account at the same time. In this respect typography can be compared to architecture.

Die funksies wat die omslag moet verrig, is volgens Goldstein (aangehaal in Snyman, 1994:50) drieledig: Dit moet aandag trek, die potensiële leser oorreed om die boek te koop en inligting aan die leser oor die boek verskaf. Die buiteblad se hoof funksie is om optimale bemarkingswaarde tot die publikasie toe te voeg want, meen Snyman (1994:49), ’n omslag wat aandag trek, sal ook goed verkoop. Van Rooyen (2005:212) waarsku dan ook: “[Even] if you have the most wonderful content in the world and you dress it up badly, chances are it won’t sell.” Boekomslae is egter streng kultuurgebonde (Van Rooyen, 2005:218). In Suid-Afrika is dit die Engelse mark wat swaar steun op die Britse ontwerpstyle, en die Afrikaanse mark wat weens die invoer van Duitse ontwerpers (soos o.m. Jürgen Fromm wat hoë standaarde gevestig het) steeds hierdie invloed ervaar.

4.5.1 Ontwerpers in die uitgesisteem

Daan du Plessis en Tienie du Plessis is albei bekende (ontwerpers)name in die uitgewersbedryf. Tienie du Plessis was betrokke by die omstrede tydskrif *Stet*, die uitgewershuise Taurus en Hond, terwyl Daan du Plessis (seun van Tienie) bekendheid verwerf het vir sy ontwerpe van veral Afrikaanse digbundels. Albei is uitgesproke oor die vryheid van die

ontwerper wat deur die uitgewers vir bemerkingsredes ingeperk word. “Vandag (veral in Suid-Afrika) is die bemarker die ontwerper van boeke [...] Omslagontwerp word [...] oorwegend as die belangrikste deel van bemerking beskou (eerder as ’n integrale aspek van die finale manifestering van ’n produk. Dit is in teenstelling met (heelwat groter) Britse en Noord-Amerikaanse uitgewers waar daar hier en daar nog ’n balans tussen bemerking en ontwerp bestaan. Gevolglik vind die leser aldaar heelwat meer waaghalsige en onkonvensionele visuele oplossings op die rakke” (Du Plessis & Du Plessis, 2008a:209). Du Plessis en Du Plessis (2008a:209–210) meen dat redakteurs en bemarkers ’n problematiese rol aangeneem het by die ontwerp van omslae:

Plaaslik word die “Woord van die Bemarker” egter as evangelie aanvaar. [In Suid-Afrika] is die gebruik om oorwegend [...] stock-foto’s [te gebruik]. Die taalversorger [redakteur] kyk, somer self, op die internet deur die derduisende foto’s van Getty Images en maak dan onder die bekwame leiding van die bemarker daardie briljante besluit oor wat die leser sal sien wanneer hulle die produk aanskaf. Al wat kort is vir die ontwerper om die titel en die outeur se naam bo-op die foto te plak. Die eindresultaat is amper altyd ’n hoogs konserwatiewe, dog bemerkbare omslag.

Vir redakteurs en bemarkers is die bemerkingswaarde van die boek – die eerste sien – deur die omslagontwerp belangrik om aan die leser te kommunikeer tot watter groepering ’n boek behoort (Malan, 1983:25). Van der Westhuizen (2004:147) stem hiermee saam: “The physical appearance of the book is the first visible marketing strategy employed by the publisher [...] The title is initially the most important element and should be striking, to induce the prospective buyer to take the book off the shelf and look at it. The duct cover and the text (blurb) on the inside flaps are crucial co-determinants of the book’s initial reception.” “Boekkodering” is die term wat Van Rooyen (2005:217) gebruik om die herkenbaarheid van uitgewersprodukte te beskryf. Hierdie kodering verwys spesifiek na die genre waarin daar gepubliseer word, en die verwagtinge wat lesers in terme van die inhoud op grond van die omslagontwerp koester. Voorbeelde hiervan is die hoogs herkenbare omslae van boeke in genres soos ruimte- en ontdekkingsreise, fantasie- en liefdesromanses. Daar is egter ook boeke waarvan die omslae sê: “[I]t needs to be taken seriously by discerning readers” (Van Rooyen, 2005:217), soos dit meestal die geval is met hardebandboeke, hardebandboeke met stofomslae en addisionele verpakkingsmateriaal (dink aan *Groot Verseboek 2000* met die veelvoudige pleklinte en die 2008-uitgawe in drie dele wat in ’n netjiese blik verpak is). Boeke kan dus op aanbiedingswaarde reeds aanspraak maak op status.

Van Rooyen (2005:221) meen dat die Suid-Afrikaanse mark se begrip rondom hardebande skeefgetrek daar uitsien: “I am a serious product, it is worth spending a lot of money on me.” Die algemene mening oor sagtebandboeke (hoe verkeerd dit ook mag wees) kom nie ligter van stereotipering af nie: “[P]aperbacks represent value for money;

hardbacks are classy and long lasting” (Van Rooyen, 2005:221).

Volgens Galloway en Venter (2005:57) kan daar elf produksiekategorieë (verminder vanuit ’n oorspronklike verdeling in 116 kategorieë) onderskei word. Die kategorieë is afgelei van flaptekste, boekaankondigings, inligting in uitgewers-katalogusse, resensies en mediablootstelling. Die produksiekategorieë verwys na die *branding*, herkenbaarheid, genre, en so meer waartoe ’n teks behoort. Galloway (aangehaal in Snyman, 1994:51) wys al in 1990 daarop dat daar ’n verkenning gedoen moet word na die verband tussen die (omslag)ontwerp en die literêre teks, om inligting in te win oor die “funksie van die omslagontwerp ten opsigte van die literêre teks; die verhouding tussen kuns- en literatuurstudies en tussen individuele kunstenaars en skrywers; en dominante kuns en literatuuropvattinge binne spesifieke sosiaal-historiese kontekste”.

Uitgewerskontrakte bepaal dat die finale seggenskap oor die omslag by die uitgewer berus, nie by die skrywer nie – ’n saak waarmee nie alle skrywers saamstem nie. Soms voel skrywers baie sterk daaroor dat die geheelbeeld van die produk in terme van die outeur se oordeel belangrik is. Die digter Johann de Lange (aangehaal in Snyman, 1994:52) verduidelik: “Dit is vir my belangrik dat die hele boek lyk soos ek dit gekonsipieer het.” Snyman (1994:52) meen die omslag moet “’n groter rol in die betekening van die teks speel as ’n buiteblad wat deur ’n uitgewer met bemarking as vernaamste doelwit gekies is”.

Beide Kannemeyer (2008:25) en Du Plessis en Du Plessis (2008a:211) verwys na Deon Meyer se topverkopers wat nie goeie ontwerp verteenwoordig nie, en waarskynlik, weens bemarkbaarheidsredes, aan verkope onder sekere lesersgroepe moes inboet omdat die ontwerp slegs op een soort leser gerig is. Hierdie stelling laat die vraag ontstaan of die “populêre leser” se smaak in ontwerp verskil van dié van die meer “literêre leser”, en of literêre werke groter produksiebegrotings beskikbaar het. Die sagtebanduitgawe van Etienne van Heerden se *Asbesmiddag* (2007) geniet byvoorbeeld addisionele “verpakkingswaarde” soos die gebruik van invouflappe, goue letters en groter letterwerk vir die outeur se naam as vir die titel van die boek. Dit geld ook ander (gevestigde) kunstenaars se werke by die publikasies van poësie en werke van literêre waarde soos dit die geval is met NB-Uitgewers se Klassieke reeks. In veral die Afrikaanse poësie van die afgelope paar jare is daar samewerkingsooreenkomste tussen kunstenaars (o.m. beeldende kunstenaars en fotografe) en uitgewers. Die volgende voorbeelde uit die Afrikaanse poësie vir die tydperk 2004–2007 verwys na die situasie met betrekking tot omslagontwerp:

Omslagontwerp speel weer 'n groot rol in die bemerkbaarheid en verkope van boeke – iets waaraan die meeste selfpublikasies dikwels mank gaan. Lesers en resensente sien mooi (en noemenswaardige) ontwerpe raak. Positiewe kommentaar word gelewer op byvoorbeeld die omslagontwerpe van Jürgen Fromm en Etienne van Duyker, asook die keuse van omslagfoto's deur Strijdom van der Merwe en kunswerke deur Karlien de Villiers (op die omslag van Danie Marais se *In die buitenste ruimte*), Pienaar van Niekerk (op die omslag van Louis Esterhuizen se bundel *Sloper*) en Adriaan van Zyl (op die omslag van Lina Spies se bundel *Duskant die einders*) (Kleyn, 2008a).

4.5.2 Ontwerp in die media

Deel van die debat oor Charl-Pierre Naudé se resensie van Ilse van Staden se *fluisterklip* het gehandel oor die kritiese uitspraak oor die omslagontwerp (Kleyn, 2008b:8–9). In die polemieke wat daarop gevolg het, is aangedui dat dít 'n onbillike praktyk is. Volgens Du Plessis (aangehaal in Kleyn, 2008b:8–9), sal dit jammer wees as 'n resensient nie ook verwys na 'n besonder goeie of swak omslagontwerp nie, maar dat dit onredelik is om die omslag verdag te maak weens die inhoud van die teks. “Dit is 'n erg opportunistiese taktiek, en van onsekere waarde” (Du Plessis & Du Plessis, 2008c). Hambidge (2008d) stem hiermee saam, maar uitgewer Nicol Stassen benadruk dat dit langtermyngevolge inhou. “'n Resensient se kritiek op die omslag is 'n slegte uitspraak vir 'n uitgewer om te verduur, omdat 'boeke met swak omslae die (wan)persepsie skets dat die uitgewer nie moeite met 'n boek in die geheel gedoen het nie” (Stassen aangehaal in Kleyn, 2008b:8–9). Du Plessis (aangehaal in Kleyn, 2008b:8–9, oorspronklike kursivering) stel verder: “[D]it is 'n onregverdige praktyk van resensente om stellings oor die *omslag* te maak wat ten doel het om 'n opinie oor die *inhoud* te staaf”. Daarteenoor kan geredeneer word dat resensente die lesersmark en -behoefte ken en hulle menings waardevol kan wees as boeke in 'n wyer konteks beoordeel word – meer as net die beoordeling van die gehalte van die inhoud.

Dit lyk egter asof die rolspelers en besluitnemers in hierdie proses selde die ontwerpers is, maar slegs instruksies van 'n hoër gesag uitvoer: “Ontwerpers wat met uitgewers te doen het, weet dat hulle professionele bydrae ondergeskik is aan dié van die uitgewer en veral dié van die bemarker” (Du Plessis & Du Plessis, 2008c).

4.5.3 Flaptekste

Ook flaptekste speel 'n belangrike rol in die markplasing en kategorisering van titels. Anthony Blond verwys in sy *The Publishing Game* (1971) na 'n “code of clichés”: “Kafkaesque means obscure; Saga means too long (the editor suggested cuts but the author was adamant); Frank or outspoken means obscene; Well-known means unknown; Rebellious means author uses bad language; Savage means the author revels in sadism; Ingenious usually means unbelievable.”

Die flapteks speel volgens Van Rooyen (2005:222) 'n belangrike bemerkingsrol omdat dit die outeur(s) se besonderhede, die verwagtinge van die boek en aanhalings van belangrike figure wat die boek “ondersteun” aan die lesers kommunikeer. “Blurbs are important, for a large number of potential book buyers are either inspired or put off by the blurb. It forms the single most important piece of information that a potential reader will look at.” Bruwer (1972:15–16) meen 'n goeie flapteks vermy clichés en tautologieë en fokus eerder op die feite. Verder moet die flapteks “onderteken” word deur aanhalings uit betroubare bronne – ongemotiveerde aanmerkings dui op 'n poging om “intellektueel skoor te soek”. Die onderwerp van die boek en die skrywer se gesaghebbendheid op hierdie gebied sal ook nuuswaardig wees. Dit verwys na ander tekste of verwantskappe en inligting wat die lesers met sy/haar besluit kan help.

Die parateks of bykomende gegewens (wat verskyn) en ook 'n invloed op die lesers sal hê, is volgens Van Gorp (1991:294): voorwoord; voetnote; naam van uitgewer; titel; genre; motto; opdrag; biografiese inligting oor die outeur; en flapteks. Saam met die ontwerp en aanbieding van die produk speel die bemerkingswaarde daarvan ook 'n belangrike rol in die handel.

4.6 Bemerkers en bemerking

Volgens De Glas (1992:297) behels die bemerking van 'n titel optimale eksploitasie van outeursoeuvres. Die uitgewer is verantwoordelik vir die voortsetting van oeuvres, volhoubare beskikbaarheid van titels en die ondersoek na aanvullende markte. Die uitgewer se bemerkingsverantwoordelikheid teenoor die outeur het grootliks te doen met die wyse waarop die uitgewer die resepsie van die outeur, outeursoeuvre en titels beïnvloed. Hierdie invloed word volgens De Glas (1992:298) deur vyf faktore bepaal: (i) flapteks en bemerking; (ii) niebetaalde publisiteit; (iii) sigbaarheid van outeur; (iv) kritiek van akademiese gehalte; (v) stimulering van versamelbundels en klassieke publikasies.

In uitgewershuse is daar onder meer verkoopsverteenvoerders (wat direkte kontak met kleinhandelaars het); bemerkingspanne (wat oorhoofse beplanning rondom bemerkingstrategieë vir individuele titels sowel as die uitgewery doen); en samestellers en skrywers van bemerkingsmateriaal soos byvoorbeeld flaptekste, boekaankondigings, inligtingstukke en persverklarings wat rolle in die bemerkingsproses speel.

Van der Westhuizen (2004:146) verwys na uitgewers se gebruik van alternatiewe bemerkingsmetodes om hulle skrywers en produkte optimale blootstelling te gee: boekuitstallings (plaaslik en internasionaal); leeskringe (kyk hoofstuk 9, afdeling 5); kunstefeeste (hoofstroom- en klein, meer gemeenskapsgebonde feeste (kyk hoofstuk 9, afdeling 3.2.1.1), boekbekendstellings, boekgeleenthede, boekfeeste soos Versindaba

en Wordfees, boektekensessies, openbare optredes, en dies meer.

Die waarde wat voorafbemaking tot 'n teks toevoeg, kan nie onderskat word nie. Voorafbemaking maak 'n reuseverskil, soos bewys is deur die suksesverhale van onder meer Dalene Matthee (*Kringe in 'n bos*, 1984), Marita van der Vyver (*Die dinge van 'n kind*, 1994) en Elbie Lotter (*Dis ek, Anna*, 2004). Van der Westhuizen (2004:149–153) het een gevallestudie se statistiek gedokumenteer: Matthee se *Kringe in 'n bos* is in agt tale vertaal voordat dit 'n topverkoper geword het; dit het by verskyning meer (positiewe) resensies ontlok as enige ander Afrikaanse boek tot op daardie stadium; dit het ongewone hoeveelhede mediablootstelling in koerante, tydskrifte, radio en televisie (ook betaalde advertensies) gekry; dit is geadverteer op plakkate in boekwinkels; dit het klankopnames, filmvertonings (500 000 teatergangers) en toneelopvoerings (34 000 teatergangers) meegebring; en voorgeskrewe status geniet – almal faktore wat bygedra het tot hoë verkoopsyfers. Jones (aangehaal in Van der Westhuizen, 2004:145) verduidelik: “Novels do not become popular purely on the basis of textual characteristics, but are supported by ‘huge marketing and budgeting strategies’.” Hannes van Zyl (2001:265) se mening dat dit nou goedkoper is om boeke te maak, maar duurder om te bemark en mededingend te wees, is hier weer ter sprake.

4.7 Handelaars/afsetpunte

Om boeke by lesers te kry, word daar hoofsaaklik gesteun op onder andere die kleinhandel, sowel as meer onlangs ook die internet as afsetgebied. “Die bestaande vorm van bemarking – om boekwinkels met soveel titels moontlik te belaaï sodat die boekkoper kan snuffel en uitsoek – is nie langer effektief nie,” voer Barnard (2005:39) aan. Daar moet meer aandag gegee word aan ander vorme van bemarking op webtuistes, die internet – “multimediastrategieë” soos Barnard (2005:39) die nuwe kanale beskryf. “Die ellende van die boekhandelaar lê nie in die omvang van die voorraad nie, maar wel in die gehalte daarvan. Die kuns is om die beste verskeidenheid boeke beskikbaar te hê; 'n seleksie gegrond op skrywersname, genre, sowel as die hoogste omset per titel (Barnard, 2005: 51). “[T]he bookseller has a kind of veto power over the book: if the bookseller does not think it a saleable cover, then the book is not seen in the retail trade. [...] Without the bookseller, there is no book to sell in the shop; without the reader, there is no buyer” (Van Rooyen, 2005:214). Hiermee stem Bothma (aangehaal in Kleyn, 2009) saam op grond van sy ervaring van selfpublikasies en die kleinhandel: “[Boekwinkels] wys jou maklik die deur, reageer nie op e-posse, fakse en boodskappe nie. Kortom, hulle soek jou nie in hulle winkels nie. Bemarking is 'n proses. Jy bou aan 'n besigheid. En as jou boek swak is, moenie verwag dat dit sal verkoop nie.”

Knelpunte wat opgehaal word vir die “(on)sigbaarheid” van Afrikaanse boeke wat deur internasionale titels verdring word, is die beperkte aantal boekwinkels wat Afrikaanse titels verkoop (kyk Kleyn & Snyman, 2009) en die rakspasie wat beskikbaar gestel word vir Afrikaanse boeke. Reeds in 1960 al skryf De Melker (1960b:6–7), toe bestuurder van HAUM, oor beperkte uitstalruimtes. Ook die min prominente ruimte in boekwinkels wat afgestaan word aan uitstallings van Afrikaanse boeke blyk vir uitgewers ’n probleem te wees.

Verkope word oorheers deur Exclusive Books, CNA en Leserskring/Leisure Books wat 70% van die mark besit (Van Zyl, 2001:262). Machet (2002:78) verduidelik dat CNA aanvanklik veral die platteland bedien het, terwyl Exclusive Books boeke aan die stedelinge verskaf. Die finansiële probleem wat die CNA onder groot druk geplaas en uiteindelijke oorname gedwing het (kyk hoofstuk 2, afdeling 4.2.3 rakende ekonomiese faktore) het die oorspronklike maatskappyfokus van “traditional white leisure activities such as cookery, gardening and sport; learning licence booklets and road maps” verander na ’n potensiële swart kopersmark wat hulle nie kon bereik nie. Wat literatuur (in die breë sin van die woord) betref, is die fokus grootliks verskuif na internasionale topverkopers. Die sluiting van Fascination Books in 2009 het groot finansiële implikasies vir veral Afrikaanse uitgewers tot gevolg gehad. Buiten die verliese aan inkomste deur voorraad wat reeds gelewer was, moes handelaars nou ook die verlies aan een van Suid-Afrika se drie grootste handelaars hanteer; ’n vermindering van 33 afsetgebiede en die wete dat ’n Suid-Afrikaanse handelaar wat erns met die Afrikaanse boek gemaak het, nou sy deure moes sluit.

Uitgewers meen dat daar ’n daadwerklike groei in aanlynverkope gesien kan word (o.m. Volschenk, 2010) en moontlikhede om voorraad op bestelling te lewer (m.a.w. geen voorraad word deur die verspreiders gehuisves nie, soos bestellings geplaas word, word dit gelewer), word ’n aantreklike oorweging. “Die geen voorraad is ’n voordeel want daar is nie sprake van terugsendings nie” – die voordeel daaraan verbonde is dat die boeke nie beskadig kan word as dit teruggestuur word nie (Volschenk, 2010). Ook meen sy dat die internet “bruikbaar [is] wanneer ’n koper presies weet wat hy/sy wil hê, maar as jy wil gaan soek vir ’n lekker boek, kan jy dit kwalik op ’n webblad doen”. Bykans alle boekhandelaars bedryf egter deesdae ook ’n aanlynboekwinkel.

Oor Leserskring is die uitgewers egter minder entoesiasties: “Leserskring vat 68% korting. [Uitgewers] sien dit gewoon as bemarkingsbelegging want die blootstelling is goed en groot. Maar dit is nie winsgewend vir [uitgewers] of die skrywer nie. Dit is egter die blootstelling werd” (Volschenk, 2010). Leserskring bied heelwat bemarkingsvoordele, maar) hulle “manipulate their members through selective advertising and the catalogues

they compile. They also market the books they have ordered in large quantities more aggressively than the other books in their catalogue” (Van der Westhuizen, 2004:147).

Uitgewers (en skrywers) is dus uitgelewer aan die behoeftes van die mark en aan die rolspelers in die klein- en groothandel. Produkte moet ontwerp word om kwaliteit en lesersgerigtheid te weerspieël ten einde rakspasie in die handel te verseker. As boeke nie in die handel beskikbaar is nie, sal dit nie verkoop nie. As ’n literêre werk dus nie sigbaar is nie, sal dit ook nie status en/of gewildheid bekom nie.

4.8 (Literêre) agente

Literêre agente in veral die VSA en Verenigde Koninkryke fokus op *trade books* (fiksie en niefiksie). Die Suid-Afrikaanse boekmark het nie aktiewe literêre agente nie, maar plaaslike skrywers wat vertaalde werke in die internasionale mark beskikbaar het, word deur literêre agente (nie deur die plaaslike uitgewershuis van hulle Afrikaanse titels nie) verteenwoordig. Die meeste plaaslike uitgewers beskik nie oor die bemarking- en verspreidingsstrukture om internasionale boeke te bemark nie. Internasionale uitgewers soos Penguin wat ook ’n plaaslike uitgewersbeen in Suid-Afrika besit, sal volgens Van Rooyen (2005:155) nie plaaslike boeke in die internasionale mark bemark nie, aangesien die plaaslike bene steeds grootliks die taak van “sales office” vir internasionale titels eerder as uitgewer verrig (Van Rooyen, 2005:157). Barnard (2005:90) stem hiermee saam: “Weens beperkinge binne die bedryf is dit nie moontlik om boeke vanuit Suid-Afrika regstreeks in Britse boekwinkels te plaas of in ander lande te bemark nie.”

Die agent is die onderhandelaar tussen die outeur en die uitgewer betreffende kontrakte, voorskotte, publikasieregte (een titel kan terselfdertyd in meer as een land of verspreidingsgebied uitgegee word), vertaalregte, film- en opvoerregte en ook redaksionele kommentaar:

The role of a literary agent is that of a middle-man [...] or go-between [...] they are normally ex-editors from publishing houses where they build up a network of associations with authors and publishers. They set up their own small company, vetting manuscripts and acting as a sieve, shielding the publishers from the flood of raw material that the publishers do not really want to see (Van Rooyen, 2005:157).

Vir hierdie dienste betaal die skrywer ’n deel van sy verkope oor aan die agent. Maar, meen Van Rooyen (2005:157), dit is ewe moeilik om ’n manuskrip deur een van die literêre agente aanvaar te kry, as deur ’n uitgewershuis, en jy kan jouself regmaak vir ’n stewige leesfooi en streng redaksionele kommentaar. “Because [...] so many agents are ex-publishers, and because they tend – give or take an author’s spouse or lover – to be the first individuals to read new manuscripts, the agent these days plays a fair part in

offering editorial comment” (Franklin, 1996:132; kyk ook hoofstuk 9, afdeling 2.2 m.b.t. behoeftes aan skryfopleiding). Verder meen Lee (2004:90) dat redaksionele dienste soos manuskriptontwikkeling deur agente gelewer kan word: “[A]s there are different kinds of editors, there are agents who emphasize different aspects of their business. Some [...] like to work with authors in developing their books”.

Die verhouding tussen skrywer, agent en uitgewer is dus inherent ’n magsverhouding waar die agent toegang het tot dit wat die uitgewer wil bekom, en die agent die produk aan die uitgewer moet kan verkoop ten einde sy taak suksesvol as mediator tussen skrywer en uitgewer te verrig. Die skrywer is afhanklik van die agent vir bemiddeling en onderhandeling met ’n uitgewer omdat min internasionale uitgewers manuskripte direk van die skrywer aanvaar. Die uitgewer is afhanklik van publiseerbare manuskripte en die agente wat toegang tot hierdie manuskripte het.

5. GEVOLGTREKKING

Hoewel De Glas (1992:302) enkele funksies van die uitgewery as bydraer tot kanonisering kan uitlig, het die uitgewerye volgens hom weinig invloed op die kanoniseringsproses in die Nederlandse letterkunde. Die Nederlandse uitgewersbedryf sien in die geheel veel anders uit as die bedryf in Suid-Afrika – die grootste verskil is waarskynlik die opleidingspeil, behoefte, lesersgetalle en aantal uitgewershuisse wat hulle vir boeke van literêre gehalte beywer. De Glas se navorsing (1992:290) verwys na 38 uitgewershuisse wat hulle beywer vir literêre publikasies, waarvan die vyf grootstes amper almal ook volhoubaar of *eksklusief* poësie publiseer. In Suid-Afrika is daar slegs ’n hand vol uitgewershuisse wat Afrikaanse boeke van literêre gehalte publiseer, geeneen publiseer eksklusief literêre werke of in ’n enkele genre soos die poësie nie. Drie van die ses Afrikaanse uitgewershuisse wat literêre werke publiseer, behoort tot dieselfde media-moedermaatskappy, en het dus grootliks ooreenstemmende beleide, ideologieë en somtyds “kwotastelsels” met betrekking tot die aantal publikasies wat in sekere genres gepubliseer word. Verder is daar plaaslik ook die tendens dat groot mediamatskappye ’n al groter en magtiger rol in die sisteem vervul en mededinging vir kleiner rolspelers bemoeilik.

Afrikaanse uitgewershuisse speel in veral hulle keuse van genres wat uitgegee word ’n groot rol in die kanoniseringsproses. As dit nie vir Protea Boekhuis se toetrede tot publisering van Afrikaanse poësie was nie, het hierdie genre nou baie slegter daar uitgesien (Odendaal, 2006). Redakteurs/uitgewers se keuse van titels wat gepubliseer word, herbevestig die rol wat hekwagters speel in terme van die keuses wat vir die leser in die handel beskikbaar is. Hierbenewens is daar ’n handjie vol uitgesoekte keurders, ontwerpers, bemarkers en handelaars wat tot die poel van besluitnemers toegevoeg kan

word wat – weens die beperkte omvang van die bedryf – besluite neem wat bepalend is vir die boekbedryf in die geheel.

Internasionale agente – wat met uitgewershuisse beding en vertaalregte verkoop – het die afgelope paar jaar ook aktief tot die bedryf toegetree (kyk hoofstuk 6). Ontwikkeling het egter ook plaasgevind by die ontstaan van alternatiewe uitgewers (hoewel die fokus hier ook op winsbejag eerder as simboliese waarde is), en alternatiewe uitgeemoontlikhede deur tradisioneel Engelse uitgewershuisse wat ook boeke in Afrikaans publiseer. (Hoewel die fokus hier eerder op niefiksie is, is daar tog enkele voorbeelde van literêre werke, soos Dalene Matthee se *Die uitgespoeldes* (2005) wat by Penguin verskyn het.)

Dit is duidelik dat daar 'n fyn netwerk van verbande tussen die uitgewers, media en handel bestaan (kyk ook hoofstuk 4 m.b.t. resensies en verkope), en dat eksterne faktore (politieke, sosiale, tegnologiese maar veral ekonomiese) 'n al groter rol in die publikasie van die Afrikaanse boek speel. Hoewel dit ook duidelik in dié hoofstuk is dat uitgewers voortdurend aanpas deur herstrukturering, fokusverskuiwing, bemarkingstrategieë en alternatiewe afsetpunte, is daar steeds 'n magdom beperkinge waaraan uitgewers uitgelewer is om suksesvol te kan voortbestaan. Verder ontstaan daar knelpunte tussen rolspelers in die sisteem – tussen skrywers en uitgewers (kyk ook hoofstuk 9, afdeling 6.5 m.b.t. die stigting van 'n nuwe skrywersvereniging), boekontwerpers en boekbemarkers, plaaslike en internasionale uitgeesisteme (kyk ook hoofstuk 6 m.b.t. vertaling), en uitgewers, skrywers en resensente.

Daar word in die hieropvolgende hoofstuk aandag gegee aan die rol van mediapraktyke in die kanoniseringsproses.

HOOFSTUK 4

Mediapraktyke en resensies

Of glo so baie Afrikaners nog dat 'n vuishou meer werd is as 'n idee?

Max du Preez, *Rapport* (2002:16) n.a.v. die vuishou wat Steve Hofmeyr vir Jan-Jan Joubert gegee het om sy misnoeë met 'n resensie uit te spreek.

Persvryheid is ék wat jou kakebeen afslaan!

Steve Hofmeyr aan Jan-Jan Joubert tydens die onderonsie waar hy hom te lyf gegaan het (aangehaal in Booyens, *Volksblad*, 2002).

1. INLEIDING

In sy *Confessions of a Book Reviewer* (1946), skets George Orwell die situasie waaraan die resesent uitgelewer is:

[T]he prolonged, indiscriminate reviewing of books is a quite exceptionally thankless, irritating and exhausting job. It not only involves praising trash – though it does involve that, as I will show in a moment – but constantly INVENTING reactions towards books about which one has no spontaneous feelings whatever. The reviewer, jaded though he may be, is professionally interested in books, and out of the thousands that appear annually, there are probably fifty or a hundred that he would enjoy writing about. If he is a top-notch in his profession he may get hold of ten or twenty of them: more probably he gets hold of two or three. The rest of his work, however conscientious he may be in praising or damning, is in essence humbug. He is pouring his immortal spirit down the drain, half a pint at a time.

Die resesent het 'n ondankbare werk, maar hy/sy is 'n sleutelrolspeler in die literêre sisteem en 'n belangrike skakel in die kanoniseringsproses. Volgens De Glas (1992:302) is dit in die Nederlandse konteks veral essayiste en literêre kritici wat 'n deurslaggewende rol speel omdat mediakritiek in dag- en weekblaaie, asook populêre tydskrifte, van korte duur is. Van Coller (2008a) wys egter op die belangrikheid van resensies in die Suid-Afrikaanse milieu. Hy beskryf die situasie soos volg:

Daar is voldoende bewyse dat resensies 'n manier het om gekanoniseerde uitsprake te raak; trouens ondersoek het aangetoon dat resensies van debuutwerke later byna ongewysigd (dus gefossileerd) in literatuurgeskiedenis opgeneem word. Boonop is kritici geneig om mekaar te eggo, veral as belangrike kritici eers die woord spreek. Daarom is die impak van 'n resensie op die beeld van 'n skrywer of digter baie belangrik en skud 'n skrywer of digter moeilik 'n bepaalde etiket af.

Die Afrikaanse literêre bedryf het heelwat polemieke rondom resensies in die dekade onder bespreking beleef. Ná die vuisgeveg tussen Jan-Jan Joubert en Steve Hofmeyr in 2002 oor 'n resensie wat in die KKNK se feeskoerant *Krit* verskyn het, het 'n reuse-openbare debat in die media ontstaan, waar kunstenaars, resesente en die publiek mekaar die stryd aangesê het.¹³ Hernude vrae is gevra oor die rol en verantwoordelikheid van die resesent, sowel as oor die leser (en toeskouer) se belange en opinies, en die kunstenaar se regte.

In hierdie hoofstuk word daar ondersoek ingestel na die openbare debatte wat oor resensies vir die tyd gevoer is; daar word gekyk na die taak van die resesent en knelpunte in die magspel word uitgelig: bemarkingswaarde en verkope, beperkte spasie

¹³ In 'n resensie maak die feesjoernalis Riekie Human negatiewe stellings teenoor Hofmeyr se familie en aanhangers. Joubert, redakteur van *Krit*, word "ten aanskoue van 'n groep feesgangers te lyf gegaan en bo-op 'n tafel voor 'n kosstalletjie [by die KKNK] gegooi" (Nieuwoudt & Booyens, 2002:1).

in die drukmedia, negatiewe resensiekoppe, literêre betrokkenheid van kritici, subjektiewe resensies, en wie (mag) resenseer. Daar word gekyk na die menings oor verwagtinge van goeie resensies en billike resensente; sowel as na menings van die breër publiek wanweë veranderende tendense in leesbehoefte; die bruikbaarheid van resensies vir die algemene lesers; *LitNet* as kritiese spreekbuis vir die breë publiek; en die rol van boekeredakteurs in die groter sisteem van mediapraktyke.

2. OPENBARE DEBATTE OOR RESENSIEKUNDE

In April 2002 vind daar 'n debat onder leiding van Herman Wasserman van die Universiteit Stellenbosch se Departement Joernalistiek by die Woordfees plaas: “Die bedompigheid van die binnekring” – reeds 'n aanduiding dat hier te min rolspelers en te veel maghebbers betrokke is. In 2006 word daar op *LitNet* 'n miniseminaar gehou, “The State of South African Writing”, na aanleiding van 'n gesprek tussen Rosemund J. Handler en Finuala Dowling by die Kaapse Boekefees van daardie jaar. Handler (2006) het dit oor die posisie van die vroulike skrywer in die Suid-Afrikaanse boekbedryf, veral as dit by mediapraktyke en -blootstelling kom: “I would venture to suggest that [... m]ale writers are taken as Serious Writers. They win the prizes and are accorded, in some cases, an almost sycophantic respect by the media.” Uit haar betoog is daar dan ook 'n reeks vrae rondom veral resensies wat sy graag tot debat wil laat lei:

How does the media space devoted to women's writing compare with that devoted to men?; How do reviewers select which books to review from the slew of them they receive each week? Are they randomly allocated to a shortlist of reviewers? How does this process influence the quality and bias of the review?; Following on from the above question: Do women reviewers review more fiction than non-fiction, and vice versa for male reviewers?; Is there any effort on behalf of the media to ensure that an arm's length relationship exists between the reviewer and the writer whose work is being reviewed?; How constructive – or destructive – is reviewing in this country? Do reviewers frequently have an axe to grind? How important is it to write a well-balanced, constructive, thoughtful review? What qualifies a writer to become a reviewer?; Should novels be reviewed by other novelists?; Is a new writer who is well known in some other field automatically accorded a much greater slice of the media pie – and taken more seriously – than a new writer who isn't well known in another field?; Do reviews influence retail book buyers and librarians, or help to sell books? Do good reviews sell more books and bad reviews fewer? (Handler, 2006).

Die debat neem egter eie koers in en gemengde reaksies (ook oor ander probleme in die bedryf, en persoonlike ervaringe) word toegevoeg met min steun vir Handler se probleme met genderkwessies. Sole (2006) verwys wel in sy bydrae na die teenwoordigheid van “the heavy hand of our white, male, middle-class past and terms of reference”, maar meen dat daar steeds nuwe hiërargieë deur nuwe rolspelers in die sisteem geskep word

en dat die genderkwessie nie eensydig is nie. Daar is volgens hom voorbeelde van onder meer digdebute deur vroue waar blootstelling in die media erg verwronge en oneweredig is: “[R]ecently three woman [sic] poets whose skill is beyond doubt have been newly published in our literature: Gabeba Baderoon, Lebo Mashile and Makhosazana Xaba. Why, then, has the amount of exposure and coverage received by Xaba been tiny when compared with that of the other two?”

Kwessies rondom resensering word wel deeglik bespreek, hoewel die fokus op Engelse literatuur is, met ’n enkele mening oor die Afrikaanse bedryf deur Joan Hambidge (2006). Daar word ook kommentaar gelewer op die afwesigheid van bespreking oor kwessies betreffende die Afrikaanse boekbedryf en internasionale vertalings soos dit deur Isobel Dixon (2006) opgehaal word. Baderoon (2006) benadruk egter ook die rol wat resensies in die sigbaarheid van ’n publikasie speel: “Regular, well-written reviews increase the number of times books are seen, discussed, talked about, bought and, most importantly of all, read. [...] We need more reviews, but also good ones, by which I mean substantial engagements with the books, graceful writing and bracing truth-telling.” Volgens Henrietta Rose-Innes (2006) is daar ’n ernstige probleem met literêre kritiek in die sin dat daar nie krities genoeg na tekste gekyk word nie. Haar mening is dat te veel boeke van swak gehalte aangeprys word (’n tendens in veral die internasionale media) en literêre waarde so in die slag bly. Sy meen:

Some say that bad books should simply not be reviewed at all, that attention should be given only to worthwhile material; that readers have no time to read about books they shouldn't bother to buy. But these days, with such an array of local books to choose from, and increasing media attention given to certain authors, the book-buying public wants guidance. We need an informed view from outside the publishing establishment and its PR efforts. Reviewers can celebrate great writing, giving deserving authors the attention they need; but they can also deflate hype and help us avoid disappointment. And, importantly, forthright reviewing can raise the standard of writing across the board (Rose-Innes, 2006).

Volgens Rose-Innes (2006) is die rede hiervoor die onderliggende verbande en netwerke wat die boekbedryf nie distansieer van die skryfbedryf, uitgewersbedryf en mediabedryf nie. “Some of our most perceptive critics are also writers, or have writerly aspirations, and writers often get called in to write the odd review.” Vir Heyns (2006) is die grootste probleem objektiwiteit en die mededinging met groot name en sterstatus: “[W]riting is a generally underpaid off-shoot of show business, and show business has never been fair, because its values are commercial. Dan Brown is a rotten writer, and JK Rowling is only so-so; if fairness had anything to do with it, they would not be the multi-millionaires that they are.”

2.1 Openbare debatte met betrekking tot die Afrikaanse letterkunde

Debate rondom resensering van Afrikaanse tekste sluit in die repliek op Allan Boesak se digbundel ... *tot sterwens toe* (2001) deur H.J. Pieterse (2001:11); tussen Dan Roodt en André P. Brink oor eersgenoemde se resensie van *Anderkant die stilte* (2002) (Roodt, 2002:5); Joan Hambidge (2007a:13) se resensie van Emile Joubert se *Kouefront* (2007); Van Coller (2008:8a) se repliek op Kannemeyer se biografie van Etienne Leroux (*Leroux: 'n Lewe*, 2008); Charl-Pierre Naudé (2008d) se kommentaar op Hambidge se resensies van Ronelda S. Kamfer se debuutbundel *Noudat slapende honde* (2008); en die debat wat in Oktober–November 2008 oor resensies ontstaan het ná Leti Kleyn en ander se repliek op Naudé (2008a:18) se resensie van Ilse van Staden se tweede digbundel *fluisterklip* (2008) wat in *Rapport* verskyn het. In al hierdie debatte kom die verwagtinge van die resensent en die resensiepraktyke weer ter sprake.

Die jaar 2008 is daadwerklik ook die jaar van gesprek, polemieke en kommer wat betref die resensiebedryf, en twee openbare gesprekke word oor die stand van resensies by Aardklop se Boeke-oase en Versindaba gehou, met deelname deur onder meer Rachelle Greeff, Jeanette Ferreira, Melt Myburg, Francois Smith, Leon de Kock en Maritha Snyman. Naudé (2008b:10–11) kom na afloop van die gesprek by Aardklop tot die gevolgtrekking dat “die algemene gevoel was dat resensiekunde in Suid-Afrika groot probleme ondervind. Die gehalte, die etiek wat betref resensiekunde en die gebrekkige instandhouding van 'n openbare intellektuele sfeer in die media, het aan die bod gekom [... en daar was] oënskynlike konsensus dat hierdie resensent intellektuele en etiese gesag lankal ingeboet het”.

2.2 Probleme met resensies wat in openbare debatte na vore kom

Dié bogenoemde openbare debatte is voorafgegaan deur kommer oor die situasie in die Afrikaanse letterkunde wat in die media uitgespreek is. In Mei 2008 verskyn 'n artikel oor die rol van kunskritici deur Madeleine Barnard (2008:3) in *Rapport* – “Die kritici se stemme word dun” – waarin sy kwellinge uitspreek oor kritici se rol wat tot gematigdheid verval het, resensente wat nie langer meer eerlike menings uitspreek nie en boekeredakteurs se gebruik van resensente wat gebrekkige kundigheid in die veld openbaar. Later in dieselfde jaar verwys die boekeredakteur van *Rapport*, Rachelle Greeff, ook na probleme met boeke wat glad nie geresenseer word nie, of baie lank na publikasie eers geresenseer word weens onder meer beperkte koerantspasie (Greeff aangehaal in Nieuwoudt, 2008:4).

In kort kan die strekking van die knelpunte in dié debat en wat in hierdie hoofstuk aandag sal geniet, opgesom word as

- algemene probleme in die resensiebedryf (Naudé, 2008b:10–11);
- probleme met resensente wat spertye minag (Naudé, 2008b:10–11);

- onetiese gedrag van resensente (Burger, 2008c:9; Naudé, 2008b:10–11, 2008d);
- onverantwoordelike optrede van boekeredakteurs (Breytenbach, 2008:2; Burger, 2008c:9; Naudé, 2008b:10–11);
- onverantwoordelike gedrag van resensente (Hambidge, 2008e:9; Kleyn, 2008b:8–9; Naudé, 2008:10–11);
- die nagevolge wat negatiewe kritiek op die boekbedryf het (Kleyn, 2008b:8–9; Raper, 2008:10);
- die belang van resensiepolemie vir die dagbladleser (Snyman, 2008:13);
- intellektuele vervlakking en elitisme (Burger, 2008d:11; Naudé, 2008c; Rossouw, 2008:10);
- probleme met 'n Suid-Afrikaanse leeskultuur (Snyman, 2008:13);
- subjektiwiteit versus objektiwiteit (Raper, 2008:10; Odendaal, 2008);
- resensering en kanoniserings (Hambidge, 2008c; Raper, 2008: 10);
- beperkte spasie in die gedrukte media (Burger, 2008b:9; Naudé, 2008b:10–11);
- toegang tot openbare forums vir terugvoer en debat (Hambidge, 2008e:9);
- die rol van buitelandse resensente (Hambidge, 2008e:9; Kleyn, 2008b:8–9);
- swak vergoeding vir en swak gehalte van resensies (Naudé, 2008b:10–11); en
- verdagmaking van kritici (Hambidge, 2008d, 2008g, 2008e; Naudé, 2008b:10–11; Wierenga, 2008) wat die resensent se funksie tot 'n “ondankbare beroep” verkleineer (Du Preez, 2002:16).

2.3 Die groter debat

Debate en polemieke rondom resensies is nie tot die Suid-Afrikaanse of Afrikaanse boekbedryf beperk nie. Publikasies in die Verenigde State van Amerika (*The Plight of Book Reviewing in America* (2007) deur Gail Pool) en Brittanje (*The Death of the Critic* (2007) deur Rónán McDonald) bevat ook menings oor die rol van kritici, soos dit voorkom in die skrywes van onder meer Paul Baumann (uitvoerende redakteur van *Commonweal*, 2006), Dwight Garner (in die *New York Times* se gespreksforum *Media Circus*, 2008), Kevin Berger (uitvoerende redakteur van *San Francisco*, 2001), Rachel Cook (in die *Observer*, Shameless [skuilnaam], 2006) en op verskeie blogs.

Op een so 'n blog lê die joernalis Shameless [skuilnaam] (2006) probleme in die resensiebedryf bloot, met verwysing na resensente se verhoudings met uitgewers wat ten doel het om positiewe resensies vir hulle publikasies te verseker; beperkte reg en seggenskap het oor die finale oordeel wat die boekeredakteur aan die publiek voorhou omdat dit aangepas word na gelang van die verhouding tussen die koerant en die uitgewershuis; boekeredakteurs wat aandrang op positiewe resensies; positiewe resensies vir die doeleindes om eksklusiewe onderhoude met skrywers toegestaan te kry of te verseker dat uitgewers voortdurend in 'n bepaalde koerant adverteer; die geen-advertensies-geen-resensie-verhouding; doelbewuste ooreenstemming of verskille in menings na gelang van die mededingers in die koerantbedryf se boekeblaaie en/of positiewe resensies vir diegene wat aktief in die mediabedryf is/werk.

Probleme in die Afrikaanse boekbedryf sluit aan by hierdie internasionale tendense, maar verskil ook in 'n groot mate daarvan. Die voor die hand liggendste verskil is dat Suid-Afrikaanse koerante en tydskrifte se boekeblaaie nie gefinansier word deur uitgewersadvertensies nie, maar die grootste Afrikaanse uitgewershuis (NB-Uitgewers) is wel deel van die Media24-groep wat weer die grootste aandeel in die Afrikaanse dag-, en weekblad-, sowel as tydskrifmark besit – dus die magtigste rolspeler.

3. RESENSIEPRAKTYKE (DAG- EN WEEKBLAAIE)

Resensiepraktyke in dag- en weekblaaie met betrekking tot die Afrikaanse letterkunde is onder meer: formele en informele boekaan kondigings, formele en informele boekbesprekings, onderhoude met skrywers, nuusberigte oor boeke (bv. pryse, sterftes, besondere verkope, ens.) en uittreksels uit boeke. “Dagblaaie is boektentoonstellings,” meen Hambidge (2008g). Sy waarsku egter dat hierdie aankondigings en mediablootstelling soms ook (doelbewus) misleidend kan wees om byvoorbeeld 'n valse waardeoordeel te vestig (Hambidge, 2008c).

Volgens Wasserman (2002) is resensering in dag- en weekblaaie deel van die joernalistieke veld deurdat kunskritiek 'n onderafdeling van kunsjoernalistiek is. Om hierdie rede, meen hy, is dit dan ook belangrik dat resensente in openbare belang optree, soos dit in die joernalistiek verwag word (Wasserman 2002:4). De Moor (1993:25–26) benadruk dié standpunt: “Toch is het redelijk dat van de recensent gevraagd wordt dat hij zich, wanneer hij meewerkt aan een journalistiek produkt, ook joernalistiek opstelt, dat wil zeggen: meedenkt over de verkoopbaarheid van dat produkt. Hij behoeft dan geen concessies te doen op het gebied van oordeel en argumentatie, maar zal zich in zijn stijl wel eens moeten aanpassen.”

Koerantjoernaliste se toetrede tot die boekeblaaie het bygedra tot ongelukkigheid

in die Suid-Afrikaanse bedryf. Joernaliste word vir boekresensies gebruik eerder as die tradisionele literêre kenners aan te wend by die beoordeling van boeke (kyk ook Boggom en Voertsek [skuilnaam], 2008).

Die verwagting is dat dag- en weekbladresensies 'n waardeoordeel oor die boek sal uitspreek: “Als de criticus geen oordeel uitspreekt schrijft hij geen recensie maar een toelichting” (De Moor, 1993:45). As daar geen waardeoordeel uitgespreek word nie, voldoen die resensie nie aan die eise wat gestel word aan die literêre kritiek nie. “[O]ordeel’ [...] dát onderscheidt de kunstrecensie wezenlijk van joernalistieke verslaggeving” (De Moor, 1993:23). Ook Hambidge (2008g) meen dit is nie die resensent se verantwoordelikheid om bemarking vir die boek te hanteer nie, en dat dit 'n onredelike verwagting van die uitgewer sou wees.

Gabriël Botma (2002:4) meen “[d]ie persepsie dat resensente die kunste onregstreeks moet ‘dien’ deur ‘kunstenaars te bevorder’ is verkeerd. Koerante, soos kunste oor die algemeen deesdae, is deel van die private sektor, en onderworpe aan markkragte en winsgrense. Koerante skryf wat hulle dink lesers wil weet, en in sommige gevalle wat hulle dink die lesers behoort te weet.” Chutney de Ridder (2002:7) weer meen dat die verband tussen geleerde opinies en verkope nie noodwendig bewys kan word nie – waarmee hy natuurlik impliseer dat die kopersmark nie beïnvloed word deur kritiese openbare opinies wat uitgespreek word nie (kyk afdeling 5.1).

Mediablotstelling is egter belangrik vir boeke, en dit dien wel as 'n belangrike vorm van bemarking tussen hope ander produkte van dieselfde aard: “Er zijn is gezien worden en als men niet gezien wordt, bestaat men op korte termijn niet meer” (De Moor, 1993:42). Of, soos *Die Burger* se vroeëre boekeredakteur die situasie beskryf: “Resensente kan die aandag vestig op goeie boeke wat andersins onopgemerk sou bly” (Brand, 2007:11). Hierdie bemarkingsfunksie is vinnig deur koerante raakgesien, en in 2001 reeds het *Beeld* (en ander dagblaaie) met kalahari.com begin saamwerk om boeke direk van die koerant se webblad af te koop (*Beeld*, 2001:5).

Lesersbehoefte is ook belangrik. “[R]esensies is daar om as 'n barometer te dien. Jy [...] wil graag jou mening toets aan dié van die resensent. Dit is deel van die groot genieting van ons kunstebelewenis” (Meiring, 2002:4). Ook Myburg (2008b) verwys na die invloed wat resensies op lesers het: “Lesers [gebruik] resensies as riglyne [...] wanneer hulle besluit of hulle 'n boek gaan koop of nie.”¹⁴

¹⁴ Kyk ook hoofstuk 9, afdeling 5 betreffende leeskringte en die gebruik van resensies by die keuses van geskikte leesmateriaal.

4. DIE TAAK VAN DIE RESENSENT

Literêre belanghebbendes dig heelwat aan 'n resensie toe. Rachelle Greeff verwys na resensies as die “sleutel wat die boek vir die leser moet oopsluit” (Greeff, aangehaal in Nieuwoudt, 2008:4); “invitations to reading, and to something more,” verduidelik Baumann (2006); leidinggewers aan die leser oor wat om te koop (Volschenk aangehaal in Kleyn, 2008b:8–9); “die fyn, fyn net van teef” (Hambidge aangehaal in Van Zyl, 2002:15); want “[die resesent] probeerde de confrontatie onder woorden te brengen van persoonlikheden, die van de lezer met die van de schrijver” (De Moor, 1993:15). Van Coller (1984:1, my kursivering) verwys na resesente as gevorderde lesers:

Lesers kan vandag in twee kategorieë verdeel word, nl. *passiewe lesers* wat hulle leeservaring nie openbaar maak nie, en sg. *aktiewe lesers* wat hulle resepsie wel verwoord. Die laaste groep word weer verdeel in *produktiewe lesers* en *reproducerende lesers* [...] [aktiewe lesers] interesseer ons juis omdat hulle hul resepsies verwoord in die vorm van wetenskaplike analises, voordragte en resensies [...] [en hulle kan] goedsikks gelykgestel word aan literêre kritici.

Verder onderskei Van Coller dan tussen *respondeerders* (evalueerders): “persone wat onmiddellik reageer op 'n literêre werk en sodanige reaksie verwoord in resensies en besprekings onderhewig aan tyd- en ruimtebeperkings” en *eksegete* (analiseerders en interpreteerders): “persone wat vanweë groter tyd- en ruimtelike vryheid die literêre werke analiseer en bespreek in groter besonderhede en ná verloop van tyd”.

Hambidge verduidelik: “Die boekbedryf kan nie bestaan sonder kritiese lesers of resesente nie. Nie alleen is dit vir die skrywers en uitgewers van nut nie, maar dikwels is dit vir navorsers belangrike prikkels vir verdere navorsing” (Hambidge, 2008b:13). Die ideale situasie is een waar lesers die bundel lees en dan “vergelyk, teen wat hulle in resensies lees. 'n Resensie is nie 'n finale oordeel of doodsvonnis nie. 'n Resensie is die eerste mening van 'n belese en hopelik ingeligte persoon [...] partykeer 'n tweede mening wat gekritiseer kan word” (Hambidge, 2008e:9). Maar, resensies vervul ook 'n ander rol: “resensies help besluit wat om te koop,” verduidelik Boshoff (2008).

Daar heers egter 'n persepsie dat min mense resensies lees, en waarskynlik nog minder mense die boeke lees waaroor die resensies handel. Daar was byvoorbeeld weinig reaksie deur die algemene publiek op die ses weke lange resensiedebat wat in 2008 in *By* gewoed het. Die meningstukke is ook op *Die Burger* se boekblog geplaas, maar het geen kommentaar uitgelok nie. Dit laat die vraag ontstaan of daar werklik nog 'n nut vir literêre kritiek is.

Segers (1990:230) is van mening dat dit nie so eenvoudig is om die literatuurkritiek (of tekort daaraan) net te aanvaar nie. Inderwaarheid, meen hy, moet die ondersoek na maatskaplike relevansie van literatuur en literatuurkritiek nog begin:

[D]e literatuurkritiek [is] in onze tijd de belangrijkste gesprekspartner met het 'groter publiek' [...] In een tijd waarin de literatuurwetenschap zich (te sterk) teruggetrokken heeft binne de academiese muren, is het de literatuurkritiek die zorg moet dragen voor de verbinding van de literatuur met het publiek. Althans, dat is de gebruikelijke opvatting. Of dat inderdaad nog het geval is, daarover is in feite weinig bekend.

In die Suid-Afrikaanse literatuur is dit duidelik dat min lesers by literêre gesprekke baat en die algemene mening is dat resensies nie verstaanbaar is of tot die gewone dagblad-leser spreek nie (Labuschagne, 2008:2). Literêre kritiek is veral vir algemene lesers problematies omdat die menings wat betref waardeoordele so uiteenlopend is. Segers (1990:231) meen die argument met betrekking tot uitleenlopende menings geld ook vir die resensent se uiteenlopende menings oor verskillende boeke. Odendaal (2008) voer aan:

Soos alle "ingeligte" lesers word resensente onvermydelik beïnvloed deur kodes of interpretasieëls wat in hulle bepaalde omstandighede die skryf en lees [...] domineer, of hulle die dominante sienings deel of nie. [...] Sulke kodes is van groot belang in literêre kommunikasie, want indien skrywer en lesers nie (grootliks) dieselfde kodes deel nie, sal die poging om die vergestalte "bedoeling" in die teks te agterhaal, nie kan slaag nie.

Die taak van die resensent hou dus verband met die publiek, die medium waarvoor hy werk én die kunstprodusent (De Moor, 1993:23).

Maar wat verwag die publiek? De Moor (1993:23–24) voer aan dat die publiek op soek is na 'n mening wat bepaal of dit die moeite werd is om die boek te koop en daarmee saam ook omskrywing en beoordeling van die werk. Belangstellendes moet kan kennis neem van gepubliseerde werke wat in die handel beskikbaar is. "Wanneer je als recensent niet nieuwsgierig bent naar hoe het kunstwerk en de wereld waartoe het behoort in elkaar zitten, mis je een voor de criticus wezenlijke eigenschap [...] [Resensente moet 'n teks kan skryf] die voor een publiek van niet-vakgenoten alleszins leesbaar is," voer De Moor (1993:14, 25) aan.

Boekresensies in dag- en weekblaaie is een moontlikheid omdat "[d]agblad-resensies of boekbesprekings in glanstydskrifte [...] slegs een deel van literêre kritiek vorm. Die besprekings van boeke in vaktydskrifte (soos *Tydskrif vir Letterkunde*, *Stilet*, *Literator*, *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, e.a.), waar deeglik gemotiveerde besprekings van boeke kan voorkom, word dikwels vergeet as uitlatings oor 'die stand van kritiek' gemaak word" (Burger, 2008c:9), 'n mening wat deur Stassen (aangehaal in Kleyn, 2008b:8–9) ondersteun word as hy meen dat die peil van akademiese kritiek veel hoër is as dié van dag- en weekbladkritiek. 'n Positiewe uitkoms dus vir die aktiewe lesers, maar 'n ontoeganklike medium vir die breë publiek wat nie toegang tot hierdie akademiese resensies het nie.

5. KNELPUNTE IN DIE RESENSIEBEDRYF

5.1 Bemarkingswaarde en verkope

“Om boeke te maak, verg bloed en sweet en *guts* en derms en risiko’s en geld en baie, baie harde werk, want dit is ’n uitgebreide en moeilike proses vir ’n uitgewer en redakteur om met die poësie om te gaan,” meen Volschenk (aangehaal in Kleyn, 2008b:8–9) na die verskyning van Naudé (2008a:18) se resensie van Ilse van Staden se *fluisterklip*. Veral, omdat sy meen, die verkope van Afrikaanse digbundels reeds so karig is, en uitgewers ’n berekende “foutiewe” besluit neem om hoegenaamd nog in hierdie genre te publiseer.

Stassen (aangehaal in Kleyn, 2008b:8–9) voel sterk daaroor dat ’n negatiewe resensie die verkope van ’n boek kan raak. Resensies speel veral ’n rol in volhoubare publikasie van ’n outeursoeuvre: “Die uitgewer kan nog aan verkope inboet, maar die skrywer kan onder die kritiek vou.” Verdaasdonk (1987:239–240) verwys na veral debutante wat aan mediablootstelling inboet, en vir wie die blootstelling deur ’n resensie van groot waarde is: “As a rule, new titles by beginning authors will not obtain a great deal of attention from literary reviewers.”

Kan ’n resensie negatiewe invloed hê op die verkope en die skrywer se loopbaan? Nee, meen Hambidge (2008g): “’n Bespreking is niks meer, niks minder as ’n eerste reaksie nie. Dit is nie op kliptafels geskryf nie en geen resensent kan ’n boek of ’n skrywer doodmaak nie.” Maar, Van Coller (aangehaal in Kleyn, 2008b:8–9) voel anders: “Wat onderskat word, is hoe so ’n negatiewe en afbrekende resensie skrywers muilband en selfs vir ewig tot swye kan dwing. Mense kan dalk redeneer dat die letterkunde baat vind by die swye van ’n slegte skrywer, maar daar is ook oorvloedige bewys dat swak werke dikwels opgevolg word met beter werke.”

Net soos die resensent se werk nie vervlak kan word tot bemarker vir die uitgewershuis nie, kan daar ook nie van hom/haar verwag word om swak werke in genres wat swak verkoop (soos Afrikaanse poësie) voor die voet aan te prys nie.¹⁵

Dit is egter nie net die status van die skrywer wat die aantal resensies bepaal nie. Verdaasdonk (1987:239–240) meen ook dat faktore soos genre, taal, prys en uitgewerstatus ’n rol speel by die “bemarkbaarheid” en sigbaarheid van ’n titel in die media. Hoewel dit ’n ongewone praktyk vir veral uitgewers is om op resensies te reageer, is daar wel voorbeelde hiervan. Stassen meen dat hy minstens een keer al weens onregverdig kritiek en foutiewe aannames genoodsaak was om op ’n resensie te reageer omdat sy uitgewershuis se reputasie hierdeur in die gedrang gebring is (Stassen, 2008).

¹⁵ Kyk die menings van Naudé, Hambidge, Odendaal, Van Coller (aangehaal in Kleyn, 2008b:8–9).

5.2 Beperkte spasie

Naudé (2008b:10–11) en andere verwys na die beperkte ruimte wat koerante aan die resensering van boeke afstaan. Die rede hiervoor is dat die mediamaatkappye nuuswaardigheid nodig het om die verkoopsyfers op te stoot. “Vandag word die tradisionele media se benadering geraak deur verskeie ander faktore, kunsblaaie krimp en krimp ten gunste van daardie redaksionele kopie wat kan help om meer advertensies te werf. Gevolglik word resensies al hoe korter” (Barnard, 2008:3). Ook Segers sluit hierby aan: “The literary review is the result of a specific reading process which attempts to cover newly published texts as pieces of news, worthy of reader consideration and attention in competition with such things as the fire next door, the earthquake in San Francisco or the deconstruction of the wall in East-Berlin” (Segers, 1991:125). Boeke en literatuur ding dus mee om bladspasie, en korter resensies bring beperkinge vir die resensent mee.

Willie Burger (2008c:9) verwys na John Updike se raad om minstens een lang aanhaling uit die boek in ’n resensie te gebruik. Sodoende kan die leser self ’n mening oor die boek vorm. “In ons dagbladresensies sien ’n mens selde lang aanhalings, juis omdat streng lengtebeperkings gestel word. As jy 300 woorde uit ’n roman sou aanhaal sodat die leser ’n indruk van die styl kan kry, het jy al byna die helfte van jou ruimte ongebruik” – en ruimte is iets wat die resensent nie het nie.

Uit Segers se navorsing (1990:237) is dit duidelik dat daar ’n direkte verband tussen die lengte van die resensie en die positiewe of negatiewe resepsie deur lesers daarvan bestaan. ’n Goeie resensie gaan gepaard met meer spasie. Die minimum lengte van ’n goeie resensie in Segers se navorsing was 1 035 woorde, en in sy steekproef is geen resensie onder hierdie woordtelling uitgesonder as ’n goeie resensie nie, met ander woorde een wat voldoen aan die vereistes vir ’n goeie resensie. Hoewel daar ook voorbeelde is van langer resensies wat as swak bestempel is, was daar geen korter resensies wat as goed bestempel is nie.

’n Ander knelpunt rondom beperkte ruimte is die hoeveelheid visuele materiaal wat boekeblaaie aanbied. Soms verskyn reusefoto’s van die outeur of boekomslag – groot genoeg vir nog ’n boekbespreking. So is in *Boeke-Rapport* byvoorbeeld twee bladsye aan vollengte foto’s en beskrywings van die redakteurspaar afgestaan (Greeff, 2009; Marais, 2009).

5.3 Negatiewe resensiekoppe

Hoofopskrifte van resensies behoort volgens Pieterse (1992:140–141) die kern van die bespreking te weerspieël. Koppe kan hoofsaaklik in drie kategorieë verdeel word: positief, negatief, en informatief (die doel van die resensie is om algemene inligting oor

die inhoud of die outeur te verskaf). “Dit is bekend dat boekebladredakteurs van ’n dagblad dikwels self besluit wat die opskrif van ’n bespreking/resensie moet wees en dat die finale gepubliseerde opskrif nie noodwendig dié van die resensent is nie” (Pieterse, 1992:140). Koppe oor die inhoud en aard is soms misleidend, en lesers vermy resensies met negatiewe koppe omdat hulle reeds ’n opinie oor die boek gevorm het. “Dit is eenmaal ’n feit dat slegte nuus beter as goeie nuus verkoop. As daar tien goeie dinge en een slegte ding oor ’n boek in ’n resensie geskryf word, sal jy daai een slegte ding in die kop van die resensie kry” (Stassen aangehaal in Kleyn, 2008b:8–9).

Dit blyk volgens die kommentaar op *LitNet* dat lesers deur koppe beïnvloed word. Hulle skenk aandag aan die koppe en wil daar reeds weet watter tipe boek dit is, tot watter genre dit behoort (Jansen van Nieuwenhuizen, 2008), of die resensie positief of negatief gaan wees en watter tema ter sprake is. Só besluit die leser of hy die resensie wil lees of nie (Smuts, 2008; kyk ook afdeling 7.3 in hierdie hoofstuk).

5.4 Literêre betrokkenheid van kritici

Dit blyk dat die gebrek aan belangstelling rondom die resensiepolemieë nie tot die publiek alleen beperk is nie. Hambidge (2008e:9) meen “[k]ritici wil dikwels nie resenseer nie, omdat hulle nie die gevolge van ’n eerlike mening wil en kan dra nie. Die eindelose verdagmakery, die stoornis van jou psigiese ruimte en die herhaling van dieselfde ou holruggeryde [sic] verwyte wat al sedert 1945, toe W.E.G. Louw hieroor in *Standpunte* geskryf het, met ons is”. Naudé (2008b:10–11) verwys soos volg na die onbetrokke houding van akademië en kritici teenoor die huidige situasie van veral wanpraktyke wat hoogty vier: “Wie het hierdie situasie laat gebeur? Elke kultuuragent, élkeen van julle wat dit weet en nog nooit kapsie in die openbaar gemaak het nie. Wie dink julle moet dit vir julle doen?”

Tydens die polemieë rondom resensies in 2008 word die probleem rakende die gebruik van internasionale skrywers as resensente deur Hambidge (reaksie op Naudé, 2008b:10–11) en Johann Lodewyk Marais (Kleyn, 2008b:8–9) geopper. Marais meen dat buitelandse resensente nie noodwendig genoegsame kennis van die Afrikaanse literêre konteks dra nie, en die literêre waardesisteem dan onregverdig beïnvloed: “Daar is ’n groot ophef oor resensente se kennis van buitelandse skrywers, maar daar móét ook kennis gedra word van die Afrikaanse poësietradisie. Anders gebeur dit dat digters te maklik oorskakel of onderskat word.” Ook Hambidge spreek haar krities uit oor die posisie van die buitelandse resensent in die literêre sisteem: “As dit van die buiteland kom, is ’n resensie mos altyd ‘gemotiveer’, ‘insigryk’, ‘oorwoë’.”¹⁶

¹⁶ Dit is egter nie net in die resensiekunde waar die bydraes van internasionale skrywers en kritici met vraagtekens bejeën word nie. Die verskyning van Komrij se bloemlesing van die Afrikaanse poësie, sowel as Alfred Schaffer se opname in ’n bundel vir Afrikaanse digters het kritiese vrae tot gevolg gehad (kyk hoofstuk 7 m.b.t. bloemlesings).

5.5 Subjektiewe resensies

“Daar is nie iets soos ’n objektiewe resensie nie,” skryf Hambidge (2008g). “’n Mens skryf altyd uit jou verwysingsveld, jou lewensuitkyk, jou persoonlike filosofie, jou liefde vir boeke, jou weersin in baantjies vir boeties en koekies vir sustertjies, of wat ook al” (Hambidge, 2008g). Of, soos John Berger (aangehaal in De Moor, 1993:13) skryf: “De manier waarop wij de dingen zien, wordt beïnvloed door wat wij weten of geloven”. Ook Wasserman (2002:4) spreek hom hieroor uit: “Resensente, net soos ander joernaliste, sal nooit volledig objektief kan wees nie. Die skryf van resensies (anders as byvoorbeeld nuusberigte) is wel ’n joernalistieke genre waarin waarde-oordeel aanvaar en verwag word.” Ook Odendaal (2008; oorspronklike kursivering) wys op die probleem van subjektiewe menings:

Die “objek” van sy [die resesent se] aandag – dit wat in die oorspronklike sin van die woord “objektiwiteit” bepaal – behoort in die eerste plek die téks voor hom te wees. Nie die sender (die digter met wie hy byvoorbeeld ’n byltjie te slyp het) nie. Nie ’n aspek van die konteks (byvoorbeeld een of ander sosiopolitieke aangeleentheid wat die resesent in die letterkunde weerspieël wil sien) nie. Nie stilistiese of vormlike of beskouwlike aspekte waaraan die resesent voorkeur gee of waarvan hy afkerig staan nie. Die bepaalde boek (boodskap) staan sentraal [...] Objektiwiteit in interpretasie en resensering, moet ’n mens dus weer beklemtoon, is eerder ’n strewe as ’n feit. Etiek vereis dat dit as norm gerespekteer word. Daarom moet die feit dat resensies “voorlopig” is, dat dit “’n eerste mening” of “’n vroeë indruk” verteenwoordig, nie méér word as ’n beskrywing van ’n helaas onvermydelike stand van sake nie. Dit mag nie ’n *verskoning* word om nie deeglik, onder andere strewend na objektiwiteit, te lees nie. Heel dikwels is resensies die enigste openbare kritiek van noemenswaardige diepte en omvang wat ooit oor ’n literêre werk gelewer sal word.

Burger (2008c:9) wys op die nagevolge vir die literêre kritiek as swak boeke ongemotiveerde positiewe kommentaar uitlok. “Rumoerigheid oor die stand van resensies ontstaan gewoonlik as ’n skrywer (of vriende van die skrywer of die uitgewers) voel sy/haar boek is op onbillike wyse negatief geresenseer. Gewoonlik is daar veel minder rumoer as ’n boek onverdiend in resensies geloof word. Tog is onverdiende lofsange waarskynlik skadeliker vir die stand van literêre kritiek.”

5.6 Wie mag resenseer?

Wie as resesent mag optree, is ’n verdere gevoeligheid in die bedryf. Of die jeugboekskrywer die beste resesent van jeugboeke sal wees, die digter van digbundels, is ’n vraag wat alom probleme gee:

[Die resesent werk] aktief mee om betekenis tot stand te bring, [en hy] probeer [...] agter die “bedoeling” met die kunswerk te kom (al is so ’n denkbeeld al die “intentional fallacy” genoem). Trouens, hy word, waar dit om poësie gaan, ’n soort mededigter-aan-die-ontvangkant om die bedoelde boodskap met die bundel te verwerklik – vir sover so iets bestaan en rekonstrueerbaar is. Om dit daarna te

kan beskryf en die bepaalde werk in terme van die geslaagde en funksionele samehang, al dan nie, tussen die verskillende aspekte daarvan te beoordeel. (Vandaar die mening wat al gelug is dat digters waarskynlik die beste poësie-resensente sal wees?) (Odendaal, 2008).

Selde word lees- en/of letterkundiges gebruik om kinder- en jeugboekresensies te skryf. Du Plessis (2009a) vind dit problematies dat dit op hierdie terrein aanvaarbaar is vir een jeugskrywer om 'n ander jeugskrywer se werk te resenseer – soos dit blyk die norm te wees. Ook dui Piet Grobler (in 'n onderhoud met Nicolene Heyns, 2008:62) aan: “Prenteboeke word byvoorbeeld dikwels geresenseer deur iemand met weinig formele kennis op die gebied. Ouerskap kwalifiseer nie 'n joernalis as 'n prenteboekresensent nie!”

6. VERWAGTINGE VAN GOEIE RESENSIES EN BILLIKE RESENSENTE

Dit lyk asof die algemene opinie bestaan dat resensente, soos ook gewone lesers, geregtig is op 'n opinie maar dat daar ook sekere verwagtinge aan resensente gestel word (kyk o.m. Bloemhof, 2001b:12, 2001c:12). Argumente wat ten gunste van die literatuurkritiek aangebied word, word deur De Moor (1993:46–49) as ses vorme van argumente by die skryf van resensies aangewend: (i) mimetiese argumente (argumente wat die verband tussen die kunsobjek en die werklikheid uitlig); (ii) emosionele argumente (argumente vir waardering); (iii) morele argumente (argumente wat grootliks na die inhoud eerder as die vorm verwys, bewonder of oordeel); (iv) strukturele argumente (eenheid, hoe word eenheid bewerkstellig, kwaliteit van die vorm, ens.); (v) institusionele argumente (het te doen met die kunstenaar self); (vi) vernuwing- en tradisie-argumente (oorspronklikheid). “The aim of all commentary on art now should be to make works of art – and, by analogy, our own experience – more, rather than less real to us. The function of criticism should be to show *how* it is what it is, even that it is what it is, rather than to show what it means,” verduidelik Sontag (1964:14; oorspronklike kursivering).

In Segers (1994:234) se navorsing oor lesers se oordeel van suksesvolle resensies word die verwagtinge van die toetsgroep tot 15 elemente gereduseer, wat as belangrik beskou word vir die beoordeling van 'n boek en wat in 'n resensie teenwoordig moet wees. Hierdie 15 elemente kan dan weer verminder word tot vyf oorhoofse verwagtinge wat verband hou met die struktuur, beskrywing, betroubaarheid, sorgvuldigheid en aanbieding van die resensies. Die 15 elemente soos deur Segers gedokumenteer, behels dat 'n maksimum van die volgende elemente teenwoordig sal wees: algemene waardering; knap styl (leesbaarheid); agtergrondinformatie (konteks,

biografiese gegewens, genre-inligting, ens.); interpretasie (tematiek en motiewe); waardeoordeel (ondersteun deur argumente); beskrywing (korrekte weergawe van die inhoud sonder om die afloop weg te gee); informasiewaarde (relevante informasie wat ook die lesers wat reeds bekend is met die titel interessant sal vind); werking (resensie moet leeslus by die leser opwek); interne konsekwentheid (goeie samehang, geen weersprekings, eie standpunt rondom smaak en mening moet duidelik blyk); objektiwiteit (die leser moet die resensent se mening kan vertrou); struktuur (goeie oorgang tussen verskillende onderdele van die resensie sodat die leser weet of die resensie beskryf, oordeel of interpreteer); aanhalings (sodat die leser direk kontak maak met die oorspronklike teks); oorspronklikheid (nie dit waaraan die leser al gewoond is nie); en sorgvuldigheid (noukeurig en met 'n oog vir detail).

Heelwat is al geskryf oor wat lesers van die resensent verwag. Verdaasdonk (1987:238) meen dan ook tereg dat segmentering van die mark vir literatuur 'n ernstige probleem vir resensies inhou omdat die menings en verwagtinge van die lesers so uiteenlopend is.

'n Oorsig van die vereistes en knelpunte wat vir die tydperk 2001–2009 in die media, debatte en op openbare forums uitgespreek word, kan soos volg gekategoriseer en saamgevat word:

- **Die resensent is 'n verskaffer van inligting:** Resensente tree op as rigtingwysers wat lesers help om ingeligte keuses te maak (Burger, 2002b:7); om die leser in te lig oor die gebied waarin hy homself bevind (De Ridder & Wessels, 2002:7) en sodoende die leser te help “om meer genot uit sulke kunswerke te put” (Wasserman, 2002:4) deur tekste toeganklik te maak vir die teikengehoor (Van Zyl, 2002:11).
- **Die styl waarin die resensie geskryf is, is belangrik vir die leser:** 'n Goeie resensie behoort aan die leesbaarheid daarvan gekenmerk te word (Hambidge, 2008d). Dit beteken egter nie die resensie moet onemosioneel wees nie; die resensent moet toeganklik en meevoerend kan skryf (Myburg, 2008a); 'n goeie skryfstyl openbaar en handhaaf (Wip van Rimpel [skuilnaam], 2008); passievol wees oor die taak wat hy onderneem (Van Zyl, 2002:11); kort en kragtig kan opsom vir wie die boek bedoel is en wat die boek se bydrae is (Hambidge, 2008d). Die resensent moet ook kreatiwiteit aan die dag lê (Richter, 2001:14).
- **Die resensent moet kennis dra van sy/haar vakgebied:** 'n Resensent moet ingelig wees en die boek reg kan takseer (Hambidge, 2008d); sy/haar vakkennis met 'n bepaalde boek kan versoen (Myburg, 2008a); en grondige kennis hê van die gebied waarop hy/sy 'n mening waag (De Ridder, 2002:7). Die resensent moet dus oor ingeligte (ook intellektuele) menings beskik; 'n eie verwysingsraamwerk

hê waaruit geput kan word en waaruit goeie argumentering kan spruit (Wasserman, 2002:4).

- **Die resensent behoort direkte kontak met die teks te hê:** Van die resensent word verwag om aanhalings te gee en sodoende aan die leser “’n smakie [te gee] van die styl van die boek, van die ritme” (Burger, 2008a:10), maar ook om stellings wat gemaak word te staaf. Dit sou onredelik wees om só aan te haal dat die konteks verwring word, of aan die leser ’n verwronge beeld van die teks gee.
- **Die resensent behoort gekenmerk te word aan sy/haar belesenheid:** Belesenheid is vir Odendaal (2008) van groot belang. Die resensent behoort uitstekende leesvernuif te openbaar (Van Zyl, 2002:11) en sodoende die rol van die ideale leser aan te neem (Smith, 2002a:11). Hy/sy behoort ook ’n natuurlike aanvoeling vir die produk te hê (Myburg, 2008a), wat weer tot ’n goeie en regverdigte ontleding lei (Richter, 2001:14).
- **Gemotiveerde standpunte/stellings is hier die gemene deler** deur onder meer billike oordeel aan die dag te lê, menings aan die hand van voorbeelde te verwoord (Bloemhof, 2001a:14), geldige en akkurate bewyse uit die aangehaalde teks te lys (Bloemhof, 2001b:12, 2001c:12) en ’n gemotiveerde waardeoordeel binne konteks te kan vel (Van Zyl, 2002:11). Eerlikheid (Richter, 2001:14) en respek (Van Zyl, 2002:11) word vooropgestel. Volgens Viljoen (aangehaal in Kleyn, 2008b:8–9) is een van die belangrikste vereistes van ’n goeie resensie dat die resensent respek sal hê vir die boek wat geresenseer moet word asook vir diegene wat die resensie moet lees.
- **’n Resensie is bloot ’n mening:** Resensies open gesprekke rondom kunswerke, eerder as om ’n finale oordeel te vel (Smith, 2002a:11; Wasserman, 2002:4), hoewel die verwagting ook is dat dit as ’n vorm van geskiedskrywing of “ten minste as verwysingsraamwerk [...] bly voortbestaan” (De Ridder, 2002:7). Hierby sluit Cloete (2002:4) aan as hy meen daar is ’n troos: “[A]s jy ’n geslag ná jou dood oorleef, dan behoort jy daarom alleen gelukkig te wees, en as jy ’n digter was en mense lees jou nog steeds, dan gaan hulle nie eers kyk wat Jan Rap of sy Maat van jou gesê het nie. Hulle gaan jou met skoon oë lees. Hoop maar op hierdie skoon oë, skoongemaak deur die tyd. In die literatuur is die literêre geskiedskrywers die mense wat die gouste geskiedenis word.”

7. SPREEKBEURT VIR DIE BREËR PUBLIEK

Elkeen het ’n reg tot ’n mening, meen Hambidge (2008e:9): “[E]nige resensent of kritikus [kan] reageer op resensies – hier bied *LitNet* ’n oewerlose ruimte vir reaksie. Deesdae

kan lesers ook op *Die Burger* se boekeblog reageer en verskil.” Volgens Hambidge (2008g) is dié situasie dan “juis tekenend van ’n postmoderne era dat almal stemhebbend geword het”. Goeie literêre debatte oor gehalte bestaan egter nog nie in die openbare sfeer nie. Op *LitNet* se brieweblad is daar weinig gesprekke oor sake wat literêr van aard is, vergeleke met sake van die dag wat onder bespreking kom.

Dit mag die geval wees dat forums (soos *LitNet*) ruimte bied aan lesers en die breë publiek om ’n mening uit te spreek, maar in die terugvoer deur literêre kritici is dit steeds duidelik dat die individu se posisie in die literêre sisteem aan hom/haar die nodige status verleen om ’n mening te mag uitspreek wat gewig dra. Na aanleiding van kritiek op Beukes se resensie van die *Versindaba*-bundel (Wip van Rimpel [skuilnaam], 2008), tree Hambidge (2008f) tot Beukes se verdediging toe met ’n herbevestiging van sy akademiese posisie en dus sy reg om kritiek te lewer: “’n Kritikus skryf ’n mening [...] Hy [Beukes] is geregtig op sy mening. Hy skryf vanuit ’n posisie as akademikus/dosent.” Beukes se posisie is dus verhewe bo die van ’n skuilnaam op ’n webblad. “Ons het ’n ongesofistikeerde leespubliek, wat die blote frekwensie van ’n naam in die pers as gesag sal aanvaar pleks van enige gehalte-redenasie, veral as die outeur nog onbekend is – en dit kan weliswaar ’n publikasie sink” (Naudé, 2008b:10–11).

7.1 Veranderende tendense in leesbehoefte

Daar is ernstige probleme met die uitfasering van tradisionele grense. Geld as dryfveer lei nie net tot die verdomming (*dumbing down*) van die media nie, maar ook tot die vervlakking van die kreatiewe dissiplines en hul skepping waarvoor kritici moet skryf (Barnard, 2008:3) of soos Hambidge in dieselfde artikel reageer: “Alles is gelyk aan alles, daar is ’n afbraak tussen hoge kuns en populistiese kuns. Dis amper soos ’n soort omgekeerde snobisme; dat die toeganklike meer aanvaarbaar is as die ernstige.”¹⁷

Of resensies die tipe mag openbaar wat in opstand kan kom teen reuse-bemarkingsfondse en -inisiatiewe, is egter te bevraagteken:

Kunstenaars en die publiek kan ewe maklik die jodie in raak vir ’n resensie (en natuurlik die resensent) wat nie ’n kunswerk of vermaaklikheidsprodukt dieselfde as hulle ervaar of sien nie. [...] Ongelukkig raak die rol van die resensent by die dag belangriker en noodsaakliker in ’n tyd wat *hype* mense se smaak, leefstyl en gewoontes dikteer. Swak of middelmatige rolprente of albums word met oordonderende bemerkingsveldtogte wêreldwyd “verkoop” op só ’n subtiele manier dat die kooppubliek dit reeds as skitterend of goed ervaar voordat dit onder oë of ore geneem is (Burger, 2002:9a).

Du Plooy en Van Schalkwyk (2000:120) meen in hulle oorsig oor resensies in die negentigerjare: “[D]ie klem op die tematiese (en dikwels die aanduiding dat dit gaan oor

¹⁷ Kyk ook hoofstuk 2 m.b.t. die argument rondom Jack Parow en algemene vervlakking, en hoofstuk 5 m.b.t. argumente oor literêre pryse wat aan werke toegeken word wat nie as verdienstig beskou word nie.

'n goeie storie) is deels logies te verklaar uit die feit dat resensies vir die dagbladpers geskryf is. Dit is gerig op 'n leespubliek wat wil weet waaroor 'n boek gaan en nie soseer belangstel of dit goed geskryf is nie.” Boaan die lys van prioriteite moet wees om die publiek in te lig hoe om 'n resensie te lees, meen Naudé (2008:10–11). Dit sal die besef meebring dat 'n resensie nie 'n absolute waarheid is nie, maar bloot ingeligte punte is wat om kontrapunte vra. Hierteenoor meen Snyman (2008:13) dat daar tog indringend gekyk moet word dat hierdie debatte in die breë begin plaasvind: “Het die gewone leser erg hieraan? Skep ons lesers? Maak ons mense lus om boeke te lees en te koop? Wat maak ons met ons poësie en ons letterkunde as niemand meer lees nie? Letterkundiges bekommer hulle nie oor die stand van die publikasiebedryf nie. Hulle verkondig eerder letterkunde en sluit lesers uit die literêre diskoers uit” (Snyman, 2008:13). Johann Lodewyk Marais (2008) verwys na figure soos Elize Botha en Audrey Blignaut wat mense weer lus kon maak om te lees ná 'n resensie of 'n boekbespreking – twee belangrike figure wat intellektueel nie vlak was nie, maar vir lesers kon gee wat *hulle* wil hê.¹⁸ Riana Scheepers (2001:14) voel “sommige resensente druk die oorblywende paar lesers in Afrikaans se leeslus, en die Afrikaanse boek tot in sy kern dood”.

7.2 Bruikbaarheid van resensies vir die breë publiek

Wat is die nut van 'n resensie dan, as die menings so uiteenlopend is? Waarom is resensies belangrik? Sontag (1964:8, oorspronklike kursivering) verduidelik: “Real art has the capacity to make us nervous. By reducing the work of art to its content and then interpreting *that*, one tames the work of art. Interpretation makes art manageable, comfortable.” 'n Beleid van “toeganklikheid vir almal” wat oënskynlik tans hoogty vier, lei egter tot groot kommer. Burger (2008d:11) meen toeganklikheid is 'n wanpersepsie wat in die media ontstaan het:

Koerante, boeke en preke moet skynbaar, volgens talle briefskrywers en sommige uitgewers en koerantredakteurs, vir “gewone mense” wees wat belangstel in die “eenvoudige waarheid” [...] Toenemend verdwyn die moontlikhede van 'n kritiese gesprek oor idees in die Afrikaanse gemeenskap. As iets (of iemand) “intellektueel” is, is dit (of hulle) volksvreemd, esoteries, onnodig, onwingsgewend en veral elitisties, ondemokraties en dus boos is.

Ook Rossouw (2008:10) en Naudé (2008c) huldig in die kern hierdie menings. 'n Bydraer op *LitNet* voel egter anders hieroor. Maankind ([skuilnaam], 2008) is van mening dat lesers weet wat 'n resensie is en hoë verwagtinge stel – hulle aanvaar nie maklik 'n skryfsel wat nie aan hulle vereistes voldoen as 'n suksesvolle resensie nie. Ook Stassen (2008) stem hiermee saam as hy meen die leser weet al wie se mening hy kan vertrou en wie s'n nie. Die publiek of lesers kom gou agter wat die maatstawwe en verwagtinge is

¹⁸ Kyk ook hoofstuk 9 m.b.t. die keuse van tekste vir leeskring.

(Raper, 2008:10) soos dit dan ook duidelik uit die volgende uitspraak blyk:

Vir my as leek is resensies 'n bron van inligting, hetsy 'n goeie of 'n swak resensie. Resensies gee vir my 'n verwysingsraamwerk waarvolgens ek die boek of gedigte kan lees. Resensies noem dinge wat ek in my onkunde nie sou raaksien nie en wat derhalwe die genot om die werk te lees, sou verminder het. Kortom, boekresensies gee vir my, en ek glo vir baie ander lesers, 'n basis vanwaar jy veral letterkundige werke kan lees om die meeste plesier daaruit te kry (De Kock, 2008a).

7.3 LitNet as spreekbuis vir die breë publiek

Heelwat menings oor boekresensies is deur lesers op veral *LitNet* uitgespreek. Weens die omvang van die inskrywings op hierdie forum is dit egter moeilik om volledige navorsing oor die algemene publiek se mening te onderneem. Die korrespondensie en menings is te veel om te gebruik, die kwaliteit soms swak gemotiveerd – ongefundeerde menings deur forumgebruikers wat oor geen vakkennis beskik nie.¹⁹ Die forum vergemaklik wel terugvoer op resensies en wys dat kritici nie onaantasbaar is as hulle foute begaan nie. Martinus de Beer, skrywer van *Hemelhel* (2008), antwoord byvoorbeeld self op Loftus Marais se resensie van sy bundel, om te verduidelik wat hy wou doen, wat hy reken billike kritiek is en gee ook sy mening oor die resensie en die resensent (De Beer, 2008). Uit hierdie terugvoer is dit duidelik dat dit 'n uitdaging is om lesers met 'n breë spektrum leesvoorkeure tevrede te stel. As die een meen die resensent het te veel van die storie weggegee, laat weet 'n volgende dit was net genoeg om hom/haar te prikkel.

Verdere menings wat op hierdie forum uitgespreek word, is onder meer:

- Lesers ervaar probleme met die gebruik van sekere jargon en versoek meermale dat alledaagse taal gebruik word om dit toeganklik te maak vir “gewone” mense, “leke”, “alledaagse lesers” (Du Toit, 2008; Ellis, 2008; Hough, 2008; Jansen van Nieuwenhuizen, 2008; Smith, 2008; Wiid, 2008).
- Agtergrondinligting oor die skrywer en sy ander boeke moet verskaf word (Brink, 2008; Gous, 2008; Jacobs, 2008; Jansen van Nieuwenhuizen, 2008; Prinsloo, 2008; Smith, 2008; Stander, 2008; Van der Merwe, 2008; Wobbe, 2008).
- Inligting oor ander (soortgelyke) boeke in Afrikaans moet aan die leser verskaf word (Van Wyk, 2008), relevante literatuur wat hierby aansluit (Grové, 2008; Van Zyl, 2008) en/of intertekste en literêre gesprekke moet uitgewys kan word (Van Huyssteen, 2008; Haupt, 2008).
- Lesers wil nie net 'n oorvertelling van gebeure hê nie (Brink, 2008) maar inligting oor die hoofemas en diepere betekenis (Carstens, 2008) – resensies behoort die boek vir die leser oop te sluit (Hough, 2008; kyk ook Greeff, 2007a:5) deur die

¹⁹ In hierdie studie is die terugvoerstukke op resensies vanaf *LitNet* vir die jaar 2008 volledig geraadpleeg.

nodige sleutels en kodes vir effektiewe lees van 'n werk te verskaf (Wobbe, 2008).

- Lesers vind dit moeilik om te bepaal wat die resensent se mening is weens kontrasterende inligting wat in 'n resensie uitgespreek word (Van Lill, 2008). Lesers verwag 'n persoonlike mening – wil weet wat die resensent van die publikasie “maak” (Brink, 2008; Smith, 2008; Van Lill, 2008; Van Zyl, 2008).
- Balans tussen positiewe kommentaar en opbouwende kritiek is belangrik (Stander, 2008). Die leser wil weet of die boek ten spyte van die kritiek nog aanbeveel word of nie (Grové, 2008); of die menings as konstruktiewe kommentaar beoordeel kan word (Stolz, 2008); of die mening geregverdig is of bloot 'n neerhalende of sarkastiese toonaard van die resensent is (Hough, 2008). Resensente behoort ook nie snobisties te wees oor sekere genres nie (Ferreira, 2008; Hough, 2008).
- Lesers hou nie van uiteenlopende menings nie, hulle verwag 'n finale waardeoordeel (Fourie, 2008; Meyer, 2008) omdat dit bepaal of hulle die boek gaan koop al dan nie (Rosant, 2008); die leser wil weet of dit die moeite werd is om te lees of nie, hy/sy wil nie ná die lees van die resensie steeds in die duister wees nie. Maar, lesers hou nie daarvan dat 'n werk in die geheel gediskwalifiseer word nie (Smit, 2008).
- Resensente se voor- en afkeure moenie wys nie, die boek moet objektief beoordeel word (Hough, 2008).
- Resensente se menings moet gestaaf word, nie sonder meer uitgespreek word nie (Hough, 2008; kyk ook Burger, 2008a:10).

Uit hierdie ondersoek is dit duidelik dat die verwagtinge rondom resensies vir die gewone en gespesialiseerde leser in 'n groot mate van mekaar verskil. Die boekeredakteur wat resensente aanwys, speel hier dus 'n belangrike rol, en die vraag ontstaan: Dien die resensent die leser of die kritici?

8. ROL EN VERWAGTINGE VAN BOEKEREDAKTEURS

8.1 Probleme en oplossings betreffende beperkte ruimte

Die boekeredakteur besluit watter titels geresenseer word en wie dit resenseer. 'n “[G]ebrek aan drukruimte” is egter een uitdaging wat koerante in die gesig staar, daarom het *Die Burger* besluit om ook spasie op die koerant se webwerf beskikbaar te stel. “Op die Boekeblok kan nie net oor resensies uit die gedrukte koerant verder gepraat word nie. Lesers wat graag 'n tweede of 'n derde resensie oor 'n boek wil skryf, of wat 'n boek wil resenseer wat nie in die gedrukte koerant bespreek is nie (dit hoef nie

eens 'n nuwe boek te wees nie), kan per e-pos hul poging aanbied om vir plasing op die blog oorweeg te word. Daarop kan ander dan weer reageer” (Brand, 2008).

8.2 Keuses van resensente

Vrae ontstaan ook oor die besluit, bestuur en keuses van boeke wat op koerante se boekeblaaie geplaas word (Alberts, 2003:13). Greeff (2007a:5) verduidelik die ideale situasie: “Daarom is een van die vernaamste – en taaiste – take van 'n boekeredakteur die kry van 'n boek by die regte resesent. En ‘regte’ beteken nie een wat noodwendig die boek sal aanprys nie, maar een wat in dié stadium dié skrywer en dié se werk, die genre en aanverwante kwessies, ken. Dit objektief kan beskou én dit, in 'n populêre koerant, glashelder kan verwoord.”

Te veel kere is dit dieselfde resensente waarvan die name opduik (Hambidge, 2008g; Loraine, [bloginskrywing] 2008). Garner glo dat 'n resesent 'n maksimum van vier jaar as resesent aan 'n publikasie moet spandeer (2008). “Ek glo egter dat daar die afgelope 10–15 jaar 'n nuwe geslag resensente verskyn het, wat meer gefokus is op geld en eie belang en wat dit nie kan verdra as iemand hulle kritiseer nie. Hulle beskou dit dan as 'n aanval op hulle akademiese oordeelsvermoë en insig – ek vind dit baie jammer omdat ek resensies as verwysings gebruik vir leeskringbesprekings, skrywersbesprekings en om my eie kennis te verbeter” (De Kock, 2008b).

Myburg (2008a) voel dit is die verantwoordelikheid van die boekeredakteurs om die leser en potensiële leser met die teks te vereenselwig. Meer verantwoordelikheid behoort aan die dag gelê te word as dit kom by die keuse van resensente. Wierenga (2008) vra: “Is dit bloot 'n geval van: Wie is beskikbaar? Of: Wie is bereid om teen hierdie fooi te skryf? Of: Wie kan in so 'n kort tydjie iets skryf?”

8.3 Geldknyp en vergoeding

Geldknyp is nog 'n probleem by die koerante. Die koerante en publiek beskou 'n resensie oënskynlik as 'n weeldediens (Naudé, 2008b:10–11). Die beste resensente haal nie meer die koerante nie omdat hulle hopeloos te min betaal word. Swak betaling “dui op 'n vorm van minagting van die (media)meesters teenoor boeke,” meen Greeff (aangehaal in Nieuwoudt, 2008:4). Maar, waarsku Van Coller (2008c), “die werk van die kritikus, soos die skryf van resensies, is nie vir opportuniste bedoel nie en dit doen jy nie om den brode nie. Dit is 'n bedryf vir mense wat op 'n billike wyse weeg en dán oordeel. En dit verg nie net eerlikheid en beskeidenheid nie, maar ook 'n etiese instelling.”

Boekeredakteurs veg egter 'n eie stryd om spasie, vergoeding aan resensente en boonop, meen Naudé (2008:10–11): “Resensente is dikwels hopeloos laat met resensies, met ruimte wat gevul moet word op spertye (die verpas van 'n spertyd kos

derduisende rande). Wat staan 'n boekeredakteur dan te doen? Dis 'n situasie van uitkringende minagting. Die vinnige resensent word dan 'n redding.”

8.4 Koerante se benadering teenoor boekeredakteurs

'n Verdere knelpunt is die minagting waarmee koerante boekeredakteurs en -blaaie bejeën. Meermale is hierdie 'n tweede plig, naas die van voltydse joernalis en is dit bloot nóg 'n spreekwoordelike strooihalmpie op die kameel se rug.

Opsommenderwys verwoord Burger (2008c:9) die rol wat die boekeredakteur en die bogenoemde probleme in die groter literêre sisteem vervul as volg:

[Die] sentrale probleem by die meeste koerante [is] dat daar meestal maar een boekeredakteur by 'n koerant is (en hier by ons sou 'n mens kon byvoeg dit is soms 'n portefeulje wat somer deelyds gehanteer word) [...] Boekebladredakteurs doen dikwels nie die moeite om vas te stel of 'n bepaalde resensent bevooroordeeld is teenoor 'n betrokke skrywer of op een of ander manier 'n belang by die uitgewer het nie. In ander takke van die joernalistiek word hierdie soort betrokkenheid nie geduld nie, maar skynbaar is boekeredakteurs nie daarvoor begaan nie. Die gevolg is dat lesers nie boekresensies kan vertrou nie. Leessyfers dui ook daarop dat resensente in Amerikaanse dagblaaie steeds minder gesag dra en al minder gelees word.

Een van die grootste oorsake van swak resensies is boekebladredakteurs wat nie daarin slaag om die kundigste resensente vir 'n spesifieke boek te vind nie. Dikwels is boekeredakteurs onkundig ten opsigte van sekere genres en weet hulle nie waar om geskikte resensente vir bepaalde boeke te vind nie omdat hulle nie aan die breër boekewêreld deelneem nie.

Stassen (2008) meen boekeredakteurs soos Elfra Erasmus, Francois Smith, Sonja Loots en Kirby van der Merwe het invloedryke figure geword – en 'n hoë standaard gestel vir dit wat van boekeredakteurs vandag verwag word. “Daar is boeke wat gewild word sonder aanprysing deur resensente, en ander wat platval ondanks media-lofsange,” meen Brand (2007:11); dit is egter uit die menings van skrywers en uitgewers duidelik dat nie almal daarmee saamstem nie.

9. GEVOLGTREKKING

Die probleme in die resensiebedryf is nie slegs tot die plaaslike mark beperk nie. *The Chronicle* en *The New York Times* het merkbaar gesnoei aan hulle boekeblaaie (Berger, 2001). Resensente wat aangemoedig word om positiewe resensies te skryf – sodat die koerant op voortgesette advertensies van die uitgewers kan bly reken – veroorsaak ook elders knelpunte in die bedryf. Berger wys daarop dat negatiewe kritiek selfs deur die gerespekteerde resensiebylaes van *The New York Times Book Review* vermy word (aangehaal in Burger, 2008c:9).

Minstens twee van die paneellede het tydens die Aardklop-debat (2008) gesê “hoe bang” hulle vir ’n bepaalde resensent is. Dit wys op ’n soort magsverhouding wat buite die konteks van die publikasie en die beoordeling daarvan strek. Waar die aanvaarde tradisie in die literêre sisteem was vir ’n skrywer om nie op ’n (negatiewe) resensie te reageer nie, tree uitgewers nou wel vir hulle skrywers in die bres weens die oortuiging dat resensies ’n ekonomiese invloed kan uitoefen. Uitgewers voel sterk daaroor dat positiewe resensies wel ’n invloed het op die hoeveelhede wat boekhandelaars bestel (Volschenk, 2010). Daar bestaan dus ’n korrelasie tussen boeke wat positief (of minstens wel) geresenseer word, die houding van handelaars in terme van herbestellings jeens hierdie mediablootstelling, en dus ook die wete dat die publiek juis hierdie tekste sal koop. Uit die ondersoek na die menings oor resensies wat op *LitNet* uitgespreek is, is dit dan ook duidelik dat lesers staatmaak op ’n finale oordeel van die resensent om te bepaal of die boek gekoop en gelees moet word of nie.

Van Coller (2008c) voer aan dat die skrywer ook op kreatiewe wyse met kritiek kan omgaan, waarvan die volgende voorbeeld getuig: “’n Bekende resensent [...] het in ’n besonder negatiewe resensie van ’n kortverhaalskrywer opgemerk dat hierdie bundel na ‘die vergeethoek’ verban moes word. In ’n daaropvolgende bundel verhale verskyn daar toe ’n kortverhaal waarin die hoofpersoon, ’n uitgelese, weersinwekkende boelie, die volle name dra van die betreffende kritikus!”

Boekeredakteurs, sowel as die mediamaatskappye waarby hulle in diens is, speel ’n baie belangrike rol. Gedeelde belange in die boekbedryf sowel as die dag- en weekblaaie waarin die boekeblaaie verskyn, laat vrae ontstaan oor die oop- en veranderlikheid van hierdie bedryf. In Bourdieu (1993:94–95) se woorde:

Critics serve their readership so well only because their homology between their position in the intellectual field and their readership’s position within the dominant-class field is the basis of an objective connivance [...] which means that they most sincerely, and therefore most effectively, defend the ideological interests of their clientele when defending their own interests as intellectuals against their specific adversaries, the occupants of opposing positions in the field of production.

Die Afrikaanse resensiesisteem is ten spyte van die lewendige openbare debat en gesprekvoering rondom resensies nie ’n gesonde sisteem nie. Dit is kommerwekkend as daar gekyk word na die groter konteks van die Afrikaanse letterkunde waarin akademici (bv. Du Plooy & Van Schalkwyk, 2000; Roodt, 1991) se dekadecoorsigte en die Afrikaanse literatuurgeskiedenis (bv. Kannemeyer) die resensiekunde as basis beskou vir kanoniseringswaarde en blywende menings. Ook so het die bestekopnames van Odendaal (2001a, 2006) en Kleyn (2008a) in hulle oorsigte swaar gesteun op dit wat resensente in gemeen het – nóg ’n aanduiding dat die mening ’n langer leeftyd as die medium het deurdat daar langtermyn- akademiese waarde aan resensies gekoppel word.

HOOFSTUK 5

Literêre pryse

A competition, however, is destructive – irrespective of its noble and innovative intentions as followers of the free market dogma would like us to believe. It's more often informed, shaped by, and in the service of capital and the pro-rich political establishment.

Guess who would win a poetry competition run by the Department of Arts and Culture in our land? I suspect government wouldn't give prizes to critical voices that can't see beauty in the ugliness of liberation betrayal. These critical and solid voices, whose poems are seldom studied in the education system, are brave enough to say the ANC has sold out; that it has adopted disastrous neo-liberal policies such as GEAR and now over 40% of South Africa's populace drown under the heavy weight of unemployment. These poets, who continue to ask why government's land reform programme is so slow and left to market forces, can't win prizes. These poets, who are not afraid to ask those embarrassing questions about the direction of South Africa's transition are essential, but will not win awards in their homelands. The radical poets would be among the first to be persecuted if revolution broke out in South Africa today.

Vonani Bila, *New Coin* (2005:7)

1. INLEIDING

André le Roux (1987) skryf in 'n rubriek “Die aardige nut van die literêre pryse” dat literêre toekennings oor die borge en die prysgeld gaan, terwyl daar voorgehou word dat dit ten doel het om “die Letterkunde met 'n hoofletter te bevorder, of om Afrikaans te bevorder, of om 'n skrywer aan te moedig om te skryf”. Hy dryf verder die spot met hierdie verskynsel en benadruk probleme met gepaardgaande prysgeld:

Die probleem kom met daardie bevorder en om aan te moedig. Basta. Dit werk nie so nie: enige skrywer wat aangemoedig moet word om te skryf, kan maar laat staan. Die skrywers wat ek ken, het geen aanmoediging nodig nie. Net inspirasie en tyd.

En inspirasie en tyd is albei besonder duur dinge. En albei kan gekoop word, hoor! Nes mens brood koop.

Dit werk weer so: Wys my 'n skrywer wat kan skryf sonder brood. Die een of ander tyd moet hy skryf en weer 'n slag eet. Dit is waar 'n prys wonderlike opheffingswerk kan doen.

Minstens R10 000 en klaar.

Want met R10 000 kan 'n skrywer sy Volkswagen regmaak om êrens heen te ry. Hy kan gaan kyk hoe lyk die wêreld elders. Hy kan 'n paar horisonne in sy kop versit. Hy kan selfs sy studeerkamer se lek-dak regmaak en sy boeke uit die water hou. Hy kan sy platespeler se naald vervang om beter te luister terwyl hy skryf. Hy kan vir hom 'n nuwe kamerjas koop om oor sy onderbroek aan te trek nadat hy gebad het sodat hy kan skryf sonder om koud te kry in die wintermaande. Hy kan vir hom 'n splinternuwe hardebandboek ter waarde van R9 vir R36 koop. Hy kan 'n slag gaan kyk hoe lyk dit daar by Paternoster of Goudini-spa ter wille van een sin in die kortverhaal waarmee hy besig is. Hy kan sy vrou twee keer uitneem vir ete en fliék dat sy nie voel sy word afgeskeep ter wille van een sin in daardie kortverhaal nie. Vir sy kinders kan hy speelgoed koop om hulle uit sy Olivetti se linte uit te hou; om die waarheid te sê, hy kan vir hom 'n nuwe tikmasjien koop met 'n “s” en 'n “e” wat nie elke derde keer vasslaan nie ...

Hy kan 'n boek skryf.

In Willie Burger (2009b) se toespraak met die toekenning van die Universiteit van Johannesburg-pryse in 2009, verduidelik hy die motivering waarom dié literêre pryse 'n dekade vroeër ingestel is. Dit gaan onder meer oor “erkenning van voortreflike skryfwerk in Afrikaans”, 'n gebaar van dank teenoor die skrywer, om finansiële steun aan skrywers te gee, en bemarkingswaarde toe te voeg tot die instelling wat die pryse toeken. Literêre pryse stel dit ten doel om skrywers aan te moedig en die vooruitgang van hul skrywerskap te bevestig, maar, meen Marietjie Smith (1991:75), dit vervul ook 'n groter rol in die breë samelewing deurdat dit vir “die ontwikkeling van skrywerskap sorg [...] vir die bevordering van taal deur die geskrewe woord, en die geestelik-intellektuele ontwikkeling van die lesersgemeenskap”.

Pryse speel 'n belangrike rol in die kanoniseringsproses, want soos Hambidge (2008j) aandui, “[d]it wat bekroon of uitgelig word, raak deel van die geheuebank”. Ten

spyte van loflike doelwitte en verhoging van literêre aansien deur prysgeld te verhoog, is prystoekennings deel van die voortdurende magospel om status in die literêre sisteem wat onder meer insluit: paneellede wat pryse toeken, borge, mediablootstelling wat pryse geniet, en so meer. Nie alleen die werke wat bekroon is nie, maar ook die wat oorgesien is, skeep wrywing. Pribic (aangehaal in Jewell, 2000:99) vra of literêre gehalte die enigste maatstaf is wat gebruik word by prystoekennings, en of daar dalk ander faktore ter sprake is: “Was Paul Claudel too religious (Roman Catholic)? Were Maxim Gorki and Bertold Brecht too ideological (Communist)? Were Franz Kafka, James Joyce, and Virginia Woolf too experimental? Did Hendrik Ibsen, August Strindberg; and Anton Chekov not receive the [Nobel] prize because they were primarily known as playwrights?”

In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan die geskiedenis en verloop van literêre pryse wat betrekking het op die Afrikaanse letterkunde. Belangrike debatte en probleme van die verlede word oorsigtelik herroep, waarna daar ondersoek ingestel word na die faktore wat magsverhoudinge by prystoekennings beïnvloed. Enkele onlangse debatte betreffende pryse wat deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns toegeken is en die Sanlam-/INSIG-Romanwedstryd word ook ontleed vir knelpunte in die magospel.

2. AFRIKAANSE LITERÊRE PRYSE – ’N OORSIG

Afrikaans se voorheen bevoorregte posisie, en die verhouding tussen die Afrikaanse literatuur en Afrikanernasionalisme (kyk hoofstuk 2, afdeling 4.2.2) het daartoe bygedra dat ook pryse en prysgeld vir Afrikaanse literêre werke in ’n onewewigtige posisie teenoor dié van toekennings vir literêre werke in die ander inheemse tale in Suid-Afrika gestel is.

Generaal J.B.M. Hertzog het in 1914 ’n skenking aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gemaak, waarmee die Hertzog-prys in 1916 die eerste keer toegeken is. Later (in 1961) is die Eugène Marais-prys ingestel vir die bekroning van ’n vroeë of debuutwerk van ’n jong Afrikaanse skrywer. In 1948 word die Akademieprys vir Vertaalde werk ingestel (vandag die Akademie-vertaalprys) en die Gustav Preller-prys vir literatuurwetenskap en letterkundige kritiek (1968). Die pryse van die Akademie is ten spyte van omstredenheid in die verlede steeds die prys met die “hoogste aansien onder skrywers en letterkundiges”, meen Kannemeyer (1989a:106, 107; Hugo, 2003), maar ook dat die geskiedenis van hierdie prys vol “ernstige vergrype en mistastings” was (kyk ook afdeling 4.1 vir voorbeelde).

Die CNA-prys (1961–1997), wat jaarliks aan die beste Afrikaanse en Engelse letterkundige publikasie toegeken is, het in 1997 na 35 jaar tot ’n einde gekom. De Waal (1997:10) wys daarop dat dié prys geleidelik al minder blootstelling in die pers begin

geniet het. Joernaliste het belangstelling daarin begin verloor en sodoende is die prestige van die prys gekelder. Beperkte mediablootstelling het verlaagde bemarkingswaarde vir die borg beteken en die breë publiek kon nie langer die assosiasie tussen die borg en die prys maak nie: “By the late Eighties, the public had ceased to associate the CNA chain of stationaries and booksellers with the kind of books that win prizes like the one that bore the name. It was impossible to find the winning books, let alone those merely shortlisted, in most of the chain’s stores.” Verder dui De Waal (1997:11) aan dat literêre pryse nie die breë publiek se verbeelding aangryp tensy dit met kontroversie en debat gepaardgaan nie: “A little controversy always helps. As Britain’s Booker Prize demonstrates, a good barney between judges, journalists and public over who should get it helps sell books – books which, in the meantime, have been prominently placed in bookshops. Bookies even set the odds on who’s most likely to win.”

Die afskaffing van die CNA-prys dui op die belangrikheid van mediablootstelling aan bekroonde werke en pryse. Hier is sprake van ’n verskuiwing. Die belang van pryse vir die literêre en akademiese bedryf verskuif na bemarkbaarheid en verkope aan die breë publiek: “This ‘celebrity sadism’, as one commentator called it, ensures that incidents of scandalous misbehaviour (Rushdie pounding his fists on the table, saying the judges know ‘fuck all’ about literature, and so on) would be even more regular, and could be even more eagerly anticipated; journalists covering the Booker would always have ‘cultural’ material of just the sort they require” (English, 2002:114). Hierbenewens dui English ook aan dat pryse ’n direkte korrelasie met verkope het, met dit wat in die boekwinkels beskikbaar is en in die kleinhandel bemark word: “Even to be shortlisted for the Booker was a distinction of greater value – symbolic as well as monetary – than any other prize could muster. To win it, as Thomas Keneally’s editor said when Keneally received the 1982 prize for *Schindler’s Ark*, was ‘like an avalanche hitting you all at once’” (English, 2002:114–115).

Die instelling van die M-Net Boekprys in 1990 en die groot prysgeld daaraan verbonde, en wat volgens De Waal (1997:10) ook “louder, brasher and more aggressively promoted” is, het die CNA-prys finaal gekelder. Die tekort aan mediablootstelling vir die CNA-prys het waarskynlik verband gehou met ’n tradisie van veilige bekronings en gebrek aan polemieks en debat. Boekkooi (1988:39) dui in die debat rondom die Rapport-prys se afskaffing aan dat “[d]ie enigste prys wat [...] suksesvol daarin kon slaag om literêre twiste en toutrekkery te oorleef, is die CNA-prys [...] Dit is ironies dat dit juis ’n Engelstalige maatskappy moet wees wie se bekronings van Afrikaanse boeke tot dusver die betroubaarste maatstaf van literêre gehalte is”.

Die Rapport-prys is sedert 1986 toegeken aan die beste debuutwerk. Dit het

egter vir groot omstredenheid gesorg toe dit in 1987 aan Koos Prinsloo toegeken is vir *Die hemel help ons*, maar “die direksie ingegryp [het], die bekroning geveto en die prys beëindig [het]” (Kannemeyer, 1989:106). Dié prys word in 2003 weer ingestel as die Jan Rabie-Rapportprys.

Die Ingrid Jonker-prys vir ’n debuutwerk in die poësie word sedert 1965 jaarliks afwisselend aan ’n Engelse en Afrikaanse debutant toegeken. Verder was daar die Louis Luyt-prys wat vanaf 1978 tot 1984 toegeken is en op sy dag die grootste prysgeldbedrag in die wêreld beloop het (Bosman, 1988:14–15).

Verskeie pryse is ook ingestel deur uitgewers vir werke uit hul eie stal. Die Ou Mutual-prys is in 1985 ingestel ter viering van Human & Rousseau se 25ste bestaansjaar. Hierdie borg het tot 1988 uitnemende werk in vyf afdelings in dié uitgewers se stal geborg. Die W.A. Hofmeyer-prys is reeds in 1954 ingestel vir bekroning van die beste literêre werk in die Nasionale Pers-stal. In 1983 word die M.E.R.-prys vir kinder- en jeugboeke vir Nasionale Pers (vandag Nasionale Boekhandel) ingestel. Ander uitgewers wat ook werk uit eie geledere bekroon het, het onder meer neerslag gevind in die APB-prys (1963–1966) en later die Perskor-prys (1973–1985) vir ’n titel van uitstaande gehalte by hierdie uitgewers.

Populêre fiksie is nie oor die hoof gesien nie, en in 1983 word die FAK-Helpmekaar-prys (1983–1986) ingestel vir die bekroning van werke in dié genre; en ook die ATKV-prys (wat steeds bestaan) vir goeie gewilde prosa. Laasgenoemde prys word in die aanvangsjare, onder meer in 1984, 1985 en 1987, aan Dalene Matthee toegeken vir titels uit haar gewilde bosboekreeks.

Op die gebied van kinder- en jeugliteratuur word die Scheepers-prys vir kinderliteratuur sedert 1956 driejaarliks toegeken; die C.P. Hoogenhout-medalje vir kinderliteratuur sedert 1960; die Tienie Holloway-prys (deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns) sedert 1970; en die Sanlam-toekenning sedert 1980 tweejaarliks vir die werwing van publiseerbare jeugliteratuur in Afrikaans en Engels, maar later ook in inheemse tale.

Sedert die omwenteling van die laat-negentigerjare in die uitgewersbedryf en die politieke verandering in die land, het heelwat van die genoemde pryse saam met uitgewers en onttrekking van fondse gesneuwel (o.m. die Perskor- en die Louis Luyt-pryse), maar is die Rapport-prys met prysgeld van R35 000 in 2003 heringestel. Protea Boekhuis poog om die status van die Afrikaanse poësie te bevestig deur die instelling van die Protea Poësieprys in 2004, met prysgeld van R5 000 en die toekenning van ’n goue protea. In 2006 word die South African Literary Awards deur die National Arts Council in die lewe geroep met onder meer die (i) Lifetime Achievement Literary Award, (ii)

Posthumous Literary Award, (iii) K. Sello Duiker Memorial Literary Award, (iv) Poetry Award en (v) First-time Published Award.

Sedert 2000 word die volgende pryse vir Afrikaanse literêre en populêre werke, sowel as kinder- en jeugboeke toegeken: (i) Die Akademie vir Wetenskap en Kuns se Hertzog-, Eugène Marais- en Nedbankprys vir Vertaalde Werke; (ii) die UJ-prys vir Skeppende Skryfwerk en die UJ-Debuutprys; (iii) die M-Net-prys; (iv) Via Afrika Literêre pryse waaronder die W.A. Hofmeyr-prys vir Afrikaanse fiksie vir publikasies in die Via Afrika-groep (NB-Uitgewers, Jonathan Ball Uitgewers, Lux Verbi-BM, NVA en Van Schaik Uitgewers) en die Jan Rabie Rapport-prys vir Vernuwende Afrikaanse Prosa; (v) ATKV-pryse; (vi) Ingrid Jonker-debuutprys vir Poësie; (vii) Protea-prys vir Poësie; en (viii) South African Literary Awards.

Daarmee saam is daar ook die ontstaan van 'n romankompetisie en word die NB/Sanlam-GrootRoman-wedstryd ten spyte van verandering van borge en verandering in die borgskap steeds as die grootste romankompetisie beskou.

3. FAKTORE VIR PRYSTOEKENINGS WAT MAGSVERHOUDINGE IN DIE LITERÊRE SISTEEM BEÏNVLOED

3.1 Aanstelling van paneellede

Coetzee (1996b:104) dui aan dat die aanstelling van paneellede op sigself beskou kan word as 'n interessante politieke maneuer. Vir De Nooy (1988:532) hou hierdie maneuer direk met status verband:

A prominent expert will not be inclined to accept seats in many juries for literary prizes deemed inferior; this might cost the expert his/her reputation. In contrast, the people forming juries will not like to hazard the reputation of their prize by recruiting many judges deemed insignificant. This assumption is supported by the fact that the names of the judges are usually stated empathetically in the publicity caused by the presentation of an important prize.

Krog het in haar aanvaardingstoespraak van die RAU-prys (nou die UJ-prys) aangedui dat daar 'n magspel betrokke is by die toekenning van literêre pryse en dat sy besef dat sy “nie hier staan omdat daar volgens die ewige maatsnoere van onse Here vasgestel is” dat sy die beste werk gelewer het nie, maar dat dit die omstandighede is wat 'n rol speel: wie is op die paneel, hoe oud is hulle, hoeveel is mans en hoeveel vroue, met wie het hulle byltjies te slyp ens. (Krog in Burger, 2009b).

Navorsing wat in die Nederlande onderneem is (De Nooy, 1988) verwys na twee

moontlikhede rondom die korrelasie tussen prysbekroning en literêre status: Die eerste is dat literêre aktiwiteite tot outoriteit op dié gebied kan lei en sodoende die weg kan baan vir insluiting op die paneel van die pryskomitee. Die tweede dui daarop dat die insluiting in 'n pryspaneel vererend is (“honorific in nature”) en dus gesien kan word as 'n vorm van vergoeding vir deelname en toewyding aan die literatuur. Hierdie toewyding of betrokkenheid en aktiwiteite hang volgens De Nooy (1988:532) af van 'n paar elemente: “the prestige of the setting within which the activities take shape, their nature, duration and, in the long run, the reception by colleagues and members of other institutions”.

Nie in alle gevalle word die paneellede egter openbaar gemaak nie, en sommige beoordelaars se name word by sekere pryse verswyg.

3.2 Commendatio's

'n Verkenning van commendatio's wat geanaliseer is,²⁰ het aan die lig gebring wat deur beoordelaarspanele beskou kan word as motiverings vir toekennings en vereistes wat aan tekste gestel word. Daarvolgens word die volgende vereistes uitgelig:

- Tekste moet boeiend en leesbaar wees (Burger, 2009b; Laurie, 2009; Naudé, 2009b).
- Morele, etiese en filosofiese insigte in die tema van die boek moet sigbaar wees (Burger, 2009b; Du Plooy, 2007; Smuts, 2000; Van Coller & Van Jaarsveld, 2001c, 2006; Van der Merwe, 2003; Van Wyk, 2008; Viljoen, 2008).
- Die wyse waarop die teks gestruktureer is, bly 'n belangrike element vir beoordelaars (Burger, 2009b; Du Plooy, 2004; Viljoen, 2005).
- Kompleksiteit en verwikkeldheid word hoog aangeslaan (Burger, 2009b; De Vries, 2004a; Du Plooy, 2004, 2007; Viljoen, 2008).
- Oorspronklikheid (Burger, 2009b; Hambidge & Pieterse, 2005; Laurie, 2009; Viljoen, 2008), vreemdmaak van die alledaagse (Viljoen, 2004b) en 'n onderskeidende stem (Du Plooy, 2004; Viljoen, 2002b) is 'n aanbeveling.
- Taalgebruik moet “onparafraseerbaar wees, kreatief met die sintaksis en woordkeuse omgaan en veral die cliché vermy” (Burger, 2009b; kyk ook Du Plooy, 2007; Hambidge & Pieterse, 2005; Steenberg, 2001; Van Coller, 2005a; Van der Merwe, 2003; Viljoen, 2004b).

²⁰ Die Ingrid Jonker-prys se paneelverslae vir 2000, 2002, 2004, 2005, 2008 en 2009 (hoewel slegs 2005 en 2009 betrekking het op toekennings aan Afrikaanse bundels), Burger (2009) se opsomming van 'n dekadese toekennings van die UJ-prys, en commendatio's van die Akademie vir Wetenskap en Kuns (die Hertzog- en die Eugène Marais-prys 2000–2009) is beskikbaar gemaak. Versoek op inligting aangaande die M-Net-toekennings, Via Afrika literêre pryse en South African Literary Awards het hoogstens die reglemente opgelewer. Die Protea-prys vir Poësie (met die uitsondering van De Lange in 2009) en ATKV-pryse het weens die aard van die beoordelingsprosesse geen commendatio's of beoordelaarsverslae nie.

- Die skrywer moet intieme kennis dra van dit wat aangeraak word in die teks (Hambidge & Pieterse, 2005); tematiese ruimheid moet sigbaar wees (Viljoen, 2005); en aktuele en relevante temas moet voorkom (Ohlhoff, 2009; Smuts, 2000, 2006; Van Coller, 2006a; Van der Merwe, 2002, 2003; Viljoen, 2008).
- Bestaande literêre tradisies moet voortgesit word (Botha, 2000; Du Plooy, 2004, 2007; Smuts, 2006; Van Wyk, 2008) en 'n literêre gesprek moet tot stand gebring word deur intertekstuele verwysings (De Vries, 2004a; Hambidge & Pieterse, 2005; Hugo, 2007; Müller, 2009; Steenberg, 2001; Van Coller, 2001c; Van Wyk, 2008; Viljoen, 2005).

By toekennings van pryse aan gevestigde skrywers word erkenning gegee vir bydraes tot die Afrikaanse letterkunde oor 'n geruime tyd (Smuts, 2000; Hugo, 2003), terwyl die uitsprake oor debuutwerke klem plaas op 'n nuwe (eie) sterk stem (De Lange, 2009; Hambidge & Pieterse, 2005; Naudé, 2009b), 'n hoë peil van ontwikkeling (Du Plooy, 2009; Naudé, 2009b), onwaarskynlike onderwerpe (Naudé, 2009b), vernuwing en opspraak (Müller, 2009) en buitengewone afronding van die finale produk (Du Plooy, 2009; Laurie, 2009; Naudé, 2009b).

3.3 Status van pryse

Die status van die literêre prys is volgens De Nooy (1988:532) gekoppel aan interne sowel as eksterne elemente in die literêre sisteem: “[N]ot all literary prizes are thought to be equally important. Some prizes are respected highly and entail a lot of publicity, whereas other prizes do not cause any commotion whatsoever. Prizes vary according to the prestige they enjoy. Likewise, the people awarding the prizes differ with respect to their authority in the literary field.”

Na Smuts (2005:2) se mening hou die Hertzog-prys se status verband met die hoë aansien wat dit onder 'n wye spektrum literêre belanghebbendes geniet soos skrywers, uitgewers, letterkundiges en die algemene publiek. Verder dui hy aan dat die status gekoppel kan word aan (i) die tydperk wat die prys reeds bestaan; (ii) die feit dat dit geen bemerkings- of borgskapwaarde dra nie (hoewel dit later jare nie langer die geval is nie); (iii) die prys geen beperkinge stel ten opsigte van werke wat ingeskryf kan word nie (soos bv. slegs werke van bepaalde uitgewerye); (iv) die paneel uit professionele letterkundiges bestaan; wat (v) “ruimte skep vir uiteenlopende en onafhanklike standpunte”; (vi) en dat die resultate “kontroleerbaar en deursigtig” is deurdat die reglemente op die webblad beskikbaar is. Hierdie prys is vanweë die status daarvan die “heilige graal van literêre pryse” genoem (aangehaal in Smuts, 2003:9), die Boere-

Nobel[prys] (Malan, 2003:21) en die “Rolls Royce van literêre pryse” (Fourie, aangehaal in Malan, 2003:21).

Status lê ook in spesifieke kategorisering van skrywers, bv. die Ingrid Jonker-prys vir debuutskrywers, waar die eer in die toekenning, nie die prysgeld lê nie. Ronelda Kamfer (aangehaal in Joubert, 2009:13) het die ontvangs van die Eugène Marais-prys as ’n “moerse eer” bestempel. In die geval van debuutpryse – soos die Eugène Marais- en die Ingrid Jonker-prys – werk die status van die bekroning op teenoorgestelde wyse as die Hertzog-prys. Smuts (2005:9) verduidelik:

Anders as meestal die geval is by die Hertzogprys waar die weners feitlik altyd skrywers is wat reeds ’n sekere status het, moet daar by die Eugène Marais-prys geoordeel word oor nuwe skrywers oor wie daar in daardie stadium dikwels geen of weinig gesaghebbende menings uitgespreek is. Vir ervare letterkundiges behoort dit nie ’n wesenlike probleem te wees nie, maar daar kom ’n verdere faktor by. Alhoewel die LK [Letterkundige kommissie] se opdrag slegs is om die beste werk vir bekroning aan te beveel, is daar ’n subteks teenwoordig: dit gaan nie net oor die gehalte nie, maar ook oor die herkenning van talent wat die moontlikheid op groei het.

Die debuutskrywer se status word dus dikwels gekoppel aan die reputasie van die uitgewershuis wat die onbekende skrywer se werk in die mark beskikbaar stel. Bekroning gee aan debuutskrywers die nodige goedkeuring om nie net makliker in die literêre sisteem en die kanon opgeneem te word nie, maar ook ’n groter kans op herpublikasie en ’n skrywersloopbaan. Breyten Breytenbach (in Merton, 2008:14) voel dat daar by jong skrywers eerder gefokus moet word op publikasiegeleenthede en literêre bedrywighede ter aanmoediging as op pryse.

Publikasiemoontlikhede en prysgeld as deel van romankompetisies stel groter bedrae geld beskikbaar as enige ander Afrikaanse literêre prys én gee aan skrywers die geleentheid om by gevestigde uitgewers te publiseer. Drie voorbeelde hiervan is die NB/Sanlam Groot Roman-wedstryd waarvoor daar vir 2011 meer as R300 000 se prysgeld beskikbaar gemaak is, die Lapa-romankompetisie in 2010 waar R100 000 beskikbaar gemaak is, en sedert 1980 ook die Sanlam-prys vir jeuglektuur. Ten spyte van suiwer bedoelings – bekroning van literêre werke vir gehalte – word literêre pryse deur ’n geskiedenis van polemieke en mistastings gekenmerk en ontstaan daar vroeë rondom die invloed van maghebbers (soos borge) en ideologieë by die toekenning van hierdie pryse.

3.4 Knelpunte in die magspel

Dikwels verskil beoordelaars radikaal oor toekennings van pryse aan dieselfde literêre werke deur verskillende pryskomitees. Barnard (1987:28) vra waarom beoordelaars so radikaal van mekaar verskil as die verskillende pryse dan immers ooreenstemmende doelstellings het.

In 'n resepsieondersoek vir hierdie studie waarin literêre polemieke, gesprekke en debatte oor die toekenning van literêre pryse geanaliseer is, het heelwat knelpunte na vore gekom:

- Die herhaalde gebruik van dieselfde paneellede jaar in en jaar uit belemmer 'n dinamiese, veranderende literêre sisteem (Barnard, 1987:28). Hambidge (1994:3) stel ook kritiese vrae oor paneellede wat in dieselfde jaar op meer as een pryspaneel dien.
- 'n Persepsie heers onder sommige kritici dat beoordelaars nie die tekste vir beoordeling lees nie. “[W]elke literator is nie al 'n aand vóór 'n prysbeslissing gebel met 'n versoek om maar jou keuse te gee nie, aangesien die beoordelaar (um, um, um) 'n bietjie te besig was om al die boeke te lees?” (Hambidge, 1994:3).
- Bekronings word by geleentheid gekenmerk deur subjektiwiteit of vooroordele (Barnard, 1987:28; Hambidge, 1994:3) wat “moeilik tot 'n redelike korrekte oordeel kom” soos in die geval van (veral) vernuwende of eksperimentele werk (Smuts, 2005:4; kyk ook Bila, 2005:9).
- Die bevordering van gevestigde skrywers bo debutante. “Dit was ook in die verlede makliker vir 'n meer gevestigde skrywer/digter om deur die Akademie raakgesien te word as vir 'n jonger een. Veral as die jonger een ongebaande weë volg” (*Rapport*, 1987:28).
- Die regstelling van foute van die verlede, as boeke slegs vir 'n sekere periode vir bekroning oorweeg kan word (Smuts, 2005:5).
- Genres wat teen mekaar moet meeding (*Rapport*, 1987:28) veroorsaak dat (genre)hiërargieë tot stand kom as een genre herhaaldelik bo 'n ander bekroon word (Smuts, 2005:4). Genres wat swak verteenwoordig word deur publikasie (soos drama) wat steeds bekroon word, en wat uitgewers “misbruik” om ter wille van die moontlikheid om gevestigde pryse in te palm, tekste in hierdie genres publiseer (Van Rensburg, 2003:11). Volgens De Vries (2004b:8) het die kwessie van hierdie hiërargie nie net betrekking op bekronings nie, maar ook op vertaling en verkope.²¹
- Kritiek word gelewer op herhaaldelike bekroning van dieselfde outeurs (Le Roux, 1989:3; Smuts, 2005:4), soms op grond van bestaande status eerder as op grond van die werk onder bespreking (Hambidge, 1994:3). Die herhaaldelike oorslaan van verdienstelike figure vir bekroning word ook as 'n probleem beskou (Hambidge, 1994:3; Smuts, 2005:5).

²¹ Kyk ook hoofstuk 6 m.b.t. vertalings en hoofstuk 9, afdeling 3.2.2 m.b.t. verfilming.

- Bekronings van werke wat van swak gehalte is (Smuts, 2005:6, 7).
- Die tekort aan motiverings vir toekenning van pryse trek die waarde van literêre pryse in twyfel (De Vries, 2004a:8). De Vries het dit oor watter boeke wel die pryse kry, maar ook 'n verduideliking vir waarom die ander dit *nie* kry nie, na gelang van die riglyne wat beoordelaars toepas tydens die beoordelingsproses.
- Druk van buite deur onder andere borge of belanghebbendes om 'n bepaalde bekroning te maak en sodoende die literêre meriete van die prys te skaad (Boekkooi, 1988:38). Daar is die kwessie rondom borge of direksieledes wat pryse kan veto en/of doelbewuste pogings om skrywers van bekroning te weerhou (Kannemeyer, 1989:106) byvoorbeeld as gevolg van politieke behoudendheid soos dit die geval was met onder meer Krige (Smuts, 2005:5), Breytenbach en Rabie (Kannemeyer, 1989:107).
- Borgskappe en die kwessie van kontinuïteit sien problematies daar uit. Pryse wat nie volgehou of toegeken word nie skep probleme met betrekking tot kanoniserings: “Vir byvoorbeeld literêre kanoniserings is kontinuïteit belangrik, terwyl pryse van waarde is by die optekening van literatuurgeskiedenis, maar veral ook op die gebied van vergoeding aan en publisiteit vir die skrywer” (Malan aangehaal in Boekkooi, 1988:39).
- 'n Gebrek aan deursigtigheid van motiverings vir toekennings sowel as paneellede se reg tot konfidensialiteit (Smuts, 2005:5) word as 'n probleem by sommige prystoekennings beskou. “Hier moet onderskei word tussen die handhawing van konfidensialiteit wat aan lede van 'n komitee die vrymoedigheid gee om hulle menings openhartig te lug in die wete dat dit nie openbaar gemaak sal word nie – 'n algemene prosedure in vergadering – en 'n werkswyse wat konfidensialiteit misbruik om deur manipulasies objektiewe besluitneming te ondermyn en dit dan te versteek” (Smuts, 2005:7).
- Te veel literêre pryse in een sisteem doen afbreuk aan die status van literêre pryse in die geheel binne 'n letterkundige sisteem omdat dit nie meer eksklusiewe waarde of verhoogde status meebring nie (Hambidge, 1994:3).
- Die gebruik van 'n punttoekenningstelsel waar geen motivering vir keuses vereis word nie (Smuts, 2005:7), geen gesprek tussen beoordelaars plaasvind nie, geen commendatio's gelewer of beskikbaar gemaak word nie, en geen verantwoording vir toekennings gedoen word nie, trek die meriete van die toekenning in twyfel.

Uit hierdie knelpunte is dit dus duidelik dat daar 'n voortdurende magspel in die bekroning van literêre werke bestaan. Nie alleen is skrywers in die verlede te na gekom weens botsende ideologiese oortuigings van borge en paneellede van pryskomitees nie,

maar is daar ook onvanpaste status toegeken aan minderwaardige werke met swak motiverings vir waarom hierdie toekennings gemaak is.

English (2002:109, oorspronklike kursivering) voer aan: “The whole literary awards scene, as numerous commentators have observed, has come to resemble the ‘Caucus-race’ of *Alice’s Adventures in Wonderland*, where the Dodo announces that ‘everybody has won, and all must have prizes’.”

4. RESENTE DEBATTE EN DIE GEVOLG DAARVAN

Prysbekronings vir die tydperk onder bespreking in hierdie studie het ook vir polemie en debat gesorg. Twee voorbeelde hiervan is verskeie Akademiepryse en die Groot-Romanwedstryd.

4.1 Akademiepryse

In 2003 ontstaan ’n mediadebat oor die toekenning van die Hertzog-prys vir Afrikaanse drama. Cas van Rensburg (2003:11) wys in sy resensie van Pieter Fourie se *Koggelmanderman* (2003) daarop dat daar probleme met die prys se formaat is. Hy meen dat die prys slegs aan gepubliseerde dramas toegeken word – dié wat gewoonlik nie die teater haal nie en derhalwe beskou kan word as “leestekste (dit wil sê letterkundige tekste) en nie speel- en verhoogteks nie”. Verder meen hy dat Fourie se teks “[b]loot letterkundig gesien” heelwat kritiek uitlok. Van Rensburg (2003:11) verwys verder na die probleem dat daar min dramas gepubliseer word, maar dat dramakompetisies deur inskrywings oorval word – ’n onewewigtige situasie met betrekking tot vraag en aanbod:

Ons sit dus hier met die situasie dat talle goeie dramas bloot verdwyn asof hulle nooit bestaan het nie. En dan wil die Akademie nog die Hertzogprys toeken op grond van die paar dramas wat wel gepubliseer word! Dit is ’n absurde situasie waar die uitgewers in hul keuse van wat gepubliseer word eintlik bepaal watter dramas bekroon kan word. Dit kan mos nie.

In ’n verweer verduidelik Smuts (2003:9) dat die Akademie wel probeer het om die probleem met betrekking tot die dramaprys op te los, en verskeie moontlikhede ondersoek het, maar om die statutêre prys oop te stel vir ongepubliseerde werk “ook effens belaglik” sal vertoon. Kannemeyer (in Smith, 2003b:14) het ook in sy aanvaardingstoespraak van die N.P. van Wyk Louw-medalje in 2003 die Akademie skerp gekritiseer en gewys op die verleentheid wat die “herhaalde nie-bekronings” op die gebied van drama veroorsaak, en aangevoer dat ’n prys vir die skryf van biografieë byvoorbeeld die plek hiervan kan inneem.

Fourie (aangehaal in Malan, 2003:21) is self ook bewus van die geskiedenis van

die Hertzog-prys, die politieke bestel se invloed op bekronings, en die miskyk van talent.

Hy voel:

Laat ek eerlik wees, ek dink ek het dit al vroeër verdien [...] Daar was 'n tyd toe ek baie beter goed geskryf het as nou. Toe ek dit kon gekry het vir individuele werk en nie vir 'n oeuvre soos nou, op my oudag nie [...] Bartho Smit en André P. Brink moes albei sit en toekyk hoe daar in jare waarin hulle briljante werk geskryf het geen toekenning gedoen is nie omdat die standaardte kastig nie goed genoeg was nie. Dan kom iemand soos Henriëtte Grové en kry die prys vir 'n dingetjie wat vir radio geskryf is en nog nooit eens opgevoer is nie.

In 2004 ontlok die Akademie wéér skerp kritiek. Só berig Theunis Engelbrecht (2004:20) oor die ontevredenheid: “Skerp vrae word gevra oor die kriteria van die beoordelingspaneel wat vanjaar moes besluit wie die Hertzog-prys vir prosa wen. Daar word nou geëis dat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, wat die prys toeken, die redes vir die besluit openbaar maak. Daar word voorts geëis dat bekend gemaak word hoe die komitee saamgestel word en wie die lede was.” Engelbrecht dui aan dat daar heelwat ontevredenheid is onder akademici wat meen dat Dan Sleigh se *Eilande* (2003) eerder as Winterbach se *Niggie* (2003) bekroon moes word. Veral Abraham de Vries het hom sterk uitgespreek oor die implikasies wat so 'n toekenning tot gevolg het. “Hier bestaan nou die moontlikheid dat een van dié grootste romans in Afrikaans nooit deur die Akademie as selfs van gelyke gehalte [as] *Niggie* erken sal word nie” (Engelbrecht, 2004:20). Verdere kritiek is gelewer op die aantal tekste in die Afrikaanse literatuur wat oor die Anglo-Boereoorlog handel, terwyl “daar geen ander boek soos *Eilande* [is] nie” en dat *Eilande* “hiërgies en dimensioneel groter as *Niggie*” is (anoniem, aangehaal in Engelbrecht, 2004:20). Eise word ook gestel dat die letterkundekommissie verantwoording moet doen vir hulle besluite en meer deursigtig moet wees (Kannemeyer in Engelbrecht, 2004:20), en 'n beroep word op die Akademie gedoen om weg te doen met onbekende kriteria vir beoordeling (De Vries in Engelbrecht, 2004:20).

Die kwessie van Adam Small wat dekades reeds deur die Akademie oorgesien is word weer deur Jason Lloyd (2010:5; kyk ook De Vries, 2004a:8; Fourie in Malan, 2003:21) aangeroe nadat die Akademie in 2009 'n regstelling gemaak het deur 'n spesiale medalje aan Small toe te ken (Joubert, 2009:13). In 2012 word die Hertzogprys dan wel vir *Kanna hy kô hystoe* (1980) toegeken, ten spyte van die prysreglement wat dit verhoed. Smuts (2004:13) erken namens die Akademie dat daar wel tekortkominge en probleme met die toekenning van literêre pryse bestaan, wat tot gevolg kan hê dat goeie boeke nie altyd bekroon word nie: “*Eilande* is 'n sprekende voorbeeld hiervan.” Maar, verduidelik hy, een instansie alleen behoort nie al die blaam te dra nie: “Die Akademie is darem nie die enigste kanoniseerder in die Afrikaanse wêreld nie.”

Die voortdurende magspel om status tussen skrywers, maar ook tussen verskillende rolspelers in die literêre sisteem, is uit hierdie voorbeelde duidelik. Nie alleen kom skrywers teen mekaar te staan vir die erkenning om aangewys te word as 'n skrywer wat status bo ander skrywers geniet nie, maar ook die beoordelaars en die maatstawwe vir beoordeling word bevraagteken.

4.2 Sanlam/INSIG-Roman-wedstryd

Debat oor die Sanlam/INSIG-Roman-wedstryd het in 2007 gevolg nadat Erika Murray-Theron dié prys met haar roman *Tapisserie met klein diere* (2008) gewen het. John Kannemeyer (2008:5) dui in sy resensie “Is wenroman volledig wenmateriaal?” aan, dat die boek tekort skiet, veral wat betref die “tegniek van 'n verteller-skrywer [...] By Murray-Theron bly dit 'n blote speletjie wat deur die sporadiese aanwending grotendeels misluk en daarom na 'n opsetlike nuuttjie lyk”. Hierna volg die resensie van Jaybee Roux (2008b:17) wat meen dat Murray-Theron se karakters slegs aanvanklik oortuig, dat die idee van 'n romanskrywer wat 'n boek skryf nie oorspronklik is nie, sy haar “subtile nuanses [...] begin prysgee” het en dat geen van die slagoffers geloofwaardig is nie. Hy meen: “Die karakters gaan soms dramaties aan die bieb, stort trane en vlek hulle emosionele binnewêreld vir mekaar oop. Die stroperigheid waarmee die dialoog soms bedruip word, laat die kiewe saamtrek. Dat die skrywer die tekortkominge en kritiek wat teen sy/haar boek ingebring mag word, ruitelik erken, maak dit geensins vergeeflik nie.” Roux breek dan ook die *status* van die skrywer én die romanprys af deur te skryf: “Murray-Theron sal hopelik besin voor sy weer 'n roman aandurf. Intussen sal selfs haar gehardste ondersteuners erken dat dié boek nie heeltemal geslaagd is nie.”

In haar resensie het Hambidge (2008k:6) dit oor die roman nie vlot geskryf is nie, komplekse kwessies nie genoegsaam beleef word nie, karakters nie genoegsaam beskryf word nie en die manlike waarnemer nie oortuig nie. Sy meen mens sou hierdie probleme kon oorsien as dit nie was vir die prys wat dié roman ontvang het nie: “Daar is 'n plek vir die lekkerleesroman, maar nie as 'n voorstelling van 'n pryswennende roman nie. Die skrywer word hierdeur 'n onguns bewys en die leser word mislei. Skryfstandaarde word aangetas. Sou die Booker byvoorbeeld gewen word deur 'n populistiese skrywer?” Dit gaan vir Hambidge egter oor meer as 'n toekenning aan 'n titel in 'n minderwaardige genre. Sy meen dat die prys 'n bepaalde reputasie gebou het deur vorige bekronings wat aan onder meer Dan Sleight en Alexander Strachan gemaak is en in stand gehou moet word. Sou daar geen waardige wenner wees nie, moes die prys nie toegeken word nie en moes “letterkundige beoordelaars [...] beter oordeel aan die dag [gelê het] as om romans te bekroon wat nie bekron[ing]swaardig is nie” (Hambidge, 2008c).

Die beoordelaars, Louise Viljoen, André P. Brink en Jakes Gerwel (drie besonder

prominente akademici in die Afrikaanse letterkunde) verskil egter in hul commendatio: “Dit lyk of skrywers weer lus is om stories te vertel en nie hul lesers wil vermoei met allerhande literêre truuks nie. [...] Prof. Viljoen het beaam dat Afrikaanse lesers goeie populêre literatuur, oftewel goeie storieboeke, soek” (Van der Merwe, 2007:45). Viljoen verduidelik verder: “Die beoordelaars se oorkoepelende indruk oor die manuskripte [op die kortlys] was dat ons hier te doen gehad het met skrywers wat [...] weet hoe om ’n storie te vertel, hoe om interessante karakters te skep, hoe om die ruimtes waarin hulle verhale afspeel, doeltreffend te teken en hoe om oortuigende dialoog te skryf.” Volgens die beoordelaars is alles wat die verskillende resensente in hulle kritiek as probleme aangedui het, deur die beoordelaars as aanwinste in die roman gesien, ’n aanduiding dus dat daar ook wrywing tussen resensente, akademici en beoordelaars bestaan.

’n Verdere interessante kwessie kom in hierdie debat ter sprake. Die wenner, Erika Murray-Theron, dui in ’n onderhoud aan dat haar bekendheid as tydskrifverhaalskrywer haar status as romanskrywer gekelder het: “Ek weet nie of dit is omdat ek onder my eie naam tydskrifverhale skryf dat mense my dalk nie so ernstig opneem nie. Ek weet van heelwat gevestigde skrywers wat ook vir vrouetydskrifte skryf – maar onder ’n skuilnaam. Miskien het ek my in die voet geskiet, maar dit is nou te laat. My romans moet maar op hulle eie bene staan” (Murray-Theron aangehaal in Van der Merwe, 2007:6).

Dit is juis vanweë hierdie onderhoud tussen Murray-Theron en Kalmer wat in *Boeke-Insig* verskyn het dat Hambidge (2008c) die kwessie van kanonisering aanspreek. Sy meen dat die populistiese die literêre gehalte verdring deurdat die wenners gevestigde literêre tradisies afbreek en nietig verklaar en dat bedrewe skrywers (maar sonder literêre status) as “groot skrywers” uitgebeeld word. “Om hierdie skrywers so aan te bied, is misleidend. Die ingeligte leser weet egter dat *Boeke-Insig* skrywers bemark aan leeskringe en hulle sodoende aan kopers bekendstel” (kyk ook hoofstuk 9 m.b.t. leeskringe). Hambidge dui dus aan hoe die magspel van bemarking tot die borge se voordeel strek as *Boeke-Insig* soveel blootstelling aan die wenners gee, en hulle “op ’n letterkundige *roadshow* geneem word” weens die feit dat dit as “groot” letterkunde beskou word (Hambidge, 2008c).

5. GEVOLGTREKKING

“[C]ultural prizes can be, at one and the same time, both more dubious – more of a joke – than they used to be, and more symbolically effectual, more powerfully and intimately intertwined with processes of canonization,” skryf English (2002:118). Die rol van literêre pryse het die afgelope dekade tereg vir vurige debat en bevraagtekening gesorg. Nie net

is daar knellende vrae gestel oor die wyse waarop beoordelaarspanele saamgestel word en die verwagtinge wat gestel word vir waardige wenners nie, maar is daar ook kommer uitgespreek oor die kanoniseringswaarde van sogenaamde minderwaardige werk as pryse daaraan toegeken word.²²

Die instelling van al meer (literêre) pryse, die oordadige bekroning van enkelfigure sowel as die status van bestaande pryse wat deur swak keuses in gedrang gebring word, blyk duidelik uit die resepsieondersoek na prysbekronings vir die afgebakende tydperk. Buiten gevestigde literêre pryse is dit veral ook die romankompetisies wat verandering in die literêre sisteem teweegbring. Die oogmerk daarvan (soos duidelik blyk uit die debat rondom die toekenning van die prys in die Sanlam/INSIG-Roman-wedstryd in 2007) is om publiseerbare manuskripte in te vorder en om leesstof aan 'n breë gehoor te verskaf – dit staan dus lynreg teen kanonisering. Die prysgeld hier oortref ook alle literêre pryse se prysgeld, en veroorsaak sodoende dat verhoogde (literêre) status – weens populêre aanspraak en mediablootstelling – aan hierdie werke toegeken word. “Dit gaan meer oor opportunisme as meriete,” het Fourie (aangehaal in Malan, 2003:21) by geleentheid oor gehalte gesê, en dalk is dit waar die grootste knelpunt in die veranderende literêre sisteem lê. Die oor- en onderskatting van die skrywers skep probleme in die sisteem as daar na ander kanoniseringselemente soos geskiedskrywing, vertaling en verwerking gekyk word. Waar bloemlesings, literatuurgeskiedenis en andere foute van die verlede tot 'n mate kan regstel met herwaardering, kan die literêre toekenning nie verander of aangepas word nie, dit is 'n finale oordeel.

²² Kyk ook onder andere die debat oor die Ingrid Jonker-prys op Versindaba in 2010 en die debakel rondom die toekenning van die Hertzog-prys vir drama aan Adam Small in 2012.

HOOFSTUK 6

Vertaling

Literêre vertaling is die ekstreme sport van die linguistiek. Wie dié nering het, moet nie alleen volkome vertrouwd wees met die taalgereedskap van albei betrokke tale nie, maar ook deeglik onderlê wees in die teorie van die letterkundige vertaling. Dis 'n gespesialiseerde akademiese veld waarin vuurwarm debatte gevoer word oor kwessies rakende ekwivalensie en die oordra van tekste van een kultuur na 'n ander.

Salomé Snyman, *Rapport* (2007:5)

Voortdurende, kreatiewe herskrywing voorkom dat die wêreld 'n onherbergsame plek word.

Willie Burger, *By-bylaag tot Beeld, Die Burger en Volksblad* (2008b:7)

1. INLEIDING

Vertaling is 'n belangrike skakel in die literêre sisteem. “Writers and texts can only maintain their position within the canon through continuous rewriting: critical rewriting by literary critics (as taste-makers and gate-keepers) and creative writing by fellow writers,” voer Van Jaarsveld en Van Coller (2008:89) aan. Vertaling dra dus by tot 'n outeur se status en posisie in die kanon sowel as sy/haar internasionale status én verruim 'n bepaalde literatuur deur werke vanuit een literêre sisteem na 'n volgende oor te dra. Een siening is dat verwerking (in verskeie vorme) verseker dat die meriete van die literêre teks behoue bly, maar ook dat dit 'n breë(r) publiek bereik deur byvoorbeeld kunswerke, opvoerings (teater, ballet, ens.), vertaling, verfilming, verwerking vir musiek, en andere.²³

In hierdie hoofstuk word daar aandag gee aan die plaaslike landskap deur 'n kort oorsig van vertaling in die Afrikaanse literêre sisteem aan te bied, waarna die volgende ondersoek word: die uitgewer se rol by die keuse van tekste, die vertaler se rol en status in die sisteem, die ses soorte vertalings wat vir die tydperk 2000–2009 verskyn het, polemieke rondom prystoekennings vir vertaling, en die hernude erkenning aan vertalers deur die ontstaan van die SAVI-prys vir Voortreflike Vertaling.

2. VERTALING IN DIE GROTER KONTEKS

Naudé (2008:11) meen dat vertaling 'n magtige element van manipulasie kan word: “[V]ertaling [...] is een van die primêre literêre hulpmiddels wat groter sosiale instellings, onderwysstelsels, kunsterade, uitgewersmaatskappye en selfs regerings tot hul beskikking het om 'n gegewe samelewing se kultuur te manipuleer.” Met verwysing na die bemagtigingsrol wat die 1933-Bybelvertaling in die Afrikaanse godsdienstgemeenskap gespeel het (ook op taal- en kulturele vlak), dui die skrywer aan hoe so 'n magsituasie in 'n land kan ontvou:

Kerke sou die opdrag vir Bybelvertalings kon gee, regerings sou die vertalings van nasionale epiese verhale kon ondersteun, skole sou die vertaling van groot werke kon onderrig, konings sou die beskermhere van vertaling oor heldhaftige oorwinnings kon wees en sosialistiese regimes sou die vertaling van sosiale realisme kon onderskryf, met almal wat hul eie oogmerke van ideologie en kulturele mag gehad het (Naudé, 2008:11).

In aansluiting by die magsrol van vertaling, ontstaan ook vrae oor vertaalstrategieë, soos Naudé (2008:11) uitwys: “Hoe kan die vertaler kulturele verandering teweegbring? Hoe kan vertalers die kulturele gaping oorbrug? In watter omstandighede het vertaling

²³ Kyk hoofstuk 9, afdeling 3 vir verwerking betreffende uitvoerende kunste en films.

maksimale impak? Hoe hou vertaling verband met kulturele dominansie, kulturele handhawing en kulturele weerstand?” Erasmus (1998:30–31) wys daarop dat vertaling nie vry is van politieke en ideologiese kragte nie, en dat dit noodsaaklik is om ook na aspekte te kyk soos (i) die keuse van die teks wat vertaal word; (ii) tydsberekening vir die vertaling; (iii) vertaalopdragte en -strategieë; (iv) keuse van vertaler, uitgewer en ander betrokke partye. Ook Pienaar (2005:6) meen dat dit juis die heersende politieke ideologie van die land was wat die Afrikaanse literêre sisteem negatief beïnvloed het deur Afrikaans van ander tale te isoleer en ’n valse tradisie in die letterkunde geskep het: “Dis al lank bekend dat die Afrikaanse letterkunde in die geheel die teiken was van manipulasie deur die outoritêre Afrikaner-establishment.”

3. DIE PLAASLIKE LANDSKAP – ’N OORSIG

Afrikaans beskik oor ’n ryk vertaaltradisie. Vertaling *uit* Afrikaans word so vroeg as 1890 in Toerien (1998:53) aangedui, en vertaling *na* Afrikaans uit ander tale (veral wêreldliteratuur van vroeër) is onder meer te vinde in reekse soos *Die Juweel-Nouvelles* (onder redaksie van Audrey Blignault) by Nasionale Pers, A.P.B.-*Wêreldboeke* (deur Afrikaanse Pers-Boekhandel), veelvoudige dramas van Shakespeare deur onder andere die Hollandsch Afrikaansche Uitgewers Maatschappij (H.A.U.M.), *Poësie uit verre lande*-reeks (Perskor), en die gewilde prosavertalings in die *BM*-reeks (deur Boek Mosaïek). Dit is veral in (en sedert) die sestigerjare wat vertaling ’n bloeitydperk beleef het, en bygedra het tot ’n ryk tradisie van vertaalde werke *na* en *uit* Afrikaans (kyk ook Britz, 1999:13).

Die Suid-Afrikaanse boekmark, wat vertaling betref, word tans oorheers deur die Afrikaanse vertaling van Christelike fiksie en niefiksie, titels uit die gewilde *Mills & Boon*-reeks deur Jacklin Enterprises, selfhelpgidse, populêre sielkunde en ’n groot hoeveelheid kinder- en ook jeugliteratuur wat óf in ko-produksie met internasionale uitgewers uitgegee word, óf vertaal word vir die plaaslike mark.²⁴

Daar het egter ook in die afgelope dekade interessante verwikkelinge in die Suid-Afrikaanse boekbedryf plaasgevind rakende vertaling van wêreldliteratuur en Nederlandse tekste na Afrikaans; plaaslike materiaal (van Engels en die inheemse tale) na Afrikaans; samelopende uitgawes van Afrikaanse en Engelse tekste, parallelle tekste, sowel as vertalings of omdigtings deur skrywers en digters van eie werke. Fourie (2004:214) meen dat so ’n wisselwerking goed is vir die skrywer se aansien,²⁵ maar ook vir die bankstaat omdat internasionale blootstelling sommige skrywers toelaat om van hulle skryfwerk ’n beroep te maak.

²⁴ Kyk in laasgenoemde geval Kleyn & Snyman, 2009 en 2010 m.b.t. kinder- en jeugliteratuur.

²⁵ Kyk ook Grant-Marshall, 2009:5; Groenewald, 2007b:19.

4. SOORTE VERTALINGS SEDERT 2000

By die verskyning van M.M. Walters se Chinese gedigtebundel, *Shih-ching: Liedereboek* (2003) merk Odendaal (2004a:6) op: “Vertaalwerk is tot dusver nie eintlik na waarde geskat in die Afrikaanse literêre wêreld nie, vernaamlik nie wat betref die prosa en poësie nie. Heel waarskynlik omdat ons ons te veel verlaat op wat deur middel van Engels vir ons toeganklik gemaak word.” Verder meen hy dat dit verblydend is om bundels te sien wat in die geheel vertaal word, waar vertaalde werke gewoonlik slegs as ’n onderafdeling van ’n bundel verskyn. Van Dis (aangehaal in Wasserman, 2001b:4) benadruk dat ’n literatuur van ’n klein land of taal kan baat by ’n sisteem wat oop is vir vertaling: “’n Eie literatuur [...] word slegs sterker as dit sigself oopstel vir vertaalde literatuur. Hoe meer mededinging, hoe sterker.” Hierdie situasie is volgens Lefevere (1986:6) egter nie slegs positief nie en hy wys daarop dat dit minstens in twee opsigte problematies kan wees: “One is that the foreign writer’s ideology, or world view, might not be too compatible with that of the culture you belong to, and the other is that the way the author writes, his or her poetics, is too extraneous to the receiving literature to make much of an impact.”

Ten einde die bestaande situasie in die Afrikaanse letterkunde te beskou, word daar vervolgens aandag geskenk aan die soorte vertaling wat sedert 2000 verskyn het.

4.1 Klassieke tekste na Afrikaans

Tans is elke vertaling wat verskyn ’n blye toevoeging tot die Afrikaanse literatuur, maar daar is vroeg al kapsie gemaak teen die invloed wat internasionale werke op die plaaslike bedryf en die taal sal uitoefen. Behrens (1967:11, 12) vaar in die sestigerjare reeds uit teen die invloed wat die Sestigters op die taal en letterkunde uitgeoefen het (weens blootstelling aan internasionale tendense in die wêreldliteratuur), en spreek sy kommer uit oor die groot aantal vertalings: “Ek vind dit belaglik dat sommige uitgewers die treffers wat verlede jaar in Engels verskyn het, vanjaar aan ons in vertaalde vorm gee. En waarom [...] dit nou juis nodig [is] om Steinbeck, Hemingway of Sagan te vertaal, gaan my verstand te bowe. Die mense wat in hierdie skrywers geïnteresseerd is, lees hulle boeke soos hulle verskyn, in Engels.”

Hierteenoor skryf G.J. de Melker (1960a:4) dat HAUM in 1958 reeds aan die Internasionale Boekeskou in Frankfurt deelneem. “Die doel van die tentoonstelling is nie soseer regstreekse verkope nie, maar meer om kontakte te vind met die uitgewers van oor die wêreld, met die oog op vertaalregte van boeke.”

Britz spreek egter in 1999 sy kommer uit dat Afrikaans as vertaalmedium ver agter geraak het. Vroeër kon die Afrikaanse letterkunde met leesreekse van buitelandse boeke spog, maar later het dit opgedroog:

Dit was veral die Sestigters wat met vertalings 'n basis gebou het waarop die hele moderne Afrikaanse letterkunde verder kon ontwikkel. Byna elke belangrike Sestiger het vertaal [...] Vertalings moes saam met die navolging van kontemporêre Europese strominge die “gemoedelike lokale realisme” deurbreek wat die Afrikaanse literatuur van ouds herbevrug, maar ook geïsoleer het binne 'n beperkte plaaslike ruimte (Britz, 1999:13).

Daar was egter die afgelope dekade 'n verblydende opbloei van vertaling van wêreldliteratuur na Afrikaans, met onder meer die Afrikaanse vertalings van J.M. Coetzee se *Disgrace* (*In oneer* – Fanie Olivier, 2009); Camus se *L'étranger* (*Die Buitestaander*, herdruk van die Jan Rabie-vertaling (1966), 2004);²⁶ Jean Echenoz se *Un an* (*Een jaar* – Lydia van Eeden, 2003) en Günter Grass se *Im Krebsgang* (*Kreeftegang* – Arnold Blumer, 2003). Dit gebeur dalk ten spyte van uitgewers se winsgedrewendheid, want “Afrikaanse vertalings van Engelstalige Suid-Afrikaanse romans verskyn [...] nie dikwels nie. Miskien omdat talle Afrikaanse lesers die oorspronklike Engelse weergawe kan (en soms eerder wíl) lees. Miskien omdat 'n vertaling nie altyd 'n véél groter lesersmark waarborg nie” (Human, 2009b:15).

Wat betref die populêre roman, is daar die vertalings van Pamela Jooste se *Star of the Morning* (as *Môrester*, 2007) en *Dance with a Poor Man's Daughter* (as *Dans met armmansdogter*, 2000) beide deur Jaco Fouché. Op die poësiefront is daar die vertalings van onder meer Rainer Maria Rilke se *Duino-elegieë* (H.J. Pieterse, 2007), M.M. Walters se samestelling van vertaalde Chinese gedigte in *Shih-Ching: Liedereboek* (2003), en Naòmi Morgan en Bernard Odendaal se vertaling van Jacques Brel se lirieke in Afrikaans.

Ideologiese oortuiging, persoonlike vertaalvoorkeure en bemerkbaarheid speel in al die bogenoemde gevalle waarskynlik 'n groot rol in die keuse van tekste wat vertaal is. Die uitgewershuis Praag (onder die bestuur van Dan Roodt) het die vertalings van Camus, Echenoz en Grass uitgegee. Pamela Jooste se hoë verkoopsyfers het haar werk waarskynlik 'n aantreklike kommersiële produk gemaak. Die verfilming van J.M. Coetzee se roman *Disgrace* en die uitreiking daarvan in Suid-Afrika was 'n oorweging vir die keuse van 'n Afrikaanse uitgawe. Walters, Van Eeden, Morgan en Odendaal het nie in opdrag van enige uitgewer vertaal nie, dus het persoonlike keuse hier 'n rol gespeel.

4.2 Nederlandse tekste in Afrikaans

Nederlandse tekste het weens befondsingsmoontlikhede 'n gewilde keuse by uitgewers geword om na Afrikaans te vertaal, maar ook Afrikaanse skrywers word voortdurend vir die Nederlandse lesersmark vertaal. Daar bestaan egter 'n wanbalans tussen die aantal tekste wat uit Afrikaans in Nederlands vertaal word en die wat uit Nederlands in Afrikaans vertaal word. Die vertaalsisteem met betrekking tot Nederlandse tekste na

²⁶ Spelling by oorspronklike vertaling én herdruk.

Afrikaans en Afrikaanse tekste na Nederlands is daarom grootliks onewewigtig of eensydig (Erasmus 1998:30). Volgens Erasmus is dit waarskynlik weens die Nederlandse taalsisteem se sterk vertaaltradisie wat oor baie jare heen ontwikkel is, maar sy voer ook aan dat “[d]ie gebrek aan Nederlandse tekste in Afrikaanse vertaling eweneens ’n aanduiding sou kon wees van weerstand wat gebied word teen neo-koloniale impulse uit Europa” (Erasmus, 1998:33).

Uit die Vlaamse ministerie kom daar onder meer befondsing vir publikasies asook vir reise van skrywers om werke in Suid-Afrika bekend te stel waardeur skrywers status in ’n ander literêre sisteem kan ontwikkel. Promosiebesoeke is byvoorbeeld die afgelope paar jaar vir Karel Glastra van Loon se *Passievrug* (vertaal deur Daniel Hugo, 2002) en Adriaan van Dis se *Palmwyn* (vertaal deur Abraham de Vries, 2001) gereël. “Vir reklamedoeleindes moe[t] jy ’n lewende skrywer hê wat na Suid-Afrika kan kom,” verduidelik Hugo dan ook een van die oorwegings by die keuse van skrywer/teks vir vertaling (Hugo, aangehaal in Smith, 2002d:4).

Daar word egter gewaarsku dat vertaling nie ten koste van die ontwikkeling van die plaaslike produkte en bedryf moet geskied nie (Coetser, 2002:13). Dit is dan juis ook Van Dis (aangehaal in Wasserman, 2001b:4) wat byvoeg dat hierdie nuutgevonde (vertaal)sisteem problematies kan wees as die sisteem nie groei en diversifiseer nie: “Wat vreemd is, is dat dit hiervandaan [Suid-Afrika] altyd dieselfde skrywers en digters is wat gekies word om soontoe [Nederland toe] te gaan. Daar is nie juis ’n verskil tussen die nuwe en die ou hegemonie nie, albei ly aan die siekte van mag en monopolie.”

In die Afrikaanse vertaling van *Kartondose* (Hugo, 1996) dui Tom Lanoye aan dat hy self probeer reël het om die teks in Afrikaans te laat vertaal. Hy is dus deel van “’n nuwe geslag skrywers wat hulleself met oorgawe bemark, weliswaar ’n positiewe tendens wat ook in die Afrikaanse literêre toneel aan die toeneem is” (Erasmus, 1998:34).

Hugo neem die afgelope dekade die voortou met vertaling uit Nederlands. Nie net vertaal hy ’n keur uit Tom Lanoye se kortverhale en enkele rubrieke (*’n Slagterseun met ’n brilletjie*, 2008) sowel as *Kartondose* (1996) nie, maar is hy ook verantwoordelik vir Afrikaanse vertalings van onder meer Karel Glastra van Loon se *Passievrug* (2002), Herman de Coninck se *Liefde, miskien* (1996) en *Die lenige liefde* (2009), Harry Mulisch se *Die aanslag* (1999), en op die poësiefront vertaal hy Gerrit Komrij se *Die elektriese gelaai hand* (2005).²⁷

²⁷ Enkele voorbeelde van ander Nederlandse tekste wat die afgelope dekade in Afrikaans vertaal is, sluit in Krog se vertalings van Tom Lanoye se drama *Mamma Medea* (2002), Henk van Woerden se *Domein van glas* (2000), en Lina Spies se vertaling van Anne Frank se dagboek (*Die agterhuis*, 2008).

4.3 Plaaslike Engelse tekste na Afrikaans en Afrikaanse tekste na Engels

Veel minder plaaslike Engelse werke word na Afrikaans vertaal, as andersom. Hierdie situasie kan waarskynlik toegeskryf word aan die plaaslike Afrikaanse mark wat deur Nasionale Boekhandel gedomineer word en Engelse uitgewers moeilik hierdie deel van die marksegment met hulle klein Afrikaanse publikasielyste kan binnedring. Enkele tekste is uit Engels na Afrikaans vertaal – waarskynlik omdat Engels vir Afrikaanse lesers toeganklik is – ’n situasie wat nie vir Engelse lesers die geval is nie.²⁸ Slegs ’n hand vol publikasies is hier ter sprake: *Langs die kampvuur* (2003), ’n vertaling van Roger Webster se gewilde *At the Fireside*-reeks, verskyn by Spearhead Uitgewers; *Lied van die vallei* (2006), Idil Sheard se vertaling van Athol Fugard se *Valley Song*; en *Met kerslig na Mecca* (2010), vertaling van *The Road to Mecca*, verskyn by Maskew Miller Longman; *Volkverhale van die reënboognasie* (2000), saamgestel deur Denise Godwin en vertaal deur Alwyn Lubbe; en *Swerfsange: Liedere van Basotho-mynwerkers* (2004), vertaal deur Malefetsane Lenake en Chris Swanepoel, verskyn by Van Schaik Uitgewers. Vier van hierdie vyf vertaling is op die opvoedkundige mark gerig, en ’n duidelike aanduiding dus watter afsetgebiede beoog word.

Die situasie sien egter anders daar uit vir die groot hoeveelheid Afrikaanse tekste wat deur uitgewers vir die plaaslike Engelse mark vertaal word. Hier kan die waarskynlike redes wees dat die dominante markposisie van ’n uitgewers(netwerk) gebruik word vir bemerking en verspreiding, die reeds bekende konteks en temas van die plaaslike skrywers benut word, daar nie probleme met vertaalregte is nie, en suksesse van die Afrikaanse verkope en die status van die betrokke skrywers (ook as prysweners) bydra tot hul bemerkingswaarde.

Hoewel dit uit hierdie ondersoek duidelik is dat bekende Afrikaanse skrywers (literêre en populêre) soms besonder krities deur die Engelse media ontvang word, is daar tog ook aanduidings van ’n groeiende belangstelling op dié gebied. ’n Groot hoeveelheid populêre Afrikaanse boeke is vir die plaaslike Engelse mark vertaal.²⁹

Die gewilde Deon Meyer se boeke is bykans alles al in Engels vertaal, asook in meer as 12 internasionale tale (Cohen, 2008:13; Groenewald, 2007a:4; Malan, 2005:10), en hy is met onder andere die Le Prix Mystère de la Critique, Le Grand Prix de

²⁸ Kyk ook in dié verband die argument oor resensering van vertalings in afdelings 5.5 en 6.3.

²⁹ Voorbeelde hiervan is Annelie Botes se *Klawervier* (*Mountain of Lost Dreams* – Riet de Jong-Goossens, 2005); Tom Dreyer se *Equatoria* (Michiel Heyns, 2008); ’n versameling uit die werk van Ingrid Jonker (*Black Butterflies* – André P. Brink en Antjie Krog met die hulp van Isobel Hofmeyer, 2007); Elsa Joubert se *Die reise van Isobelle* (*Isobelle’s Journey* – Catherine Knox, 2002); Kleinboer se *Kontrei* (*Midnight Missionary* – Jaco Fouché, 2006), Krog se *Verweerskrif* (*Body Bereft* – Krog met die hulp van o.m. Gus Furguson en Andries Wessels, 2006); ’n keur uit Krog se poësie as *Down to My Last Skin* (Antjie Krog, Karin Press, Patrick Cullinan en Denis Hirson, 2000); Eugène Marais se *Dwaalstories* (*The Rain Bull and Other Tales from the San* – Jacques Coetzee, 2007); en *Siel van die mier* (*Soul of the White Ant* – 2006); ’n keur uit die werk van Wilma Stockenström (*The Wisdom of Water* – Johann de Lange, 2007); en *Die kremetartekspedisie* (*The Expedition to the Baobab Tree* – J.M. Coetzee, heruitgawe 2008); Marlene van Niekerk se *Agaat* (Michiel Heyns, 2006); Jan van Tonder se *Roepman* (*Stargazer* – Elsa Silke, 2006); Eben Venter se *Ek stamel ek sterwe* (*My Beautiful Death* – Luke Stubbs, 2006) en *Horrelpoot* (*Trencherman* – Luke Stubbs, 2008); en Ingrid Winterbach se *Karolina Ferreira* (*The Elusive Moth* – 2005) en *Niggie* (*To Hell with Cronje* – Elsa Silke, 2007).

Littérature Policière en Deutsche Krimi Preis bekroon. Marita van der Vyver geniet ook geruime tyd reeds internasionale status met haar vertalings in onder meer Duits en Nederlands (Marais, 2005b:6; Walker, 2000:12). Gewilde verkopers soos Dana Snyman se *On the Back Roads* (2008) en ook Christiaan Bakkes en Johan C. Bakkes se werke is plaaslik ook vir die Engelse mark vertaal (kyk afdeling 6.2).

Boonop ontstaan die tendens om die Afrikaanse en Engelse weergawes gelyktydig uit te gee (bv. die werke van Krog en Van der Vyver), óf Afrikaanse en Engelse titels van 'n skrywer saam te bemark (kyk hierdie tendens m.b.t. Stockenström) – selfs as die publikasies nie deur dieselfde uitgewer uitgegee word nie (kyk Van der Vyver in dié verband). 'n Nuwe tendens ontstaan dus waarin literêre én gewilde werke wat hoë aansien geniet en hoë verkoopsyfers behaal, belangrik genoeg deur uitgewers geag word om ook aan die plaaslike Engelse mark bekendgestel te word.

4.4 Parallele uitgawes

Benewens die gelykertyduitgawes is dit veral in Afrikaanse poësie die afgelope dekade 'n gewilde uitgewerspraktyk om parallelle tekste te publiseer. Hierdie verskynsel lê klem op vertaalvaardighede (Britz, 2005a:9), vergemaklik vergelykende studies en ontlok verhoogde akademiese belangstelling (Beukes, 2008a:11). Voorbeelde van parallelle uitgawes is 'n keur uit die werk van Gerrit Komrij, *Die elektriese gelaaiete hand* (Daniel Hugo, 2005 – Nederlands en Afrikaans); H.J. Pieterse se *Duino-elegieë* van Rainer Maria Rilke (2007 – Afrikaans en Duits); 'n keur uit die werk van Luuk Gruwez, *Bandelose gedigte* (Hennie van Coller, 2007 – Nederlands en Afrikaans); en Charl-Pierre Naudé se *Sien jy die hemelliggame* (2007) wat 11 gedigte naas die Nederlandse vertalings deur Robert Dorsman bevat. Die lae verkoopsyfers van Afrikaanse poësie reflekteer waarskynlik ook in die beperkte aantal vertalings wat in hierdie genre verskyn, en is dit opmerklik dat drie van die vier publikasies wat hier gelys word, vertalings uit die Nederlande is.

4.5 Plaaslike inheemse tale na Afrikaans

Só skryf Louise Viljoen (2004a:13) in haar resensie van die vertaling van Günter Grass se *Kreeftegang*:

As Afrikaans die profiel wil hê van 'n kultuurtaal wat op volwassenheid en dimensie kan aanspraak maak, moet daar ook uit én in Afrikaans vertaal word. Die belangrikste literêre werke in Afrikaans behoort in ander tale beskikbaar te wees en belangrike literêre werke in ander tale behoort in Afrikaans vertaal te word. Oor presies wat en hoe vertaal moet word, sal simposiums gehou en tesisse volgeskryf kan word; ook dít is deel van 'n lewendige verkeer rondom 'n taal en 'n letterkunde. Vir eers is dit belangrik dat vertaling sal gebéúr in Suid-Afrika; nie net in en uit Afrikaans nie, maar ook die ander tale in die land.

Van hierdie uitgangspunt is daar egter nog nie genoegsame voorbeelde nie. Weens die politieke verwickelinge in die land sedert die demokratiese bewind in 1994, is dit veral belangrik om die grense tussen tale en letterkundes te laat vervaag, en erkenning te gee aan die inheemse tale wat lank in die skaduwee van Afrikaans en Engels gestaan het. Die bevoorregte posisie van Afrikaans is steeds opmerklik in die aantal nominasies vir die SAVA-prys wat onder meer met vertalings uit en na Afrikaans verband hou (kyk afdeling 7.2).

In ooreenstemming met die doel van die stigting van die drukkersmerk Kwela Boeke, is veral Krog se vertaalprojekte 'n voorbeeld van deelname aan die demokratisering van die land en die ontwikkeling van plaaslike inheemse literatuur in Afrikaans “[o]m skryfwerk van inheemse tale, dikwels voorheen benadeelde mense te bevorder en sodoende aan die demokratisering van Suid-Afrika mee te doen” (Odendaal, 2004b:6). Krog se werk is voorafgegaan deur die werk van onder andere Eugène Marais, Jack Cope, Uys Krige, Abraham Fouché en Minnie Postma wat inheemse tale deur vertaling vir Afrikaanse lesers toeganklik gemaak het. Weens die veranderende politieke klimaat sou dit 'n gunstige teken wees as wisselwerking tussen Afrikaans en inheemse tale kon ontstaan. Voorbeelde van hierdie soort vertaling is egter min, maar die invloed daarvan is duidelik sigbaar in die volgende aanhaling:

Die einde van apartheid het 'n heeltemal nuwe verhouding tussen die rasse asook 'n nuwe blik op die geskiedenis moontlik én nodig gemaak. Met hierdie bundel [*Met woorde soos met kerse*] wil Krog dan ook nie net 'n venster vir Afrikaanssprekendes oopmaak op die poësie van ander landstale nie, maar kennelik ook aandag op die waarde en waardigheid van die “inheemse” letterkunde vestig. Die bundel is dus ook 'n korrekatief op die neerbuigende houding van baie Afrikaners teenoor dié letterkunde én die onkunde daaromtrent (Pakendorf, 2002:11; kyk ook Aucamp, 2001:14).

4.6 Afrikaans vir die wêreldmark (internasionale uitgewers)

Louw (2000:14) meen: “Ná die bewindsverandering in 1994 het Afrikaanse skrywers meer aanvaarbaar vir die buiteland geword, maar dit is steeds net die bestes wat in die mededingende mark slaag.” In Barend Toerien se *Afrikaans Literature in Translation* (1998) word aangedui dat Afrikaanse tekste in meer as 40 tale (buiten Engels) vertaal is, waaronder meer as vyf inheemse Suid-Afrikaanse tale en meer as 40 internasionale tale. Skrywers soos Etienne van Heerden, André P. Brink, Karel Schoeman, Dalene Matthee, Deon Meyer, Marita van der Vyver, A.H.M. Scholtz, Riana Scheepers, Marlene van Niekerk en Rachelle Greeff is enkele Suid-Afrikaanse skrywers wat in die afgelope dekade tot die wêreldmark van boeke toegetree het, met onder meer vertaling na Chinees, Italiaans, Nederlands, Duits en Frans. Die populariteit van skrywers soos Deon Meyer en Marita van der Vyver het daartoe bygedra deurdat hulle reeds gevestigde internasionale (skrywers)reputasie geniet.

Die status van die oorspronklike werk, sowel as die bemerkbaarheid, befondsingsmoontlikhede en kulturele aanknopingspunte in 'n bepaalde kultuur blyk deurslaggewend te wees in die keuse van tekste wat vertaal word (kyk ook Lefevere, 1992:85 m.b.t. die status van vertaling).

5. FAKTORE EN ROLSPELERS WAT VERTALING BEPAAL

'n Verskeidenheid faktore en rolspelers in die literêre sisteem werk aktief mee om 'n vertaaltradisie in 'n bepaalde literatuur te bewerkstellig en in stand te hou. In die Afrikaanse letterkunde is dit geen uitsondering nie.

5.1 Status van vertaling

Die oorlewing en status, veral die klassieke status van 'n teks, is afhanklik van die toeganklikheid daarvan vir 'n breë gehoor: "The proof of classic status, the timeless character of a work, is attained by means of survival in times" (Lianeri & Zajko, 2008:1). Só is dit eeue reeds die geval met skrywers wat sentraal staan in die (Engelse) kanon van wêreldliteratuur waarvan die oorspronklike werke allermins in Engels geskryf is. "The historical boundaries which produce the classics are thus, at one and the same time, inscribed in translation and mediated by it in a way that allows a work to live and remain meaningful in new linguistic and cultural environments" (Lianeri & Zajko, 2008:1).

Hierdie is die proses van waardetoevoeging en kanoniserings vind soos volg plaas:

Even the most cursory reading of publishers' catalogues confirms that the foreign-language texts we call "classics" do not merely attract translation, but eventually, when their copyright expires, become subject to multiple *retranslations*, as publishers scramble to transform the cultural capital those texts have acquired into economic capital. Nonetheless, it can be argued that translation functions as one cultural practice through which a foreign text attains the status of a classic: the very fact of translation not only implies that the text has been judged valuable enough to bring into another culture, but also increases this value by generating such promotional devices as jacket copy, endorsements, and advertisements and by enabling such diverse modes of reception as reviews, course adoptions, and scholarly research (Venuti, 2008:40, oorspronklike kursivering).

Even-Zohar (1990:46–47) voer in sy navorsing aan dat daar 'n foutiewe persepsie heers dat vertalings nie 'n sentrale plek in 'n literêre sisteem verteenwoordig nie en eerder op die periferie van so 'n sisteem funksioneer. Hy is van mening dat vertaalde werke nie alleen 'n *integrale deel* van die sisteem vorm nie, maar ook 'n aktiewe subsisteem binne die groter sisteem vorm en aktief daaraan meewerk om dit voortdurend te verander en uit te brei: "It is clear that the very principles of selecting the works to be translated are determined by the situation governing the (home) polysystem: the texts are chosen

according to their compatibility with the new approaches and the supposedly innovatory role they may assume within the target literature.” Vir hierdie situasie word dan ook drie beginsels gestel: “(a) when a literature is ‘young’, in the process of being established; (b) when a literature is either ‘peripheral’ (within a large group of correlated literatures) or ‘weak’, or both; and (c) when there are turning points, crises, or literary vacuums in a literature”.

Venuti (2008:28) wys egter daarop dat blote vertaling geen waarborg is om ’n (nuwe) literêre sisteem binne te dring nie. Vertaling kan ook ongewaardeerd, ongelees en uit druk raak. “As [’n vertaling] nie gehoor en gesien word sodat dit die vaste besit van die Afrikaanse kultuur word nie en as dit daarmee sou gaan, soos met van Uys Krige se vertalings van Lorca wat verpulp is [...] dan was die geskenk ’n wedusluier,” verduidelik Calitz (1995:60).

Wanneer meer as een vertaling van ’n bepaalde teks beskikbaar is, of alternatiewe vertalings gemaak word, kan die vraag ontstaan oor watter een van die verskillende vertalings die meeste gesag dra, en wat die kanoniseringswaarde van dié verskillende weergawes is:

[I]ts application of dominant formal and thematic interpretants must be (or even become) so transparent as to seem true or adequate to the foreign text, and its literary value must be supported and increased by cultural and social factors such as copyright law and market forces (a publisher can retranslate a canonical text only when it is no longer under copyright, and this decision will be taken only when existing versions are not critically acclaimed as to undermine the competitiveness of a new one) (Venuti, 2008:46–47).

Uit Venuti se uitspraak is dit duidelik dat dit meermale eerder die *interpretasie* van die werk as die vertaling is wat dominante status in die akademiese sfeer bepaal. Verder meen Venuti (2008:28) dat ’n bepaalde vertaling ook kanonieke status kan bereik deurdat dit as maatstaf vir hervertalings gebruik word. Die akademiese waarde wat deur institusionele sisteme tot stand gebring word, moet egter nie onderskat word nie:

The cultural power of translation is uniquely revealed when we consider its role in the canonization of a foreign text in the receiving situation. A translation contributes to this canonizing process by inscribing the foreign text with an interpretation that has achieved currency and in most cases dominance in academic or other powerful cultural institutions (Venuti, 2008:29).

5.2 Keuse van tekste

Vrae oor die noodsaaklikheid en waarde van vertaling in die literêre en boekbedryf ontstaan as die brontaal dit reeds vir die groter leserskorps moontlik maak om ’n literêre werk in die brontaal te lees (Salafranca, 2007:10; Van der Merwe, 2009:11). Redes wat wel ten gunste van vertaling aangevoer word, behels die aansluiting by reeds bestaande temas in ’n bepaalde taal, kultuur, letterkunde of land (Van der Merwe, 2009:11;

Wasserman, 2001b:4); die rekonstruksie van byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse geskiedenis (Van Coller, 2004:6); aansluiting by 'n tradisie van 'n letterkunde (Hugo, 2008:8; Kombuis, 2008:22); en tekste wat afspeel in die bepaalde land waar die vertaling bemarkingswaarde het (Hugo, 2008:8).

Die hoofkenmerke wat aan die belangrikheid van vertalings oor die afgelope dekade in die Afrikaanse letterkunde toegeken is, is uit 'n ondersoek na die resensies onder meer: toeganklikmaking van literatuur in 'n nuwe taal (Beukes, 2008a:11; Hambidge, 2004:17; Odendaal, 2004a:6, 2004c:6); die uitbreiding van 'n taal- en/of 'n literêre sisteem deur onder meer die invloed van die bepaalde skrywer se werk in plaaslike skrywers op te merk (Britz, 1999:13; Hambidge, 2007c:6; Odendaal, 2004a:6); vertaling as 'n opening van 'n venster op die wêreldliteratuur (Pakendorf, 2004a:9); vertaling as verryking van 'n literatuur (Olivier, 2005:13; Van der Merwe, 2009:11); verhoging van taalstatus wat vertaling meebring (Burger, 2009:7); die bemagtiging van skrywers (Snyman, 2007:5); en om deur “[l]iterêre vertaling [...] 'n ander taal se artieste te skatte vir jou taal toe [te eien]” (Britz, 2005a:9).

Die vraag is egter of vertaling aangemoedig word en plaasvind weens die behoefte daaraan of op grond van die motiewe van die besluitnemers wat bepaal wat vertaal word (Crous, 2009:15).

5.3 Die uitgewer as rolspeler

Die uitgewer speel 'n prominente rol by die keuse van tekste wat vertaal word. Hoë verkoopsyfers in die oorspronklike taal blyk een van die faktore te wees wat vertaling aanmoedig (De Vries, 2009:12). Van Pamela Jooste se *Dance with a Poor Man's Daughter* is 30 000 kopieë verkoop (Greeff, 2007b:4), van Günter Grass se *Im Krebsgang* meer as 500 000 (Pakendorf, 2004b:62), van Karel Glastra van Loon se *Passievrucht* “honderde duisende” (Van Coller, 2002c:6) en van Adriaan van Dis se *Palmwijn* meer as 643 000 (Cilliers, 2001:15). Wat betref plaaslike verkoopsuksesse, is daar van A.H.M. Scholtz se *Vatmaar* (1995) wat in Afrikaans meer as 10 000 kopieë verkoop het (Rymour, 2000:18) en van Elbie Lötter se *Dis ek, Anna* (2004) meer as 28 000 (Deneys, 2005:18) wat beide ook suksesvol vir die Engelse mark vertaal is.

Ook pryswenner is gewilde keuses vir werke wat vertaal moet word (Coetser, 2002:13; Van Coller, 2004:6). Kleinboer se *Kontrei* (2003) is bekroon met die Jan Rabie-prys, Scholtz se *Vatmaar* met die M-Net-, CNA- en Eugène Marais-prys.

Die gevestigde status van en/of internasionale belangstelling in 'n skrywer speel ook 'n rol by dié keuse: “André Brink wys daarop dat dokumentêre films oor [Jonker] se lewe, gewilde toonsettings van haar verse en president Mandela se aanhaling van ‘Die kind’ [...] baie bygedra het tot die bekendheid wat Ingrid Jonker tans geniet” (Human,

2007:11; kyk ook Nieuwoudt, 2007b:8), en sodoende 'n vertaling van haar werk in Engels regverdig het. Of, soos dit die geval met Krog is wat plaaslik bekroond is, internasionale bekendheid met haar Engelse tekste oor die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) verwerf het, ook 'n internasionale pryswenner is asook 'n internasionale eredoktorsgraad vir haar skryfwerk ontvang het (Scholtz, 2002:47).³⁰

As daar ander produkte van 'n skrywer in die mark is (Aucamp, 2007a:13; Salafranca, 2006:16) blyk dit 'n goeie bemarkingsgeleentheid vir uitgewers te wees om die boeke saam te bemark – al is dit oor die taalgrense heen. Ook is daar die tendens om die Afrikaanse en die Engelse weergawe van 'n titel tegelykertyd uit te gee, en sodoende optimale bemarking te verseker.³¹

Dit blyk uitgewers gee ook maklik(er) uit as daar subsidiemoontlikhede is (kyk Britz, 2005a:9; Coetser, 2002:13; Hugo, 2008:8), of finansiële steun om 'n internasionale skrywer vir bemarkingsdoeleindes na Suid-Afrika te bring. Uitgewers wat sonder subsidies publiseer word geloof, maar in sommige gevalle word daar ook kritiese vrae gevra rondom die uitgewer se ideologiese oorwegings vir die keuse van 'n sekere teks vir vertaling (Marais, 2004:28) en die rol wat ekonomiese waarde en bemarkingsveldtogte speel. Venuti (2008:38, my kursivering) meen dan ook:

[T]ranslation performs various cultural and social functions, including the establishment and reinforcement of the classic status of foreign texts. The value-laden inscription enables a translation to the process of canon formation housed in academic and other cultural institutions, to maintain the distinction between elite and popular literatures as it is currently drawn, to serve as a metonymic representative of national literatures and cultures, to work as an ideological practice in cultural political agendas, and to create a market for translated literatures.

Uitgewers is onder druk om bemarkbare produkte te vervaardig wat ook hoë verkoopsyfers sal verseker. Fanie Olivier wys op druk wat deur die uitgewer op die vertaler uitgeoefen word. Hy verwys na sy voorstel om J.M. Coetzee se *Disgrace* in die Afrikaanse vertaling as *Verwildering* aan te bied, maar dat die uitgewer aangedring het op *In oneer* (2009); en ook na veranderinge wat aan sy vertaling aangebring is sonder sy insae (in Tempelhoff, 2009:6). Boonop meen Human (2009b:15) in sy resensie dat die boek die indruk skep dat dit onder druk voltooi is om saam te val met die vrystelling van die uitreiking van die filmweergawe in Suid-Afrika – dalk nie 'n toevalligheid nie? (Crous, 2009:15; Jacobs, 2009:6).³² In hierdie geval is die bemarkingswaarde waarskynlik bo die meriete van die vertaling en die aanbieding gestel, en boet die vertaler in aan die

³⁰ *Country of My Skull* (1998) en *A Change of Tongue* (2002). Krog geniet egter ook die status as vertaler van tekste uit Nederlands in Afrikaans, sowel as die vertaling van Nelson Mandela se biografie in Afrikaans.

³¹ Krog se *Die sterre sê "tsau"* en *The Stars say "tsau"* (2004) en ook *Verweerskrif* en *Body Bereft* (2006). Van der Vyver se *Bestemmings* en *Short Circuits* (2005); Stockenström se *Die stomme aarde – 'n keur* en *The Wisdom of Water – Selected Poems* (2007).

³² Kyk ook Marais, 2004:28 vir politieke motiverings m.b.t. die Afrikaanse vertaling van Grass.

gepaardgaande status om 'n Suid-Afrikaanse Nobelpryswenner suksesvol tot die Afrikaanse literatuur toe te voeg.

5.4 Gehalte en status

Venuti (2008:34) verduidelik die ingewikkelde situasie rondom die vertaler, institusionele rolspelers en die gehoor waarop die vertaalde teks gemik is:

Since translations are routinely edited by agencies, institutions, and publishers, sometimes without consultation with the translator, the translator's interpretants may be revised or supplemented by editors. Whether an interpretant is applied consciously or unconsciously by the translator alone or by the editor during the production process, it is undoubtedly the key factor in the recontextualization of the foreign text, ensuring that the translation will exceed the understanding of that text in foreign culture and rather reflect the receiving situation.

As die oorspronklike outeur nie die taal magtig is waarin die vertaling verskyn nie, ontstaan die vraag of die “verwerking van 'n verhaal uiteindelik [kan] afstuur op die vernietiging daarvan?” (Barnard, 2000:43). Die Duitse vertaling (*Wohin der Wind dich trägt*) van Greeff se *Al die windrigtings van my wêreld* (1996) was deurspek met vertaalfoute en dit was duidelik dat onnoukeurig vertaalde teks die skrywer se produk en reputasie erge skade kan berokken. Greeff (aangehaal in Barnard, 2000:44) meen: “Dit raak alle skrywers uit Afrika. Ons durf nie toelaat dat ons agter in die ry geplaas word net omdat ons kom uit hierdie vasteland (nader aan die huis: hierdie land en hierdie taal) nie. Dan is ons terug by kolonialisme. Ons wat met die bakhand staan wyl ons neerbuigende base aalmoese aan ons uitdeel” (kyk ook Blumer, 2000:10). Juis hieroor het daar meer onlangs samewerkingsooreenkomste tussen skrywer en vertaler ontstaan, en is skrywers (waar moontlik) grootliks betrokke by die vertaalproses en die eindproduk wat op die rak verskyn (Van der Vyver in Walker, 2000:12).

5.5 Leesverwagtinge

Die aanpassing van die teks (ook na verwys as omsetting, omdigting, herskrywing, herskepping, bemiddeling, selfs weergawe) laat minstens één belangrike vraag ontstaan: Hoe na aan die bronteks óf hoe na aan 'n geheel nuwe doelteks moet 'n vertaling wees? (kyk ook Damrosch, 2009:75). Damrosch (2009:66) noem: “[E]xpansive transformation of the original, a concrete manifestation of cultural exchange and a new stage in a work's life as it moves from its first home out into the world”. Michiel Heyns wys byvoorbeeld hoe toevoegings tot 'n vertaalde teks gemaak kan word om die literêre waarde van die vertaling te verhoog: “Marlene [van Niekerk] se teks [*Agaat*, 2004/2006] het van T.S. Eliot se digkuns opgeroep – meer bepaald *The Wasteland* en *Four Quartets*. Met haar toestemming het ek frases van die gedigte in die vertaling ingesluit. Op dié manier het ek

in die vertaling verbande gelê wat in die oorspronklike teks afwesig maar latent was” (Heyns aangehaal in Nieuwoudt, 2009b:8).

Uit resensies van vertaalde werk na en uit Afrikaans wat vir die afgebakende tydperk ondersoek is, blyk dit dat ’n suksesvolle vertaling aan die volgende kriteria moet voldoen deurdat

- die vertaling se doeltaal moet vlot (Cilliers, 2003:13; Schimke, 2003:10; Van Coller, 2002c:6);
- daar verwagtings gestel word aan ’n vertaler om kreatiwiteit aan die dag te lê ten einde te verhoed dat dit ’n “flou afspieëling van die oorspronklike [teks] word” (Human, 2009b:15), nie die meesleurende krag van die oorspronklike behou nie (Ferreira, 2004:28);
- verwysings en gebruike in tekste vir ’n nuwe gehoor verklaar of aangepas word en moeilike, onherkenbare skryfstyl waaraan die leser op eie bodem nie gewoond is nie vermy moet word (Pakendorf, 2004b:62);
- vertalings gekontekstualiseer moet word vir lesers van ’n ander taalgroep of land (Aucamp, 2007a:13; Carruthers, 2003:16; Hambidge, 2002b:4); en
- ’n vertaling kritiek sal ontlok as foutiewe vertaling bespeur word (Heyns, 2003:18; Van Coller, 2002c:6), gebrekkige kennis van die brontaal geopenbaar word (Human, 2007:11) en misverstaan van die taalidroom (Heyns, 2003:18) óf register (Rosenthal, 2008:4) deurslaan.

Dit is duidelik dat vertaling (veral in resensies) met erns bejeën word, en dat streng eise en hoë verwagtinge aan suksesvolle vertaling gestel word.

6. DIE VERTALER SE ROL EN STATUS

Uit vertalings wat sedert 2000 na en uit Afrikaans gemaak is, is dit duidelik dat vertalers meermale ook skrywers is³³ – ’n dubbelspel wat aanleiding kan gee tot uitdagende magsprobleme in die verhouding tussen skrywer en vertaler. Leon de Kock wys op dié samewerking wat soms problematies kan wees, veral as die oorspronklike outeur insaehet in die finale vertaling wat gaan verskyn, of soos hy dit stel, “the ego of the source-text author, which is often overwhelming, would appear to be giving way, to some extent, to that of the translator”. As dit in so ’n mate plaasvind, kan daar eerder in De Kock

³³ O.m. André P. Brink, J.M. Coetzee, Jaco Fouché, Michiel Heyns, Daniel Hugo, Antjie Krog, Fanie Olivier en Lydia van Eden.

(2003:347) se terme van die vertaler gepraat word as vervaardiger (*producer*) van 'n teks vir 'n nuwe linguïstiese en kulturele raamwerk, maar slegs as die oorspronklike outeur die aanpassing (*tampering*) van die vertaler kan verduur ten einde die status van 'n internasionaal erkende outeur te geniet. Dit is dan ook volgens De Kock (2003:352) waarskynliker om te praat van die vertaler se rol as as een van 'n “tussenganger”:

You write the text, but have no final say over its ultimate presentation. You deliver the goods, but the goods were never actually yours to start with. You write every last word in the text, but somehow you actually didn't write the text at all. From the moment the translator delivers the manuscript, the process seems to collude to force the translator back into the shadows. [...] Authors are marketable, translators generally not. Unless the author is dead and the translator herself is famous.

Hierby sluit Calitz (1995:52; kyk ook Venuti, 1992:1) aan as hy meen dat die vertaler se posisie in hierdie verhouding sowel as in die vertaalsisteem erg gemarginaliseer is. Dit is waarskynlik te wyte aan die uiteindelijke outeurskap, want die vertaler (en die vertaling) is ondergeskik aan die oorspronklike skrywer en sy/haar werk.

Erasmus (1998:35) verwys egter na die belangrikheid van die rol van die vertaler as “agent van versoening” tussen die twee tale, of “selfaangestelde sensor” wat veranderinge aan die bronteks vir die vertaling aanbring. Die waardes, oortuiginge en verteenwoordiging wat in die ontvangkultuur waardig of nodig is en dalk nie in die oorspronklike teks relevant was nie, kan egter ook 'n rol speel in die vertaalproses. Soos Venuti (2008:29–30, 39) dan ook verduidelik: “[T]he interpretation that the translator inscribes will [...] revise the foreign comprehension and evaluation of the text in so far as the translator inevitably puts to work patterns of linguistic usage, literary traditions and effects, and cultural values in the receiving situation, possibly in an effort to address specific readership”.

Veral in die poësie is daar kwessies rondom die uitdaging om poësie suksesvol te vertaal. In die geval van Krog se *Verweerskrif* (2006) stem die Engelse *Body Bereft* (2006) nie presies ooreen met die Afrikaanse weergawe nie (Cilliers, 2006:11) – enkele gedigte is weggelaat. So is die gedigte in Charl-Pierre Naudé se *Against the Light* (2007) anders gerangskik as in die Afrikaanse *In die geheim van die dag* (2004) en is daar ook toevoegings gemaak (John, 2007:11). In die geval van Krog se vertalings, kom die kwessie ter sprake of die digter self 'n beter vertaler van eie werk is as die vertalers wat meegewerk het. Krog self voer aan dat sommige vertalings eerder op kreatiewe herskrywing as vertaling neergekom het (kyk John, 2007:11) en dat 'n nuwe gedig die vertaalde eindproduk is. Skrywers wat ook as vertalers van eie werk optree, vergroot daardeur die rol wat hulle in die literêre sisteem vertolk, en hulle kan deur suksesvolle vertaling ook verhoogde status onder nuwe lesers in 'n nuwe taal en sisteem behaal.

6.1 Akademiese waarde

Die erns waarmee daar met vertaling omgegaan word, is veral duidelik in die uitgebreide notas van die vertaler: inleidings, voorwoorde en/of nawoorde, aantekeninge en bronnelyste wat saam met die vertaalde tekste gepubliseer word.³⁴ Vertaalde teks is dus 'n akademies verantwoordbare aanbieding waarmee gepoog word om erkenning te kry vir die vertaalde teks, sowel as die vertaalproses en -metode in die bestaande literêre sisteem (kyk ook Van Vuuren, 2008).

Bo en behalwe die aantal vertalings na en uit Afrikaans wat oor die afgelope dekade verskyn het (kyk afdeling 4), is daar ook hernude belangstelling in die akademiese gesprek oor vertaling soos gesien word in seminare en werksinkels wat in dié verband aangebied is. Daar is in dié tyd ook sterk menings uitgespreek oor die Afrikaanse skrywer se posisie in sowel die plaaslike (lees plaaslike Engelse) as internasionale mark en die rol wat vertaling hierin kan speel: “Die boek wat die Hertzogprys wen, behoort elke jaar as 'n gegewe in Engels vertaal te word sodat die Afrikaanse skrywers deel kan word van die ander stemme in die land,” verduidelik Krog (aangehaal in Brits, 2004:5). Hierdie voorstel sal Afrikaanse skrywers in staat stel om deel te vorm van 'n groter sisteem en breër erkenning te geniet. Van Dis (aangehaal in Wasserman, 2001b:4) meen die literatuur is “een van die maniere om jou oop te stel vir ander sienswyses [...] globalisering van die gees”. Maar, selfs belangriker is die kulturele skakeling wat deur vertaling kan plaasvind, soos Krog (aangehaal in Nieuwoudt, 2002b:13) verduidelik:

Dit is verstommend dat in 'n land met 11 amptelike tale so min vertaling plaasvind. Daar is nie een enkele gedig of boek of verhaal wat ons Suid-Afrikaners almal ken of een of ander tyd van gehoor of gelees het nie. Die uitsondering is *Die Bybel* en dit is natuurlik nie uniek Suid-Afrikaans nie. Ek dink daar behoort 'n struktuur te wees waar jaarliks die beste boeke wat in Afrikaans verskyn in Engels vertaal [word].

Deur 'n ryk vertaalprogram in 'n land kan daar groter kruiskulturele samewerking tot stand kom, en taalgrense sodoende oorbrug word.

6.2 Van een sisteem na 'n ander

Etienne van Heerden (aangehaal in Moodie, 2001:2) meen dat Londen die sentrum van die Europese uitgewersbedryf is, maar dat Suid-Afrikaanse skrywers deur Nederland 'n alternatiewe venster op internasionale vertaling in onder meer Duits en Skandinawiese tale kan bekom. Dit is egter nie 'n maklike taak om die literêre sisteem van 'n ander taal binne te dring nie, en die reputasie wat die skrywer in sy oorspronklike taal ontwikkel het, is nie altyd genoegsaam vir die hekwagters van die volgende sisteem nie, en dit ontvang

³⁴ Kyk bv. die meegaande paratekste in o.m. Krog (2002, 2004a, 2004b); Pieterse (2007); Van Coller (2007).

vir die tydperk onder bespreking besondere negatiewe resensies in die media.³⁵ Louise Viljoen (2006:18) in haar resensie van Krog se *Body Bereft* merk op:

The simultaneous publication of the Afrikaans and English versions of Krog's volume confronts the reader with the way in which the different language and literary systems in South Africa interact with each other. It raises the question that inevitably form part of a multilingual society [...] Reading *Verweerskrif* and *Body Bereft* at the same time forces one to come to terms with the complexity of living in a society in which it has become increasingly difficult to find a centre of authority from which judgments about quality can be made.

Krog se bundel wat heelwat polemieke ontlok het – weens die aanbieding sowel as die inhoud – het ook die kanoniseringspraktyke en die rol van die vrou in dié magstryd weer op die voorgrond geplaas:

Those in power make such decrees and there are simply not enough women in positions of authority – political, artistic or otherwise – to challenge aesthetic norms. Women through the centuries have stifled many yawns and trained their attention, Geisha-like, on verbose men versifying on issues of eternity. Why are poems for wrinkles not permissible, while odes to Grecian urns are allowed? (Kennedy, 2006:7).

Lefevere (1986:6) verduidelik dat “[translation] most clearly attempts to introduce a writer from one literary system into another or, if you prefer, either to use a writer from one system in order to subvert the poetics and/or ideology dominant in another, or simply to make that writer acceptable in another literature”. Hierdie praktyk gaan uiteraard ook gebuk onder die magte en kragte van die letterkunde. Daar is ’n “agent” nodig om ’n skrywer te help om in die nuwe sisteem opgeneem te word: “In order for a foreign writer to be accepted in a native system, translations of his or her work need to be supplemented by critical appreciations from the pen of a major literary figure within the potentially receiving system” (Lefevere, 1986:8).

Winterbach (aangehaal in De Vries, 2007:13) wys op die druk op Afrikaanse skrywers om in vertaling te verskyn: “As an Afrikaans writer you will only be taken seriously when read in translation. You will only be reviewed in the English press in translation. That’s why there is such an enormous push towards translation.” Skrywers behaal plaaslik ook verhoogde status wanneer die Afrikaanse pers aandag gee aan hulle vertaalde werk, veral ook dié wat sukses behaal het in die internasionale mark. Soos Lianeri en Zajko (2008:13) aandui: “[T]ranslation displaces the classic from the history of single cultures or epochs reaching their limits and puts it within a frame of world history wherein different limits and standards are opposed to one another”. Vertaling stel ’n groter veld van mededinging daar, maar verruim die kulturele veld waarin ’n teks gelees en waardeer kan word.

³⁵ Kyk byvoorbeeld reaksies op Dreyer se *Equatoria* (2008) (Rosenthal, 2008:4; Dunton, 2008:17); Bakkes se *In Bushveld and Desert: A Game Ranger's Life* (2008) (Stones, 2008:3); en Snyman se *On the Backroads* (2008) (Stones, 2009:3).

6.3 Resepsie van vertaalde werke

In 'n ondersoek na die resensies wat oor vertaalde werke vir die tydperk onder bespreking handel, word waardeoordele met betrekking tot die geslaagdheid van 'n vertaling veral in die Afrikaanse media gewoonlik deur middel van 'n vergelykende ondersoek na die bron- en die vertaalde teks gemaak. Dit is 'n situasie wat nie in die Engelse media die geval was nie, waarskynlik weens die feit dat resensente óf nie die boek as 'n vertaling beoordeel nie; óf nie aan die bronteks aandag skenk nie omdat dit geen waarde vir die lesers het nie; óf omdat die resensent nie die brontaal magtig is nie.³⁶ Hierdie diskrepansie in die ontvangs van vertalings in verskillende tale in die media blyk verder ook uit

- die onewewigtigheid tussen die hoeveelheid mediablootstelling van tekste vertaal uit Afrikaans in Engels, waar dié vertalings steeds slegs die grootste blootstelling in die Afrikaanse boekeblaaie geniet (o.m. die ontvangs van Ingrid Jonker);
- die “minagting” van die konteks of sisteem van die oorspronklike werk – in Engels moet dit bloot vlot en inpas in die sisteem van bestaande werke waarmee dit vergelyk kan word; die sisteem waaruit dit kom, dra skynbaar geen gewig nie (kyk afdeling 6.2); en
- werke wat soms glad nie as vertalings aangebied word nie, maar eerder volgens die verpakking en bemerking van die uitgewer as plaaslike Engelse literatuur voorgehou word (kyk ook Pakendorf, 2007:17).

Die mediablootstelling en resepsie wat vertaling geniet, is 'n verdere aanduiding van die probleme wat daar in die literêre sisteem en tussen literêre sisteme van verskillende tale (ook in dieselfde land) bestaan.

7. PRYSE VIR VERTALING

Bekronings vir vertaalde werk – deur prysgeld, sowel as status wat aan pryse gekoppel word – dra by tot die erkenning wat vertalers in die Afrikaanse literêre sisteem geniet, aangesien vertaalde werke in literatuurgeskiedenis afgeskeep word (kyk ook hoofstuk 8) en die vertaler se rol en erkenning meestal in die skadu van die publikasie staan. Daar is egter die laaste dekade genoegsame verandering in die erkenning en waarde wat aan vertaling en vertalers geheg word deur die instelling van meer vertaalpryse. Uit 'n ontleding van hierdie pryse is dit duidelik dat Afrikaanse skrywers (as vertaalde) in 'n groot mate die kortlyste vir vertaalpryse oorheers.

³⁶ Kyk ook in hoofstuk 8 na probleme met en verskille tussen Afrikaanse en Engelse literatuurgeskiedenis.

7.1 Nedbank-Akademieprys vir Vertaalde Werk (Akademie vir Wetenskap en Kuns)

In 2002 is Janie Oosthuysen bekroon vir haar vertalings van vier van die Harry Potter-titels in Afrikaans. Botha (2002) dui in haar huldigingswoord aan dat die kommersiële sukses van hierdie reeks nie onderskat moet word nie:

Die fenomenale sukses van die verhale van Harry, die verhaal van die skryfster, die totstandkoming van die reeks en die massa-histerie rondom die bekendstellingsgeleenthede van die boek en die film, neem legendariese afmetings aan. Een of meer van die Harry's het tot onlangs nog gereeld op lyste van topverkopers hier en ginder verskyn ... Dit was eintlik voor die hand liggend dat Harry Potter ook Afrikaans moes praat.

Oosthuysen word verder geloof vir haar bestaande werke op die gebied van kinderliteratuur en dis dus 'n voor die hand liggende keuse om haar as vertaler te gebruik. Botha (2002) verduidelik waarom die Akademieprys aan Oosthuysen toegeken word:

Die reglement van die Akademieprys vir Vertaalde Werk bepaal onder andere dat vertalings in Afrikaans van belletristiese werk uit enige ander taal vir die prys oorweeg sal word, en dat daar gelet sal word op die aansien wat die vertaalde werk binne sy eie letterkunde geniet. Daar is geoordeel dat die duiselingwekkende geweldheid van die Harry Potter-reeks nie net op geniale bemerking nie, maar op bewysbare kwaliteit berus; dat dit 'n ongekende lees-ywer by die ouer en jonger lesers ontketen het – 'n blye oorwinning vir die boek in 'n bedreigde omgewing; dat die beskikbaarheid daarvan vir Afrikaanse lesers in 'n verbeeldingryke, soepel styl 'n uitbreiding van die genre in ons jeugliteratuur beteken.

Hierdie toekenning gee welverdiende erkenning aan die genre van kinder- en jeugliteratuur deur die verhoogde status wat met bekroning gepaardgaan.³⁷

In 2008 word H.J. Pieterse bekroon vir sy vertaling van Rainer Maria Rilke se *Duineser Elegien* – “'n besonder moeilike en verwarrende modernistiese werk, op dieselfde vlak as T.S. Eliot se *The Waste Land* (1922) en Van Wyk Louw se *Tristia* (1962)” (Van Vuuren, 2008). Die beoordeling het veral berus op die kwaliteit van die vertaalde teks en belang daarvan vir Afrikaans, en daar is beslis dat “[i]n 'n literêre landskap waar die neiging al hoe meer na die populêre toeganklike teks is [...] hierdie vertaling uit[staan] as 'n uitdagende estetiese handeling, teen alle mode-neigings! [...] 'n “seminale teks [is] wat deur vertaling vir Afrikaanssprekende lesers toeganklik geword het” (Van Vuuren, 2008).

Twee uiteenlopende genres word hier met bekronings vereer. Nie alleen gee die bekroning in die eerste geval aan 'n langdurig minderwaardige genre hernude aandag

³⁷ Kyk ook afdeling 7.2 m.b.t. Oosthuysen se SAVI-toekenning en die ontstaan van 'n aparte kategorie in die SAVI-toekenning vir kinder- en jeugliteratuur.

nie, maar in die tweede geval ontvang die uitgewershuis ook erkenning daarvoor dat literêre gehalte bo kommersiële sukses geplaas is deur in 'n “klein” genre soos die vertaalde poësie te publiseer.³⁸

7.2 SAVI-prys vir Voortreflike Vertaling/SATI Award for Outstanding Translation

Die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI/SATI) roep die prys vir voortreflike vertaling in 2000 in die lewe. “Deel van die oogmerk van die prys is [...] om groter erkenning vir vertaling en vertalers te bekom” (Heyns, aangehaal in *Burger*, 2008:13) en by implikasie die status van die vertaler en die vertalingsbedryf te verhoog. Verdere oogmerke is om die publikasie van vertalings van oorspronklike werke in die inheemse tale van die land aan te moedig, die gehalte van vertaling te verbeter, veeltaligheid en veral die gebruik en ontwikkeling van die inheemse tale te bevorder, interkulturele begrip te bevorder en om 'n groter bewustheid te skep van die bydrae wat vertalers lewer om die mense van Suid-Afrika te verenig (SAVI, 2000). Dit is dan ook die beoordelaars se bevinding dat so 'n prys bydra tot die sigbaarheid (en by implikasie status) van die vertaler en die vertaalbedryf: “It is widely felt that this award has done much to make the translator more visible and to improve the profile of the language workers in society” (SAVI, 2000).

In 2000 word 13 werke beoordeel, waarvan nie minder nie as tien betrekking het op Afrikaanse literatuur.³⁹ In 2003 is die kategorieverdeling vir die prystoekening fiksie, niefiksie, poësie en drama, diensvertaling en woordeboeke. In die fiksiekategorie het al die genomineerdes betrekking op die Afrikaanse letterkunde, en word daar drie kinderboeke en een jeugboek genomineer saam met groot literêre name soos Etienne van Heerden se *Die swye van Mario Salviati* (*The Long Silence of Mario Sylviati*) en Elsa Joubert se *Die reise van Isobelle* (*Isobelle's Journey*) (beide in Engels vertaal deur Catherine Knox). Dit is dan ook noemenswaardig dat Janie Oosthuysen bo gerekende Afrikaanse skrywers die prys ontvang vir haar vertaling van *Harry Potter and the Goblet of Fire* as *Harry Potter en die beker vol vuur* in Afrikaans.

In die kategorie poësie en drama word Krog – wat haarself by uitstek as vertaler bewys het – vir haar vertalings van Tom Lanoye se *Mamma Medea* en haar samestelling van *Met woorde soos met kerse* genomineer, wat dan ook as die wenner in dié kategorie aangewys word.⁴⁰ Hierdie toekening dra by tot Krog se status as skrywer en vertaler, soos dit ook aangedui word in die huldigingswoord: “Add to this [Krog se notas wat die

³⁸ Kyk ook hoofstuk 8, afdeling 4.2 m.b.t. die posisie van kinder- en jeugliteratuur in die literatuurgeskiedenis.

³⁹ O.m. Marlene van Niekerk se *Triomf* (vertaal – Suid-Afrikaanse en Britse uitgawe – deur Leon de Kock, wenner van die R25 000 prysgeld), A.H.M. Scholtz se *Vatmaar* (*A place called Vatmaar* deur Chris van Wyk). Uit Nederlands word nie minder nie as drie werke deur Daniel Hugo vertaal (*Kartondose*, *Die aanslag* en *Liefde, miskien*) en uit Xhosa S.J. Neethling se vertaling *Die toorn van die voorvaders*. Uit Engels in Afrikaans word twee verhaalversamelings vertaal: *Ek, 'n lewende pyl* (Maren Bodenstein en Linda Rhode) – 'n versameling jeugverhale en *Volksverhale van die reënboognasie* (Alwyn Lubbe) – 'n versameling inheemse verhale (beide op die opvoedkundige mark gerig).

⁴⁰ Hierbenewens is Krog ook in die niefiksiekategorie vir haar vertaling van Nelson Mandela se *Long Walk to Freedom* as een van drie vertalings van dié titel genomineer.

teks toeganklik maak vir die breër Suid-Afrikaanse bevolking] the fact that the translations and reworkings have been done by one of South Africa's foremost poets and writers and the winning formula is complete" (SAVI, 2003).

In 2006 se fiksieafdeling is al drie genomineerde titels Engelse boeke wat uit Afrikaans vertaal is.⁴¹ In die kategorie vir poësie en drama is twee nominasies vir vertalings na Afrikaans: Hugo se *Die elektries gelaaide hand* (vertaling van Komrij se *Alle gedichten tot gisteren*) en Idil Sheard se Afrikaanse verwerking van Fugard se *Valley Song* as *Lied van die vallei* (wenner in dié kategorie). Sheard se vertaalvernuf staan uit, waar haar vertaling bô die meriete van die oorspronklike teks geplaas word: "This is an outstanding, ultimately credible translation, portraying the simplicity and sentiment of the characters. The language of the Afrikaans-speakers comes from their hearts and makes even more of an impact than the English text" (SAVI, 2006).

Die kategorieverdeling vir die prystoekening in 2009 sien as volg daar uit: literêre vertaling, niefiksie, kinder- en jeugboeke, diensvertaling en woordeboeke. In die kategorie literêre vertaling is al 14 nominasies aan Afrikaanse literatuur gekoppel. Die werke van Ingrid Winterbach (*Niggie* as *To Hell with Cronjé* deur Elsa Silke en *Die boek van toeval en toeverlaat* as *The Book of Happenstance* deur Ingrid en Dirk Winterbach), Wilma Stockenström (*Die stomme aarde* as *The Wisdom of Water* deur Johann de Lange), Ingrid Jonker se versamelde gedigte (*Black Butterflies* deur Antjie Krog en André P. Brink), Marlene van Niekerk (*Memorandum* en *Agaat* – vertaal deur Michiel Heyns, kategoriewenner), Eugène Marais (*Dwaalstories* as *The Rain Bull and Other Tales from the San* deur Jacques Coetzee) en Eben Venter (*Horrelpoot* as *Trencherman* en *Ek stamel ek sterwe* as *My Beautiful Death* deur Luke Stubbs) is almal in Engels vertaal. Van die oorblywende drie nominasies is twee vertalings uit Engels na Afrikaans: Fugard se *The Road to Mecca* en Jooste se *Dance with a Poor Man's Daughter*; en die laaste nominasie is vir die vertaling van Jacques Brel se lirieke uit Frans deur Bernard Odendaal en Naðmi Morgan.

Christiaan Bakkes se vertalings word in die kategorie niefiksie genomineer vir Elsa Silke se vertalings van al vyf sy titels (*Die lang pad van Stoffel Mathysen*, *Stoffel in die wildernis*, *Skuilplek*, *Stoffel by die afdraaipad* en *Stoffel se veldnotas* as *In Bushveld and Desert: A Game Ranger's Life*). Sy vertaal ook Johan C. Bakkes se *Moertoe die vreemde in* en *Nou's ons in ons donner in* as een werk *To Hell and Gone*. Ook Dana Snyman se *Op die agterpaaie* (as *On the Back Roads* vertaal deur Linde Dietrich) word in hierdie kategorie opgeneem. Waarskynlik word hierdie werke weens die sterk kompetisie in die literêre vertalingskategorie, die wegval van die fiksiekategorie, óf die veranderinge

⁴¹ Winterbach se *Karolina Ferreira* (*The Elusive Moth*, vertaal deur Iris Gouws en Winterbach self); Karel Schoeman se *Hierdie lewe* (*This Life*, vertaal deur Elsa Silke, wenner in dié kategorie); en Jan van Tonder se *Die kind* (*Ongenagama, the Child with No Name*, vertaal deur Luke Stubbs).

in aanbieding, bemerking en kategorisering in die Engelse vertaling, nie onder literêre vertalings gelys nie.

In die kategorie vir die bekroning van kinderboeke in vertaling het alle nominasies betrekking op die Afrikaanse literatuur. François Bloemhof se *Stad aan die einde van die wêreld* (eie vertaling as *City at the End of the World*); Krog se *Fynbosfeetjies* (as *Fynbos Fairies* deur Gus Ferguson); Leon de Villiers se *Maroelaboomstories* (as *Tales from the Marula Tree* deur Tania Smith); en Jaco Jacobs se *Willemien die geel kat* (as *Ottoline and the Yellow Cat* deur Chris Roddell, kategoriewenner) word na Engels vertaal. In die beoordelaarsverslag word dit verduidelik waarom 'n aparte kategorie vir kinderboeke geskep is:

South African translators of children's books have never received the acknowledgement and credit that they deserve. Years ago the South African Institute of Library and Information Science, as part of their CP Hoogenhout Award for children's books, biannually also compiled a list of honourable translations into Afrikaans. However, with the dissolution of the Institute in 1996, this token acknowledgement also disappeared. The important work being done was to a large extent invisible until SATI decided to acknowledge it this year (Van der Walt in SAVI, 2009c).

7.3 Ander vertalings

Marlene van Niekerk se *Agaat* (in Engels vertaal deur Michiel Heyns as *The Way of the Women*) is in 2008 gekortlys vir die Independent Foreign Fiction Prize – 'n prys wat gelyke erkenning aan skrywer en vertaler gee (*Die Burger*, 2008:13). Tereg meen die beoordelaarspaneel hierdie vertaling “puts Afrikaans literature and Van Niekerk on the map”. Daar word melding gemaak van die resepsie van dié publikasie, wat beoordelaars nie verbygegaan het nie, en aandui watter magtige rol mediablootstelling en openbare debat in die literêre sisteem vervul: “The prizes, reviews and discussions all prove a very enthusiastic reception. The translation has already stimulated public discourse at certain festivals, as well as reviews in the press.” Ook die akademiese waarde van vertaling word nie onderskat nie, maar die teks word ook beskou as 'n uitnemende voorbeeld vir studente in Vertaalkunde (Nelson in SAVI, 2009c).

8. GEVOLGTREKKING

Within [translation] debates the political and ethical responsibilities of the translator have taken centre-stage as the ramification of the analogy between colonization and translations have been explored. It is not only a matter of pointing to the covert (and sometimes not to the covert) power dynamics between one language and another, between one national literature and another, but also of excavating the ideologies that underpin their potency. For systems of evaluation, far from being value-neutral, can themselves be regarded as complicit in grander narratives of territorial expansion and appropriation (Lianeri & Zajko, 2008:17–18).

Die rol van magsverhoudinge tussen rolspelers soos die vertaler en die outeur, tussen die status van die oorspronklike werk en dié van die vertaalde teks, die status van bepaalde teksinterpretasies in vertaling, ook tussen die status van die teks in die eie literêre sisteem en die nuwe sisteem wat deur middel van vertaling binnegedring word, vorm deel van die hiërargieë en magstrukture in 'n bepaalde literêre sisteem.

Vertalings dring moeilik deur tot 'n nuwe literêre sisteem: Onewewigtigheid bestaan met betrekking tot die tipe tekste wat na en uit Afrikaans vertaal word; en min aandag word in onder andere literatuurgeskiedenis afgestaan aan vertaling. Uit dié ondersoek is dit ook duidelik dat die resepsie van vertalings in die media onewewigtig daar uitsien en dat daar steeds meer aandag in die Afrikaanse as die Engelse media daaraan gegee word. Afrikaanse skrywers geniet nie die voordeel van hulle status, reputasie of gewildheid onder Engelse kritici nie, en resensies oor vertalings van Afrikaanse werke na Engels is meermale in die geheel besonder negatief. Uit die verslae van beoordelaars – veral die SAVI-pryse – is dit ook duidelik dat die media en openbare gespreksforum bydra tot die status wat 'n skrywer geniet – in sy/haar eie literatuursisteem, óf die sisteem wat deur vertaling binnegedring word.

Met betrekking tot pryse vir vertaling, het die SAVI reeds grootskaalse verandering teweeggebring deur aan vertalers groter erkenning te gee as tevore, en ook verhoogde status aan die genre van kinder- en jeugboeke toe te ken deur 'n aparte kategorie in te stel. Dit is dan ook verblydend om te sien dat die Akademie – wat met die gehalte van literêre tekste gemoeid is – aan dié genre die nodige erkenning gee deur die prys toe te ken vir die Harry Potter-vertalings. Op die internasionale front geniet Afrikaanse skrywers soos Deon Meyer en Marlene van Niekerk ook erkenning deur prestigepryse wat aan hulle toegeken is – 'n situasie wat deur die vertaling van hulle werke moontlik gemaak is.

Die vertaler se minderwaardige rol teenoor die skrywer van die oorspronklike teks is deur doelbewuste pogings (soos die instelling van vertaalpryse) tot groter erkenning verhoog, maar die oor-en-weervertaling van werke in inheemse tale kort 'n daadwerklike inspuiting.

HOOFSTUK 7

Bloemlesings

Bykans almal wat magsposisies binne die literêre establishment het, het dit bekom [...] danksy 'n regime wat hulle die ruimte verskaf het; wat oor die lyke van Soweto se 1976-studente Afrikaans deur 'n geweerloop in almal se kele wou afdwing, moontlik ook die *Groot Verseboek*.

Clinton V. du Plessis, *Die Burger* (2000:11)

I must digress to leak a tale about the politics of anthologising that deeply implicates these so-called aesthetes who, from their elected self-labelling, one would assume are so dedicated to standards of formal excellence (the dictionary says the pursuit of beauty!) that never a dirty trick, let alone the pursuit of blackmail, harassment, espionage, boycott action – oh, and also defamation – would be within their realm of interest, or even their capabilities.

Stephen Gray, *Staffrider* (1991:44)

1. INLEIDING

Die woord *anthologies* is afkomstig uit die Grieks en word verklaar as “to collect flowers”, dus, om die blomme met intrinsieke skoonheidswaarde te versamel of te pluk (Hopkins, 2008:287; Mujica, 1997:203). Kuipers (2003:66) meen egter dit gaan oor meer as net die pluk; maar ook oor die kwessie van “deliberately *shaped*, not *gathered*” (oorspronklike kursivering). Die bloemleser is dus eerder ’n blommerangskikker as ’n blommeplukker, want die proses hou verband met dit wat gevorm word, eerder as dit wat versamel word. Om die blom-metafoor verder te gebruik, kan verwys word na Christopher Rick (aangehaal in Hopkins, 2008:287) se mening: “Anthologies, are sickly things: cut flowers have no vitality – the single growing violet lives sweetly, and last: the splendid bouquet decays into unsavoury trash, and as trash is thrown away.”

Daar moet verder ’n onderskeid getref word tussen die terme *anthologies* (“antologieë”) en *miscellanies* (“mengselgedigte”) waar eersgenoemde verwys na ’n historiese opname van hoofsaaklik gekanoniseerde tekste; en die tweede beteken die samestelling van kontemporêre, gewilde materiaal wat nie kanoniserings ten doel stel nie (Mujica, 1997:203).

Daar is in die geskiedenis ook verdere voorbeelde van die gebruik van die term *collection* en *the book of* wat tot die lys van terme in verband met die bloemlesing gebruik word. Die bloemlesing “is a *literary storage and communication form*: a textbook, (now) a digital archive, (once) a commonplace book, (perhaps still) the poems one has memorized for pleasure” (Kuipers, 2003:51; oorspronklike kursivering). ’n Bloemlesing is dus ’n versameling uitgesoekte tekste van verskillende skrywers wat aangebied word as die beste of “voortreffelike, uitmuntende” (volgens Conderaerts, 1985:387) vir ’n bepaalde doel. Van Coller (2002:67) dui aan dat die terme “bloemlesing” en “versameling” in Afrikaans as sinonieme gebruik word.⁴²

2. SOORTE BLOEMLESINGS

’n Onderskeid kan getref word tussen bloemlesings wat gerig is op ’n akademiese en/of opvoedkundige mark, óf op die algemene lesersmark. Bloemlesings vir die opvoedkundige mark maak ’n veel groter aanspraak op kanoniseringswaarde as dié wat vir die algemene mark aangebied word. In ’n groot mate is die grense tussen hierdie twee markte vir die Afrikaanse lesers egter nie altyd presies gedefinieer nie, en het geen van die “groot” bloemlesings by akademiese of opvoedkundige uitgewers verskyn nie.⁴³

⁴² Kyk Kannemeyer (1998b:14) vir verskil in mening.

⁴³ Kyk afdeling 5, ook hoofstuk 8 m.b.t. literatuurgeskiedenis by toonaangewende Afrikaanse uitgewershuse en die by akademiese uitgewershuse.

2.1 Bloemlesings gemik op die opvoedkundige mark

Bloemlesings wat ten doel het om die opvoedkundige mark te dien, lyk weens aanbieding en bywerkings soos begeleide kommentaar eerder na 'n skoolboek as 'n bloemlesing (Aucamp, 1993:43) en is dus maklik as sodanig herkenbaar. Kuipers (2005) beweer dat “contemporary literary anthologies function as the *de facto* canon for almost all introductory courses in literature, as well as many advanced ones”.

Opvoedkundige bloemlesings kan onderskei of gekategoriseer word in (i) omvattende bloemlesings wat verteenwoordigend van die geheel optree; (ii) periodeswerke wat poog om verteenwoordigend van 'n bepaalde tydperk, bewind of geskiedkundige beweging te wees; (iii) formele en generiese versamelings wat op 'n bepaalde kategorie fokus (tema-gebonde is); en (iv) bloemlesings wat krities deur interpretiewe of herinterpretiewe kyk na sekere temas, periodes of genres (Hopkins, 2008:291; kyk ook Kuipers, 2005 vir onderskeidingsmoontlikhede).

Hopkins (2008:286) voer in hierdie verband aan:

The rapid proliferation of modular degree courses [...] rising prices of individual literary texts, a general unwillingness of students to buy many books, and dwindling library resources, have combined to make single textbooks, containing between two covers all the necessary primary material for a particular module, and acquired by all students as their one obligatory purchase, an attractive proposition for many university teachers and course directors.

Maar, Paul Lauter (2004:19) meen in sy kritiek teen bloemlesings dat die aantreklikheid en sogenaamde bruikbaarheid nie altyd positief is nie:

The usual rap against anthologies was that they were superficial, offering a hop, skip and jump through literary history instead of providing in-depth views of truly great works. There were too many authors, it was said, even in the most limited texts, those included were too uneven in quality, and the multitude of options distracted students from focussing on the true aesthetic value of literary texts.

Opvoedkundige bloemlesings word omvattender (wyer) uitgebrei oor tyd soos nuwe werke bykom. Dít is volgens Kuipers (2005) 'n bewys dat dit moeilik vir 'n skrywer is om uit die kanon weggelaat te word as hy/sy eers daarin opgeneem is: “Certainly some selections do fall out of canonical fashion and are ‘de-selected’ but the overwhelming tendency is simply to add more material on top of what is already there. This reflects the ‘glacial’ tendency of canons [...]: once they have picked up a given author, anthologies will tend to keep at least some selection of that author.” Kuipers wys dus op die probleem dat kanons nie maklik verander kan word nie, omdat dit nie op herooweringing nie, maar op toevoeging berus. Sodoende word foutiewe waardering van die verlede moeilik reggestel wat betref dit wat weggelaat is, of dit wat nie langer in die kanon opgeneem moet word nie.

Omdat dié soort bloemlesing opvoedkundig van aard is, is dit gewoonlik so

omvattend dat daar 'n keuse van werk uit die bloemlesing gemaak word vir onderrigdoeleindes (Mujica, 1997: 205), maar géén seleksie is 'n waarborg dat studente minstens die geselekteerde tekste sal raadpleeg nie – wat nog te sê tekste wat gehoop word hulle uit eie wil en ontdekking sal naspeur. Kuipers (2003, 2005) meen dat studente juis eerder die betrokke bladsye uit die bloemlesing uitknip ten einde hulle te verlig van die swaar kanon wat saamgedra moet word. Margorie Perloff (1999) sluit in haar artikel “Why big anthologies make bad textbooks” aan by Kuipers se mening. Sy meen dat bloemlesings te omvangryk is, dat dit swaar is om op te tel, dit nêrens inpas nie (nie in 'n tas of rugsak nie), dit ongemaklik is om te hanteer, en dat die papier soms so dun is dat die lees van elke gedig 'n palimpses word deurdat die ander verse (op die agterkant) deurskyn: “What good is ‘coverage’ of material if it makes the very act of reading a book such an unpleasant and off-putting experience?” Sy verwys ook na die probleem dat werke wat opgeneem word boonop dikwels die studente inhibeer en nie die waarde van literatuurstudie oordra of benadruk nie:

[it] is likely to make students feel that literature is not so much an art as a source of information – something you have to be exposed to because it is good for you. That the study of great literature actually produces keen excitement and pleasure – a pleasure that, in Swann’s Way, Marcel Proust dramatically shows to be closer to the erotic than to the didactic – is ruled out (Perloff, 1999).

Die probleem ontstaan egter ook as gevolg van wanpersepsies onder leerders en onderwysers/dosente, soos dat dit wat nie opgeneem is nie, nie goed of waardevol is nie en daarom ook nie onderrig hoef te word nie (Lauter, 2004:20).

2.2 Bloemlesings gemik op die algemene mark

Met verwysing na die Engelse mark verduidelik David Hopkins (2008:285) dat daar verskeie praktiese en kommersiële redes is waarom uitgewers (opvoedkundig sowel as kommersieel) steeds bereid is om bloemlesings te publiseer. “In the ‘general reader’ market, there still seems to be a demand for collections which fulfil some of the traditional functions of poetry: to console in times of bereavement, to fortify against stress or anxiety, to give expression to love and friendship, to celebrate special occasions, or simply to entertain and amuse.”

Voorbeelde van tematiese bloemlesings in Afrikaans is onder meer die volgende: Liefdesgedigte: *Die mooiste Afrikaanse liefdesgedigte* – Fanie Olivier (1986), *Die dye trek die dye aan: Verse oor lyflike liefde* – Johann de Lange en Antjie Krog (1998); Godsdienstige gedigte: *Die braambos brand: 'n Keur uit godsdienstige gedigte* – Nienaber en Nienaber-Luitingh (1987), *Jubilate!: Loofgedigte in Afrikaans* – F.I.J. van Rensburg (1995); Gedigte oor die omgewing soos *Groen*, *Gedigte oor die omgewing* – Johann Lodewyk Marais (1990) en *Ons klein en silwerige planeet: Afrikaanse*,

Nederlandse en Vlaamse gedigte oor die omgewing – Johann Lodewyk Marais en Ad Zuiderent (1997). Minstens twee hiervan is dan ook as voorgeskrewe werk aangebied en gebruik.

Odendaal (2001a:63) meen dat die rol wat kommersiële oorwegings speel by die publikasie van hierdie soort bloemlesing nie onderskat moet word nie:

Daar verskyn soveel literatuur dat g'n mens kan byhou nie. En vir Jan en Alleman om in sulke omstandighede bundels van enkeldigters te koop? Bloemlesings: ja, dis dalk die moeite werd. Die beste digters byeen en verteenwoordig deur van hulle beste werk – so is die veronderstelling. En as dit boonop rondom temas saamgestel is wat lekkerlees, interessante vergelykings en maklike naslaan van aanhaalbare gedigte of strofes waarborg, gaan die beursie maklik oop.

Verder dui hy ook aan dat kommersiële bloemlesings gewoonlik dié is wat mank gaan aan inleidings (ook motiverings vir die metodes wat opname of insluiting bepaal het) en “waardeur waarskynlik geïmpliseer word dat die inherente waarde of posisie binne die kanon van die opgenome digters as 't ware vanself spreek – dít terwyl resensent na resensent die onvermydelike idiosinkratiese aard van die gedigkeuse uitgewys het, en dikwels die afwesigheid van (meer) verantwoorde inleidings gekritiseer het” (Odendaal, 2001a:57). Van Coller (2002:74, 120) wys egter daarop dat kommersiële bloemlesings (in die meeste gevalle) nie in die geheel as 'n negatiewe tendens gesien moet word nie, omdat dit reeds deur skrywers én uitgewers met “gevestigde reputasie” (d.i. die sisteem) goedgekeur is, en ten doel het om op die breë mark te fokus én die kanon toeganklik te maak.

Bloemlesings in veral die Afrikaanse literatuur is nie uitsluitlik op die een óf die ander alleen gefokus nie, en kan dus ook gerig word op beide marksegmente – die breë én die opvoedkundige. Aucamp (1993:44) meen egter, in sy betoog teen wanpraktyke by die samestelling van bloemlesings, dat daar eerder óf op die skolemark, óf die algemene publiek gefokus moet word.

3. KENMERKE(ND) VAN DIE BLOEMLESING

Bloemlesings word gewoonlik in groter oplae as individuele bundels (van kortverhale of gedigte) uitgegee, weens óf die reuse- voorgeskrewe mark, óf die groter aanvraag daarvoor in die algemene mark (Hopkins, 2008:291). *Groot Verseboek* (2000) se verkope was immers 15 000 eksemplare. Weens die aanvraag deur die voorgeskrewe mark word bloemlesings dan ook herhaaldelik óf herdruk óf bygewerk (Howard, 2007). Die bloemlesing is voortdurend in stryd om bemerkbaar in 'n groot kompeterende mark te wees, relevant te wees ('n goeie balans tussen die oue en die nuwe, maar ook tussen die nagelate en die nuwe te handhaaf) (Howard, 2007), en seker te maak dat dit nie

verouderd en uit voeling raak met markbehoefte nie (Lauter, 2004:33).⁴⁴ Die mark waarop die bloemlesing gerig word, en/of die doelstellings van die bloemlesing soos deur die uitgewershuis bepaal of die indeling volgens publikasiedatum, gee gewoonlik ook 'n aanduiding van historiese groepering, tema, genre of outeur as groeperingsmetodes wat gebruik word (Kuipers, 2005).

In 'n klein letterkunde soos Afrikaans ontstaan die behoefte egter na 'n groter verskeidenheid van produkte (Hambidge, 2000a:12). Hiermee word kompetisie nie ten doel gestel nie, eerder 'n verskeidenheid wat as aanvulling tot mekaar gebruik kan word. Van Coller (2009:246) is egter van mening dat daar “veral weens ekonomiese redes, selde plek vir meer as een sodanige bloemlesing” op een gegewe tyd is. In 'n gesonde opvoedkundige situasie, groeiende boekbedryf en dinamiese letterkunde vind gereelde opdatering of verwerkings (Howard, 2007) in veral die opvoedkundige mark met behulp van marknavorsing en bruikbaarheidsstudies plaas, deur onder andere die keuse van tekste onder gebruikers van die boek te sirkuleer om die behoeftes van die gebruikers akkurater te probeer bepaal.

Bundelsamestelling is egter nie losmaakbaar van die samesteller se persoonlike smaak nie (Gardener, aangehaal in Hopkins, 2008:295). Dit is 'n subjektiewe evaluasie; 'n keuringsproses wat gewoonlik in konsensus is met kritiek van die tyd (era) waarin dit saamgestel word (Gardener, aangehaal in Hopkins, 2008:295).⁴⁵ “Anthologies convey the notion of evolution (the succession of literary movements) and hierarchy (the recognition of masterpieces). They create and reform canons, establish literary reputations, and help institutionalize the national culture, which they reflect” (Mujica, 1997:204).

Bloemlesings is dus 'n wyse waarop daar (saam met literatuurgeskiedenis, en andere) gelegitimiseer word deur literaturopvattinge (kyk ook Van Coller, 2002:70). Skrywers of werke wat afgeskeep is, kan in bloemlesings weer onder die aandag gebring word (Hopkins, 2008:294); 'n herevaluasie kan plaasvind (Hopkins, 2008:299), wat tot die bevordering van diversiteit in literatuurstudie kan bydra (Lauter, 2004:29); en dit kan beskou word as 'n bewaringsaksie wat skrywersreputasies vestig en in stand hou (Burger, 2009a; Odendaal, 2001a:57; Van Coller, 2002:68). Veral, merk Odendaal (2001a:62–63) op, as dit oplossings bied vir enkelbundels wat moeilik bekombaar is, en die groot hoeveelheid werke wat uit druk is. Hierdie situasie met betrekking tot die Afrikaanse literatuur sal die rol wat bloemlesings speel in die Afrikaanse mark in die tydperk onder bespreking dus verhoog.

⁴⁴ Kyk ook Aucamp, 1993:44 vir kwessies rondom die Suid-Afrikaanse voorgeskrewe mark.

⁴⁵ Kyk ook Esterhuyse, 1998:4; Kannemeyer, 1998:14; Viljoen, 2000:17; Naudé, 2008 met betrekking tot *Groot Verseboek* in drie dele.

4. KNELPUNTE IN DIE MAGSPEL

Mujica (1997:208) voer aan dat die aard en inhoud van bloemlesings bevraagteken kan en behoort te word:

Postmodernism, with the emphasis on subjectivity, diversity, and decentralization of power, is at odds with the very principle of anthologies, which propose a hierarchical classification of literature as determined by an intellectual elite. Foucault's exploration of the nature and essence of order and his insistence that our inherited systems and stratifications are not the only ones [that] have been influential in provoking a new scrutiny of the instruments our society uses to safeguard its institutions, including its literary institutions. New historicists argue that the traditional notion of history of literature is too exclusionist. They reject the concept of "timeless" art and universal truths, alleging that ideals commonly promoted as "universal" are those of the power of elite. By canonizing some texts and omitting others, they argue, the professionals propagate and perpetuate the values of the ruling class. Teaching anthologies and histories of literature are actually instruments of indoctrination, they contend, including these values in the next generation and thereby preserving the structure and inequities of society. [...] a writer's entry into the canon reflects above all else his or her conformity with the ideals of the dominant political and intellectual elite.

Bloemlesingsamestelling, kanoniseringspraktyke en literêre evaluasie/kritiek is verstrengelde prosesse en onlosmaaklik deel van die groter literêre sisteem. Hopkins (2008:287) meen dat kanonisering op die mees basiese en letterlike manier deur bloemlesings plaasvind op grond van die insluiting of weglating van tekste vir studie: "In an anthology-based course, the 'canon' studied simply *becomes* the content of the anthology; and the anthologist thus holds enormous unseen power. But in the more extended, metaphorical, sense of anthologising, too, *what* we select for study is inextricable from the question of *why* we select it for study, and what we think to be its merits and/or interest" (oorspronklike kursivering). Die bepaling is dus *wie* onthou en *wat* bewaar sal word; *wie* en *wat* vergete sal bly. Volgens Conderaerts (1985:394) is digters wat nie in bloemlesings opgeneem word nie so goed soos vergete – tensy hulle in nuwe of ander bloemlesings herontdek en opgeneem kan word.

Oorvleueling van figure wat in die groot bloemlesings en die literatuurgeskiedenis opgeneem is, dui verder op die problematiek van die bestaande sisteem. Van Coller (2002:121) dui met betrekking tot die Afrikaanse sisteem aan dat besliste ooreenstemming tussen literatuurgeskiedenis en bloemlesings bestaan – 'n situasie wat aanleiding kan gee tot 'n maatstaf wat gebruik word vir dit wat in die een opgeneem moet word sowel as in die ander. Só 'n stelsel het dan ook 'n verreikende invloed: "[T]he anthology became a vehicle through which a cultural elite could inculcate critical literary values [...] Such works become institutionalized into a canon that helps define the national culture. They are taught to school children, perpetuating the nation's sense of collective identity" (Mujica, 1997:204). Mujica (1997:210) verduidelik egter verder dat

die probleem nie bloot is *wat* onderrig word nie, maar ook *hoe* dit onderrig word: “Postmodernism claims that old style anthologies do not develop critical thinking, fostering passive acceptance of authority with their pre-packaged literary ‘gospel’”. Hierby sluit Van Coller (2002:69) aan as hy verduidelik dat die kanon nie ’n instansie is wat self kan selekteer nie. Seleksie vind plaas deur rolspelers, agente en hekwagters: “Hierdie prosesse van seleksie, klassifisering, hiërargisering en kanonisering bepaal beeldvorming. [...] Dit sou korrek wees om te sê dat bloemlesings net die resultate weergee van hierdie prosesse, wat soms heel grillig kan verloop – die stryd om literêre wins kan op selfsug[tige] en meedoënlose wyse gevoer word.”

Talle bloemlesings skep egter verwarring oor die ware posisie van die kortverhaal en die digbundel in die literêre en publikasiesisteme. Heelwat onsekerheid word geopper oor die stand van die produksiesyfers van enkelbundels en debutante, teenoor die hoeveelheid bloemlesings wat uitgewers publiseer (Deloof, 2001; Odendaal, 2001:53). En, uit die geskiedenis weet ons dat die motivering vir publikasie nie altyd edel is nie:

Een rede waarom in Afrikaans so ’n groot aantal bundels poësie en kortverhale verskyn het (nie altyd van besondere gehalte nie), is omdat die uitgewers hul greep op die bloemlesingmark wou verstewig. Uitgewers sou bloemlesingregte alleen aan ander uitgewers afstaan as daardie uitgewers iets in ruil kon bied. Uitgewers wat dus nie oorspronklike bundels gepubliseer het nie, het geen hoop gehad om genoeg oordrukregte te bekom vir ’n eie bloemlesing nie. Die solobundels is met enkele uitsonderinge teen verliese uitgegee, het skraal verkope gehad en is binne ’n jaar afgeskryf. Maar die verkope van bloemlesings aan die verskillende onderwysdepartemente het hierdie nielonende publikasies gesubsidieer (Human, 1999:11).

Volgens Gray (1991:43) is daar wat die Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedskrywer en bloemleser betref, gevalle waar die hekwagters self te staan kom voor die verwagtinge om die sisteem in stand te hou (kyk ook Hugo, 2000:12; Kannemeyer, 2000:12). Met verwysing na die samestelling van die *Penguin Book of South African Verse* (1989), spreek Gray kritiek uit teenoor resensente wat (in sy geval) voorgee om beter te weet wat aanklank by die publiek sal vind, en wat opgeneem of weggelaat kon word – in so ’n mate dat die resensie grootliks daarop uit is om pertinent uit te spel dat ’n boek eerder nie gekoop moet word nie.⁴⁶ “[I]n their reviews they effectively offer their readers an alternative table of contents with the firm recommendation that their (imaginary) anthologies would have had a more justifiable claim on the public’s attention” (Gray, 1991:43). In haar resensie van *Poskaarte: Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960*, skryf Jansen (1998:38) hoe daar in ’n gesonde sisteem omgegaan kan word met kritiek op die keuse vir samestellings: “’n Bespreking van bloemlesings van watter aard

⁴⁶ Kyk ook hoofstuk 4, afdeling 5.1 m.b.t. argumente oor resensies en verkoopsyfers.

ook al kan inderdaad so maklik in pedanterie verval en daarom is dit sportiewer om te konsentreer op dit wat wel versamel is, om krediet te gee vir die waagstuk van persoonlike keuse, die duisende beslissings wat geneem is.”

Verduidelikings en beperkings wat in die inleiding van bloemlesings uiteengesit word, behoort ook die bloemlesers se mening en motiverings te bespreek. Gray (1991:46) meen egter dat dit nie slegs die verduidelikings is wat noodsaaklik is nie, maar dat die “inner logic of the book” een van die belangrikste kriteria vir ’n goeie samestelling is, en dat kritiek (soos in Gray se geval) grootliks ook in verband gebring kan word met die idee dat die resensent(e) “rather interested parties themselves” is. Verder stel Gray dat dit ’n komplekse magstryd is waarin teenstanders en kritici nie verheue is bo “dirty trick[s], let alone the pursuit of blackmail, harassment, espionage, boycott action – oh, and also defamation” nie, en dat die samestelling van bloemlesings ’n reuse- politieke (mag)spel is. Gray (1991:45–47) verwys onder meer na literêre belangstellendes se verwagting van die instandhouding eerder as die teengaan of bevraagtekening van die kanon; die behoefte om “inklusief” te wees (Gray, 1991:46), wat ondermyn word deur doelbewus ander rasse (en waarskynlik soms ook ander tale en genders) uit te sluit; kopieregweiering (Hambidge, 1997:5); en doelbewuste vertraging van ’n projek.

Aucamp (1993:44) noem met betrekking tot kopieregkwessies: “Algemene bloemlesings wat net die beskikbare bestes bevat, en skoolbloemlesings wat net die beskikbare geskikte bevat, het moreel gesproke geen bestaansreg nie.” Hierdie uitspraak is egter problematies as die groter uitdagings en knelpunte in die sisteem bygeroep word. “Because high production costs reduce profit margins, publishers [...] impose restrictions with regards to the amounts that can be spent on permission, illustrations, even paper [...] publishers, routinely restrict book length, forcing editors to exclude some worthwhile writers,” verduidelik Mujica (2008:207). Kopieregweiering dra dus by tot ’n vertekende beeld van die literatuur (Aucamp, 1993:44; Odendaal, 2001:57; Van Coller, 2002:68, 72). Met verwysing na Cloete, dui Odendaal (2001:57) egter aan dat dié digter se posisie nie verswak het weens die weglating – op eie versoek – nie, maar juis sy posisie verstewig het deur die bekendheid wat hy verwerf het.

Die rol van die bloemleser in die kanoniseringsproses is ook ’n belangrike punt van ondersoek. Die probleem met digters wat as samestellers van bloemlesings optree, is volgens Van Coller (2002:72–73) ’n tendens wat nie slegs tot die Afrikaanse literêre sisteem beperk is nie. “[D]igters, as kenners van die poësie en die ontwikkelingsgang daarvan in ’n bepaalde taalgebied, sou intuïtief weet waar die poëtiese hoogtepunte te vinde is – so is waarskynlik die veronderstelling”. Maar, ’n ander moontlike verklaring lê

by die digter se strewe na 'n sentrale posisie binne die literêre veld. Odendaal (2001:54) en Van Coller (1999:7) dui albei aan dat die rol van die digter as bloemleser en kanoniseerder nie onderskat moet word nie. Die digter en bloemleser tree as “dubbele kanoniseerder” op deur ook hom-/haarself as digter te legitimeer. Die digter Lina Spies het byvoorbeeld haar posisie gestabiliseer deur die ruimte (hoewel sy dit nie self gekies het nie) wat haar eie gedigte opgeneem het deur as samesteller van die bundel op te tree (Odendaal, 2001:59).

In Aucamp (1993:44) se verwysing na 'n reeks wanpraktyke (in bloemlesings wat op die skolemark gerig is), beveel hy aan dat 'n paneel eerder as 'n individu as samesteller of bloemleser optree – by voorgeskrewe werke vir skole en universiteite minstens een literator en een opvoedkundige (kyk ook Naudé, 2009a). Van Coller (2002:70–73) wys ook op die persepsie dat dit nie ideaal is dat digters uit eie werk saamstel nie. Die samesteller se funksie is die van 'n magtige besluitnemer wat die kanon kan aanvul, uitbrei, stabiliseer, bevestig, legitimeer, populariseer, rekonstrueer en/of (her)interpreteer. Die kritieke vraag wat dus ontstaan is of 'n goeie skrywersreputasie noodwendig beteken dat 'n skrywer 'n goeie resensent, vertaler, samesteller, keurder of beoordelaar is.⁴⁷

Daar is ook die kwessie van literêre waarde wat verlore gaan as die individuele teks uit konteks verwyder word:

Does not anthologising of any kind – excerpting poems or extracts from their original context and repositioning them in new, editorially devised, arrangements – represent a return to the bad old days of the New Criticism, when poems were thought of as free-standing “well wrought urns” or “verbal icons”, separable and discussable in isolation from their position in political, cultural, and social history? (Hopkins, 2008:295–296).

Odendaal (2001:56) dui verder aan dat “veilige” keuses ook problematies is, deurdat samestellers (in sy voorbeeldgeval Lina Spies) konserwatief, tradisioneel en veilig is, en dat belangrike digters en tekste uitgelaat word omdat hul temas of aanbieding aan omstredenheid meedoen. Ook Aucamp (1993:41) dui aan dat bloemlesings met veral 'n opvoedkundige aard, nie gemik is op die beste nie, maar op wat geskik is vir die lesers – “'n bepaalde pedagogiese doel” het. In bundels wat saamgestel word uit ongepubliseerde verse word daar ook meermale gehou by gevestigde name – dus gepubliseerde digters (Odendaal, 2001:59) – wat negatief inwerk op die ontwikkeling van nuwe talent. Daarteenoor, is daar ook gevalle waar digters (soos in die *Nuwe Stemme*-reeks) na vele se menings te vroeg gekanoniseer is en sonder solodebuutbundels in die nuwe *Groot Verseboek* opgeneem is (kyk afdeling 5.3).

⁴⁷ Kyk ook hoofstuk 4 m.b.t. resensies, hoofstuk 5 m.b.t. pryse en hoofstuk 6 m.b.t. vertaling.

5. DIE POLEMIEK RONDOM DIE AFRIKAANSE POËSIEBLOEMLESING

Sedert die laat negentigerjare van die vorige eeu het drie van die grootste, omvattendste en mees omstrede bloemlesings in die poësie verskyn. In hierdie afdeling word gefokus op polemieke en gesprekke rondom hierdie drie, te wete: *Poskaarte: Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960* (1997), *Die Afrikaanse poësie in duisend en enkele gedigte* (1999), *Groot Verseboek 2000* (2000) en *Groot Verseboek in drie dele* (2008). Al vier hierdie bloemlesings het vir gesprek en/of polemieke gesorg. Ironies genoeg is Abraham H. de Vries se *Die Afrikaanse kortverhaalboek* wat in 2004 (eerste druk in 1978) verskyn het, sowel as dié se voorganger *Eeu: Honderd jaar van Afrikaanse kortverhale* (1996), sonder enige polemieke of omstredenheid ontvang. Hoewel dié publikasie in resensies bestempel word as die prosa-ekwivalent van *Groot Verseboek* (Hambidge, 2005:17; Kannemeyer, 1996a:21) blyk dit dat die kortprosa wat in die kanon verteenwoordig word, nie dieselfde kritiek as die poësiekanon ontlok nie.

5.1 *Poskaarte: Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960* – Louise Viljoen & Ronel Foster (1997)

Poskaarte het ten doel gehad om verskeidenheid aan te bied. Intertekstuele netwerke is gebruik om “ook ondermynend ’n gesprek – dikwels in die vorm van parodie – met die literêre tradisie [te voer]” (Jansen, 1998:38; kyk ook Hambidge, 1997:5). In dié eindproduk word ook dit wat op die randgebiede was, op die voorgrond gestel (Jansen, 1998:38; kyk ook Grové, 1997:10).

Behalwe vir een digter wat ook in die versameling opgeneem is, was dit in hoofsaak literêre kritici wat hierdie bloemlesing in die pers bespreek het (Crous, 1998:9; Esterhuysen, 1998:4; Grové, 1997:10; Jansen, 1998:38; Kannemeyer, 1998:14). Minstens een resensent (Esterhuysen, 1998:4) spreek hom negatief uit oor die bruikbaarheid van dié bloemlesing vir die voorgeskrewe mark, en verwys na voorgangers wat meer geopenbaar het “omtrent die literêre en ideologiese smaak as hul begrip vir die psigo-sosiologiese behoeftes van die adolescent, asook die belangrike sosialiserende funksie wat letterkunde-onderrig op skool vervul het”. Hiermee stem Kannemeyer (1998:14) in sy resensie egter nie saam nie: “Ek sien swarigheid vir die onderrig van Afrikaanse poësie indien dié boek op groot skaal aan ons universiteite gebruik gaan word.” Sy kritiek teen die bundel is verder dat dit dui op “gebrekkige historiese kennis” en die literêre gehalte van “baie van die verse swak is – “só swak dat hulle nooit gepubliseer moes gewees het nie”. Grové (1997:10) dui ook aan dat die leser nie die inklusiwiteit van ’n bundel soos dié moet oorskakel nie. Want, sê hy “gaan mens na hoeveel ruimte aan afsonderlike figure afgestaan word, val dit op dat almal lank nie meer ewe

swaar weeg nie [...] so ontstaan daar maar weer 'n kanonieke lys [...] Daarnaas dié digters wat met hulle een vers tog ook op 'n manier gemarginaliseer word”.

In die geval van Komrij se *Die Afrikaanse poësie in 'n duisend en enkele gedigte*, was daar egter 'n veel groter debat – geskiedskrywers, digters en die publiek het tot dié debat toegetree. Anders as wat die aanvaarde konvensie van die resensiekunde vereis dat skrywers nie op resensies moet reageer nie, verdedig Komrij sélf in die media sy produk, stel hy eise én skroom nie om die Suid-Afrikaanse verspreider in die openbaar aan te vat nie.

5.2 Die Afrikaanse poësie in 'n duisend en enkele gedigte – Gerrit Komrij (1999)

Gerrit Komrij se *De Afrikaanse poëzie in 1000 en enige gedichten* verskyn in September 1999 by die Nederlandse Uitgeverij Bert Bakker vir die Nederlandse lesersmark. Die Afrikaanse weergawe, *Die Afrikaanse poësie in 'n duisend en enkele gedigte*, verskyn (ook by Bert Bakker) in 1999 in Suid-Afrika. Dié bloemlesing beslaan 1 500 bladsye in die Nederlandse uitgawe en die Afrikaanse uitgawe (1179 bladsye) word beskou as die “grootste bloemlesing nog in die Afrikaanse poësie” (Keyser, 1999b; *Volksblad*, 2000:8) – dit nadat Komrij maar twee jaar tevore met die Afrikaanse letterkunde kennis gemaak het.

Digters wat meegewerk het aan die bekendstelling en bemarking daarvan in Nederland (dus saamgereis het), was Daniel Hugo, Wilma Stockenström, Hennie Aucamp, Marius Titus en Charl-Pierre Naudé. Die eerste oplaag van 10 000 eksemplare (Terblanche, 2000:7) is binne die eerste drie maande ná die verskyning daarvan in Nederland uitverkoop (Jakob Regop [skuilnaam], 1999:2).⁴⁸ Ironies genoeg is die Nederlandse uitgawe nie eers in Suid-Afrika te koop aangebied nie (Marais, 2000:16) – waarskynlik was die mark te klein daarvoor. Ponelis (2000:7) wys egter daarop dat dié bloemlesing nie losgemaak moet word van die bloemlesingreeks in vier dele wat vir die Nederlandse literatuur bedoel was nie en in die groter konteks van hierdie reeks benader en beoordeel moet word.

Komrij se posisie in die Nederlandse literêre sisteem is hoog aangeslaan: Hy is onder meer die “literêre pous” genoem (Keyser, 1999a:6); is bekend as “digter [hofdigter – Breytenbach, 2000:12], essayis, kritikus, roman- en toneelskrywer, vertaler en bloemleser”; gereelde rubriekskrywer – onder meer oor die Afrikaanse poësie (*Volksblad*, 2000:8) – sowel as Nederlandse denker (De Lange, 2000:7); pryswenner; boekejoernalis en Nederland se “Dichter des Vaderlands” (Van Zyl, 2000:12). Die uitgewer Kerneels Breytenbach (2000:12) wys ook daarop dat Komrij in Nederland vergelykbaar is met

⁴⁸ Een knelpunt was egter dat tantième nie aan skrywers betaal is vir die Nederlandse uitgawe nie (kyk in dié verband De Lange, 2000:7).

Opperman en Van Wyk Louw in Suid-Afrika. Maar tereg vra Jakob Regop [skuilnaam] (1999:2): “Hoe kan ’n Hollander die finale sê hê oor wat goed is in die Afrikaanse digkuns?”

In die resepsie word aangedui dat Komrij se metode om die digters volgens geboortedatum (eerder as datum van debuut) op te neem, ’n skeefgetrekte historiese perspektief oplewer, en dat sy besluit op nie meer as tien gedigte van elke digter nie (met uitsondering!) ook ’n verandering teweegbring: “Hierdeur word die kanoniserings ook omvergewerp, asook die omvattendheid van die oeuvres van skrywers” (Olivier, 2000a:11). De Lange (2000a:7) se kritiek sluit hierby aan: “Soos *Poskaarte* gaan Komrij in met sy bloemlesing teen die bestaande kanon en laat eweneens ook die son op ylbegroeiende akkertjies skyn.” Komrij het (soos dit die geval was met *Poskaarte*) die gemarginaliseerde na die sentrum van die kanon gebring, deur onbekende gedigte sowel as onbekende en vergete digters te laat saampraat (Olivier, 2000a:11; kyk ook Cloete, 2000:5 vir kritiek hierop). Hy het ook ’n groot gedeelte afgestaan aan “Nederlandse poësie wat vóór die GRA geskryf is” (Olivier, 2000a:11) asook aan “volksliedjies, snelsêers, dop- en daggaryme, ghoemaliedjies, moppies, sportryme, uittelryme en kinderverse” (Viljoen, 2000:17).

Afgesien van die vertekende beeld wat hy van gevestigde digters skep, is dit volgens Viljoen (2000:17) dan ook die digters met beperkte produksie wat ’n ongesonde (oor)skatting kry (kyk ook De Lange, 2000b:12). Du Plessis (2000:16) meen egter dat ’n alternatief vir die *Groot Verseboek* nodig is om aan die gemarginaliseerdes ook ’n plek in die letterkunde te besorg. Cloete (2000:5) is egter van mening dat toevoegings tot die kanon tydelik is en waarskynlik net sal bly solank Komrij se bundel in druk is – ’n aanduiding dat die verkoopsmark en die uitgewers ’n belangrike rol in die kanoniseringsproses vertolk.

Kennis van die Afrikaanse tradisie ontbreek as Komrij by groot figure “teleurstellende” keuses uit hulle oeuvres maak (Cloete, 2000:5; De Lange, 2000:7; Viljoen, 2000:17). Ondersteuners van Komrij is dit eens dat die kanon verruim moet word, maar Komrij praat lynreg in téén dit wat die Afrikaanse kanon wou wees, deur neerhalend na Opperman te verwys, Kannemeyer se (mags)posisie uit te lig en die landskap van die poësie aan te pas deur, soos hy dit in die voorwoord stel, plek te maak vir bruin, jong en “dwars skrywers”.

Brink se hersiene uitgawe van Opperman se *Groot Verseboek 2000* verskyn in dieselfde jaar as Komrij se bundel. “Twee omvangryke bloemlesings in één jaar is ’n selfondermynende oorversadiging van ’n sosialiteitsmark,” skryf Hugo (2000:12) in ’n brief aan *Die Burger*. Toe digters te hore kom dat Komrij versoek het dat die publikasie van *Groot Verseboek 2000* uitgestel word, het skrywers woedend op Komrij se versoek gereageer (o.m. De Lange, 2000b:12).

5.3 *Groot Verseboek* – André P. Brink (2000, 2008)

Hambidge (1996:11) skryf in 1996 in 'n brief aan *Volksblad* “[*Groot Verseboek*] eindig by Theunis Engelbrecht. Wil 'n mens 'n kursus oor Johann de Lange of Antjie Krog aanbied, dan haak jy vas. Selfs Breyten Breytenbach is lank nie voorgestel soos ons hom nou leer ken het met die tronkbundels nie. Die hele geslag van 80 skitter in hul afwesigheid, en ja, 90 ook.” Die hoofbestuurder van Tafelberg, Lappies Labuschagne, antwoord dat *Groot Verseboek* in die vooruitsig gestel word, maar dat *Poskaarte* solank as aanvulling gebruik kan word vir die tydperk 1960–1995. Beide Hambidge en Labuschagne bevestig ook bloemlesings se akademiese en opvoedkundige waarde in hul uitsprake.

Opperman se *Groot Verseboek* in sy groot aantal herdrukke en bywerkings (dit was vir meer as 50 jaar in druk), het volgens Esterhuysen (1998:4) “gegroeï [...] tot 'n meesternarratief in die e(r)gste sin van die woord”. Opperman se rol het egter veel verder as dié van samesteller gestrek. Hy was betrokke in die uitgewersbedryf, by Afrikaanse onderwys (sy bundels is op skool sowel as bykans elke universiteit in die land gebruik) en was een van Afrikaans se grootste kritici en kanoniseerders (kyk ook De Wet, 1994).

By die bekendmaking dat Brink die nuwe uitgawe (steeds onder dieselfde titel) sou behartig (na hy Opperman ook met die 1983-uitgawe gehelp het),⁴⁹ was die aanduiding reeds dat dit *nie* in die voetspore van Opperman sou volg nie.⁵⁰ Brink (2000b:3) skryf: “[D]ie enigste houdbare instelling [sal] vandag wees om die kanon oop te maak, om die kanoniseerprosesse sélf gereeld te herwaardeer, te herskryf”. Vir Brink (2000b:3) is dit ook belangrik om elke keuse wat opgeneem word kontekstueel te kan verwoord, maar hy skryf: “Agter alle redes en interpretasies, motiverings en verklarings is daar uiteindelik net één dryfkrag agter hierdie hele onderneming, en dit is dat die samestelling van hierdie bloemlesing vir my 'n liefdesverklaring aan die Afrikaanse poësie is.”

Die eerste uitgawe beslaan 942 bladsye en is *nie* beskou as 'n hersiene uitgawe van Opperman nie, eerder 'n nuwe uitgawe (Van Coller, 2002a:66). Odendaal (2001:54) meen dat dit min verander aan die persepsie van die “literêr-historiese beeld” van die poësie wat Opperman bewerkstellig het (kyk in dié verband ook Grové, 2000a:15). Weglatings by die ouer digters kom wel voor, maar dié bloemlesing het steeds die status as “*Groot Verseboek* [...] wat] geslagte lank *die* Afrikaanse poësie [verteenwoordig]” behou (Van Coller, 2002:68, oorspronklike kursivering).

Die aanbieding van *Groot Verseboek* onderskei dit van ander bloemlesings (*Poskaarte: Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960* en *Die Afrikaanse poësie in*

⁴⁹ “Brink is as 'n bloemleser genader omdat hy met Opperman saamgewerk het aan die vorige uitgawe, weens sy wye ervaring as resensent, sy kennis van die wêreldletterkunde, sy waardering vir digters se werk en sy nederigheid, het Van Zyl [van Human & Rousseau] gesê” (Joubert, 2000:3). Brink is ook twee maal met die Hertzogprys bekroon.

⁵⁰ Kyk o.m. Britz, 2000:12; Hambidge, 2000:14 vir argumente vir en teen die gebruik van die oorspronklike titel vir 'n nuwe uitgawe.

duisend en enkele gedigte) om gesag af te dwing deur die formele voorkoms, pleklinte, hardeband en papierkwaliteit (Van Coller, 2002b:124). Dié toevoegings, meen Van Coller, “suggereer dat hierdie bloemlesing dié een is wat die amptelike kanon mag/kan weerspieël” (kyk ook Britz, 2000:15). Volgens Esterhuyse (1998:4; oorspronklike kursivering) is daar soos volg na Opperman se *Senior verseboek* deur ’n student verwys: “[A]s die sinode van die NG Kerk die Nasionale Party *in gebed* verteenwoordig, dan moet dié bloemlesing waaragtig die Nasionale Party *in gedig* beliggaam”.

Van hierdie Afrikaner-nasionalistiese benadering het Brink egter weggebreek (kyk ook Wasserman, 2001a). “Brink [het] die Opperman-beginsel van eksklusiwiteit vervang [...] deur die beginsel van inklusiwiteit” (Britz, 2000:15) en ook aan digters van kleur plek in hierdie bloemlesing gemaak.⁵¹ “Om die werke en lewens van minderheidsgroepe as voorgeskrewe werk in te sluit, was om aan hul ’n teenwoordigheid te gee in opvoedkundige instellings. Hulle toetredende tot die literêre (didaktiese) kanon was terselfdertyd ’n verowering van ’n magsbasis, wat verreikende gevolge gehad het vir die posisie van minderhede op veral tersiêre instellings” (Van Coller, 2002a:67).

Verder sluit Brink ook in werke uit geleentheidsbundels, samestellings en bekendstellingsbloemlesings, sowel as vertalings en lirieke, wat sodoende die kanon vergroot (Odendaal, 2009:8; Van Coller, 2009:246).

Binne die eerste ses maande na die verskyning het die volledige oplaag van 5 000 eksemplare reeds verkoop (Nieuwoudt, 2009a:7) en later is *Groot Verseboek* ook in ’n elektroniese pak op CD-ROM beskikbaar gemaak.

In 2003 skryf Hennie Aucamp in die “Flapteks”-rubriek dat die probleem met ruimtebeperkinge in ’n nuwe uitgawe van *Groot Verseboek* opgelos kan word deur dit in dele aan te bied en dié dele dan netjies in ’n kartonkasset te verpak. In 2009 verskyn die *Groot Verseboek* dan ook in drie dele in ’n netjiese blik. Die prys van hierdie luukse uitgawe is R600, en kan volgens kritici dus moeilik voorskryfmateriaal word (Burger, 2009; Human, 2009a:22; Van Vuuren, 2009).

Brink dui aan (in gesprek met Viljoen, 2008:14) dat hy die ouer keuse wat hy agt jaar tevore gemaak het, nie juis hersien het nie maar die versameling daadwerklik met nuwe werk uitgebrei het. Dit is reeds duidelik uit die voorwoord wat hy bykans woordeliks uit die ouer uitgawe oorgeneem het (Burger, 2009a). Verder was sy benadering een van inklusiwiteit, dus nie ter wille van kanoniserings nie, maar “om ’n naastenby aanvaarbare beeld aan te bied van die verstommende verskeidenheid van die Afrikaanse

⁵¹ O.m. Adam Small, S.V. Petersen, P.J. Philander, met die toevoeging van Vernon February, Peter Snyders, Vincent Oliphant, Patrick Petersen, Marius Titus, André Boezak, Vernie Plaatjies, Loit Sôls en Matthews Phosa (kyk ook die mening van Britz, 2000:19).

poësie: dus nie net dit wat in sogenaamde ‘algemeen-beskaafde’ Afrikaans geskryf word nie, maar van álles wat die taal voortbring” (Brink, 2008b:11). Brink gebruik egter slegs gepubliseerde tekste (hy neem wel selfpublikasies op), maar geen uit tydskrifte of verse uit die kuberruim nie (Visagie, 2009).

’n Debat breek ná die verskyning op *LitNet* uit, oënskynlik deur die digter Charl-Pierre Naudé aangevuur. Twee artikels oor die debat in *LitNet* verskyn in *Rapport* van 7 Desember met Naudé se mening oor Brink se “travestie”. Op *LitNet* beskuldig Naudé (2009a) Brink van “blatante subjektiewe keuses” en beoordeel Brink se samestelling deur aan hom ’n punt uit tien toe te ken. In resensies (Human, 2009a:22) word aangedui dat Naudé een van die digters is wat ongelukkig behoort te wees met sy verteenwoordiging in dié bloemlesing. Ander klagtes is die inkonsekwente opneem van vertalings en lirieke, die oormaat nuwe stemme (selfs van digters wat nog geen debuut die lig laat sien het nie), en die waardeoordele wat Brink deur sy keuse oor die digkuns vel – in teenstelling met De Glas (1992) se vroeëre mening dat in Nederland bykans geen outeur gekanoniseer is as hy nie ’n “oeuvre-outeur” is nie (kyk ook Van Coller, 2009:247). Rangordeplasing na gelang van die aantal gedigte, aantal bladsye of aantal reëls skep probleme. Van Vuuren (2009; oorspronklike kursivering) dui in haar betoog aan dat dié rangorde al verder ondertoe nie klop nie: “Ingrid Jonker en Adam Small is ver minder belangrik as Marlise Joubert? Louis Esterhuizen kry dubbeld soveel spasie as Peter Blum en amper vyf keer meer as Jonker? [...] Mij dunkt hier zit iets erg scheef ...” Ook Visagie (2009) sluit by hierdie kritiek aan as hy wys op die groot hoeveelheid nuweling (ook non-debutante wat uit veral die *Nuwe stemme*-reeks opgeneem is) se “bevoorregte posisie” *bo* dié van sekere gevestigde digters.

6. GEVOLGTREKKING

Die debatte rondom die verskyning van vier omvangryke poësiebloemlesings het ’n groot aantal kwessies en knelpunte in die literêre sisteem uitgelig. Nie alleen is dit duidelik dat daar groter ontevredenheid oor poësie- as prosabloemlesings heers nie (dus die ou stryd om genre-hiërargie), maar ook dat rolspelers van buite moeilik gesag afdwing in die plaaslike sisteem, verpakking ’n belangrike rol in die status van ’n publikasie speel, en dat verskillende produkte meeding om die titel van gesaghebbendste samestelling en sodoende ook die beste kans staan om as voorgeskrewe werk gebruik te word. Waar Hambidge pleit vir meervoudige bloemlesings, is die voorskryfmark waarskynlik ingestel op een waardige voorskryftek.

Reaksies op ’n figuur buite die plaaslike literêre sisteem is ’n goeie aanduiding hoe goed hekwagters oor die poorte van die literatuur waak. Nie alleen is daar nie ruimte

vir 'n aweregse, oneerbiedige weergawe van die Afrikaanse letterkunde nie, maar heers daar ook kommer oor die wyse waarop dit die verkope van bestaande bloemlesings sal affekteer. In die lig van tanende studentegetalle aan universiteite is omvattende Afrikaanse bloemlesings meer waarskynlik op beide die kommersiële en die opvoedkundige mark gerig, wat vir groot debat sorg omdat dit wat weggelaat word waarskynlik nooit later as belangrik geag sal kan word nie. Malan (2009) meen dan ook tereg: “Die kanon is nog altyd nodig. In die oorspronklike betekenis is 'n kanon 'n maatstaf, 'n rigtingwyser vir 'n nuwe geslag lesers.”

Die oorvleueling van kanoniekestatus van skrywers wat in bloemlesings en literatuurgeskiedenis opgeneem word, is 'n verdere knelpunt. Nie alleen is die kanon wat bloemlesings betref 'n voorbeeld van 'n vertekende beeld van die Afrikaanse kanon nie, maar is die kans om hierdie probleme reg te stel en 'n gesonde literêre sisteem te vestig 'n uitdaging wat nie maklik opgelos sal word nie. Uit die groot hoeveelheid kritiek wat teenoor bloemlesers uitgespreek word, is dit dan ook duidelik dat die kritiek veral teen alternatiewe kanons gerig is. In die lig van *Groot Verseboek* se posisie as die toonaangewende bloemlesing van die Afrikaanse poësie is dit kommerwekkend dat een publikasie vir meer as agt dekades hierdie posisie kan behou.

Kritici spot oor wat die belangrikste tekste op die boekrak is: “*Groot Verseboek, FAK, Kook en Geniet* en die *Bybel*” (Burger, 2009a) óf, vir die meer literêre fynproewer: *Groot Verseboek, Perspektief en profiel* langs Kannemeyer, die *HAT* en *Eeu* (Olivier, 2000a:11); maar die algemene persepsie bestaan dat dít die nodigste is, én as daar nie alternatiewe gepubliseer word nie, dalk die enigste is.

HOOFSTUK 8

Literatuurgeskiedenis

Die verlede is aan die genade van die geskiedskrywer uitgelewer.
Charles Malan, *Onder andere* (1990:34)

Positief word gepleit voor ruimere en meer gestructureerde aandacht voor het literaire systeem als geheel, voor het literaire leven in zijn complexe samenhang, voor het functioneren van teksten (de primaire en de secundaire, de gecanoniseerde en de andere) in een bepaalde samenleving. Aan de universiteiten worden strips, porno, “keukenmeidenromans” als zeer eerbiedwaardige materies bestudeerd.

Marcel Janssens, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (1985:140)

1. INLEIDING

Bestudering van die kanon kan volgens Fokkema en Ibsch (2000:47) drie benaderings inneeem: navorsing, kritiek en geskiedenis. “How does history relate to research and criticism? [...] [T]he historical description of the literary past is a hybrid activity, in which interpretation, criticism, attempts at canonization, and didactic aims are mixed with scientific pretention.” Die Afrikaanse literatuurgeskiedenis is een van die literêre ondersoekvelde wat deur die loop van die literêre geskiedenis waarskynlik die meeste gekenmerk word deur gesprekke, polemieke en kritiek (kyk o.m. Botha, 1988; Van Niekerk, 1997 vir ’n opsomming) – selfs meer as die debatte rondom literêre prystoekennings en bloemlesings wat reeds in hoofstukke 5 en 7 onderskeidelik bespreek is.

Een moontlike verklaring vir hierdie situasie is die bemoeiliking van die literatuurgeskiedskrywer se taak deur die omvang van die materiaal wat vir insluiting oorweeg moet word. Origens is daar probleme met ’n sinvolle aanbieding of model wat die groter literêre konteks moet weergee sonder om skrywers se oeuvres te fragmenteer, maar terselfdertyd ook die verskillende genres in ag moet neem. Laastens is daar die kwessie van die groter sisteem – byvoorbeeld politieke verandering, ekonomiese knelpunte, publikasietendense – waarbinne (of waarteen) die literatuur afspeel, wat ook die Afrikaanse literatuur binne die groter konteks van die Suid-Afrikaanse literatuur insluit.

Verdere knelpunte wat tot debat aanleiding gee, is die probleem rondom die veldafbakening, teorie en metodes van aanbieding wat wissel van literêre kroniek en inventaris (m.b.t. Dekker), ensiklopedie (m.b.t. Kannemeyer), en literatuuroorsig (m.b.t. Van Coller). Terugskouend is die meeste literatuurgeskiedenis deur individue onderneem en die enkeling se stem en/of mening dus – veral in die opvoedkundige mark – tot finale oordeel verhef.

Die geskiedenis van en aanloop tot die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing geniet in hierdie hoofstuk aandag deur onder meer te kyk na pioniers (1914–1936) en latere belangrike geskiedskrywers soos Gerrit Dekker en Rob Antonissen (1935–1972). John Kannemeyer se *Die geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 1652–2004* (wat aanvanklik in twee bande verskyn het in 1978, toe in 1983 en 1984 hersien en later in een band verwerk is as *Die geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 1652–1987*) word in teenstelling met P.J. Nienaber (1951–1982) en later H.P. van Coller se *Perspektief en profiel* (1998, 1999, 2006b) bespreek. Die laasgenoemde twee literatuurgeskiedenis het beide ’n aanloop gehad in vroeëre uitgawes wat hier reeds kritieke onderskatting ontlok het, en wat die nuwe uitgawes noodgedwonge saamdra. Daar sal dus as aanloop

tot die besprekings ook gekyk word na die voorgangers van elk van die twee dominante geskiedenis wat teen oor volgens die tydperk onder bespreking verskyn het.

2. AANLOOP TOT EN GESKIEDENIS VAN DIE AFRIKAANSE LITERATUURGESKIEDENIS

Die eerste Afrikaanse literêre geskiedskrywer word teruggevoer na Gerard Besselaar (1914) met sy *Zuid-Afrika in de letterkunde*. Hierna volg Lydia van Niekerk (1916) se *De eerste Afrikaanse taalbeweging en letterkundige voortbrengselen*; E.C. Pienaar (1920) se *Taal en poësie van die tweede Afrikaanse taalbeweging*; P.C. Schoonees (1922) se *Die Prosa van die tweede Afrikaanse beweging*; F.C.L. Bosman (1928) se *Drama en toneel in Suid-Afrika*; en Elizabeth Conradie (1934 en 1949) se *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika*.

Die belangrikste geskiedskrywers wat as voorlopers van die huidige tendense in die literatuurgeskiedenis gedien het, is egter Dekker met *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* wat tussen 1935 en 1972 in 12 drukke verskyn het; Rob Antonissen se *Schets van den ontwikkeling der Zuid-Afrikaansche letterkunde* (1946) wat vir die Nederlandse mark as 'n tweeledige literatuurgeskiedenis en bloemlesing gepubliseer is, *Die Afrikaanse letterkunde van die aanvang tot hede* wat vir meer as 'n dekade tussen 1955 en 1965 in drie uitgawes verskyn het en P.J. Nienaber se *Perspektief en profiel* wat vyf keer hersien en 12 keer vanaf 1951 tot 1982 herdruk is.

Dekker, wat in 1959 deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns met die Stalsprys vir Geesteswetenskappe bekroon is as literatuurwetenskaplike, se eerste uitgawe van die *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* verskyn in 1935 met 'n oplaag van 1 000 boeke by Nasionale Pers as 'n publikasie wat deur "alle onderwysers van Afrikaans verwelkom sal word" (Kruger, 1935:28). Dekker se poging is dan ook die eerste literatuurgeskiedenis wat 'n "samehangende literatuurbeskouing" bied, teenoor dié van sy voorgangers. Mocke (1948:11) is egter besonder krities in sy uitspraak dat Dekker se literatuurgeskiedenis "'n werk [is] met ernstige tekortkominge wat in die eerste plek voortspruit uit [sy] onvermoë om die literatuur as 'n dinamiese groeiproses te sien". Hy beskuldig Dekker van 'n "dorre mentoriese houding", "'n kruideniersinventaris" wat ongesond is vir letterkundige ontwikkeling, "geestelike swakheid [...] om een man se uitsprake as onomstootlik te aanvaar" en die oorhel na "oor- en onderskatting" (Mocke, 1948:11). Met verloop van tyd raak die kritiek op Dekker se waardeskatting, kritiese maatstawwe, kriteria, gebrek aan objektiwiteit, formulerings, feitefoute, inventariskarakter, tekort aan heroriëntering, -waardering (Antonissen, 1964:17–22), en negatiewe uitsprake aangaande sekere skrywers (Van Heerden, 1961: 56) meer negatief. Derhalwe is 'n nuwe literatuurgeskiedenis wyd verwelkom.

Antonissen kom onder die aandag van Suid-Afrikaanse letterkundiges met sy eerste publikasie van meer as 700 bladsye wat in Nederland bekendgestel is op versoek van 'n "klein komitee van belangstellendes wat indertyd in die lewe geroep is om in België en Nederland belangstelling vir Suid-Afrika gaande te maak. Hy is gevra om die Afrikaanse letterkunde meer bekend te maak" (Van Heerden, 1950:n.p.). Die bloemlesing wat as deel twee verskyn, begin by fragmente uit Van Riebeeck se *Daghregister* en eindig by die gedigte van Olga Kirsch. In 1956, nadat Antonissen na Suid-Afrika geëmigreer het om 'n leerstoel aan die Universiteit van Grahamstad te beklee, verskyn die Afrikaanse weergawe se eerste druk by H.A.U.M. en word dit as handboek vir die Afrikaanse letterkunde in die *Taalgenoot* (C.W.H., 1956:15) en as handboek vir studente in die letterkunde aan lesers in die algemene mark in *Sarie Marais* (1956:20) bemark.

In vergelyking met Dekker se poging word Antonissen (A.C.S., 1956:24) geloof dat daar "minder oorskating van betekenislose figure en meer waardering [is] vir dié wat werklik betekenis het [...] en werklik 'n simpatieke oor vir die sogenaamde volkse poësie waaroor Dekker dikwels hooghartig smaal". Antonissen kyk dus as buitestander met 'n ander bril na die Afrikaanse letterkunde, of soos Greshoff (1947:39; oorspronklike kursivering) meen: "[a]s daar later nuwe, belangrike talente ontwikkel wat die hele draagwydte en ontwikkelingsmoontlikheid van die uitsig en die aansien van daardie letterkunde verander, dan moet 'n nuwe waardeskaal ontwerp en toegepas word". Vir P.G. du Plessis (1965:n.p.; my kursivering) is dit egter 'n kwessie van uitbreiding van reeds bestaande literatuurgeskiedenis, en behoort "naas Dekker se literatuurgeskiedenis en saam met Dekker" gebruik te word. Die publikasie is egter nie sonder kritiek nie (kyk C.W.H., (1956:15) oor hinderlikhede en weglatings).

3. TWEE BENADERINGS

3.1 Perspektiewe en profiele-model

3.1.1 *Perspektief en profiel* – P.J. Nienaber (red.) (1951–1982)

P.J. Nienaber se *Perspektief en profiel* (1951 en latere uitgawes) het moontlik weens sy alternatiewe benadering tot literatuurgeskiedskrywing relatief min vermelding in besprekings oor literatuurgeskiedenis gekry (Botha, 1978:7; Grobler, 1978:18; Kannemeyer, 1989b:3; Kromhout, 1978:15; Malan, 1990:28; Van der Waal, 2006:152) en is vir die tyd besonder negatief in die koppe van resensies aangekondig (Bertyn, 1982:18; Van Zyl, 1982:19; Weideman, 1983:7). Dit ten spyte het daar tot en met 1982 vyf herdrukke verskyn waaraan 55 gesaghebbende medewerkers (Nienaber, 1960) en drie perspektiefskrywers (G.S. Nienaber, Rob Antonissen sedert 1960 en André P. Brink

sedert 1982) meegewerk het. By die tweede uitgawe (1960) skryf Nienaber dat bestaande literatuurgeskiedenis elke tien jaar *oorgeskryf* moet word, deur ouer bydraes met nuwes te vervang, studies wat nie vervang word nie grondig te herwerk en by te werk, en jonger literatore as medewerkers te betrek. By verskyning van die vyfde hersiene uitgawe (1982) het die totale aantal hoofstukke aangegroei van 42 na 55, en die medewerkers van 24 na 28. “Die uitbreiding is nie bloot in lengte nie, die doelwit was ’n literatuurgeskiedenis wat by die oorsigtelikheid verbystreef. Individuele werk kan in geen literatuurgeskiedenisboek in diepte behandel word nie, maar tendense soos in skrywers se werk aanwesig is, kan wel deeglik uitgelig en toegelig word” (Nienaber, 1982: voorwoord).

Perspektief en profiel verskil van voorgangers – en ook van die latere werke van Kannemeyer (kyk afdeling 3.2) – daarin dat dit gebruik maak van perspektiefbesprekings oor bepaalde tydperke en genres in die literatuur en chronologiese perspektiewe van belangrike skrywers wat in die voorafgaande perspektiewe ter sprake kom.

’n Oënskynlik gebalanseerde benadering waarin meervoudige stemme saampraat – teenoor die chronologiese en monotone benadering van vroeër – staan egter ook nie buite kritiek wat op die tradisionele literatuurgeskiedenis gelewer is nie: genadelose skerp kritiek teen skrywers (Weideman, 1983:7); subjektiewe bydraes (Star, 1969:n.p.; Weideman, 1983:7); irrelevante inligting; “sydelingse houe” wat ten doel het om nuwe en ou tendense in onregverdigse verhoudings teenoor mekaar te plaas (Weideman, 1983:7); onafgerondheid (Van Zyl, 1982:19; Weideman, 1983:7); misgekykte ooreenkomste (Weideman, 1983:7); foutiewe verbande tussen werke; onderskatting en weglatings van sekere skrywers (Weideman, 1983:7; Van der Colf, 1984:7) en medewerking met wisselende sukses (Van Zyl, 1982:19; Weideman, 1983:7).

Van der Colf (1984:7) stel dan ook die probleem met betrekking tot die verwagting dat so ’n literatuurgeskiedenis in beide die skolastiese/opvoedkundige en algemene mark se behoeftes kan voldoen (kyk Weideman, 1983:7): “Soos die hoë letterkunde die mindere skrywers verwaarloos, so verwaarloos die erg letterkundige skrywers die minder literêre lesers. Tot [...] nadeel: tot dié van die skrywers se sak én profiel; tot nadeel van die meerderheid mindere lesers se smaak en perspektief” (Oggendblad, 1984:10).

Verder is daar ook met die 1982-uitgawe versoeke vir ’n hanteerbaarder formaat wat meervoudige volumes behels (Bertyn, 1982:18; Van der Colf, 1984:7; Weideman, 1983:7).

3.1.2 *Perspektief en profiel* – H.P. van Coller (red.) (1998, 1999, 2006)

In 1998 verskyn die eerste deel van *Perspektief en profiel* by Van Schaik-uitgewers: 'n nuwe uitgawe in drie bande onder redakteurskap van H.P. van Coller – oudstudent van P.J. Nienaber wat tot en met 1982 as redakteur opgetree het. Hierdie hersiene uitgawes (in drie bande) vergroot die bestaande publikasieprojek na 11 perspektiewe en 83 skrywersprofile. Die chronologiese aanbieding van profile word dan ook vervang deur 'n alfabetiese aanbieding – wat volgens Olivier (1999:6) eerder 'n literatuuoroorsig as 'n literatuurgeskiedenis genoem moet word (kyk ook die mening van Grové, 1999:16). Die hersiene aanbieding sien soos volg daar uit:

- In band 1 (1998) word die perspektiewe gewy aan die aanloop van die Afrikaanse literatuur (Vernon February); perspektiewe op die prosa van die twintigste eeu (Henriette Roos) en perspektief op die Afrikaanse drama sedert 1906 (Rob Antonissen, André P. Brink, Louw Odendaal). Die band word aangevul met 37 skrywersprofile (outeursvanne A–M).
- Band 2 (1999) bied 'n inleiding tot buitekanonieke Afrikaanse kulturele praktyke (Hein Willemse); perspektiewe op die Afrikaanse poësie (1900–1960 deur Heinrich Ohlhoff en 1960–1997 deur Helize van Vuuren); en 'n perspektief op die Afrikaanse vroueskrywer (Annemarié van Niekerk). In band 2 word daar 26 skrywersprofile (O–W) opgeneem.
- Band 3 (2006) sluit perspektiewe in oor die Nederlandstalige Suid-Afrikaanse letterkunde, 1652–1925 (Siegfried Huigen); Henriette Roos se bespreking van die Afrikaanse prosa in band 1 kry 'n toevoeging deur dokumentasie van die tydperk 1997–2002; Bernard Odendaal bied tendense in die Afrikaanse poësie (1998–2003) aan; en Afrikaanse drama (1990–2003) geniet aandag in Johan Coetser se oorsig vir dié tydperk. Dié band het verder ook 20 skrywersprofile wat in die vorige bande nie aan die bod gekom het nie.

'n Demokratiese proses is gevolg by die besluitneming betreffende skrywersprofile wat opgeneem word. Van Coller (1999:ix–x) verduidelik:

Profile is hoofsaaklik toegeken aan skrywers wat op 'n bepaalde historiese moment 'n sleutelfunksie binne die destydse bestaande literatuursisteem vervul het; vanselfsprekend ook binne die verband van 'n genre, stylsoort, skrywersgroepering, ensovoorts. Hulle moes ook 'n minimum van drie boeke geskryf het. Sodanige spilfigure het normverskuiwings tot gevolg gehad [...] Status is 'n vae begrip, maar kan bepaal word volgens onder andere die literêre prystoekennings aan hulle; die frekwensie van opname in bloemlesings; literatuuoroorsigte en studies; die aantal tale waarin hul werk vertaal is en selfs hul impak op die nuwe doelsisteem.

Verder verduidelik van Collier dat die Afrikaanse vrouekanon en enkele toevoegings tot die skrywersprofiel van band 3 bepaal is deur 'n statistiese analise van bestaande bloemlesings en literatuurgeskiedenis. Medewerkers is genader as gepubliseerde kenners op onderskeie velde, en lede van die Afrikaanse Letterkundevereniging (Van Collier, 2006b:ix) is ook gekonsulteer in besluite wat geneem is – 'n positiewe, inklusiewer benadering.

Lourens (1996:79) dui reeds in 1996 in haar studie van vroulike skrywers se posisie in die Afrikaanse kanon aan dat daar 'n korrelasie bestaan tussen verteenwoordiging in die literatuurgeskiedenis en bloemlesings van die dag. In 1997 bepleit Lina Spies 'n literatuurgeskiedenis wat die verwantskappe tussen vrouedigters aandui omdat hulle groter aansluiting by mekaar as by hulle manlike kollegas vind, en Lourens (1996, 1997b) dui op die swak verteenwoordiging van swart vroue in bloemlesings wat juis fokus op skrywers van kleur, en die afwesigheid van die geskifte van klerewerkers (in die dertiger- en veertigerjare) in die Afrikaanse kanon. In die 1990's verskyn heelwat bloemlesings met vroueskrif op veral die gebied van die kortverhaal (Fourie, 1992; Scheepers, 1997; Van Niekerk, 1994) en gee Van Niekerk – wat prosa betref – aan vroueskrif nou 'n “eie” literatuurgeskiedenis. Wat die swart Afrikaanse vroueskrif betref, sien die situasie egter steeds problematies daar uit.

Cochrane (2008:33–34) dui aan dat laasgenoemde weens “historiese, sosiale, ekonomiese, politieke en hegemoniese redes nie ten volle geïntegreer en geassimileer is binne die dominante literêre sisteem nie”. Volgens Cochrane (2008:35) het slegs E.K.M. Dido gekanoniseerde status behaal deur haar status as skrywer en haar betrokkenheid by buitetekstuele elemente (debate, openbare menings, literêre byeenkomste, e.a.) en is sy ook die enigste swart vroueskrif wat 'n profiel in *Perspektief en profiel* het. In *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek* (2005) is Zulfah Otto-Sallies die enigste swart vroueskrif wat in hierdie genre publiseer. In die *Afrikaanse kortverhaalboek* is dit slegs Dido en Diana Ferrus wat kanonieke status verkry, en enkele verse van Valda Jansen verskyn in die bloemlesings van Brink, Komrij, en Viljoen en Foster. Verder dui Cochrane (2008) aan dat

- daar beperkte verteenwoordiging van swart vroueskrif op elektroniese platvorms soos *LitNet* is;
- swart vroueskrif swak verteenwoordig is in literêre kortverhaalbundels, en daar in bloemlesings wat ten doel het om die vrouestem te bevorder 'n totale afwesigheid van swart vrouestem is, maar dat opvoedkundige bloemlesings vir skole en voorskryfste beter daar uitsien;

- individuele digbundels by gevestigde uitgewers, bloemlesings, gekanoniseerde bloemlesings (soos Brink, Komrij, Viljoen & Foster), literêre tydskrifte en gemeenskapspublikasies erg beperk daar uitsien;
- outobiografiese publikasies tot en met 2008 beperk is tot Catherine Willemse se *Met 'n diepe verlange* (2007);
- 'n publikasie-agterstand bestaan wat moeilik gaan verander weens die gebrek aan publikasiegeleenthede, rolmodelle, tradisie en gekanoniseerde status; sowel as historiese agterstande, en 'n gebrek aan 'n gevestigde publikasietradisie.

Tot voordeel van die hersiene uitgawe is die aantal medewerkers wat betrek is, teenoor Kannemeyer wat as solo-outeur vir sy literatuurgeskiedenis optree. Volgens Van Coller (aangehaal in Britz, 1999:6) is “hulle [...] demokraties gekies deur 'n span op grond van belangrikheid, histories en tans”. Dit, meen Van Coller (1998:viii), is dan ook vanweë die feit dat 'n literatuurgeskiedenis een van die belangrikste kanoniseerders in die literêre waardesisteem is, en belangrik is omdat dit “altyd verband hou met ideologiese voorveronderstellings en literatuuropvattinge” (Van Coller, 1999:ix). Verder is daar ook lof vir die uiteenlopende menings wat 'n meer gebalanseerde perspektief op die kanon werp deur krities en waarderend na die verskillende bydraes te kyk (Britz, 1999:6; De Vries, 2000b:8; Grové, 1999:16). Hierdie benadering gee ook nie voorkeur aan een teoretiese invalshoek nie (Wasserman, 2000:6), en nuwe maatstawwe – anders as slegs literêre meriete – word aangewend (Burger, 2000b:145). “[D]ie kanon [moet] voortdurend aangeval en ondersoek word en moet veral die uitsluitings voortdurend onder die loep [neem],” verduidelik Van Coller in sy voorwoord (1999:ix). Gemarginaliseerde posisies word dan ook reggestel deur die bydraes van February, Willemse, en Van Niekerk (Wasserman, 2000:6; kyk ook Britz, 1999:6; De Vries, 2000a:8). Tereg kan Wasserman (2000:6) dan aanvoer dat die veelstemmigheid “aan die ‘gewone’ leser die versekering [...] gee dat wat hier staan nie 'n literêre evangelie is nie. Dit onderstreep eerder die feit dat daar nie een regte antwoord is waarna in 'n teks gesoek moet word nie”.

Eerder as om volledigheid na te streef – dus weg te breek van die ensiklopediese/inventariese aard van onder meer Kannemeyer – word variasie hier as hoofdoel gestel. Dit doen Van Coller dan ook deur populêre skrywers soos Dalene Matthee, Eleanore Baker, E.K.M. Dido en Marita van der Vyver – naas gevestigde en gekanoniseerde skrywers – toe te voeg sonder om “dit te probeer verhef tot ‘hogere’ kuns” (De Vries, 2000b:8; John, 2006:15), en dit ten koste van ouer skrywers soos Sangiro, P.J. Schoeman, Berta Smit en Dolf van Niekerk wat in die herwaarderingsproses plek moes maak vir hierdie toevoegings (Olivier, 2000b:9).

Die redakteur (wat ook reeds wyd oor die kanoniseringspraktyke en die literêre sisteem in akademiese joernale gepubliseer het) is dan ook bewus van die kanoniseringswaarde wat hierdie literatuurgeskiedenis meebring. Van Coller (1999:vii) skryf:

Een [balans wat *Perspektief en profiel* nastreef] was dié tussen die diachroniese en sinchroniese van die literêre sisteem omdat dit tegelykertyd 'n blik wou bied op die literêre evolusie en poolshoogte wou neem van die stand van die Afrikaanse letterkunde op 'n gegewe oomblik. Voorts word 'n balans getref tussen die hede en die verlede ten opsigte van literatuurbeskouing en literêre evaluering omdat die nuwe samestelling van profiele byvoorbeeld telkens voorafgaande kanoniseringsprosesse óf bestendig óf teëwerk. Profiele bied veral 'n blik op persone en tekste, perspektiewe verreken weer veral die konteks, die sogenaamde literêre veld.

Ten spyte van 'n nuwe inslag en “regstelling” van die geykte kanon, spring die samestelling deur Van Coller (1998, 1999, 2006b) nie kritiek vry nie. Daar is kritiek op

- die gebruik van drie konvensionele genres, poësie, prosa en drama (John, 2006:15);
- die eensydigheid wat in sekere profiele tot stand kom deur te veel vryheid aan medewerkers te gee (De Vries, 2000b:8);
- genrebevoordeling wat plaasvind deur oneweredige spasie af te staan (Burger, 2000b:145; Grové, 2000c:17);
- die behoud van die historiese lyn wat deur die aanbieding van chronologiese perspektiewe geskep word, maar verbreek word deur die aanbieding van alfabetiese profiele (Grové, 1999:16, 2000b:17; Olivier, 1999:6, 2000b:9);
- die swak koördinasie tussen inligting in die perspektiewe en profiele (Burger, 2000b:147; Grové, 1999:16) wat herhaling veroorsaak maar ook weglating in die geheel tot gevolg het;
- die wanbalans in gehalte van die verskillende bydraes (Grové, 2000c:17; Hambidge, 1999:6; Olivier, 2000b:9);
- eensydige positiewe en negatiewe opinies wat uitgespreek word (Burger, 2000b:146; Grové, 2000c:17; Hambidge, 2000c:49);
- persoonlike ideologieë wat sigbaar is (Grové, 1999:16, 2000c:17);
- die oorakkommodering van benadeelde groepe wat egter steeds grootliks in aparte afdelings aangespreek word en dus nie 'n geheelbeeld vorm nie (Burger, 2000b:142; Grové, 2000c:17; Hambidge, 2000c:49; Olivier, 2000b:9);
- bydraes wat te veel op die politieke struwelinge rondom die publikasie fokus (Grové, 1999:16);

- waardeoordele waarteen studente (eerder) beskerm moet word (Hambidge, 2000c:49);
- weglatings van waardige figure (Burger, 2000b:142, 146; De Vries, 2000a:8; Olivier, 2000b:9; Wasserman, 2006:6); en
- die steeds grootliks geïsoleerde posisie van Afrikaanse letterkunde met betrekking tot ander Suid-Afrikaanse letterkunde(s) (Wasserman, 2000:6).

By die verskyning van die derde band het die moontlike afsetpunte vir 'n omvattende literatuurgeskiedenis soos hierdie reeds in so 'n mate afgeneem, dat dit in 2006 reeds (veral weens die omvang) beskou word as moontlik die laaste gedrukte weergawe van *Perspektief en profiel* (Britz, 1999:6; De Vries, 2000b:8). Verwysing na praktiese en finansiële uitdagings word in die voorwoord tot band 2 gemaak (Van Coller, 1999:ix) en dié publikasie is dan ook moontlik gemaak deur finansiële steun van die L.W. Hiemstratrust. Sonder hierdie steun sou die publikasie waarskynlik nie kon verskyn nie (kyk ook Hoofstuk 9, afdeling 6.1). Dit skryf Van Coller (1999:x) toe aan “[d]alende getalle Afrikaans-studente aan kolleges, teknikons en universiteite en geldtekorte by onderwysdepartemente en staatsbiblioteke”.⁵² Daar word egter ook aangedui dat staatsgemaak word op die publiek se steun deur die aankoop daarvan (Britz, 1999:6) en dat dit ook 'n aanbeveling vir leeskringlede is (De Vries, 2000a:8).⁵³

3.2 Chronologiese ensiklopediese model – J.C. Kannemeyer se prominente posisie in die literatuurgeskiedenis

3.2.1 *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* in twee bande – J.C. Kannemeyer (1978, 1983)

Kannemeyer se *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* in twee bande (1978, hersien in 1983 en 1984),⁵⁴ is waardevoller as die voorgangers (Dekker en Antonissen) beskou weens (i) die vollediger verwysingstelsel; (ii) bladwysers boaan die bladsye, wat dit gebruikersvriendelik maak; (iii) die volledigheid; (iv) die chronologiese aanbieding (hoewel steeds tematies op plekke); (v) voetnote wat interessante inligting bevat; en (vi) die historiese konteks wat die literatuuropvatting voorafgaan. Ernst van Heerden (1978:11) voer aan: “[Kannemeyer] gaan uit van 'n stel vaste literêre kriteria, m.a.w. die aard en kwaliteit van die literêre werk is primêr, en ander faktore wat die literêre norme kan beïnvloed, is sekondêr en kom alleen oriënterend en aanvullend ter sprake.”

⁵² Kyk ook hoofstuk 2, afdeling 4.2.3, en Hoofst 9, afdelings 6.2 en 6.3.

⁵³ Kyk hoofstuk 9, afdeling 5 vir die rol van leeskringe in die literêre sisteem.

⁵⁴ Kannemeyer se twee ander publikasies *A History of Afrikaans Literature* (Shuter & Shooter, 1993), *Op weg na 2000: Tien jaar Afrikaanse literatuur (1988–1997)* (Tafelberg, 1998) word nie by hierdie bespreking betrek nie omdat die eersgenoemde te beperk in omvang is, en die laasgenoemde nie as 'n literatuurgeskiedenis beskou kan word nie.

Kannemeyer se chronologiese ontwikkeling van die literatuur sedert 1652 stem in 'n groot mate ooreen met die benadering wat Antonissen gevolg het, maar is anders as Dekker se genrebenedering (prosa, poësie en drama). Beide Antonissen en Kannemeyer beskou periodisering as die enkele belangrikste taak van geskiedskrywers (Antonissen, 1964:1; Kannemeyer, 1989b:16; kyk ook die uitspraak op p. 96). Verder meen Kannemeyer (1989b:16–17): “Dit lyk vir my vanselfsprekend dat 'n mens by enige poging tot periodisering naas die chronologie moet uitgaan van suiwer literêre kriteria ten einde 'n bevredigende beeld van die ontwikkeling van 'n bepaalde letterkunde te gee.”

Kannemeyer (1989b:22–23) beskryf die probleem met vroeëre geskiedskrywers soos volg:

Die taak van die literêre geskiedskrywer [...] wissel van die aandag aan genese, struktuursake, leser en periodisering soos die ondersoeker probeer om die voortdurende resonans vas te lê wat 'n skrywer se werk kan hê. Want kunswerke bly nie konstant nie, maar verander soos nuwe werke wat werklik nuut is, tot stand kom, 'n gesprek met die bestaande aanknoop, op hulle inwerk en die geheel wysig. Dit is die taak van die historikus om, naas sy studie van die tekste, hulle herkoms en uitwerking op 'n lesende publiek, hierdie verbande na te gaan en só 'n bydrae te lewer tot beter begrip van die literatuur.

Verdere kritiek deur Kannemeyer (2004:150) op sy voorgangers is gerig op die benadering wat Dekker volg om afsonderlike besprekings van die drie genres (poësie, prosa, drama) aan te bied, waardeur die chronologie verlore gaan en “tot 'n versnippering van figure lei”. Met betrekking tot Antonissen het hy dit teen die kriptiese styl wat dié oorsig lesers bied (kyk ook Van Zyl, 1978:2). Die kritiek op P.J. Nienaber se *Perspektief en profiel* (1951 e.a.) is onder meer dat dit 'n “saamgestelde bundel [met] geen deurlopende geskiedenis nie” is (Botha, 1978:7). Verskeie redes dus vir die verwelkoming van 'n nuwe literatuurgeskiedenis in Afrikaans, wat volgens een resensent (Grobler, 1978:18) sy voorganger(s) heeltemal vervang het. Met 'n magistrale werk van twee bande, ongeveer 1 100 bladsye, tree Kannemeyer in 1978 na vore as die eerste ware dominante figuur op die gebied van literatuurgeskiedskrywing en word dieselfde jaar ook met die Recht Malan-prys vir niefiksie bekroon.

Aanvanklik is Kannemeyer se eerste poging 'n uitbreiding van Antonissen se model (kyk ook Cloete, 2004:161 vir kritiek in dié verband). Hoewel hy 'n groot deel van die “struktuur” van Antonissen oorneem, voeg hy hierby belangrike biografiese gegewens van outeurs, word die teks aangevul met voetnote, deel hy die literatuur eerder in periodes as dekades op, en lei hy elke periode met 'n algemene historiese oorsig in. Hugo (1983:13) meen “[d]it verhoog die waarde van die literatuurgeskiedenis deurdat dit op 'n integrerende wyse die interaksie tussen teks en samelewing aan die lig bring”. Deur in band II onder meer aandag te gee aan publikasiegeskiedenis, sensuurlotgevallen,

resepsiegeskiedenis en woelinge rondom prysbekronings, word hierdie interaksie bewerkstellig.

Kannemeyer word dan ook geloof vir die “heel belangrikste Afrikaanse literatuurgeskiedenis wat nog verskyn het” (Grobler, 1978:18). Sy bespreking van Opperman word beskou as “’n hoogtepunt in die Afrikaanse literatuurbeoefening (flapteks); die betroubaarste bespreking van letterkundige figure en werke in historiese verband waaroor ons tot dusver in Afrikaans beskik” (Botha, 1978:7); “formidabel” en die “omvangrykste” (Brink, 1978:16). Opperman (aangehaal in Joubert, 1985:8) verwys daarna as die “allerbeste literatuurgeskiedenis in Afrikaans”; Hugo (1983:13) beskou dit as “sinvoller as die Taalmonument” en Henriette Roos (1983:10) noem dit die “hoogtepunt van literatuurgeskiedskrywing”. Dit word beskou as ’n standaardwerk (Roos, 1983:10; Smith, 1983:6; Van Heerden, 1978:11) wat dekades lank die toon sal aangee, en het ook in die Engelse pers van die dag wyd aandag getrek (Kromhout, 1978:15; Minnaar, 1978:6; Rabie, 1983:18; Smith, 1984:6; Van der Berg, 1983:6; Wollheim, 1978:8), en internasionaal erkenning deur besprekings geniet (Toerien, 1984:314; Trump, 1985:141–144). Minder as ’n dekade later begin die lofsange egter taan.

Wium van Zyl (1978:2) som die probleem met Kannemeyer se inklusiewe oorsig soos volg op:

Wanneer iemand die geskiedenis van ’n literatuur beskryf, is hy veronderstel om uit historiese perspektief aan te dui watter werke tot die literatuur van die betrokke taalgebied gereken kan word. Dit is geen geringe kwessie nie want die literatuurwetenskap sit steeds met die pynlike besef dat geen waterdigte teorie nog ontwikkel is oor wat tot die literatuur behoort en wat nie. ’n Skrywer van ’n literatuurgeskiedenis kan dus moeilik definieer waaroor hy dit nou presies het, maar om die probleem links te laat lê, was nog nooit ’n oplossing daarvoor nie. [...] Kannemeyer ontduik die probleem gedeeltelik deur byna alle geskifte uit die tydperk waaroor hy hier skryf, veral fiksie of gedeeltelike fiksie, ter sprake te bring. Hieruit wys hy dan die vir hóm belangrikste werke sporadies aan as “bydraes tot die Afrikaanse literatuur”, noem andere soms weer “geen wesenlike bydrae” nie, ens. [...] Oor die belangrikste werke bestaan daar in ons Letterkunde grootliks konsensus. Dit bly egter ’n vraag of die sg. “minder goeie” werke wat hier genoem word nou literatuur is of nie.

Die literatuurkronieke/ensiklopediese aard van die werk, bring ook verdere probleme mee:

- terminologiese verwarring met die gebruik van “literatuur” en “letterkunde” as wisselvorm (Van Zyl, 1978:2; Van Zyl, 1978:2; Van Zyl, 1978:6);
- beperkte ruimte vir behoorlike bespreking weens die oorvol aard van die aanbieding (Botha, 1978:7) wat soms kripties aandoen (Jansen, 1984:9; Janssens, 1985:142; Van Zyl, 1978:6); en

- nie 'n bevredigende verklaring van die meetinstrumente wat deur die literatuurgeskiedkundige aangewend word nie (Janssens, 1985: 142; kyk ook Jansen, 1978:33 se afleiding oor struktuureenheid wat as Kannemeyer se belangrikste eis voorgehou word).

Verdere kritiek op die metode van Kannemeyer kan soos volg opgesom word:

- waardeoordele wat nie geobjektiveer word nie (Van Zyl, 1978:3, 6);
- skerp kritiek op die menings van ander kritici (Botha, 1978:7; Brink, 1983:29; Roos, 1983:10; Smith, 1983:6; Van Zyl, 1978:3);
- veralgemening, oorvereenvoudiging en ongenuanseerdheid (Van Zyl, 1978:6);
- volledige beskrywings van sekere figure, beknopte aanbiedings van ander (Brink, 1983:29; Grobler, 1978:18; Rabie, 1983:18; Schutte, 1984:29);
- ensiklopediese, oorsigtelike aard wat die doel van 'n literatuurgeskiedenis ondermyn (Cloete, 1982:144);
- bydraes en besprekings van wisselende gehalte (Brink, 1978:16);
- weglatings van belangrike figure en/of werke en/of literêre verskynsels (Hugo, 1983:13; Rabie, 1983:18; Van Zyl, 1978:6);
- foutiewe indelings van skrywers in periodes of groeperings met ander skrywers (Brink, 1983:29; Jansen, 1984:9; Nienaber-Luitingh, 1983:16);
- feitefoute (Nienaber-Luitingh, 1983:16);
- toekenning van finale interpretasies aan werke deur terme soos “juiste”, “korrekte” of “foutiewe waardeoordeel” te gebruik (Van Zyl, 1978:6);
- versoeke vir herwaarderings, soos byvoorbeeld die werk van Hettie Smit (Brink, 1978:16);
- onewewigtige aanbieding van genres (Toerien, 1984:314);
- isolasie van die Afrikaanse literatuur in die groter konteks, met ignorering van raakpunte (Rabie, 1983:18; Trump, 1985:142–143);
- kritiek op keuse van bronne vir die beskrywing van die groter sosiaal-politiese konteks(te) in Suid-Afrika (Trump, 1985:143);
- min opmerklike vernuwing in Kannemeyer se bespreking – eerder 'n herbevestiging van bestaande menings (Cloete, 1982:142; Janssens, 1985:141); en
- Opperman se posisie as grootste digter word ook bevestig deur die aantal bladsye wat aan hom afgestaan word (Janssens, 1985:142); onregverdige vergelykings tussen Opperman en Louw (Brink, 1983:29; Jansen, 1984:9); sowel as

onregverdige saamgroepering van W.E.G. Louw en N.P. van Wyk Louw as die “Louws” (Roos, 1983:10).

3.2.2 *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 1652–1987* – J.C. Kannemeyer (1989)

In 1989 verskyn Kannemeyer se sogenaamde “verkorte weergawe” van die *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* waarvan die inhoud grondig hersien is, die jongste literatuur vanaf 1970 tot 1987 in vyf hoofstukke bygewerk is, asook die werk van debutante van voor 1970 wat verdere tekste gepubliseer het. Dit wil egter voorkom asof die ontvangs daarvan uit die staanspoor uit nie so goed is as die van die verlede nie. Vergeleke met die groot aantal resensies wat die eerste twee bande lof toegesing het, verskyn daar ’n handvol resensies en aankondigings – waarvan enkele koppe reeds op ’n ongunstige ontvangs dui. Hoewel daar in meeste van die vorige resensies negatiewe kommentaar te bespeur was, is die werk as geheel steeds hoog aangeskryf en met groot lof ontvang. Nou blyk die saak egter heel anders te staan. Ia van Zyl (1989:5) het dit teen oevres wat “nog afgeskeep of uit beperkte perspektief geëvalueer word”, feitefoute, onderwaardering van sekere figure, en kinder- en jeugliteratuur wat verswyg word. Pakendorf (1989:6) lig ook gebreke uit:

Die grootste probleem ontstaan weens die skrywer se besluit om biografiese, historiese en ander kontekstuele gegewens ter wille van die beperkter omvang geheel en al uit te skakel en slegs op persone en tekste – publikasies – te konsentreer. Die gevolg is ’n positivistiese katalogus wat skrywers en boeke analiseer, soos in ’n kroniek, opeenvolgens opgenoem. Daardeur ontstaan daar noodwendig die beeld van ’n bloedlose literatuur – omdat dit onthistoriseer is – wat boonop polities en ideologies feitlik totaal gesteriliseer is.

Ook Van Coller (1989:15) spreek sy bedenkinge uit:

Laat ek eerlik wees: Ek sou ’n letterkundige geskiedenis verkies wat wegstuur van die persoonlike siening van een persoon, wat veel meer sistematies ingestel is en resepsie eksplisiet in berekening neem. So ’n geskiedenis sal ook sy net wye moet span en ook die rol van ander vorme van literatuur (jeugliteratuur, ontspanningsliteratuur, ensovoorts) veel meer in berekening moes neem en selfs histories moes beskryf.

Sou Kannemeyer nie grondig hersien aan die daaropvolgende uitgawe nie, sou die kritici van die dag – ook in die lig van die verskyning van *Perspektief en profiel* in twee bande in 1998 en 1999 – hierdie publikasie finaal afskryf as bruikbare bron, ook vir voorgraadse studente in die letterkunde, soos Van Coller (1989:15) tereg die kopersmark aandui. Volgens Van Wyk (2000:142) is herskrywing ’n belangrik element in die proses om ook te heroorweeg en te herkanoniseer en ten doel moet stel om inklusiewer op te tree. Roos (1994:342) sluit hierby aan: “[D]ie bestaande kanon van literêre oordele en aannames

[word] deurlopend bevrageteken, dikwels versteur, soms gewysig, maar hopelik altyd op gemotiveerde wyse verruim.”

3.2.3 *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 1652–2004* – J.C. Kannemeyer (2005)

Die 2005-uitgawe van Kannemeyer is nou getiteld *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 1652–2004*. Die slothoofstuk van die 1989-uitgawe word herdoop na “Sestig en die vernet teen Apartheid (1955–1976)” en ’n sesde afdeling, “Die hedendaagse Afrikaanse letterkunde (1976–hede)” word bygevoeg. Elk van die vyf afdelings word dan ook weer toegelig met ’n algemene historiese oriëntering. Kannemeyer (2005a:17–18) reageer op ’n paar punte van kritiek teen die 1989-uitgawe deur middel van verduideliking in die voorwoord van die nuwe uitgawe, maar die ontvangs van hierdie uitgawe is van al drie uitgawes die swakste.

Thomas Vaessens voer in 2005 reeds aan dat die bestaande wyse waarop literatuurgeskiedenis beoefen word, nie langer kan deug nie (Vaessens, 2005, 2006). Janssens (1985), Francken (1999) en Brems (2006) bepleit ’n inklusiewer benadering vir Nederlandse literatuur, en John (2006:15) maak hierdie argument op Kannemeyer se *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* van toepassing:

In so ’n literatuurgeskiedenis word opgeteken hoe die letterkunde as outonome terrein ontwikkel in ’n enkel taal, met “kwaliteit” as belangrikste maatstaf.

Die belangrikste rede waarom Vaessens die konvensionele literatuurgeskiedskrywing verwerp, hou verband met die “verkalwing” of fragmentasie van die literêre toneel waar daar nie meer ’n sentrale gesag is wat bepaal wat goed of sleg is nie, maar waar ’n uiteenlopende verskeidenheid belangegroepes of literêre “gemeenskappe” letterkunde aanwend op maniere wat hulle pas, sonder dat literêre kwaliteit voorop gestel word.

Met betrekking tot Kannemeyer word daar onder meer kritiek gelewer op

- die steeds onvermydelike eensydigheid (De Vries, 2000b:8) en probleme met subjektiwiteit (Van Coller, 2008:164) wat redelik suksesvol in *Perspektief en profiel* (1998, 1999, 2006b) vermy is deur van medewerkers gebruik te maak;
- sy strewe om volledig te wees maar wat nie altyd slaag nie (Van Coller, 2006c:8);
- weglatings van belangrike figure en werke (Van Coller, 2008e:163);
- geykte evaluasietegnieke (Britz, 2005b:13; Ester, 2006:78; Marais, 2005a:19, 2005b:21; Venter, 2006:13);

- gemene en debatteerbare kritiek wat betrekking het op persoonlike verwantskappe (vgl. die daaropvolgende koerantdebat: Britz, 2005b:13; Kannemeyer, 2005d:13; Van Coller, 2006c:8; Venter, 2006:13);
- die skep van onnodige hiërargieë (Venter, 2006:13);
- ouderwetse impressionisme (Venter, 2006:13);
- min vernuwing of heroorweging van vorige uitsprake (Van Coller, 2006c:8; Venter, 2006:13);
- problematiese periodisering (Coetzee, 2006:4; Van Coller, 2006c:8; Venter, 2006:13);
- ontbreking van voetnote en verwysings wat opinies ondersteun (Coetzee, 2006:4; Van Coller, 2006c:8, 2008:164); en
- blatante, swak gemotiveerde kritiek (Coetzee, 2006:4).

Kannemeyer se monumentale werk het in 'n groot mate onbruikbaar geraak, en is sedert 2012 uit druk en teen 'n verlaagde tarief beskikbaar by handelaars wat uitdruk-titels (afgeskryfde voorraad) verkoop. Ná die afsterwe van Kannemeyer in 2011, en die beplande heruitgawe van al drie bande van die *Perspektief en profiel*-reeks (2013), is dit waarskynlik dat laasgenoemde – vir solank as wat dit in druk sal bly – die standaardwerk in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis in die opvoedkundige mark sal wees.

4. ALTERNATIEWE PERSPEKTIEWE

Coetzee (1990) en De Jong (1989) word beskou as alternatiewe benaderings tot die Afrikaanse literatuurgeskiedenis wat volgens “verskillende paradigmas” bedryf word (Roos, 1994:333), maar dié benaderings wen nie veld met betrekking tot die toonaangewende praktyke nie. Dit is egter die Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis (deur die samevoeging van Afrikaanse, Engelse en Afrikatale letterkunde) wat vir meer as 'n dekade vir groot debat in die Afrikaanse literatuur sal sorg.

4.1 Afrikaans in die Suid-Afrikaanse literêre geskiedskrywing

Van der Waal (2006:151) som die probleem met betrekking tot die ontstaan van afsonderlike literatuurgeskiedenis soos volg op:

The examples of literary history [...] show that the separateness that marked South African society institutionally, socially, politically and culturally – enforced by apartheid legislation since 1948 – also affected the construction of the literary past, with the result that literary historiography in South Africa was mainly attempted according to existing sociocultural categories reflected by language borders (kyk ook Trump, 1985:142).

Die konsep van 'n Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis (Engels, Afrikaans en Afrikatale) is reeds wyd gepropageer in debatte, publikasies, resensies en by letterkundekongresse (kyk Van Vuuren, 1991a, 1991b; kyk Botha (1988) vir 'n opsomming van debatte, en Van Niekerk (1997) vir 'n opsomming van die kongresse en publikasies).

G. Besselaar se *Zuid-Afrika in de letterkunde* (1914) en Manfred Nathan se *South African Literature: A General Survey* (1925) word geredelik as die eerste pogings in hierdie verband aangedui. Stephen Gray se *Southern African Literature: An Introduction* verskyn in 1979, maar maak bykans geen melding van Afrikaanse literatuur nie, buiten verwysing en besprekings van Breytenbach, Krige, Leipoldt, Opperman, Small en Van Wyk Louw. Kannemeyer se eerste omvattende literatuurgeskiedenis het toe reeds verskyn en die waarde van die Afrikaanse literatuur aangedui.

Teen die einde van die apartheidsera word 'n Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis egter 'n saak van dringendheid (De Waal, 1996:6). By die verskyning van *Rethinking South African Literature* (Smit, Van Wyk & Wade, 1996) dui Etienne Britz (1996:8) aan dat die menings vir 'n werkbare situasie hier so uiteenlopend is, dat

elke poging om die literatuur van Suid-Afrika histories te orden, sekere tekste sal uitsluit of geweld sal aandoen, en dat iedere ordening deur bepaalde tekste bevraagteken kan word. Literêre geskiedskrywers sal voortaan 'n onmoontlike keuse moet maak tussen die aparte ivoortoring waarin hulle tot dusver gewerk het, en die toring van Babel wat Suid-Afrika in werklikheid is (kyk ook Coetzee, 1996a).

Twee Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis wat ook aandag aan Afrikaanse literatuur gee, verskyn in dié afgebakende tyd. Christopher Heywood se *A History of South African Literature* (2004) en 'n heruitgawe van Michael Chapman se 1996-uitgawe van *Southern African Literatures* (2003).

4.1.1 *Southern African Literatures* – Michael Chapman (1996, 2003)

Chapman se *Southern African Literatures* verskyn die eerste keer in 1996. Dié studie in vyf afdelings sluit in: die orale tradisie(s); Europese invloed (1652–1910); Koloniale Afrikaliteratuur (1880's–1960's); Onafhanklikheid en post-onafhanklikheid in Suider-Afrikaanse lande (Zimbabwe, Zambië, Namibië, Malawi, Angola en Mosambiek); en Suid-Afrikaanse literatuur vir die tydperk 1970–1995. 'n Duidelike politieke inslag dus, wat Chapman dan as narratief gebruik. De Waal (1996:6) voer aan:

Chapman's study is formed around a national narrative, the story of South Africa from pre-colonial times, through apartheid and the resistance to it, up to the time of liberation. In a basically Marxist manner, the overarching story is the historical-political one, and the novels, poems and other utterances catalogued and described by Chapman are used as illustrations of the narrative.

In 2003 verskyn 'n tweede druk waarvan slegs die inleiding aangepas is. In die voetspore van Dekker en Kannemeyer se bekronings vir die werk wat hulle op die gebied van literatuurgeskiedskrywing verrig het, volg Chapman ook met die University Book Prize en die Bill Venter Award vir sy bydrae (Van der Waal, 2006:177).

Chapman gee 'n breër beeld van temas, bewegings en tydskrifte in die Afrikaanse literatuur as sy voorgangers (Nathan en Gray) – maar die oorhoofse indruk hiervan is steeds dat dit baie oorsigtelik gedoen is. Skrywers wat aandag geniet is onder meer Hennie Aucamp, Chris Barnard, Breyten Breytenbach, André P. Brink, Jan F.E. Celliers, Abraham de Vries, Reza de Wet, P.G. du Plessis, André du Toit, S.J. du Toit, Elisabeth Eybers, Jeanne Goosen, P.J. Haasbroek, C.P. Hoogenhout, Ingrid Jonker, Elsa Joubert, Uys Krige, Antjie Krog, C.J. Langenhoven, André le Toit, C. Louis Leipoldt, Etienne Leroux, N.P. van Wyk Louw, D.F. Malherbe, Eugène Marais, Dalene Matthee, M.E.R., John Miles, D.J. Opperman, Deon Opperman, Patrick Petersen, Gustav Preller, Jan Rabie, Karel Schoeman, Adam Small, Bartho Smit, Peter Snyders, Wilma Stockenström, Totius, Pieter-Dirk Uys, Jochem van Bruggen, C.M. van den Heever, Etienne van Heerden en F.A. Venter.

Volgens die Afrikaanse kritici (by die eerste uitgawe) is hierdie eerder 'n literêr-historiese waarheids- en versoeningskommissie of 'n “utopiese verenigde nasies” as 'n ewewigtige literatuurgeskiedenis omdat dit geweldig deur die Suid-Afrikaanse politiek gevorm is (Van Vuuren, 1997:6). Tereg vra John (2003:17) dan: “Hoe lyk die literêre kultuur waarmee 'n mens sit wanneer die blote genot wat lees (kan) bied per definisie minder belangrik geag word as die ‘saak’ (nasiebou, die stryd teen onreg, seksisme, rassisme en armoede)?”

Wat die Afrikaanse kritici betref, is hierdie 'n publikasie wat eerder vir polemieë en debat onthou sal word (Olivier, 1996:34) as die bydrae wat dit tot literatuurgeskiedenis gelewer het. Die teks is te oorsigtelik aangepak (Hambidge, 2003:11; John, 2003:17), wat aanleiding daartoe gee dat groot skrywers se grootste werke nie bespreek is nie (Olivier, 1996:34); bekender skrywersfigure bo minder bekendes bespreek is en sterk gesteun is op digters wat in Engelse vertaling beskikbaar is (Hambidge, 2003:11).

Waar Kannemeyer die grootste aantal bladsye aan die bespreking van Opperman afstaan, en hom as die grootste Afrikaanse digter bestempel – groter as Van Wyk Louw – wys Chapman in sy bondige bespreking van Opperman na tekortkoming aan politiese bewustheid (Chapman, 2003:197; kyk ook Van Coller, 2008:161) en Elisabeth Eybers word gereduseer tot een neerhalende voetnoot (kyk ook John, 2003:17; Van Coller, 2008e:159). Kannemeyer beskryf die probleem met hierdie situasie as blote onkunde oor die terrein waarmee die geskiedskrywer homself bemoei: “[D]it [het] nou al 'n paar

keer gebeur dat deskundiges van die Engelstalige literatuur hulle bevoeg vind om met gesag uitsprake te doen oor wat in Afrikaans [...] gepubliseer is, sonder dat hulle daardie [literatuur] en [taal] behoorlik ken” (Kannemeyer, 2005b:15). Hambidge (2003:11) wat hierdie as ’n skande eerder as ’n bydrae beskou, meen “Chapman tas sy reputasie as letterkundige ernstig aan met hierdie ambisieuse, ondeurdagte oorsigte wat vir die leser van ’n bepaalde letterkunde uiters problematies en kontensieus is”.

4.1.2 A History of South African Literature – Christopher Heywood (2004, 2006, 2010)

Die grootste kritiek is egter op Heywood se literatuurgeskiedenis wat ook ’n hoogs politiese (maar ook eensydige) posisie inneem:

Each of South Africa’s four interwoven communities – Khoisan, Nguni-Sotho, Anglo-Afrikaner, and Indian – has an oral and literary tradition of its own, and each tradition is a strand in a web of literary forms around the world. The subject of this book is their merging through bodily and literary creolisation, from pre-colonial to present times (Heywood, 2004:vii).

Sy aanbieding word in twee afdelings en sewe hoofstukke verdeel, wat soos volg daar uitsien: Digkuns pre-Sharpville; Teater pre-Fugard; Klassieke prosa: Scheiner tot Mofolo; Protesfiksie: Bosman tot Mphahlele; Poësie post-Sharpville; Teater: Fugard tot Mda; Romans en verhale ná 1960.

Met heelwat ooreenstemming volgens die skrywers in Chapman se geskiedenis, geniet die volgende Afrikaanse skrywers in meerdere of mindere mate aandag in Heywood: Breyten Breytenbach, André P. Brink, Jan F.E. Celliers, W.A. de Klerk, E.K.M. Dido, P.G. du Plessis, S.J. du Toit, Elisabeth Eybers, H.A. Fagan, Joan Hambidge, Ingrid Jonker, Elsa Joubert, Uys Krige, Antjie Krog, C. Louis Leipoldt, Etienne Leroux, N.P. van Wyk Louw, D.F. Malherbe, Eugène Marais, Dalene Matthee, Johannes Meintjies, Mikro, Jackie Nagtegaal, D.J. Opperman, Patrick Petersen, S.V. Petersen, P.J. Philander, Gustav Preller, Ina Rousseau, Karel Schoeman, Adam Small, Loit Sôls, J.C. Steyn, Totius, Jochem van Bruggen, C.M. van den Heever, Marita van der Vyver, Etienne van Heerden en Marlene van Niekerk.

Kritiek word veral gerig op die oorsig wat die uitgewershuis gepleeg het om ’n publikasie met so ’n groot aantal feitefoute die lig te laat sien (Gray, 2005:3). Kannemeyer (2005b:10) lys ’n groot aantal blatante foute, oorsigte, vertaalfoute en foutiewe interpretasies met betrekking tot afdelings oor die Afrikaanse literatuur. In verskeie bronne word aangedui dat die status wat ’n uitgewershuis soos Cambridge University Press geniet, groter kwaliteitsverwagtinge skep (Britz, 2006:12; Coetzee, 2005a:15; Gray, 2005:3; Kannemeyer, 2005b:10, 2005c:15; Malan, 2005:15; Van Coller, 2008d,

Van der Waal, 2006:154). 'n Verdere uitbreiding op die argument rondom die status van die uitgewershuis is die outomatiese status wat die boek onder hierdie “kulturele beskermheer” geniet, wat lesers onder 'n wanindruk oor die gehalte van die produk bring (kyk ook hoofstuk 3 – Uitgewerspraktyke). “Die Cambridge University Press met sy eerbiedwaardige geskiedenis as hoogstaande uitgewer het nou, wat die Afrikaanse letterkunde betref, 'n absolute prul gepubliseer wat hy as 'n ‘magisterial study’ aan die leserspubliek voorhou” (Kannemeyer, 2005b:10). In 'n verdere bespreking van die publikasie verwys Kannemeyer (2005c:15) na dié publikasie as “'n stuk gemors deur 'n onbevoegde outeur”, wat aan 'n swak keurder voorgelê is vir evaluasie, en daag die uitgewer uit om die boeke te onttrek en te vernietig. Ten spyte van die oorweldigende kritiek en debat (Chapman, 2005; Coetzee, 2005b; Gagliano, 2005; John, 2005a; Van Vuuren, 2005) wat Heywood se literatuurgeskiedenis ontlok het, verskyn daar herdrukke sonder wysiging in 2006 en 2010.

The Cambridge History of South African Literature (saamgestel deur David Atwell en Derek Attridge (2012) met 41 medewerkers) bied 'n gebalanseerde en omvattender studie van die Suid-Afrikaanse literatuur, maar val buite die tydsraamwerk van hierdie studie. Die doel is “to serve a useful purpose as the most fully representative collection of historical scholarship on the country’s extensive literary production yet to have been published” (Atwell & Attridge, 2012:12) – 'n doelstelling waarin daar beslis beter geslaag word as in enige van die voorgangers.

4.2 Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom – Snyman & Wybenga (2005)

Die heersende persepsie en/of norm in die Afrikaanse literêre sisteem was nog altyd dat daar wel na kinder- en jeugliteratuur verwys word, maar dat dit nie in Afrikaanse literatuurgeskiedenis bespreek word nie. Reeds in 1995 verwys Gouws (1995:90) na die gesprek oor literêre waarde van kinder- en jeugliteratuur as 'n “muwwe debat”. Wybenga (2004) illustreer as voorbeeld hoe M.E.R. “nie as skryfster van kinderboeke” (Nolte, 1994) in die Afrikaanse prosakanon opgeneem is nie. Wybenga wys ook op “oningselgite uitlatings” van geskiedskrywers en/of bydraers tot literatuurgeskiedenis, waarin M.E.R. se kinderboeke oor die hoof gesien word in besprekings van haar skryfwerk (Wybenga, 2004:45). Alba Bouwer se jeugverhale *Stories van Rivierplaas* (1955), *Nuwe stories van Rivierplaas* (1956) en *Stories van Bergplaas* (1963) is onder meer in Kannemeyer (2005a:195–196) se literatuurgeskiedenis besonder goed gekanoniseer en as vergelykende maatstaf gebruik (kyk ook Van der Walt, 1995:196).

Verder word kinder- en jeugliteratuur skraps bespreek in gesaghebbende Afrikaanse literatuurgeskiedenis soos dié van Kannemeyer (1978, 1983, 1984, 1988,

1990, 1998 en 2005); en Van Coller (1998, 1999, 2006b), waarin dit grootliks slegs die kinder- en jeugboekskrywers is wat ook volwasseliteratuur geskryf het wat kanoniseringswaarde het (Gouws, 1995:90; Wiehahn, 1991:15). Veral met betrekking tot “oorgangsliteratuur” (kyk Gouws, 1995:100; Nieman, 2005; Van der Walt, 1995:186) word daar sterk argumente aangebied dat die afwesigheid van kinder- en jeugliteratuur in bestaande literatuurgeskiedenis ’n groot leemte laat in die beskrywing van die literêre sisteem (Gouws, 1995:91–92; Van der Westhuizen, 1999; Wybenga, 2004; Wybenga & Snyman, 2005).

Geskiedskrywers is egter nie onbewus van hierdie situasie nie, soos Van Coller (2006b:ix) aandui in die inleiding tot *Perspektief en profiel*: “Met die uitsondering van perspektiewe op jeugliteratuur, tydskrifte en die uitgewerswese is die hele Afrikaanse literêre veld nou in die drie dele van *Perspektief en profiel* in kaart gebring. In die afgelope jaar is van die drie genoemde verwaarloosde gebiede vir die eerste keer werklik grondig en sistematies ondersoek [...] en sal oorsigte hiervan hopelik ook in ’n volgende uitgawe van hierdie literatuurgeskiedenis opgeneem kan word.”

Lohann se *Afrikaanse kinderboekgids* (1986, 1989) en Kruger se *Kinderkeur* (1991) was waardevolle bronne waarin gesaghebbende kinder- en jeugboekskrywers se titels opgeneem is, en wat kinder- en jeugliteratuur hoofsaaklik uit ’n letterkundige perspektief gekanoniseer het. Maar Ghesquire (1997:24) wys op die ingewikkelde kommunikasiesisteem van die kinder- en jeugboek. In dié tekste figureer die volwassene as tussenganger tussen teks en ontvanger. Verder wys Ghesquire ook daarop dat jeugliteratuur op die periferie van die literêre polissisteem beweeg en dikwels ’n eie kanon ontwikkel.

Die Afrikaanse kinderboek beleef in die 1950’s ’n opbloei met die vertaling van wêreldbekende kinderboeke in Afrikaans en die instelling van bekronings vir kinderboeke van goeie gehalte. Volgens Blignault (1980:65) vergelyk die beste Afrikaanse kinderboeke dan ook goed met internasionale titels, en is die instelling van letterkundige pryse ’n aanduiding dat daar ’n verandering in die status van die kinder- en jeugliteratuur plaasgevind het, en dat dit as letterkunde aanvaar word. Die Akademie vir Wetenskap en Kuns het die Scheepersprys vir jeugliteratuur in 1956 ingestel vir werke met goeie letterkundige en/of opvoedkundige gehalte en in 1970 die Tienie Holloway-medalje vir kleuterboeke. Die C.P. Hoogenhout-toekenning deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in 1961 ingestel (later bekend as die C.P. Hoogenhout-medalje), die M.E.R.-prys vir die beste kinder- of jeugboek wat by Nasionale Pers-uitgewerye verskyn (in 1984), die Akademie vir Wetenskap en Kuns se Alba Bouver-prys vir kinderliteratuur in 1984, sowel as die ATKV-Kinderboektoekenning (1990).

In die geval van kinder- en jeugliteratuur kan literêre kwaliteite alleen nie in ag geneem word nie. Buiteliterêre elemente soos pedagogiek, teikenlesers, kreatiewe taalgebruik en -idees, geïmpliseerde boodskap en ook die illustratiewe aspekte behoort in ag geneem te word. Ghesquire (1997:167) kom tot die gevolgtrekking dat kinder- en jeugliteratuur die terrein van sowel pedagoë en opvoeders as literatuurwetenskaplikes en literêre kritici is – en een waarin die teikenleser nie uit die oog verloor mag word nie.

Die verskyning van die eerste Afrikaanse kinder- en jeugliteratuurgeskiedenis, *Van Patryshulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek* (Wybenga & Snyman, 2005), was die gevolg van die behoefte aan 'n omvattende optekening van Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur. Die bydraers tot hierdie boek is gewerf uit die Inligtingkunde, Biblioteekkunde en die Literatuurstudie. Die doel van hierdie literatuurgeskiedenis was om 'n “geheeloorsig oor meer as 'n eeu se Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur in al sy verskyningsvorme te bied [...] vir vakspesialis [...] maar ook die algemene leser” (Wybenga & Snyman, 2005:12–13).

Die ontvangs van *Van Patryshulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*, was egter 'n (her)bevestiging van heersende persepsies onder akademië, literêre navorsers en geskiedskrywers van die groter Afrikaanse literêre sisteem met betrekking tot dié subsisteem. Dié omvangryke publikasie van 510 bladsye het bykans geen aandag in boekeblaaie geniet nie. Slegs één resensie (Van Coller, 2005b:10) – wat hoofsaaklik gewy is aan die gebruik van die terme “literatuur” versus “letterkunde”, en kritiek oor die gemeenplasinge inhoud, aanbieding en formaat van die boek wat op *Perspektief en profiel* geskoei is – het daarvoor in dagblaaie verskyn.

Die tweede kommerwekkende aspek is dat reaksie op die resensie van Van Coller die verwydering tussen “literêre rolspelers” en die breë publiek aangetoon het. Erika van Eeden (2005:10) skryf in *Volksblad* se briewekolom in reaksie op die resensie: “Heelwat van [die] besware teen [...] die boek, begryp ek nie juis nie [...] Van die taalonderwysers [tot die] bibliotekaresse op ons dorp, kan nie uitgepraat raak oor hoe waardevol hulle die boek vind nie. [...] Elke ma wat ek ken, kry een vir Kersfees.”

5. KNELPUNTE IN DIE MAGSPEL

Die interne werkinge en die magspel van die literêre bedryf word in die (voortslepende) debat (sedert die 1980's) tussen Cloete en Kannemeyer in *Tydskrif vir letterkunde* (2004) blootgelê.

Kannemeyer (2004:142–156) lig in 'n bespreking rondom sy ervaring as geskiedskrywer 'n paar knelpunte in die literêre sisteem uit, wat hy dan ook as

“langdurige skermutselinge” beskryf. As geskiedskrywer is hy weens sy prestasie en groot aantal publikasies aan ongeregverdigde kritiek blootgestel deur met sy literatuurgeskiedenis hom as “junior literêre advokaat” tot appélregter van die literatuur te bevorder. “Ek het begin besef die eintlike verwyte teen my was dat ek, wat toe nog maar ’n gewone lektor op Stellenbosch was, sonder enige senioriteit of gesag myself aangematig het om so ’n omvangryke taak te onderneem wat net vir professore weggeleë is” (Kannemeyer, 2004:147).⁵⁵ Verder verwys hy na letterkundige kliëks wat aan spesifieke universiteitsdepartemente gekoppel word, maar ook na opponente, vasalle, meelopers en makkers.

In sy kritiek op Kannemeyer se mening oor sy kritici, verwys Cloete (2004:157–162) na ’n waninterpretasie van kritiek as beskuldigings en na Kannemeyer se intimidasietegnieke om verdere kritiek af te weer; persoonlike ongemak wat weinig verband hou met historiografie; ’n onvermoë om debatte ten einde te laat loop; sy “verontwaardiging oor ander skrywers se uitlatings oor hom, maar hy self praat met smakelose minagting van ander”; minagting van belangrike rolspelers en kritici; blatante beledigings van sekere persone – ’n sameloop van “gruwels” wat totale isolasie en vervreemding tot gevolg het. “Dit is nie die bedoeling van die literatuur dat dit jou isoleer en vervreem van die werklikheid daarbuite nie” (Cloete, 2004:162).

In aansluiting by die bogenoemde probleme, dui Cloete verder aan dat hy ook deur bondgenote van Kannemeyer in die vorm van ’n redaksielid van ’n akademiese joernaal indertyd verhoed is om op Kannemeyer se striemende kritiek kommentaar te lewer.

Hierdie rolspelers waarna Cloete en Kannemeyer verwys, beskik nie alleen oor die mag om invloed in die literêre sisteem uit te oefen nie, maar misbruik ook hulle magposisie om ander rolspelers te diskrediteer, vakgebiede af te baken en vir sekere rolspelers in die literêre veld te reserveer, blinde lojaliteite te bevorder, saam te sweer teen ’n individu, ongehoorde kritiek op ’n individu eerder as ’n saak te rig, ’n oog-om-oogbenadering te volg waar kritiek ter sprake is, subjektiewe menings te opper, en eensydige openbare menings te bevorder deur selektiewe publikasie van ’n bepaalde mening.

“’n Literatuurgeskiedenis is ’n samevatting, ontleding, interpretasie en evaluasie – gegrond op konsensus van letterkundiges – wat ’n skrywer se werk gaan kanoniseer” (Coetzee, 2006:4), ’n bepaalde “samewerkingssooreenkoms” tussen rolspelers dus om status aan dieselfde outeur(s) en/of werk(e) toe te dig. Van Coller gebruik byvoorbeeld bloemlesings om vroueskrywers te identifiseer, en reageer op kritiek op oorsigte deur te

⁵⁵ Kyk ook die argument met betrekking tot Antonissen; en kyk ook Hambidge (1999:6) aangaande die jong skrywer wat oor die ouer skrywer ’n mening uitspreek.

wys op bekronings, vertalings en verfilming (Kannemeyer, 2005b:10; Olivier, 2000b:9; Van Coller, 2008e:161). Dit dien as maatstaf vir wat binne die literêre sisteem behoort en word so in stand gehou.

Geskiedskrywers is van die groot meningsvormers oor die teoretiese uitgangspunte en werkwyses vir die samestelling van literatuurgeskiedenis (o.m. Chapman, 1994, 1998, 2002; Gray, 1989; Kannemeyer, 1989b, 2004; Van Coller, 1996, 2001, 2006b). Hulle geniet akademiese status deur institusionele bekronings en deurdat literatuurgeskiedenis (hoofsaaklik deur akademiese uitgewers uitgegee, met die uitsondering van Kannemeyer wat by 'n tradisionele hoofstroomuitgewer verskyn het) grootliks op die voorskryfmark gemik is.⁵⁶

Verder is daar die kwessie van die besonder beperkte aantal beskikbare verskillende literatuurgeskiedenis – waarskynlik weens die omvang van die taak. Alhoewel geskiedskrywers ruim by mekaar “oorgeneem” het, het Afrikaanse (en later ook Suid-Afrikaanse) literatuurgeskiedenis steeds behels dat dit deur 'n individu geskryf is en lang tydperke verloop het wat 'n bepaalde literatuurgeskiedenis as die gesaghebbende bron van die tyd (met oorvleueling) in druk verskyn het. Dekker oorheers vir bykans vier dekades, Nienaber en Kannemeyer meer as drie dekades en Antonissen en Van Coller meer as 'n dekade – 'n ongesonde situasie wat die voorskryfmark betref. Hambidge (2000c:49) stel die probleem met betrekking tot *Perspektief en profiel*: “Die ywerige dosent sal dikwels die jong student moet beskerm teen (waarde)oordele en hiper-geleerdheid.”

Die Afrikaanse literêre sisteem is 'n geslote sisteem, waar die gesaghebbendheid van die Afrikaanse kanon nie deur alternatiewe of buitelanders binnegedring of verander kan word nie, soos dit dan ook duidelik blyk uit die debat rondom die verskyning van Chapman (asook Gray, en Heywood) se Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis waarin die bestaande hiërargieë bevaagteken en omvergewerp word. Chapman is egter nie sonder literêre status nie. Hy beklee 'n prominente posisie in die Engelse literatuur, in so 'n mate dat Hambidge (2003:11) hom beskryf as “landmeter-generaal van die Engelse Suid-Afrikaanse letterkunde”, en sy groter kennis van die Suid-Afrikaanse sisteem word weerspieël in sy kundigheid as bloemleser (kyk Chapman, 2002). Die Afrikaanse literêre sisteem is dus 'n sisteem waarin buitelanders geen gesaghebbendheid het nie, omdat rolspelers *in* die literêre sisteem, nie 'n rolspeler van 'n ander sisteem toelaat nie en self die reëls neerlê (Van der Waal, 2006:226). Van der Waal (2006:207) verduidelik:

[Chapman's] text threatens the position of Afrikaans literature, and the construction of Afrikaans culture as it is legitimated by intellectuals and other powerful field actors because it incorporates Afrikaans literature into a different

⁵⁶ Cloete se beskuldigings dat Kannemeyer se werk kort van plagiaat draai, het tot gevolg gehad dat die boek aan die Universiteit van Stellenbosch onttrek is as voorgeskrewe werk (Van der Waal, 2006:168–169).

narrative. In this narrative Afrikaans literature becomes complicit in the loss of a collective humanity. Such an interpretation of Afrikaans literature makes challenging ideological claims about it compared to the conventional interpretation of Afrikaans literature as the proud cornerstone of Afrikaans culture.

Dit verklaar kritici se mening dat Chapman se besprekings van Afrikaanse literatuur oor die algemeen bloot negatief daar uitsien, en dat die rangorde van belangrike literatuur gevestig word deur die grootste blootstelling aan Engels af te staan, gevolg deur Afrikaans en Afrikatale. Van der Waal (2006:206) voer aan dat hierdie teenstellings en -pole ook in Kannemeyer se werk teenwoordig is en daar reeds 'n hiërgargiese orde tot stand gebring word:

Th[e] positioning of Kannemeyer's study, and his study itself, reveal the construction of a distinct literary canon and literary past that legitimate the existence of borders to delineate these distinctive different ethnic-cultural categories: Afrikaners versus white, English-speaking South Africans and white Afrikaners versus black Afrikaans-speaking South Africans.

Sedert die verskyning van die onlangste nommer van *Perspektief en profiel* (2003) het die druk op, en vernet teen die sogenaamde kanon vanuit verskeie oorde toegeneem (Burger, 2000b:141–142). Burger verklaar dit as die onvermydelike kanonisering wat met literatuurgeskiedskrywing gepaardgaan. Die verwagtinge van 'n literatuurgeskiedenis het verander, in die sin dat die lof vir die omvang van die taak nie langer die kritiek daarop oorskadu nie. Dit is duidelik in die geval van bykans elke literatuurgeskiedenis wat in die afgelope twee dekades verskyn het.

6. BOEKGESKIEDENIS EN LITERATUURGESKIEDENIS

Chapman (in Chapman & Lenta, 2011:6) beskryf boekgeskiedenis as die bestudering van elemente buite die beheer van die outeur – onder andere publikasieprosesse, resensering, sensuur, opvoedkundige institusionalisering en pryskulture – wat die betekenis van die teks beïnvloed.

If you do research in literature, it is likely that most of your time will be spent studying the “meaning” or “significance” of texts. In order to do this you will have to make assumptions about the integrity of that text, assumptions about the way in which the author wrote (“produced”) it, and assumptions about the way in which the author's contemporaries read (or “consumed”) it. Even if you are not worried about the historical context, you will need to know something about how your texts are produced and consumed today (Eliot, 2010a:39).

Vir Eliot (2010a:40) beïnvloed die fisieke formaat van die publikasie die betekenis, maar voeg hy by, die wyse waarop literatuur in druk geplaas word, kan ook die betekenis daarvan beïnvloed – twee invalshoeke waarmee die boekgeskiedenis (of “bibliography”

soos Eliot dit beskryf) bemoeienis het. Boekgeskiedenis – soos deur Eliot gesien (2010b:49) – stel meer ten doel as blote bibliografiese lyste.

[H]ow did the economic, technical and social context in which the book was produced affect its development, its content, its appearance and its reception? How did the book as a communicator of ideas, values and experience affect the society in which it operated? Such questions highlight a fundamental distinction between books and almost any other artefact produced by society, a distinction which makes the historical study of books such a pressing and important subject. Unlike tables, toys, bread, guns, shoes, carpets or cars, books are intended to have specific intellectual and emotional effects on those who read them. Books can be designed to influence, and sometimes to change, the economic, social or cultural circumstance in which they were produced.

In veral Afrikaanse literatuurgeskiedenis is die uitgewersbedryf grootliks oor die hoof gesien. Venter (2008) voer aan dat verwysings hierna beperk is tot huldigingspublikasies en skrywersbiografieë waarin die skrywer-uitgewersverhouding onder die loep kom. Francken (1999:21–22) meen tereg dan ook dat menings van literatuurgeskiedenis, wat nie die konteks(te) waarin die literatuur funksioneer, bybring nie, nie as wetenskaplik beskou kan word nie. “Traditionele vakbroeders zullen zeggen: dit is geen literatuurgeschiedenis maar sociologie; hardboiled literatuursociologen zullen het werk bestempelen als onwetenschappelijk.” Tot op hede is die enigste uitgewersgeskiedenis wat gedeeltelik gedokumenteer is, dié van Nasionale Pers in *Boekewêreld: Die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990* (Beukes, 1992:ix):

Boekewêreld is nie ’n literatuurgeskiedenis waar die beste skrywers outomaties die meeste ruimte kry nie. Die literatuur word, vir die eerste keer op so ’n omvattende skaal, bekyk in die lig van wat in die land gebeur het, en veral uit die hoek van die geskiedenis van die uitgewersmaatskappye, koerante en tydskrifte. ’n Werk wat letterkundig onbenullig is, kan prehistories belangrik wees as gevolg van reaksies wat dit uitgelok het en beginsels wat in die spel gekom het. Daar word, naas korrekte evaluering, aandag gegee aan voorbeelde van mistastings deur sowel uitgewers as resensente.

Boekgeskiedenis, ook genoem “boekstudie” en “boekwetenskap” (Venter, 2008:3) is ’n relatief jong veld in Suid-Afrika en eers in 2000 ontstaan die South African Book History-groep as deel van ’n internasionale navorsingsprojek op dié terrein. Nienaber se *Bibliografie van Afrikaanse boeke* in tien dele (1943–1981) kan wel beskou word as voorloper vir die dokumentering van produksiedata van ’n bibliografiese aard, maar, soos met die miskennis van Nienaber se andersoortige literatuurgeskiedenis (kyk 3.1.1 van hierdie hoofstuk), geniet hierdie metode min steun onder kritici van die dag (Venter, 2008:16–17). Ook die Sentrum vir Suid-Afrikaanse Letterkunde-navorsing (SENSAL) se inisiatief om ’n sistemiese dokumentering in jaaroorigte te bewerkstellig in *SA Literature/Literatuur* wat in 6 dele verskyn het, is deur kritici van die dag skerp

gekritiseer (kyk Venter (2008:17–18) vir ’n opsomming van die kritiek op hierdie benaderings).

Sedert 2003 lê die terrein egter oop, met die Nielsen BookScan-produk wat “weeklikse analise van boekverkope deur deelnemende boekhandelaars” moontlik maak (Venter, 2008:8). Daar word ook sedert 2002 jaarliks vergelykende statistiek deur die Publishers’ Association of South Africa (PASA) beskikbaar gemaak (PASA, Industry Survey, 2002–2010).

Literatuurgeskiedenis het met die verskyning van die *Perspektief en profiel*-reeks ook in so ’n mate ontwikkel dat teksanalise “aangevul [word] met beskrywing van die wyse waarop tekste tot stand kom, binne die literêre veld sirkuleer en ’n rol speel in die mededinging van persone en instansies binne so ’n literêre veld” (Van Coller, 2006:19, kyk ook Chapman 2011). Kuitert (2008:82) voer aan dat die rolspelers in die literêre sisteem – veral met verwysing na die hekwagtersposisie van uitgewershuse – van literêre belang moet wees omdat ’n uitgewer wat ondergaan ook ’n poort is wat gesluit word.

Veral Francis Galloway (2004) en Rudi Venter (2008) opper sterk argumente vir hernude aandag aan boekgeskiedenis. Galloway (2004) wys spesifiek op die bruikbaarheid en waarde van uitgewerstatistiek vir literatuurgeskiedenis, uitgewersgeskiedenis, asook boekgeskiedenis.

7. GEVOLGTREKKING

Literatuurgeskiedenis is saam met bloemlesings een van die groot kanoniseringsmeganismes in die letterkunde. Uit die kritiek op Afrikaanse en Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis is dit duidelik dat ook hier ’n magspel deur rolspelers binne en buite die sisteem aan die werk is. Die literêre status wat ’n bepaalde geskiedskrywer het, bepaal of die werk wat hy lewer, aanvaar sal word deur ander rolspelers in die literêre sisteem. Dit is uit die debatte rondom veral die aanbieding van Afrikaanse literatuur binne ’n groter bestel van Suid-Afrikaanse literatuur duidelik dat daar uitdagings is vir rolspelers wat van een literêre sisteem na ’n ander oorgaan. Die Afrikaanse literêre sisteem het dan ook van alle Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis die grootste aantal publikasies en die meeste steun oor die langste tydperk geniet, weens die bevoorregte posisie van Afrikaans in Suid-Afrika.

Afrikaanse geskiedskrywers is egter nie verhewe bo die kritiek van rolspelers in die bestel nie, en ’n gebrek aan objektiwiteit word meermale (maar veral met betrekking tot Kannemeyer se werk) uitgelig as knelpunt wat ’n gebalanseerde aanbieding belemmer. Onewewigtige waardetoekenning aan sekere werke en sekere outeurs, as gevolg van persoonlike persepsies van geskiedskrywers, veroorsaak ook moeilik

herstelbare probleme in die voorskryfmark. Waar Nienaber se oorspronklike model (perspektiewe op tendense en subgenres en skrywersprofiële) aanvanklik nie gereken is as literatuurgeskiedenis nie, is dié bron van Van Coller nou die enigste wat steeds in druk verskyn, en sien hierdie literatuurgeskiedenis nou meer gebalanseerd en verteenwoordigend daar uit as enige van sy voorgangers. Die afsterwe van Kannemeyer in 2011 beteken in alle waarskynlikheid dat daar nie weer 'n heruitgawe sal verskyn nie.

Volgens Livingston (1996:145) is die grense van die literêre kanon wasig; dit laat met tyd nuwe tekste toe en ouer tekste weg. F.I.J. van Rensburg (1999:78) som die noodsaaklikheid van herwaardering raak op:

Wanneer 'n mens jou op herwaardering instel, moet jy besef dat dit vir jou noodwendig ook rekenskap sal moet gee van die *kanon* wat vir die betrokke teks of tekste geld. Kanonvrae is wesenlik aan herwaardering ... Beskik die teks onder beskouing nog steeds oor kanonstatus, m.a.w. verdién dit nog sy status? Het daar dalk 'n verskuiwing in sy ráng binne die kanon plaasgevind, en bevind dit hom dus tans op 'n hoër of laer vlak as voorheen? Gaan dit dalk om 'n nýwe werk wat toegang tot die kanon vra en wat dit moontlik verdien? En laastens: Is dit 'n werk wat die bestaande kanon beduidend veránder, wat dus kanonvernuwend funksioneer?

Viljoen (1992:110) dui aan dat 'n werk wat dadelik goed ontvang word, verhoogde status kry, maar dat sekere werke later as vergete meesterstukke herwaardeer word. Die herevaluering van literêre status en waarde het persepsies ten opsigte van kanonisering in die Afrikaanse literatuur verander. Hierdie heroorwegings behels dat dié literêre sisteem en betrokke rolspelers krities onder die loep geneem word. Cochrane (2008:46) waarsku egter dat die foute van die verlede nie maklik herstel kan word nie. "Sonder 'n gekanoniseerde tradisie het [skrywers] geen vaste verwysingspunt nie," wat verdere probleme vir die toekomstige literatuurgeskiedenis kan inhou.

HOOFSTUK 9

Kleiner sub sisteem in die Afrikaanse literêre sisteem

Literêr gesproke het ons reeds ver wegbeweeg van die elitisme en formaliteit van die Hoë Modernisme. Soos wat ons kunsgalerye meer informele kunsuitstallings uitstal, vind ons nou, in boekvorm, die tekste van die straatsangers en troebadoere. 'n CD word saam met 'n nuwe boek bemark. 'n Aanlynroman word op die internet geskryf. Hygromans laat die literatuur se onderrok uithang.

Etienne van Heerden, *Die stilte ná die boek* (2004:147)

1. INLEIDING

Ten einde die Afrikaanse literêre sisteem en sy rolspelers volledig te karteer, is dit belangrik om aandag te gee aan 'n aantal kleiner rolspelers, faktore, instansies en subsisteme wat 'n bydrae in die sisteem lewer, maar nie vir die doeleindes van hierdie studie 'n volledige bespreking vereis nie omdat hulle óf nie 'n besonder groot rol in die kanoniseringsprosesse speel nie, óf reeds elders breedvoerig in ander studies gekarteer is.

In die eerste vier afdelings sal daar oorsigtelik gekyk word na die tendense van die volgende kleiner rolspelers in die literêre sisteem: debuutskrywers wat publikasies aan nagraadse skryfskole voltooi het; verwerking van literatuur na films, verhoogdramas en musiek; die Afrikaanse leeskringfenomeen; en die rol wat sensuurwetgewing gespeel het om skrywers se literêre status te verhoog. In die vyfde afdeling word daar oppervlakkig gekyk na selfs kleiner rolspelers wat deel van die literêre sisteem vorm, maar nie werklik 'n invloed op die kanonisering van tekste uitoefen nie omdat die impak te gering is (bv. subsidies), te populisties is (kunstefeeste), of omdat die impak daarvan met tyd verminder het (skrywersverenigings en versettydskrifte), of omdat dit nog nie genoegsaam posgevat het in Suid-Afrika om 'n doelbewuste invloed op die sisteem uit te oefen nie (literêre toerisme).

2. SKRYFSKOLE

“Keyter is 'n doos, Mat. Hy is 'n klein windgat stasiespeurdertjie met 'n houding en 'n groot kop. Hy weet fokkol. Wat het geword van 'al die mannekrag wat jy nodig het'?”

“Vir voetwerk, Bennie. Ek kan nie eenheidsmense afstaan nie. Jy weet almal is toegegooi met werk. En Keyter is nuut. Hy moet leer. Jý moet hom mentor.”

“Mentor.”

“Maak 'n speurder van hom.”

“Dis sulke tye,” sê Griessel, “dat ek weet hoekom ek 'n fokken alkoholis is.”

Deon Meyer, *Infanta* (2004:173)

Skryfopleiding in die (Suid-)Afrikaanse konteks vorm dekades reeds deel van die ontwikkeling van skrywers. Die populariteit van skryfskole aan veral tersiêre instellings het die afgelope dekade toegeneem, so ook die aantal publikasies van produkte wat met behulp van skryfskole gelewer is. Vanaf 1993, met die instelling van die M-Net-beurs vir skeppende skryfwerk, tot en met 2012, het daar reeds 35 Afrikaanse gepubliseerde tekste wat by hierdie tersiêre skryfopleidingsinstansies ontwikkel is, verskyn. Skryfskole speel 'n prominente rol in die groter Afrikaanse literêre sisteem omdat dit verbind is aan akademiese instansies, uitgewershuse (publikasiegeleenthede en skrywersbeurse), die erkenning wat aan mentorskap in die bemerking van die produk gegee word, resensies en uitsprake in die media, bekronings, asook die literêre en kanoniseringswaarde wat dié tekste bewerkstellig.

2.1 Ontwikkeling van die vakgebied

Debat en meningsverskille oor die noodsaaklikheid, haalbaarheid, metodiek, pedagogiek en waarde van skryfopleiding vir die Afrikaanse letterkunde – tans in 'n bloeitydperk – het 'n lang geskiedenis. In 1932 verskyn Pienaar en Langenhoven se *Hoe om te skrywe: Hulpboekie by die studie van die stelkuns*, gerig op die skoolonderwyser. “Die doel van hierdie handboek is natuurlik nie om leerlinge op te lei tot skeppende kunstenaars nie. *Poeta nascitur non fit* kan met waarheid in 'n baie algemener omvang gestel word: Die kunstenaar word gebore, nie gemaak nie” (Pienaar & Langenhoven, 1938:9).

In *Dienaar van die geskrewe woord: 'n Handleiding vir studente en aspirant-beoefenaars van die skryfkuns* deur S. Ignatius Mocke (1941) word die klem op die rolpersletterkunde geplaas: “Die kortverhale, sketse, romans en ander werke wat in die reël in tydskrifte [en koerante] verskyn en waarvan die doel nie soseer is om die enkele kritiese leser tevrede te stel nie, maar om ontspanning te verskaf aan die groot gros lesers vir wie die letterkunde uitsluitend 'n weg is waarlangs hulle die werklikheid van die lewe ontvlug.” Mocke gee egter ook aandag aan die skryfwerk in populêre subgenres van die prosa (o.m. spannings- of speurverhale, spook- of bonatuurlike verhale en die humoristiese kortverhaal), joernalistiek, digkuns en drama.

P.C. Schoonees (1948:178) voer in sy *Verskeidenheid: 'n Bundel opstelle en gedagtes* (1948) aan dat die skryfegtekniek aan twee eenvoudige grondbeginsels gemeet kan word: “Die eerste is om wat jy sê op die eenvoudigste wyse, padlangs, sonder omhaal van woorde uit te druk sodat dit selfs die haastige leser nie afskrik nie. Die tweede, wat eintlik dieselfde doel beoog, is om jou sêgoed so in te span dat dit die leser dwing om verder te lees.”

Dit is egter eers teen 1960 dat die kwessie van skryfkuns as 'n universiteitsvak ter sprake kom (Van Heerden, 1960:24–27) en dat D.J. Opperman se Letterkundige Laboratorium by die Universiteit van Stellenbosch as 'n derdejaarskursus in die Afrikaans-Nederlands III-kursus tot stand kom (De Wet, 1994; Marais, 1987, 1994, 2001). Twee dekades lank bied Opperman 'n mentorskapprogram aan in die skryf van Afrikaanse poësie vir studente in die letterkunde (geskoei op die Amerikaanse model wat Van Heerden na Suid-Afrika gebring het), voordat daar weer 'n pleidooi vir dié vakgebied by tersiêre instansies ontstaan (Du Plessis, 1993a:114–115) en die gesprekke hervat word (o.m. in Aucamp, 1992).

Skryfopleiding neem sedert die tagtigerjare toe met kursusse wat deur uitgewers, kultuur- en skrywersverenigings en universiteite aangebied word (Marais, 1987:3–4), en bereik 'n hoogtepunt met die ATKV se konferensie (1985) oor goeie gewilde prosa, waar die opleiding van skrywers weer ter sprake kom. Met finansiële steun van die ATKV het die P.U. vir C.H.O. sedert 1985 'n verskeidenheid kursusse in skryfopleiding (verskeie

genres) begin aanbied. In 1990 word 'n leerstoel in skeppende skryfwerk ingestel en Hans du Plessis dien vir meer as twee dekades as direkteur van hierdie instituut. Sedert 1993 word Afrikaanse skryfkuns hier ook as voor- en nagraadse vak aangebied.⁵⁷

Sedertdien was daar plaaslik, sowel as internasionaal, 'n opbloeï in die aantal voor- en nagraadse kursusse in skryfkuns wat aan universiteite gevolg kan word (kyk afdeling 2.3.5). Gelyklopend het, veral internasionaal, 'n reeks publikasies oor die pedagogiek van dié vakgebied verskyn, is 'n akademiese joernaal gevestig (*New Writing: The International Journal for the Practice and Theory of Creative Writing*), asook 'n gespesialiseerde akademiese publikasiereeks ontwikkel (*New Writing Viewpoints* by Multilingual Matters Ltd.).

Hoewel die plaaslike groei feitlik op alle gebiede plaasgevind het (kyk afdeling 2.3), ook met betrekking tot nagraadse kursusse aan universiteite, het daar reeds drie spesiale nommers van *Literator* (2000, 2009, 2012) verskyn wat op die een of ander wyse met skryfkuns en kreatiewe skryfwerk gemoeid is. Daarbenewens het 'n reeks akademiese artikels ook elders in vaktydskrifte verskyn (Breed & Greyling, 2009; Combrink, Greyling & Du Plessis, 2008; Du Plessis, 2011; Greyling, 2005).

2.2 Behoefte aan skryfopleiding – formeel en informeel

“[G]één skrywer wat ek ken, kan met eerlikheid sê dat hy geen informele opleiding gehad het nie,” meen Aucamp (1992:73). Een van die oervorme van informele opleiding is die mentor. “Agter Elsa Joubert rys Sara Goldblatt [...] agter Etienne Leroux, Jan Greshoff; agter M.E.R., Van Wyk Louw, Opperman en J. du P. Scholtz; agter talle *Tydskrif vir Letterkunde*-skrywers, Elize Botha. In my studentejare het Eitemal my en Abraham H. de Vries onder sy sorg geneem, en doktor Fransie Malherbe het omgesien na Izak de Villiers” (Aucamp, 1992:74). Ook Johann Lodewyk Marais voer in sy sisteemondersoek na opleiding in skeppende skryfkuns aan dat dit onder gevestigde skrywers “duidelik [is] dat 'n skrywer dikwels op 'n deurslaggewende stadium in sy skryfloopbaan hulp met en aanmoediging in sy skryfwerk ontvang het”.

Dit is egter nie net die mentor wat 'n invloed op die jong skrywer het nie. Aucamp (1992:68) dui in die gesprek oor skryfopleiding aan dat publikasie ook 'n groot rol in die aanmoediging van skrywers speel. Antjie Krog, André le Roux en Koos Prinsloo is maar enkele voorbeelde van skrywers wat reeds op skool in die Akademie vir Wetenskap en Kuns se *Poort* gedebuteer het. In Opperman se twee nommers van *Stiebeuel* (1946, 1965) maak 34 digters hul debuut, en in die bloemlesing *Visier* (1984) kry nog agt 'n publikasiegeleentheid (kyk ook Kannemeyer, 1996b:11). Ongeveer 18 van hierdie digters gee later solobundels uit en vyf word gerekende prosaskrywers. Met betrekking tot die

⁵⁷ Kyk Marais, 1994:50–72 vir 'n volledige oorsig en bespreking oor die ontstaan van die ATKV-Skryfskool.

Nuwe Stemme-reeks (kyk afdeling 2.3.2) is dié tendens wéér sigbaar en is dit duidelik dat veral uitgewers en aanlynskryfdienste die afgelope dekade aktief toegetree het tot die ontwikkeling van skrywers deur publikasiegeleenthede te bied (kyk ook afdelings 2.3.1 en 2.3.2).

Die koms van die internet het tot 'n ooraanbod kreatiewe werk gelei – maklike publikasiemoontlikhede sonder die nodige keuring of terugvoering gee egter nie die tradisionele ondersteuning, ontwikkeling of status vir publikasie nie. Riana Scheepers (in Scheepers & Kleyn, 2012:361) verduidelik:

Dit is een van die grootste behoeftes van die jong skrywer om 'n kundige en betroubare mentor te hê. [...] 'n Jong skrywer (en selfs sommige gepubliseerde skrywers) het immer behoefte aan 'n onselfsugtige mentor, 'n egolose leraar, 'n sensitiewe rigtingwyser wat toegewyd alles van daardie persoon lees, 'n kundige en streng redakteur wat alles wat fout is kan regmaak, hom artistiek slyp en hom bewaar van die bose.

Die gevestigde skrywer is egter lank nie meer die geduldige mentor wat die jong skrywer help om 'n plek in die Afrikaanse kanon te verower nie. Deesdae woon die aspirantskrywer 'n eendagkursus by of skryf vir 'n graadprogram aan 'n universiteit in. Publikasie op 'n gratis openbare ruimte is maklik en verniet, maar skryfopleiding het ekonomiese waarde gekry en is nou 'n betaaldiens soos enige ander.

2.3 Soorte opleiding

Sedert Marais (1987, 1994) se verkenning van die skryfkuns in die Afrikaanse sisteem, het ontwikkeling op dié gebied plaasgevind wat verandering in die hele literêre sisteem tot gevolg gehad het. Rolspelers sien nou soos volg daar uit: (i) aanlynwebtuistes wat skryfopleiding bied (bv. *LitNet* se aanlynskryfskool) en aanlynskryfskole vir manuskripontwikkelingsdienste (bv. SA Vryskutskrywers); (ii) uitgewers as ontwikkelaars van debuutskrywers deur publikasies en werksessies; (iii) skrywers wat dag of week lange skryfkursusse aanbied (bv. Harry Kalmer, Janie Oosthuysen, Martie Preller, Riana Scheepers en Nanette van Rooyen); (iv) handleidings vir skryfontwikkeling (bv. *Die Afrikaanse Skryfgids* en *Om te skryf*); (v) nieformele opleiding deur skryfkursusse aan 'n universiteit (bv. die ATKV se Skryfskool en die Universiteit van Pretoria se Winterskool); en (vi) formele tersiêre onderrig aan universiteite (voor- en nagraads).

2.3.1 Mentorskap by www ...

Die voornemende skrywer het gewoonlik twee versoeke: 'n waardeoordeel en raad om te verbeter (Du Plessis, 1993a:109). Deesdae is die aanvraag na skryfbegeleiding so groot dat dit 'n kommersiële bloeipunt in die literêre sisteem geword het. Uitgewers en

webtuistes wat kreatiewe werk publiseer, word oorval met materiaal waarvan die gehalte meestal veel te wense oorlaat (Marais & De Goede, 2010:5–7; Odendaal, 2010).

Wat die poësie betref, meen Marais en De Goede (2010:6): “Ongemotiveerde eindrym, retoriese taalgebruik, stilistiese onbeholpenheid, afgesaagde beelde, ongetempered sentimentaliteit, registerverwarrings en nawelstaardery [...] dien as verklaptokens van ’n gebrek aan lees- en skryfervaring.” Die grootste probleem met dié gebrekkigheid word deur Marais en De Goede (2010:6) verder beskryf as: “Om in te skryf vir ’n bloemlesing soos dié [*Nuwe stemme*] sonder om vertrouwd te wees met die stand van eietydse digkuns, is om te glo jy kan sinvol bydra tot ’n gesprek wat jy hoegenaamd nie gevolg het nie” (kyk ook Burger, 2005:13).

Voorbeelde van die internet wat ook ’n belangrike bron vir skryfontwikkeling geword het, is aanlynskryfopleiding vir voornemende skrywers, kritieklewering op manuskripte, en aanbod van redigeer- en vertaaldienste (o.m. by www.savryskutskrywer.co.za):

- *LitNet* se openbare aanlynslipskool onder mentorskap van ’n gevestigde skrywerspaar, met bykans 20 werksessies vir digters en kortverhaalskrywers reeds voltooi (www.litnet.co.za)
- ’n Interaktiewe webblad (van die *Om te skryf*-publikasie) waar skryfoefening gedoen en inligting bekom kan word (www.omteskryf.co.za).

2.3.2 Uitgewers – publikasiegeleentheid en -ontwikkeling

In die Afrikaanse poësie, veral, was daar ’n opbloei in publikasiegeleentheid vir debutante. Tafelberg het sedert 1999 vier volumes in die *Nuwe Stemme*-reeks gepubliseer en sodoende aan bykans 70 digters ’n publikasiegeleentheid gegee, waarvan 15 solobundels gepubliseer en minstens vier ook as prosaskrywers gedebuteer het.

Nuwe Stemme 3 (Krog & Schaffer, 2005) en *Nuwe Stemme 4* (Marais & De Goede, 2010) het met slipsessies in Johannesburg en Kaapstad begin.⁵⁸

Marais en De Goede (2010:5) wys op die uitdaging waarmee die samesteller gekonfronteer word wanneer debuutpublikasie met ’n slipskool gepaardgaan waarin die samesteller óók ’n mentorsrol vervul:

Indien jy [samesteller] geïnteresseerd is in dit wat net ’n spesifieke ongepubliseerde digter kan skep, mag jy nie vashou aan rigiede, vooropgestelde idees oor die poësie nie. Anders gaan jy elke bydraer by die slipskool in dieselfde rigting stuur en bloot gedigte opneem wat jou eie idee van goeie poësie weerspieël. En dit sou veral noodlottig wees in ’n tyd waar stilistiese en tematiese verskeidenheid een van die vernaamste kenmerke van die kontemporêre Afrikaanse poësie is.

⁵⁸ *Nuwe Stemme 5* (verskyn later in 2013) het ’n virtuele skrywerswerkwinkel met ’n Facebook-blad ingesluit.

'n Projek soos *DigBy* in die bylae *By* van *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad* het ook aan ongepubliseerde digters die geleentheid gebied om hulle werk vir kommentaar en publikasie in te skryf – 'n voortsetting van 'n vroeëre verskynsel in *Die Brandwag* (kyk Aucamp (1992:74) vir meer inligting).

Wat kortverhale betref, is die inisiatiewe egter nie so volop nie en is vonkfiksie (in o.m. *Rapport* se boekebylaag) tans in die gedrukte media gewild.

2.3.3 Slypskole

Die meeste slypskole maak van gevestigde skrywers gebruik om raad en advies – eie ervaring – aan voornemende skrywers te gee. Uitgewers doen gewoonlik ook mee aan die opleiding van aspirantskrywers in die binnewerkinge van uitgewerspraktyke en het begrip vir die behoeftes van die lesersmark (Scheepers & Kleyn, 2012:367, 370). Vir Scheepers gaan dit eerder oor opleiding, naas die ontwikkeling van die skryfegniek, en ook oor blootstelling aan gepubliseerde tekste, terwyl dit, onder meer by UP se Winterskool, oor kontak met die gevestigde skrywer as spreker gaan. Albei voorbeelde het ook 'n slypskoolkomponent (Scheepers & Kleyn, 2012:368–370) waarin daar prakties met tekste gewerk word.

Die tegniese aspekte (soos woordkeuse, sins- en paragraafbou) word as 'n leerbare vaardigheid beskou en dis in die opleiding rakende “uitbreiding en verfyning van die skrywer se verbeelding, emosies en denke” waar die knoop vir Aucamp lê (1992:69). Skryfskole – soos enige ander uitvoerende kunsvorms – kan volgens Du Plessis (in Scheepers & Kleyn, 2012:366) nie iemand leer skryf nie, maar kan vir die voornemende skrywer wat reeds 'n manuskrip het, wel voordele inhou:

'n Skryfskool is een van die nuttigste stukke gereedskap in die hand van die skrywer, of jy ongepubliseer of klaar gepubliseer is. Maar dan moet jy, dink ek, die regte verwagting van sulke soort opleidingsgeleenthede hê: Jou kop gaan geleer word om jou hart te slyp. Skryfskole is veronderstel om voornemende skrywers te help om van 'n nog onpubliseerbare poging 'n publiseerbare manuskrip te maak. 'n Skryfkursus, soos 'n sangles, rond jou ingebore kuns af, slyp dit en leer jou die beginsels van jou ambag.

2.3.4 Skryfhandleidings

Ten spyte van die toenemende gewildheid van die skryfkuns, het min Afrikaanse skryfhandleidings in druk verskyn. Johann Lodewyk Marais (1994:23–24) dui in sy ondersoek aan dat daar 'n geweldige leemte op dié gebied is, en dat voornemende skrywers na literêre teoriebronne verwys word as daar skrywershulp nodig is. Aucamp (1986:11) se *Die blote storie* – 'n *Werkboek vir kortverhaalskrywers* het dan ook “uit nood” ontstaan, aangesien daar geen publikasie vir die kortverhaalkursus beskikbaar was wat aan die Universiteit van Stellenbosch gebruik kon word nie. Ná die

skryfhandleidings van Aucamp (1986, 1994) en Du Plessis (1993b) duur dit bykans 'n dekade voordat daar in 2003 weer 'n handleiding vir die aspirantskrywer in Afrikaans verskyn. *Eendag was daar 'n storie: 'n Praktiese storiemaakkursus* deur Martie Preller is op die algemene publiek gerig en streef nie (noodwendig) publikasie as doel na nie: “Dis bedoel vir almal. [...] Want ons is almal skrywers. Ons almal se lewens is stories wat ons daaglik skryf en beskryf” (Preller, 2003:flapteks).⁵⁹

2.3.5 Tersiêre kwalifikasies

Byna elke Suid-Afrikaanse universiteit se Engelse, en/of Afrikatale en/of Afrikaanse departemente bied formele kursusse in kreatiewe skryfkuns aan. Wat kreatiewe skryfkuns in Afrikaans betref, is daar kursusse aan die Universiteit van Kaapstad (Joan Hambidge (poësie) en Etienne van Heerden (prosa), beide slegs op nagraadse vlak); Universiteit van Stellenbosch (Willem Anker, en Marlene van Niekerk, voorgraads vir derdejaargestudente en nagraads); Universiteit van die Vrystaat (Hennie van Collier, nagraads); Universiteit van Pretoria (Henning Pieterse, nagraads); Universiteit van Suid-Afrika (voorgraads) en die Noordwes-Universiteit (Franci Greyling, en Bernard Odendaal, driejaar- voorgraadse program en nagraads).⁶⁰

Studente in veral nagraadse kursusse word (afhangende van die instansie) aan toelatingsvereistes en keuring onderwerp, moet verpligte werkwinkels of seminare bywoon, leeslyste deurwerk, vir addisionele vakke inskryf, onder meer in die letterkunde of literatuurteorie, en moet 'n kreatiewe en akademiese komponent vir eksaminering inhandig. Die doel is om publikasiegereed-manuskripte te ontwikkel – hoofsaaklik van literêre gehalte, hoewel sommige instansies ruimte vir alternatiewe moontlikhede laat.

2.4 Gepubliseerde skryfskoolprodukte

Vir die tydperk 2000–2009 verskyn daar 14 publikasies waarvan die manuskripte aan nagraadse skryfskole ontwikkel is:

- Nege aan die Universiteit van Kaapstad onder leiding van Etienne van Heerden: *Stinkafrikaners* (Tom Dreyer, 2000); *Hanna* (Rachelle Greeff, 2002); *Stoornis* (Nini Bennett, 2002); *Leila word lig* (Chanette Paul-Hughes, 2005); *Die blou van ons hemel* (Quintus van der Merwe, 2007); *Chinchilla* (Nanette van Rooyen, 2007); *Die dag toe ek my hare losgemaak het* (Willemien Brümmer, 2008); en *Naweek* (Toast Coetzer, 2009); en een onder leiding van Joan Hambidge: *Die vloedbos sal weer vlieg* (Carina Stander, 2006).

⁵⁹ In 2012 verskyn *Die Afrikaanse Skryfgids* (Scheepers & Kleyn, Penguin) sowel as *Om te Skryf* (Van Schaik).

⁶⁰ Kyk Scheepers & Kleyn (2012:371–375) vir 'n volledige bespreking van programme.

- Vier aan die Universiteit van Stellenbosch onder leiding van Marlene van Niekerk – *Infanta* (Deon Meyer, 2004); *Op 'n plaas in Afrika* (Helena Gunter, 2007); *Siegfried* (Willem Anker, 2007) en *Staan in die algemeen nader aan vensters* (Loftus Marais, 2008).
- Een aan die Noordwes-Universiteit onder leiding van Hans du Plessis en Franci Greyling: *Dieper water* (Helene de Kock, 2007).

Hierdie publikasielys bestaan uit twee digbundels, vier kortverhaalbundels en agt romans. Agt van die veertien publikasies is debuutwerke, maar minstens ses van hierdie skrywers het reeds as joernaliste (Brümmer, Coetzer) en dramaturge (Anker) naam gemaak, of hul werke het vroeër reeds in tydskrifte en/of bloemlesings (Bennett, Marais, Stander) verskyn.

Al die publikasies verskyn by gevestigde uitgewershuse (soms met beurse van betrokke uitgewershuse), geniet redelike breë mediablootstelling in veral dagblaaie en tydskrifte deur resensies en onderhoude (met die uitsondering van Helene de Kock waarvan daar geen mediadekking opgespoor kon word nie), en 'n paar word met literêre pryse vir uitnemendheid bekroon (Anker, Gunter, Marais).

2.5 Bemaking en resepsie van skryfskoolprodukte

Reeds met D.J. Opperman se Letterkundige Laboratorium is erkenning gegee aan die skryfskool en die mentor as bemakingstendens. In die inleiding tot die bloemlesing *Visier* (Fryer & Müller, 1984), sowel as in flaptekse en/of biografiese beskrywings van debuutbundels, onder meer, word betrokkenheid van hierdie Laboratorium gemeld (Marais, 2001:103–104). Dié slypskool is 'n waardevolle bemakingsmiddel wat volgens De Wet (1994:119) tot (literêre) waarde en verkoopswaarde bydra. Hambidge (1989:46) bevraagteken egter die motivering agter hierdie gebruik en wys op die status wat 'n debutant bewerkstellig deur sy/haar werk aan 'n mentor te koppel: “Waarom [...] moet hierdie bywoning enigsins vermeld word? Is dit werklik deel van die digter se *curriculum vitae* óf 'n soort verskuilde ‘waarmerk van gehalte’? 'n Bietjie afwys – ek was dáár?”

Irna van Zyl (1980:15) waarsku, met betrekking tot Opperman, dat hierdie koppeling tussen skrywer en mentor ook 'n negatiewe kant het – 'n onvermoë om weg te breek uit die tradisie van die mentor, die “intelery” wat ontstaan (Pienaar, 2007:13), kenmerkend dus van die verskillende skole of style wat aan 'n bepaalde slypskool gekoppel kan word (Hambidge, 2007d:4).

In die publikasies onder bespreking word daar op verskillende wyses met erkenning aan slypskole en mentors omgegaan. Dit sluit in

- geen erkenning (o.m. Greeff, 2002; Gunter, 2007);
- opgedra aan mentor (Dreyer, 2000);
- kort bedanking aan die mentor en/of slypskool as deel van ander bedankings/erkennings (o.m. Anker, 2007); en
- vermelding van die mentor en/of slypskool as deel van biografiese beskrywing van outeur op agterflap (o.m. Bennett, 2002; Stander, 2006; Van der Merwe, 2007; Van Rooyen, 2007).

Voorlopig kan die afleiding dan gemaak word dat veral publikasies van debuutskrywers die mentor en/of slypskool as Hambidge se “waarmerk van gehalte” in die bemerking byhaal (uitgesonderd Marais, 2008), terwyl skrywers wat reeds ’n reputasie het, eerder op hulle vorige skryfsukses voortbou en erkenning aan die proses, rolspelers en instansies gee (soos o.m. die reeds bekroonde Greeff en Van Rooyen).

Die ontvangs in die openbare media is oor die algemeen gunstiger as resensies wat in akademiese joernale verskyn (Cochrane, 2010:175–177; Van Niekerk, 2007:217–219), met die uitsondering van resensies waarin aangedui word dat slypskole (en uitgewers) sekere probleme moes ondervang (Burger, 2000a:11; Cilliers, 2002:6; Müller, 2007:4; Van Niekerk, 2008:22). In resensies geniet die waarde van die slypskool bykans geen aandag nie, maar dit word veral in onderhoude met skrywers wel benadruk (Botha, 2007:38; De Vries, 2008:10; Muller, 2009:12; Nieuwoudt, 2000:10, 2007a:12; Rautenbach, 2008:10; Scheepers, 2008:16; Smith, 2002c:4; Van Zyl, 2002:11).

2.6 Bekroning van skryfskoolprodukte

Debuutpryse word gereedelik aan werke van skryfskole toegeken. Ses van die genoemde publikasies is dan ook, nie minder nie as tien keer, bekroon. In 2001 word Tom Dreyer met die Eugène Marais-prys vir *Stinkafrikaners* bekroon, waarna Nini Bennett se *Stoornis* in 2003 die RAU-debuutprys en Deon Meyer se *Infanta* die ATKV-prosaprys in 2004 verower. In 2008 kom twee werke uit dieselfde skryfskool vir bekroning teen mekaar te staan: Willem Anker⁶¹ se *Siegfried* word met die Rapport Jan Rabie-prys, sowel as die UJ-debuutprys bekroon en Helena Gunter ontvang die Eugène Marais-prys vir haar kortverhaalbundel *Op ’n plaas in Afrika*. In 2009 ontvang Loftus Marais vier debuutpryse vir *Staan in die algemeen nader aan vensters: Die UJ-debuutprys*, asook die Ingrid Jonker-prys, word aan hom toegeken, hy deel die Eugène Marais-prys met Ronelda S. Kamfer en word later daardie jaar ook met die Protea-poësieprys bekroon. Loftus Marais is met sy vier bekronings dus die grootste literêre suksesverhaal van opleiding in

⁶¹ Die Jan Rabie Marjorie Wallace-skrifbeurs van R350 000 word in 2011 aan Anker toegewys.

skeppende skryfwerk, neffens alle publikasies wat in die Stellenbosse program ontwikkel is en minstens een keer bekroon is. Hierteenoor lewer die Universiteit van Kaapstad die meeste produkte (tien), maar palm slegs twee pryse in.

2.7 Skryfskole in die Afrikaanse literêre sisteem

Weens die akademiese aard van dié produkontwikkeling (skryfskole vorm deel van nagraadse kwalifikasies), is daar heelwat interne institusionele probleme met die vakgebied:

- Die waarde van skryfopleiding word (ook as akademiese vakgebied) steeds bevraagteken (Burger, 2005:13; Du Plessis, 1993a:108–109; Marais, 1987; Pienaar, 2007:13; Van Niekerk, 2012:167). Hambidge (2013) verduidelik die situasie soos volg: “Daar is baie skryfskole en -kursusse in Afrikaans. Party mense reageer snedig op hierdie kursusse en verwyf mentors dat hulle epigone skep of boeke wat nie werklik dwingend goed is nie. Dit is wel so dat skryfskole die droogte in die digkuns opgehef het.”
- In terme van die akademiese waarde van ’n kwalifikasie in skryfkuns, is die knelpunte tussen rolspelers, onder andere, die beoordelingskriteria van kreatiewe werk; die akademiese en/of literêre gehalte wat verwag word; die toelatingskriteria tot die kursus, asook die balans tussen teorie en praktyk (kyk ook Scheepers & Kleyn (2012:371–375) vir toelatingsvereistes, sowel as Aucamp, 1992:72; Du Plessis, 1993a:109–111 vir die aanvanklike debat).
- Die plasing van skryfkuns as vakgebied binne die akademie het nie, soos Aucamp (1992:72) voorspel het, ’n tuiste in die joernalistiekdepartement gevind nie, maar in taaldepartemente.
- Gevestigde (en hoofsaaklik bekroonde) skrywers onderneem die formele opleiding van jonger skrywers. Marais (1994:26–27; oorspronklike kursivering) verduidelik: “Dit is opvallend dat [...] aanbieders op tersiêre vlak opleiding in die letterkunde ontvang het en/of dit self op tersiêre vlak doseer, en dat almal reeds eie skeppende werk gepubliseer het.”

Wat die groter sisteem betref, sien die positiewe uitkomst soos volg daar uit:

- Skryfopleiding kan beskou word as metode om die algemene gehalte van die manuskripte te verbeter (Aucamp, 1992:73) – iets wat skrywers self benadruk wanneer daar oor die waarde van skryfskole in die algemeen in die media gepraat word (kyk afdeling 2.3).
- Verskeie rolspelers in die sisteem, onder meer uitgewers, skrywersverenigings, kultuurverenigings en uitgewershuse, benadruk die belangrikheid van

skryfopleiding en werk aktief mee. Keurverslae van uitgewers en tydskrifte is vroeër in die algemeen as 'n vorm van informele opleiding beskou (kyk ook Aucamp, 1992:75; Marais, 1987:3–4, 1994:22–23), maar vandag doen uitgewers aktief mee in die werwing van nuwe materiaal vir publikasie – deur, onder andere, skryfbeurse en bloemlesings van debuutwerk.

- Uitgewers ontwikkel nuwe talent deur publikasiegeleenthede vir skrywers beskikbaar te maak, wat soms ook met skryfontwikkeling gepaardgaan ('n voorbeeld is die aanvullende slypskool van die *Nuwe Stemme*-reeks).
- Skryfskole bied bemerkingswaarde aan veral debutante en die erkenning wat in die bemerkingsmateriaal van gepubliseerde werk aangebied word, skep die indruk dat die uitgewer (en die skrywer) erkenning gee aan die waarde wat die mentor in die literêre sisteem het (Marais, 1994:46, kyk ook bl. 6).
- Die sukses van skryfskole word gemeet aan studente uit tersiêre skryfskole wat gepubliseerde skrywers word, of op die een of ander wyse rolspelers in die sisteem word, in byvoorbeeld die akademie of die uitgewersbedryf (Marais, 1994:44), maar later ook gevestigde en bekroonde skrywers.
- Literêre tendense soos die eenheidsbundel ontstaan.
- Nuwe verbande word met ouer skrywers gelê (kyk o.m. Naudé, 2008d:22).
- Die waarde en sukses van mentors en skryfskole word verder deur die sisteem benadruk deur, onder andere, bekronings en 'n natuurlike koppeling met literêre waarde wat hierdeur ontstaan (*Beeld*, 2003:12; Le Grange, 2007:11).

Verdere tendense en verandering in die sisteem kan soos volg opgesom word:

- Die genre-onewewigtigheid wat vroeër by Opperman tot stand gekom het, is lank reeds uit die weg geruim. Waar poësie aanvanklik die meeste aandag gekry het, blyk dit duidelik uit hierdie ondersoek dat die roman nou die botoon by skryfskole voer (kyk o.m. Viljoen, 2001:6), maar dat die poësie steeds die meeste publikasiegeleenthede in bloemlesings vir debuutwerke geniet.
- Opleiding in tradisionele genres stel beperkings aan werke wat in die literêre sisteem opgeneem kan word. Populêre fiksie en toegepaste skryfwerk, soos Aucamp (1992:71) dit noem (films, teaterstukke, resensies), word in vroeëre skryfopleiding weggelaat – 'n situasie wat by slypskole wel aandag geniet maar aan tersiêre skryfskole nie merkbaar verander het nie.
- Sekere skryfskole stel literêre gehalte bo die gewildheid van die skrywer wat reeds sukses met 'n bepaalde styl in vorige publikasies behaal het (kyk o.m. John (2005b:4) se kritiek op Deon Meyer se *Infanta*).

- Die spanning wat tussen populêre genres en literêre gehalte bestaan, kom in resensies onder bespreking (o.m. Human, 2002:16, 2005:169; Steinmair, 2007:13; Van Zyl, 2007:241–242; Wybenga, 2005:15).
- Kritici meen dat die mentor se hand in die skrywer se kreatiewe werk soms sigbaar is (Bezuidenhout, 2008:11; Crous, 2007:9; Van Niekerk, 2007:218). Dié hand sou waarskynlik eerder toegeskryf word aan 'n merkbare wisselwerking tussen mentor en student (kyk ook Du Plessis in Torr & Leyden, 2011:42; Naudé, 2008d:22; Viljoen, 2011:6). Waar die skryfopleiding egter opmerklik is deur oordadige afwerking en gemaaktheid (Burger, 2000a:11; Smith 2003a:9; Van Niekerk, 2008d:22), is die kritiek moontlik eerder geregverdig.
- Hambidge (*Palindroom*, 2008), Van Heerden (*Asbesmiddag*, 2007) en Van Niekerk (*Die sneeuslaper*, 2010) se kreatiewe werke hou almal ook nou verband met die tema van skryfskole en die rol van die mentor vir die aspirantskrywer.

Skryfskole voorsien nie net in 'n belangrike behoefte wat veral die afgelope dekade onder aspirantskrywers ontstaan het nie, maar speel ook 'n belangrike (grootliks positiewe) rol in die literêre sisteem, deur wisselwerking tussen rolspelers te bewerkstellig en tot positiewe ontwikkeling in die bedryf by te dra. Die aantal publikasies wat die afgelope dekade verskyn het, die resepsie daarvan in die media, sowel as die groot hoeveelheid bekronings waarmee die publikasies spog, dra beslis by tot die kanoniseringswaarde van produkte wat aan skryfskole ontwikkel word. Dit is nou 'n ope vraag oor hoe hierdie tendense met debute vergelyk wat *nie* kan sê: “Kyk, ek was dáár” nie.

3. VERWERKING VAN LITERÊRE TEKSTE

[T]he highest poetry does not tend towards music, and the greatest music stands in no need of words.

Warren & Wellek, *An introduction to Literary Theory* (1949:127)

A film adapted from a book rarely does the latter justice, as a film can never match your imagination or interpretation of the written word.

Stephen Dale, *Business Day* (2003:13)

In *Translation, Rewriting and the Manipulation of Literary Fame* dui André Lefevere (1992:2) aan dat daar 'n fokusverskuiwing in literatuurstudies moet plaasvind:

It is my contention that the process of resulting in the acceptance or rejection, canonization or non-canonization of literary works is dominated not by vague, but by very concrete factors that are relatively easy to discern as soon as one decides to look for them, that is as soon as one eschews interpretation as the core of literary studies and begins to address issues such as power, ideology, institution, and manipulation. As soon

as one does this, one also realizes that rewriting in all its forms occupies a dominant position among the concrete factors just referred to.

3.1 Verwerking in die literêre sisteem

In Lefevere (1992:9) se benadering word dieselfde basiese herskrywings-/verwerkingsprosesse aangetref by vertaling, geskiedskrywing, die samestelling van bloemlesings, literêre kritiek, teksredigering en verwerking vir film en televisie. Hierdie literêre sisteem (met sy rolspelers) funksioneer dan in 'n groter konteks ('n omgewing) wat weer uit ander sisteme (met ander rolspelers) bestaan, en wat 'n invloed op mekaar uitoefen. Een so 'n subsisteem van die literêre veld wat oorvleueling met en invloed op ander sisteme veroorsaak, is herskrywing/verwerking (Lefevere, 1986:4-5). Volgens Sanders (2006:8-9) is die sukses van verwerkings in 'n groot mate afhanklik van 'n bestaande kanon, maar kan dit die kanon ook verander en uitbrei. Soos in enige sisteem is daar ook die kwessie van eksterne faktore wat 'n invloed op die sisteem uitoefen, rolspelers as maghebbers en kragte wat saam- en teëwerk in die proses.

3.2 Soorte verwerking in die Afrikaanse literêre sisteem

Met betrekking tot die Afrikaanse sisteem het herskrywing en teksverwerking vir die tydperk onder bespreking grootliks plaasgevind op die gebiede van toonsetting, teaterstukke en films. Die opkoms van kunstefeeste, wat ook 'n spesifieke fokus op die letterkunde rig, lewer sedert 1994 'n groot bydrae tot die verwerking van literatuur in ander kunsvorme. 'n Aantal dokumentêre films, internasionale vollengte- en plaaslik vervaardigde films wat op die lewens van skrywers of boeke gegrond is, het sedert 2000 ook 'n opbloeit beleef. In hierdie afdeling word daar aandag gegee aan voorbeelde van dié drie vorme van verwerking, die kunstefeeste as platform vir literatuur, en die rol wat verwerking in die literêre sisteem speel.

3.2.1 Musiek en teater

3.2.1.1 Kunstefeeste as platform

Sedert die eerste Klein Karoo Nasionale Kunstefeeste (KKNK) in 1995 het daar 'n groot hoeveelheid feeste in Suid-Afrika ontstaan. Volgens Van Zyl, Strydom en Brits (2007:223) is daar tans 85 feeste wat jaarliks aangebied word – 'n ooraanbod wat 'n negatiewe invloed op volhoubaarheid het. Veral die mediabedryf is in groot mate betrokke by die promosie, organisasie, borgskappe (kontant, operasionele ondersteuning en mediadekking) en uitgebreide redaksionele verslagdoening (Botma, 2006:145-146) om aan die verskillende feeste blootstelling te gee.

Koos Bekker (aangehaal in Botma, 2006:145) verduidelik dat kunstefeeste sinergie tussen kunstenaars, kunstefeeste, die mediabedryf en uitgewershuise ten doel stel:

Die doel met die kunstefeeste is eintlik om 'n omgewing te skep waar nuwe kunswerk 'n kans kry om af te show sodat hulle elders op toer kan gaan sodat ons oor hulle kan skryf, sodat daar boeke gepubliseer kan word oor hulle, sodat kunstenaars bekend word, sodat ons hulle mugs kan gebruik op die voorblad van Sarie. Dis 'n ding wat op die ou end ook maar jou eiebelang dien, as jy die gemeenskap versterk, en as't ware help bou, dan kom daai goed terug na jou in die vorm van meer verkope, beter advertensie-inkomste, 'n gesonder klimaat om in te werk. Dit is miskien 'n goeie voorbeeld van sinergie.

Dis duidelik dat rolspelers in dié sisteem saamwerk en op mekaar inwerk sodat een geleentheid aanleiding gee tot verdere geleenthede vir (media)blootstelling en publikasie en dus tot verhoogde status van kunstenaars en produksies (skrywers en publikasies) sowel as finansiële gewin vir die mediamaatenskap aanleiding gee. Botma (2006) meen dat die magtige invloed wat die media op die kunstefeeste het – veral as daar 'n belang by die fees is – nie onderskat moet word nie. Kunstefeeste het geweldige ekonomiese potensiaal. Die inkomste van twee van die gewilde Afrikaanse kunstefeeste vir 2003 lyk soos volg: Die KKNK genereer bykans R98 miljoen en Aardklop byna R35 miljoen (Saayman in Van Zyl, Strydom & Brits, 2007:228).

Heelwat navorsing oor die fenomeen van (kunste)feeste is al onderneem (kyk die opsomming in Van Zyl, Strydom & Brits, 2007:224), maar min aandag is gegee aan die rol wat kunstefeeste in die literêre sisteem speel. Alle kunstefeeste het boek- en skrywersprogramme waar bekendstellings, gesprekke met skrywers, paneelbesprekings, voorlesings, toonsettings, teaterproduksies en andere aangebied word. Elize Botha (2002:16) voer dan ook aan dat “Afrikaanse koerante, tydskrifte, boekhandelaars en -uitgewers deur borgskappe die lewenslyn vir hierdie feeste is”. Die Woordfees en Versindaba-poësiefees (2005–2010, daarna opgeneem in die Woordfees) is feeste wat uitsluitlik op die woord in Afrikaans fokus. Ten spyte hiervan staan die klagtes dat daar steeds nie genoeg kopers van Afrikaanse boeke is nie (Botha, 2002), en daar dus nie genoegsame ekonomiese waarde vir die boekbedryf uit hierdie geleenthede geput word nie.

3.2.1.2 Teaterproduksies

Die dramagenre het veral wat publikasies betref, die afgelope dekade kritieke lae publikasiesyfers getoon (kyk o.m. Van Coller & Van Jaarsveld, 2003; Venter, 2006:114–148, 571–581). Die toename in kunstefeeste as platform vir dramaproduksies het egter 'n positiewe uitwerking op die Afrikaanse toneelwêreld gehad (Kalmer in Nieuwoudt, 2002a:20), wat nie gekoppel is aan die situasie in die gepubliseerde genre nie. Soos dit

die geval met veral toonsettings en musiekteater is (kyk o.m. afdelings 3.3.1.3–3.3.1.5), is die vernuwing en ook die oorlewing van die Afrikaanse drama van buiteliterêre rolspelers afhanklik om te oorleef. Hierdie rolspelers kan gelys word as opleidingsmoontlikhede in die skryf van toneelstukke, befondsing van teateropvoerings, beskikbare openbare platforms, bekronings en prysgeld, en individue soos dramaturge, akteurs en regisseurs.

Vir die tydperk wat in hierdie studie bespreek word, kan daar deur die bestudering van mediablootstelling en kunstefeesprogramme 'n paar algemene afleidings met betrekking tot die Afrikaanse literatuur en die kreatiewe verwerking daarvan gemaak word:

- Afrikaanse toneelstukke word sporadies weer as dramas in boekvorm gepubliseer, o.m. *Briewe aan 'n rooi dak* – Harry Kalmer, 2005; *Slaghuis* – Willem Anker, 2007; *Vyfmylpaal* en *Kaburu* – Deon Opperman, 2004 en 2008 respektiewelik; *Prinsloo versus* – Adriaan Meyer, 2009; *Breek* – Barry Hough & Lizz Meiring, 2005 en die Lizz Meiring-speelgoedreeks waarin ses dramatekste verskyn (2007).
- Gepubliseerde dramas verskyn benewens by hoofstroomuitgewers ook as selfpublikasies en by randuitgewers soos Genugtig! Uitgewers en Sewekleureboeke.
- Die lewens van Afrikaanse skrywers word geredelik tot dramatekste verwerk (o.m. dié van Jan Rabie in *Jan en Jorrie*; Eugène Marais in *Verleiding*; Koos Prinsloo in *Prinsloo versus*; Ingrid Jonker in *Altyd Jonker*; Etienne Leroux in *Slaghuis*; Audrey Bignault in *Drafstap of drentel?* en *Audrey*; Dot Serfontein in *Dot Serfontein vertel*; P.H. Nortjé in *Op 'n hoë noot*; en Antjie Krog in *'n Ander tongval* (kyk ook 3.2.2 m.b.t. dokumentêre films).
- Gepubliseerde romans en/of kortverhale word vir die teater verwerk (o.m. *Die man met die 13 kinders* – Harry Kalmer; *Die uurwerk kantel* – Marié Heese; *Abjater wat so lag* – Wilma Stockenström; en *Bestemmings* – Marita van der Vyver).
- Dramas uit die wêreldliteratuur word vir Afrikaanse produksies vertaal, o.m. *Begeerte* (vertaling van Eugene O'Neill se *Desire under the Elms*); *Diensmeisies* (vertaling van Jean Genet se *Les Bonnes*); sowel as literatuur in inheemse tale, o.m. *Die reënvoëltjie wat melk kom maak* – orale Xhosa-storie; *Met woorde soos met kerse* – Krog se verwerkings van poësie in die inheemse orale tradisie (kyk ook Hoofstuk 6 m.b.t. vertaling).

Akteurs en regisseurs kla dat kaartjieverkope nie 'n belangstelling in Afrikaanse drama (veral kleiner produksies) weerspieël nie en dat mediablootstelling vir hierdie produksies nie geredelik plaasvind nie (Tromp, 2005:11). Mediablootstelling vir Afrikaanse teaterproduksies is steeds beperk, en waarskynlik weens die ooraanbod van inligting met betrekking tot kunstefeeste is berigte beperk tot enkele besprekings en resensies, onderhoude, feesprogrammoorsigte, en bekronings van dramatekste by kunstefeeste.

Die toneelstuk ding nou egter mee om status in die sisteem van die uitvoerende kunste, en die sukses van die verwerking word gemeet aan die reputasie van die akteur en regisseur, nie meer aan die literêre waarde wat dit geniet nie. Die maatstawwe vir bekroning verskuif dus.

Slypskole en dramakompetisies bevorder die ontwikkeling en publikasie van dramatekste. Veral literêre pryse vir gepubliseerde dramas (kyk ook die debat oor die Hertzog-prys vir drama in hoofstuk 7), pryse met literêre meriete (Sanlam Afrikaanse Teater-prys, sedert 2004), dramapryse en publikasiegeleenthede (Nagtegaal-prys, sedert 2002) en prestasiepryse by kunstefeeste speel 'n groot rol in die bevestiging van die status van Afrikaanse drama as geskrewe/gepubliseerde genre in die Afrikaanse letterkunde. Die fokus van die drama in bestaande literatuurgeskiedenis is egter steeds gerig op gepubliseerde dramatekste (kyk Kannemeyer, 2005:674–688) hoewel Coetser se oorsig van die Afrikaanse drama en teater (in Van Coller, 2006:149–189) aandui dat ook aandag gegee word aan die ontwikkeling van die Afrikaanse drama, TV- en radiodrama. Daar is egter nog geen volledige bespreking van kreatiewe verwerking van literêre tekste vir die verhoog of die filmbedryf beskikbaar nie.

Groter nog as die opbloeï in teaterproduksies as kreatiewe verwerkings van literêre tekste en skrywersbiografieë, is die toename in herskrywing vir musiekteaterproduksies. Die Woordfees en Versindaba-poësiefees gee veral geleentheid aan skrywers om deel te neem aan openbare voordragte, samewerking tussen musikante en digters, musiekteaterproduksies, toonsettings en kunsliedverwerkings.

3.2.1.3 Musiek en poësie

Reeds in 1980 wys Hennie Aucamp in “Die digter en die liedjieskrywer” (opgeneem in Aucamp, 1984:49–62) op 'n verband tussen die poësie en die liedteks. Bosman (2003:105) voer ook aan dat die grense tussen die poësie en die liriek begin vervaag. Rosa Keet, Stephan Bouwer en Eitemal is almal “gevestigde digters” asook “professionele liriekskrywers”, maar Aucamp (1980:49, oorspronklike kursivering) waarsku dat die kanse skraal is “dat 'n liriek ook *groot* poësie kan word” omdat die

doelstellings van die twee mediums verskil, en dat dit 'n blote geluuskoot is as lirieke wel as goeie poësie erkenning kry (kyk ook Aucamp, 2007b:11).

Die geweldige afname in die publikasie van digbundels rondom 2000 (Adendorff, 2003, 2006; Bosman, 2003:101–110; Odendaal, 2006) stel nuwe vrae oor die posisie van die Afrikaanse poësie in die literêre sisteem (Bosman, 2003:102). Die verskuiwing van die poësie as veeleisende genre na die openbare domein deur voorlesings, voordragprogramme en bekgevegte (Bosman, 2003:102, 104) dui op 'n groot verandering in die sisteem. Odendaal (2010:2) voer aan:

Volbloeddigters, rocksangers en liriekskrywers boer saam op verhoë in bekgevegte (i.e. blitsdigkompetisies) en “shows” (soos OOPMOND, KLANKDIG en SKEMERVERSE op die afgelope Woordfees). Digters soos Koos Kombuis, Gert Vlok Nel en Toast Coetzer word sangers, en rockers soos Andries Bezuidenhout, Steve Hofmeyr, Hunter Kennedy en Jak de Priester maak andersom. Amanda Strydom, Johannes Kerkorrel, David Kramer, Stef Bos, en derglike publiseer hul lirieke as (glansend gebinde) “digbundels”. Talle CD's van makers van ligte musiek spog met toonsettings van gedigte (Laurinda Hofmeyer, Herman van der Berg, Anneli van Rooyen, Andries Bezuidenhout, die rockgroep DKW, ensovoorts).

Poësie is dus nie meer in gepubliseerde vorm gewild nie, maar kry deur kreatiewe verwerking 'n nuwe plek in die subsisteem van die uitvoerende kunste (De Ridder & Wessels, 2002:31).

3.2.1.4 Toonsettings

Toonsetting in veral die kunsliedstyl voer aanvanklik die botoon met verwerkings van gedigte van onder andere N.P. van Wyk Louw (deur o.m. Wilhelm Joubert, Peter Klatzow, Henk Badings); Boerneef en Sheila Cussons (Annelise Wiid), C. Louis Leipoldt (Derek Fordyce), Eugène Marais (Hendrik Hofmeyr, Stefans Grové, Hubert du Plessis); D.J. Opperman en C.M. van der Heever (Hendrik Hofmeyr); en Antjie Krog (Neil van der Watt).

In 2004 ontstaan daar 'n debat oor die gepastheid van ouer Afrikaanse gedigte met betrekking tot toonsetting in die huidige getransformeerde samelewing en by implikasie die voorskriftelikheid van politieke en kulturele druk (Smith, 2004:4).⁶² “Die woord [“kunslied”] impliseer [...] dat jy in voeling met die tydsgees móét wees, dat jou werk ten alle tye die jongste mode-neigings moet weerspieël, dat jy moet dans na die pype van die kultuurpolisie wie se eerste en enigste oorweging is wat sosiaal-maatskaplik aanvaarbaar is,” meen Smith (2004:4) in sy opsomming van Hofmeyr se teenargument wat aanvoer dat die kunslied “liriese poësie met 'n verhewe toon tipies van die vroeër Afrikaanse digkuns” vereis – dus 'n verhewe status gee aan 'n sekere soort poësie (die uitspraak is van Hofmeyr maar die aanhaling is van Smith (2004:4)).

⁶² Kyk ook Muller (2009) vir 'n volledige opsomming van mediablootstelling aan die debat.

Sedert die vroeë tagtigerjare het Laurinda Hofmeyer en Marimba se toonsettings van onder andere Eugène Marais, C. Louis Leipoldt, H.A. Fagan, A.G. Visser, Uys Krige, N.P. van Wyk Louw, Boerneef, D.J. Opperman, Ingrid Jonker, Jeanne Goosen, Johan Myburg, Olga Kirsch, Breyten Breytenbach en andere, weggebreek van die swaarwigtigheid van die kunslied met toegankliker toonsettings wat tot die populêre mark spreek. Almal is gevestigde, gekanoniseerde, gebloemleesde digters wat vir die breë publiek toeganklik gemaak word (Muller, 2002:10; Smith, 2002b:8).

Chris Chameleon het met sy Ingrid Jonker-toonsettings *Ek herhaal jou* (2005) dubbele platinumstatus behaal (Barnard, 2011:14) en weens die gewildheid daarvan dit opgevolg met *As jy weer skryf* (2011). Die “herhaling” van Jonker in vertaling (kyk hoofstuk 6), dokumentêre en vollengte films (kyk afdeling 3.2.2), teater (kyk afdeling 3.2.1.2) en toonsettings bevestig haar kultusstatus plaaslik en in die buiteland – maar moontlik ook haar literêre status en kanoniseringswaarde in ’n verskeidenheid sisteme (Chameleon, 2009:3; Van Niekerk, 2011:7). Haar internasionale status as skrywer word ook herbevestig deur die Europese toere wat Chameleon in 2005 met vertonings van sy toonsettings onderneem (Jordaan, 2005:5). Met latere toonsettings van onder andere “Die kind” deur die gewilde musiekgroep Klopjag, voer Waldner (2002:31) aan, “lewer [...] musici net deur die insluiting daarvan in repertoires van nuwe, bemerkbare Afrikaanse musiek ’n bydrae tot die herlewing van kosbare woorde in die harte van Afrikaners” – ’n uitspraak wat vertolk kan word as ’n reddingsdaad teenoor die (sterwende, ongewilde, dooie) poësie.

3.2.1.5 Gepubliseerde lirieke

Die grense tussen die liriek en die poësie in gepubliseerde formaat verander ook. Andries Bezuidenhout (2011:11) tref ’n onderskeid tussen “liriekbundels” en “liedboeke” waarin akkoorde en lirieke afgedruk word. “Anders as hierdie *song books* [liedboeke] neem liriekbundels die vorm van ’n digbundel aan en vestig die aandag op die woorde, nie die melodie nie. ’n Mens lees dus anders as wat jy daarna sou luister op ’n CD. ’n Liriek staan in versvorm op ’n bladsy, soos ’n gedig.” Slegs *Boerneef sing: Komposisies van uitgesoekte verse – 10 sikkusse* (2005) kan (vir die tydperk onder bespreking) beskou word as ’n liedboek, die ander publikasies stel almal die aanbieding van lirieke as poësie voor (kyk Thom (2005:9) vir kritiek op die formaat en aanbieding van *Boerneef sing*).

Van Koos du Plessis verskyn een bundel lirieke (*Kinders van die wind*, 1981); twee bundels digkuns (*Om jou verlaas te groet*, 1988 en *Skink nog ’n uur uit my glas*, 1996); en later ’n volledige versameling lirieke, gepubliseerde verse en ongepubliseerde gedigte as *Erfdeel* (2004).⁶³

⁶³ Kyk Malan (2004:18) vir die onderskeid tussen liriekbundels en digbundels m.b.t. Du Plessis.

Gert Vlok Nel publiseer twee digbundels: *Om te lewe is onnatuurlik* (1993) en *Om Beaufort-Wes se beautiful woorde te verlaat* (1999). Dié gedigte vorm die basis van die musiekvertoning en die CD *Beaufort-Wes se beautiful woorde* (1998). Jak de Priester se digbundels *Heuning in die mond* (2005) en lirieke in *Brood* (2010) verskyn beide as selfpublikasies. Lirieke word gepubliseer in onder andere Amanda Strydom se *Kaalvoet* (2004) en Anton Goosen se *Hitte vannie teerpad* (2005). Breytenbach se voorgeleesde gedigte word saam met die CD's *Mondmusiek* (2001) en *Lady One* (2002) in 'n kleinformaat CD-boekie (klankbundels) gepubliseer, anders as die verpakking van die toonsettings *Om te Breyten* (2000) en *Beste Breyten* (2009).

Liriekbundels verskyn sedert 2000 ook by rand- of onbekende uitgewers of as selfpublikasies. Amanda Strydom wie se lirieke by Genugtig! verskyn het, voer aan dat uitgewers nie haar werk as finansiële lonend beskou het nie (Burger, 2004:8). Jak de Priester se eerste bundel word deur Bowline uitgegee en die latere liriekboek deur KuifkopMedia.

Wanneer die liriek na die poëtiesistiem getransporeer word, meen Hambidge (2011:7), geld die literêre konvensie: “dan vra dit om digterlike inspeksie. Dan kyk mens na die ryme, die metrum, die refreine, die beelde” (kyk ook Adendorff, 2011; Malan, 2004:169–170; Marais, 2005a:6).

Valiant Swart voer aan dat gepubliseerde lirieke “in die algemeen [...] meer erkenning sal [geniet]” (aangehaal in Bottomley & Roberts, 2011:20), en deur die assosiasie met die poësie en die boekformaat verhoogde (literêre) status verkry. Die opname van lirieke in gevestigde bloemlesings soos *Groot Verseboek* en *Poskaarte* (kyk ook hoofstuk 7), en die besprekings van liriekboeke in literatuurgeskiedenis (kyk hoofstuk 8) dui op 'n verruiming van die kanon (kyk ook Bosman, 2006:116–117); vervaging van grense tussen subgenres; verhoogde blootstelling aan digters en die Afrikaanse digkuns (ook in die buiteland); verhoogde en veranderende status van digters (ook onder 'n nuwe gehoor); literêre status vir liriekskrywers; alternatiewe vorme van publikasie deur formate anders as konvensionele boekpublikasie en alternatiewe uitgewers wat tot die publikasieproses toetree.

3.2.2 Film

Die verwerking van literêre fiksie tot draaiboek en verfilming bring 'n nuwe subsistiem tot stand wat nie alleen die speelveld vir ekonomiese sukses verander nie, maar ook nuwe rolspelers betrek, ander maatstawwe vir kritiek en waardeoordeel teweegbring en meeding vir 'n plek in 'n sisteem buite die literêre veld in ander taal-, kulturele, ekonomiese, politiese en sosiale sisteme. Whelehan (1999:8) verduidelik:

The question is left open, however, as to how successful films are determined, but it raises the issue of the relationship of box office success, target audience, and how, in particular, “high” literature becomes popular culture with a corresponding effect on book sales and the perception of literary value and “high” cultural tastes in the eye of the mass viewing audience.

Die heersende debat en doelbewuste instandhouding van hiërargieë deur die twee “weergawes” (boek en film) teen mekaar op te weeg en af te speel – “The original was better”, “I liked the book better” – is dan ook ’n aanduiding dat hierdie twee produkte wel teen mekaar te staan kom (kyk ook McFarlane, 2007:4) in die stryd om status van ’n literêre teks teenoor die ekonomiese waarde van ’n filmweergawe: “I think it goes further, and more damagingly, [...] a high culture/popular culture hierarchy, in which film inevitably comes below/behind the literary text” (McFarlane, 2007:4).

Boekverkope kan deur verfilming verhoog word (kyk ook afdeling 5 m.b.t. leeskringe en verfilming). Die publikasie van draaiboeke en die verkope daarvan is internasionaal aan die toeneem en dus ook ’n beswering van die vrees dat verfilming ’n negatiewe uitkoms vir boekverkope sal meebring (Whelehan, 1999:5, 18).

3.2.2.1 Die Afrikaanse literatuur en die filmbedryf

Sedert 2000 is daar ’n opbloeï in Afrikaanse kommersiële films, veral in die slapstick-komediegenre. Breed en Greyling (2010:84) voer egter aan dat dit nie goed gaan met die Afrikaanse filmbedryf nie, en dat daar sedert 2000 maar ’n tiental vollengte films verskyn het, in teenstelling met hoë produksiesyfers in veral die 1960’s en 1980’s. Dié tekort kan egter nie toegeskryf word aan ’n tekort aan beskikbare materiaal vir verwerking nie (Crous, 2004). In 2009 stel die M-Net Literêre Toekennings ’n Afrikaanse filmkategorie bekend waarin beoordelaars romans identifiseer wat potensiaal het vir ontwikkeling tot draaiboeke wat deur M-Net vir TV geproduseer kan word. Deon Meyer se *13 uur* is die wenner van dié eerste Afrikaanse filmprys vir letterkunde.

Ten spyte van institusionele praktyke soos prystoekennings, is daar ook ’n reeks ander maatstawwe wat ’n rol speel by die keuse van tekste vir verwerking tot draaiboeke. Met betrekking tot die films wat hier bespreek word, is die volgende faktore geïdentifiseer:

- goeie verkopers (Pople, 2002:3; Ray, 2000:39);
- bekendheid van outeurs en/of publikasies (Boekkooi, 2003:28; De Waal, 2009b:9; Feldman, 2007:11; Pople, 2001:4; Williamson, 2007:3);
- literêre prysbekronings (Makatile, 2009:13; Malan, 2006:8; Miller, 2008:2; Weaver, 2002:4);
- literêre werk wat in vertaling beskikbaar is (Fitzpatrick, 2009:8; Malan, 2006:8);

- persoonlike voorkeure van die draaiboekskrywer (Breed & Greyling, 2010:89; Corrigan, 2005:5; Pople, 2001:4; Von Meck, 2005:1);
- die kompleksiteit van die literêre werk (Breed & Greyling, 2010:89);⁶⁴
- unieke Suid-Afrikaanse politieke tematiek (Botha, 2009:5; Corrigan, 2005:5; Farber, 2003a:7; Pople, 2002:3; *The Star*, 2004:1); en
- universele tematiek (Whitebooi, 2002:11).

3.2.2.2 Verfilming in die Afrikaanse literêre sisteem

Vir die doeleindes van die Afrikaanse sisteem vir die tydperk onder bespreking, word daar gekyk na *Promised Land*, 2003 (gebaseer op Karel Schoeman se roman *Na die geliefde land*, vertaal as *Promised Land*); *In My Country*, 2005 (Hollywood-filmweergawe van Antjie Krog se *Country of My Skull*); *Korreltjie niks is my dood*, 2001 en *Ingrid Jonker: Her Lives and Time*, 2007 (twee dokumentêre films deur onderskeidelik Saskia van Schaik en Helena Nogueira); *Triomf*, 2009 (gebaseer op Marlene van Niekerk se bekroonde roman); en mediadekking rondom Deon Meyer se televisie- en filmregte.

As daar gekyk word na verwerkings van literêre werke en dokumentêre oor Afrikaanse skrywers wat in filmteaters gedraai het, word dit duidelik waarom verfilming 'n al belangriker rol in die Afrikaanse kanon vervul, en as 'n belangrike bron van kulturele kapitaal, ideologiese motivering, ekonomiese waarde, en verhoogde status vir die outeur en literêre werk beskou kan word.

Die politieke tema van die Suid-Afrikaanse geskiedenis blyk 'n aantreklike motivering vir buitelandse filmmakers te wees (Botha, 2009:5). *In My Country* fokus op die WVK se ondersoek na politieke vergrype in die apartheidsbestel. In die dokumentêre oor Ingrid Jonker word klem gelê op haar politieke bewuswording, haar verhouding met haar pa as kabinetslid en voorstander van die sensuurraad, sowel as haar politieke nalatenskap met onder meer die gedig "Die kind". Nogueira maak dan ook 'n soort regstelling met betrekking tot Jonker se onderskatte politieke posisie wanneer sy in die dokumentêr sê: "Haar politieke verset is ernstig onderspeel wanneer sy bespreek is. *Die kind* is nooit voorgeskryf en nooit opgeneem in versamelbundels nie. Daar was nooit plek vir dié kritiese kop nie, dit was altyd die dogter, die minnares" (Smith, 2002:11).

Skrywers kry internasionale blootstelling deur films wat by internasionale feeste vertoon (Clarke, 2009:30; Hlongwane, 2005:3; Kennedy, 2003:31) en bekroon word (Clarke, 2009:20; Hough, 2001:3; Pretorius, 2002:12), mediadekking geniet (Engelbrecht, 2004:14) en tot vertaling en internasionale verspreiding van boeke aanleiding gee (*Volksblad*, 1998:6).

⁶⁴ Kyk De Waal (2009b:9) vir 'n teenargument.

Internasionale filmmakers, regisseurs en akteurs verhoog die status van die produk (kyk o.m. Pople, 2001:4). *In My Country* se regie is deur John Boorman behartig en Juliette Binoche en Samuel Jackson vertolk twee van die hoofrolle. Blootstelling en suksesse op internasionale filmfeeste gee aan plaaslike gehore 'n mate van bevestiging dat die film 'n sukses is voor dit uitgereik word (Farber, 2003b:7). Films wat plaaslike sukses ten doel stel, maak gebruik van bekende Suid-Afrikaanse akteurs om kykers na die teaters te lok (Pople, 2003:4).

Intertekste, verwysingspunte en raakpunte met wêreldliteratuur en internasionale skrywersfigure en ikone word opsigtelik. In Jonker se geval word sy vergelyk met groot skrywers soos Sylvia Plath, Virginia Woolf en die ikoon Marilyn Monroe.

3.2.2.3 Wrywing tussen sisteme

Daar vind egter ook wrywing tussen rolspelers in die onderskeie sisteme (maar ook tussen die sisteme as geheel) plaas, wat magsverhoudinge en hiërgargiese posisies blootlê, ekonomiese implikasies inhou en aanleiding gee tot negatiewe resepsie in die literêre sisteem.

Politiese bagasie in die Suid-Afrikaanse konteks het byvoorbeeld 'n groot rol gespeel by plaaslike kykers se ontvangs van *In My Country*. "Ons is keelvol daarvoor dat die Afrikaner altyd as rassisties en platvoers uitgebeeld word. Ons wil nie meer buitelandse regisseurs sien wat plaaslike verhale kom opmors en bevooroordeelde politiek korrekte stellings maak nie" (Van Nierop aangehaal in Eybers, 2005:11). Swak ontvangs van films dui grootliks op die verwerkte weergawe (die film), eerder as die oorspronklike literêre werk of die skrywer (Chetty, 2005:5; Eybers, 2005:11; Greig, 2005:11; Kennedy, 2005:6; *Independent on Saturday*, 2004:20). Daar ontstaan ook konflik tussen die doelstellings van die literêre teks en die draaiboek (Corrigal, 2005:5; Dale, 2003:13; Prins, 2008:4; Kennedy, 2003:31; Weaver, 2002:4) en die ikoniese status wat literatuur en skrywers onder lesers geniet.

Daar is plaaslik veral kritiek gelewer op die buiteland se persepsie van die plaaslike konteks (De Beer, 2007:7) waar die internasionale gehoor die aanslag dikteer omdat dit groter ekonomiese waarde teweegbring (Corrigal, 2005:5; De Waal, 2005:3; Van Nierop, 2003:26; Van Wyk, 2003:8).

Verskille in oordeel en resepsie tussen kultuur- en taalgroepe het ook as knelpunt na vore gekom. *Promised Land* is besonder negatief in die Afrikaanse media ontvang en bespreek (Boekkooi, 2003:28; Roodt, 2003:20), teenoor 'n positiewer resepsie in die Engelse media (Greig, 2003:11; Kennedy, 2003:31). Daarteenoor is *Triomf* weer positief deur die Afrikaanse kykerskorps en resensente ontvang (Fitzpatrick, 2009:8; Pople,

2009:8; *Rapport*, 2009:1), terwyl groot kulturele vervreemding en skok by Engelse kritici geheers het (De Waal, 2009a:8; Kennedy, 2008:25; Smith, 2009:2).

In die plaaslike filmbedryf speel ekonomiese faktore 'n groot rol weens die gebrek aan beskikbare befondsing (Breed & Greyling, 2010). Die Jonker-dokumentêre, *Promised Land* en *Triomf* is byvoorbeeld deur alternatiewe bronne befonds – in plaas van ruimbegroting-Hollywoodfondse wat slegs kommersiële suksesse nastreef. Plaaslik vervaardigde films oor Suid-Afrikaanse tematiek word onafhanklik van kommersiële druk, voorskriftelike vervaardigers en internasionale supersterre vervaardig om 'n outentieke produk aan plaaslike kykers beskikbaar te stel (Farber, 2003a:7; Kuper, 2009:1) én internasionale blootstelling te geniet.

Knelpunte ontstaan egter ook in die onderhandeling met plaaslike filmverspreiders wat kommersiële waarde as maatstaf voorhou, maar tot beperkte blootstelling onder 'n plaaslike gehoor aanleiding gegee het soos met *Triomf* gebeur het (McKay, 2009:16; Pople, 2009:8; Van Nierop, 2008:40).

Uit die voorafgaande ontleding van beskikbare literatuur oor films gebaseer op Afrikaanse literêre werke of skrywers, is dit duidelik dat heersende persepsies van literêre waarde bloot deur die verfilming daarvan herbevestig word. Geykte kanoniseringspraktyke soos goeie media-ontvangs, prysbekronings en vertaling voer steeds die botoon by die bepaling van literêre waarde. Dit is egter ook duidelik dat eksterne – veral politiese, kulturele en ekonomiese – faktore 'n betreklik groot rol in die keuse en uitvoer van verfilming speel, en dat rolspelers in eksterne sisteme nie die waardeoordeel van 'n ander sisteem altyd onderskryf nie. Waar kanonieke status van 'n roman of skrywer tot verfilming bydra, kan daar ook gekyk word na die invers hiervan: Paul C. Venter se *Arende*-, *Konings*- en *Torings*-televisiereekse het op grond van die gewildheidswaarde daarvan aanleiding gegee het tot 'n opvolg in gepubliseerde fiksie (kyk Nel, 2009:6), maar steeds nie tot kanonieke status nie.

4. SENSUUR

Language is a meeting place, a point of confrontation, between the individual and the social.

André Brink, *Mapmakers* (1983:231–232)

Gat, kak, pis, naai, drol, chickenshit, fok, fuck, en moer is almal woorde wat in die boek voorkom en [...] onguur is.

Uitspraak oor ***Magersfontein, o Magersfontein!*** deur die appèlraad (1977) opgeneem in Van Rooyen, *A South African Censor's Tale* (1978:16)

Kannemeyer (2005:268) voer aan dat die vernuwing van Sestig nie tot die literatuur beperk was nie, maar dat dit ook die taboes en morele, politieke en godsdienstige vooroordele van die Suid-Afrikaanse samelewing blootgelê en afgebreek het (Van Rooyen, 2011:21–22). “Censorship is not only the control of publications, films, theatre and forms of art: it is the offspring of political control,” skryf Ampie Coetzee (aangehaal in De Lange, 1997:xi); ’n mening waarby Archie Dick (2004, 2006) aansluit met sy navorsing oor die betrokkenheid en meewerking van biblioteke en inligtingswerkers aan die vernietiging van duisende boeke in munisipale oonde. Dié regeringsinisiatief, meen Dick, was ’n poging om lesersgedrag te reguleer deur die “slegte” boek te vernietig, en die “goeie” boek te propageer (Dick, 2004:31). Met die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 was slegs 100 titels op die lys van verbode materiaal. In 1949 groei die syfer tot 200; in 1950 tot 400; in 1952 tot 800; en in 1955 tot 1 400 (Dick, 2004:32).

Die Suid-Afrikaanse sensuurwetgewing was maar een skakel in die groter politieke sisteem van Suid-Afrika, wat deel gevorm het van drakoniese wetgewing en geweld wat ten doel gehad het om politieke ideologie in stand te hou:

While literature involves the whole territory of values and creativity both in private and communal experience, which implies that it is intrinsically non-violent (a pen, not a sword), censorship represents institutional violence at its most insidious [...] Censorship rests on the premise that a handful of people have the right to decide what an entire society should read, see, discuss, and, in the final instance, think (Brink, 1983:248).

4.1 Sensuurwetgewing – ’n oorsig

Op 1 November 1963 word die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede ingestel wat binnelandse publikasies aan sensuur onderwerp. In die eerste sewe maande van dié wet word 504 titels verbied, en staan die lys vyf jaar later in 1968 op ’n astronomiese 12 000 titels. Met die veranderde wetgewing in 1974 deur die aanstelling van ’n direktoraat as administratiewe liggaam in die plek van die Publikasieraad, stem die wetsbeskrywing steeds woordeliks ooreen met die 1963-weergawe, behalwe vir die weglating van die “waarskynlike leser”. “Die direktoraat benoem komitees wat publikasies gewens of ongewens kan verklaar. ’n Appèlraad met ’n regsgeleerde as voorsitter kan beslissings van die komitees hersien op versoek van die minister, skrywer, uitgewer of lede van die publiek” (Steyn in Beukes, 1992:367). In 1974 sou die situasie Afrikaanse skrywers egter direk raak deur die eerste verbod op ’n Afrikaanse roman.

In terme van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede 42 van 1974 artikel 5.2 kan ’n publikasie ongewens verklaar word as dit

- (a) onbetaamlik of onwelvoeglik is of vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is;
- (b) godslasterlik is of vir die godsdienstige oortuigings of gevoelens van enige bevolkingsdeel van die Republiek aanstootlik is;

- (c) enige bevolkingsdeel van die Republiek belaglik of veragtelik maak;
- (d) vir die betrekkinge tussen enige bevolkingsdele van die Republiek skadelik is;
- (e) vir die veiligheid van die Staat, die algemene welsyn of die vrede en goeie orde nadelig is.

Die 1979-wysiging van die wet het ruimte gelaat vir literêre meriete en beperkte lesersgetalle – literêre werke van veral Afrikaanse skrywers kon dus makliker vrygestel word van die verbod wat vroeër daarop geplaas is (Van Rooyen, 2001:64, 79).

4.2 Sensuur in die Afrikaanse literêre sisteem

Die invloed van sensuur op die literêre sisteem is tot op hede beperk tot enkele publikasies (De Lange, 1997; McDonald, 2009; Van Rensburg, 1990; Van Rooyen, 1978), biografiese studies (Galloway, 1990; Human, 2006; Kannemeyer, 2008) en gevallestudies (Kleyn, 2010, 2012). In literatuurgeskiedenis het dit egter nie neerslag gevind nie, behalwe as oorsigtelike bespreking en verwysing na byvoorbeeld pryspolemieke, debatte in skrywersverenigings, en enkele individuele besprekings. Daar is in Kannemeyer (2005) geen bespreking oor Welma Odendaal se *Donga* en *Inspan* óf die regsaksie en publikasieverbod nie. Daar is ook geen sprake van Dan Roodt se *Taaldoo*s en die besitverbod nie. Kannemeyer beskou literêre versettdyskrifte (met die uitsondering van *Stet* en *Ensovoort*) nie as 'n aktiewe rolspeler in die literêre bestel nie, en dit geld vir verbode publikasies ook – behalwe as die outeur reeds 'n behoorlik gekanoniseerde posisie in die literêre sisteem beklee het, of sensuur op die een of ander wyse met institusionele praktyke soos bekroning en vertaling verband gehou het.

Van die belangrikste literêre werke van die sewentigerjare is verbied (Kannemeyer, 2005:550) soos dié van André P. Brink, Etienne Leroux, Breyten Breytenbach, Welma Odendaal en John Miles. Hoewel meeste literêre tydskrifte van die sewentiger- en tagtigerjare op een of ander wyse vir oortredings op die Wet op Publikasies voor die direktoraat gedien het, is *Taaldoo*s, *Donga* en *Inspan* deur 'n algehele verbod op verdere publikasie gestaak.

Sensuurwetgewing het 'n besonder groot rol in die Suid-Afrikaanse literêre sisteem gespeel, en bykans alle rolspelers is hierdeur geraak. Verskerpte wetgewing het jong skrywers ontmoedig om te skryf (Brink, 1983:250; Kannemeyer, 2005:550; Steyn in Beukes, 1992:352), en ook 'n blywende negatiewe uitwerking op gevestigde outeurs soos Etienne Leroux se oeuvre gehad (Human, 2006:51). Volgens Gardiner (2002:5) het die klimaat van intellektuele, morele en politieke onderdrukking sistematies vererger:

Some features of that period that are important to mention are: detention without trial; the naming of 102 South Africans as “communists”, thereby silencing them; the proscription of 46 South African writers living abroad from being read in their country; the Terrorism Act, and strong forms of pressure to censor the self.

Uitgewers is gedwing om pre-sensuur toe te pas (Brink, 1983:249; Human, 2006:53) weens die ekonomiese implikasies van 'n verbod, maar het ook verplig gevoel om 'n publikasie (en skrywer) in die hof te verdedig sou die werk verban word (Human, 2006:53; Steyn in Beukes, 1992:368). Human & Rousseau het meer as R20 000 aan die appèlsaak van Leroux se *Magersfontein, o Magersfontein!* spandeer, sonder sukses (Steyn in Beukes, 1992:373). Foutiewe pre-sensuuroordele het tot gevolg gehad dat publikasies wat by uitgewers weens 'n vrees vir 'n verbod afgewys is, elders uitgegee is, sonder dat dit ooit verbied is (Human, 2006:53; Steyn in Beukes, 1992:368).

Hoewel die Afrikaanse skrywers veel minder as hulle Engelse genote onder die sensuurwette van die tyd gebuk gegaan het, bestaan daar in die 1960's geen onafhanklike Afrikaanse uitgewershuse nie. Uitgewers het bande met die regering gehad of op finansiële steun van die regering staatgemaak (De Lange, 1997:35). Dit het publikasiegeleenthede beperk omdat uitgewers vervolging gevrees het, en waar hulle wel omstrede werke aanvaar het, het hul veranderinge – soms sonder die goedkeuring van die skrywer – op die bladproewe aangebring om die manuskrip veilig te skaaf (Deysel, 2006:7).

Boekhandelaars is beperk tot wat wettig aangehou en verkoop mag word (Brink, 1983:249), beperking is gestel op die individu se vryheid, beweeglikheid en persoonlike besittings (Brink, 1983:244–245), en skrywers is aangemoedig om eerder in Engels te skryf en so die internasionale mark te betree in 'n poging om hul werk wel beskikbaar te stel (Steyn in Beukes, 1992:352).

Daar is ook interne druk vanuit die literêre sisteem self op rolspelers en individue uitgeoefen. Vervreemding het tussen die regering en die plaaslike skrywer plaasgevind (Brink, 1983:252; Steyn in Beukes, 1992:363), asook tussen rolspelers wat die onderskeie sisteme (politie en literêr) in stand moes hou (kyk ook 4.3 van hierdie afdeling). Interne struwelinge het tussen skrywers ontstaan, onder meer oor die rol wat die skrywer in die samelewing moet vervul en die ingesteldheid wat hy teenoor die politieke bestel van die land moet inneem (McDonald, 2009:95; Viviers, 1978:9–11):

André P. Brink lewer [in *Ko!*, 1968] 'n kort maar helder pleidooi vir groter betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse aktualiteit [...] Hy word ondersteun deur Breytenbach met 'n skerp oproep aan skrywers om morele rekenskap van hulle samelewing te gee, om daarvoor NEE te skreeu. Teenoor dié twee neem Bartho Smit en Chris Barnard stelling in. Adam Small vra vir groter menslikheid en Etienne Leroux sluit hom in gees aan by Breytenbach, maar bepleit 'n groter afstand van politieke brandpunte (Miles, 2004:71).

Skrywers het 'n groot bydrae gelewer tot die bevraagtekening en die verandering van 'n bestel wat dit ten doel gehad het om te onderdruk (Brink, 1983:252): "The writer does not primarily direct himself at changing the system, but at awakening the individual

consciousness in such a way that eventually a change in the system becomes not only possible but inevitable” (Brink, 1983:255).

Onder uitgewers het daar ook wrywing ontstaan oor benaderings tot sensuur. Waar Human & Rousseau dit as ’n uitgewer se plig beskou het om ’n skrywer in die hof teen ’n verbod te verdedig, het Taurus geen deelname aan die wetgewing of onderhandeling met die direktoraat voorgestaan nie, en geen appèl gerig teen boeke wat verbied is nie. Taurus het weens die pre-publikasiebestellings nie ekonomiese verliese gely soos ander uitgewers nie. Ander uitgewers het egter gevoel dat Taurus sodoende nie hulle plig teenoor hulle skrywers en die groter saak nagekom het nie. Taurus se verweer was dat die beskikbaarheid van ’n alternatiewe uitgewershuis groter druk op uitgewers geplaas het om risiko’s met publikasies te neem. Human & Rousseau het Taurus beskuldig dat hulle minderwaardige werke publiseer (Steyn in Beukes, 1992:376–377; kyk ook McDonald, 2009:102, 99) vir beskuldigings oor die literêre establishment se medewerking aan sensuur).

Literêre prystoekennings vir werke wat verbied is, het verder tot die debat rondom artistieke vryheid bygedra (Human, 2006:41, 46). Literêre pryse wat kontroversiële figure (soos Breytenbach) ontsê is, het vir groot debat onder lede van die pryskomitee van die Akademie vir Wetenskap en Kuns gesorg (Brink, 1983:255; Human, 2006:50).

4.3 Positiewe gevolge van sensuur

’n Aantal positiewe faktore wat tot die verhoogde status van skrywers bygedra het, het uit dié politieke-ideologiese bestel ontwikkel. Verskerpte wetgewing het groter solidariteit onder skrywers tot gevolg gehad (Brink, 1983:253), finansiële steun is ingewin vir verzet teen die sensuurraad (Brink, 1983:253; Steyn in Beukes, 1992:259), en die stigting van die Afrikaanse Skrywersgilde – wat dit beywer het vir die belang van die Afrikaanse letterkunde – het gevolg (Brink, 1983:254; Steyn in Beukes, 1992:367–368; kyk afdeling 6.5 m.b.t. skrywersverenigings). Vir Breytenbach was ’n verbod op sy werk ’n prestasie, iets waarop hy trots kon wees, omdat hy gereken is saam met ander skrywers (swart en Engelstalige blanke Suid-Afrikane) wie se werk reeds verbied is (Galloway, 1990:168).

Groter belangstelling vir verbode werke het onder die leserspubliek ontstaan (Galloway, 1990:164; Human, 2006:46), verkope is deur die kontroversie, openbare debat en mediablootstelling gestimuleer en die aanvraag na hierdie publikasies het gestyg (Steyn in Beukes, 1992:358, 369, 376; Van Rooyen, 2011:71). Beperkings op publikasie het internasionale uitgawes moontlik gemaak (Brink, 1983:252; Galloway, 1990:164, 169), vertaling gestimuleer (Brink, 1983:252–253; Steyn in Beukes, 1992:376) en vir byvoorbeeld Brink en Breytenbach internasionale mediablootstelling rondom die verbanning meegebring (McDonald, 2009:101).

Die stigting van die onafhanklike uitgewershuis Taurus (Brink, 1983:254, Galloway, 1990:166) ontwikkel alternatiewe verspreidingsmetodes soos posbestellings wat die verkope van volledige drukoplaes verseker, lank voor die administratiewe prosesse van die direktoraat afgehandel kon word (Steyn in Beukes, 1992:368, 375). Literêre tydskrifte het voorbrand gemaak vir komende publikasies deur hoofstukke van (omstrede) romans te publiseer voor dit in druk verskyn (McDonald, 2009:94).

Prysbekronings dra by tot die skeuring tussen die politieke owerhede en die skrywer en oefen druk uit om verandering teweeg te bring (Brink, 1983:255). Ook sorg teenstrydige uitsprake tussen die regering, direktoraat en appèlraad vir interne ondermyning en aftakeling van die waardigheid van die sisteem (Brink, 1983:255; Van Rooyen, 2011:53–54).

4.4 Die afwesigheid van sensuur in die literatuurgeskiedenis

Onder die soekterm “objectionable literature” is daar by die Nasionale Argief meer as 7 300 individuele sake beskikbaar. Hierdie dokumentasie is gebruik in die mees onlangse omvattende studie oor sensuurwetgewing deur Peter McDonald in *The Literature Police: Apartheid, Censorship and Its Cultural Consequences* (2009). Dit is ’n voorbeeld van die belangrike bydrae van boekgeskiedenis om die geheelbeeld van literatuurgeskiedenis te vorm. “The history of reading can tell us something about the history of ideas that shaped historical events in South Africa. [...] More importantly, collaboration between book historians and library historians would reveal something of the character of South Africa’s reading culture” (Dick, 2006:37).

Hierdie dokumente, wat tans in die Kaapse Argiefbewaarplek beskikbaar is, is ’n vonds vir navorsers in die veld van boek- én literatuurgeskiedenis. Boekgeskiedenis is nodig om ook bestaande literatuurgeskiedenis uit te brei, aan te vul en te kontekstualiseer.

4.5 Die geskiedenis herhaal

Met onder andere die Wetsontwerp op die Beskerming van inligting wat in Mei 2013 deurgevoer is, raak die groter bewuswording van politieke en ideologiese vergrype ’n saak van dringendheid. Beide De Lange (1997) en Dick (2004, 2006) waarsku ook in hulle onderskeie betoë dat dit nie onmoontlik is vir Suid-Afrika om vinnig weer hierdie stukkie geskiedenis te herhaal nie. Ten spyte van politieke oorgang en ’n nuwe demokratiese regering, is inligtingsbeheer weer ’n sterk moontlikheid, en “where the mode of thinking is still that there should be institutionalised guardians over the morals of others, the ghost of censorship cannot be laid to rest,” waarsku Coetzee (aangehaal in De Lange, 1997:xii).

5. LEESKRINGE

Die Afrikaanse vrou wil dink, en 'n mens wat wil dink, wil lees – daarom behoort sy tot 'n leeskring.

Audrey Blignault (aangehaal in Albrecht, *De Kat*, 1990a:90)

Even today, book clubs are often derided as chat-and-chew sessions, literary versions of stich-and-bitch knitting clubs.

Beth Driscoll, *Popular Narrative Media* (2008:143)

Die sukses van Oprah's Book Club het die rol van leeskringe – en veral met betrekking tot die gekykte persepsies rondom die vroulike leser en kommersiële literatuur – weer in die kollig geplaas. Leeskringe word immers deur sommige kenners beskou as die “standhoudendste teikenmark vir lesers” (Botha, 2008a:13). Dis duidelik dat leeskringe en/of boekklubs internasionaal as groot rolspelers tot die literêre sisteem toetree het.

Internasionaal speel die potensiele kopersmark van boekklublesers 'n al groter rol by die keuse en verpakking van publikasies by uitgewershuse. Amanda Botha (2008a:13) verwys na spesiale boekklubuitgawes van vier romans wat verfilm is – Khaled Hosseini se *The Kite runner*, Susan Minot se *Evening*, John Burnham Schwartz se *Reservation Road* en Ian McEwan se *Antonement* – en vir samewerkingsooreenkomste tussen filmhuse en uitgewers gesorg het. Die uitgewers het dan ook webtuistes ingerig om besprekings van die boek en film te akkommodeer.

Die wyse waarop daar na leeskringe gekyk word, en die rol van die vroulike leser in dié sisteem, het met die internasionale opbloei van boekklubs tot hernude navorsing aanleiding gegee (Hartley, 2001; Konchar, 2005; Long, 2003; McHenry, 2002).

Studies op dié gebied het aangedui dat die sosiaal-maatskaplike funksie wat leeskringe onder vroue vervul veel groter as die literêre funksie is, en dat dit juis een van die grootste faktore is waaraan die sukses van dié verskynsel toegeskryf kan word: “[T]heir practices demonstrate some of the ways that people use culture to find the deliberative spaces, the companions, and the resources with which to creatively remake themselves and their world, even if in circumstances not of their own making” (Long, 2003:222–223).

Die fenomeen van die leeskring het wêreldwyd 'n lang tradisie wat 'n groot rol in die ontwikkeling van die gemarginaliseerde posisie van die vroueskrywer en -leser in die elitistiese en mansgedomineerde literêre sisteem gespeel het.

Op plaaslike bodem het die leeskring 'n lang en ryk – maar grootliks onbekende – geskiedenis wat ongedokumenteerd in die literatuurgeskiedenis en literatuursosiologie verbygegaan het. Weens die tekort aan inligting in hierdie verband word daar ook na leeskringe en boekklubs in die breë gekyk deur onder meer aandag te gee aan Oprah's Book Club en die probleme wat dit in die literêre sisteem veroorsaak het.

5.1 Oprah's Book Club-fenomeen

Die koms van die TV- en internetboekklub het groot veranderings in die tradisionele verskynsel van boekklubs, leeskringe en lees in die algemeen veroorsaak (Long, 2003:198–216). Oprah's Book Club het die boekklub-fenomeen, die uitgewersbedryf én die literêre sisteem op sy kop gekeer met wat kenners beskou as die “Oprah-effect” – ’n fenomeen wat die verkope van titels op dié boekklublys sonder uitsondering tussen vyfhonderdduisend en ’n miljoen eksemplare laat verkoop het (Striphas, 2009:111). Nie alleen het sy relatief onbekende outeurs in oornagsensasies omskep nie, maar ook klassieke werke soos Steinbeck se *East of Eden* se verkope die miljoenkerf laat oorskry. Uitgewers beskou haar as die magtigste boekverkoper (Green, 2005:46).

Oprah's Book Club is ’n handelsmerk met simboliese en ekonomiese waarde wat ’n baie belangrike rol in die ekonomiese en kulturele sfeer van die boekindustrie vervul (Striphas, 2009:115). Dit is egter veral die tradisionele literêre hiërargieë en persepsies wat afgebreek is en ’n verskuiwing in die magsbalans teweeggebring het: “Oprah's Book Club stands for a particular package of literary values – female, commercial and middlebrow – and [...] Winfrey has enhanced the literary legitimacy of this set” (Driscoll, 2008:139).

Winfrey se rol word die van mediator tussen die literatuur en die boekklublede, maar ook tussen die maghebbers en die lesers. “The novels are deliberately serious and literary, but with a bias towards sentiment” (Driscoll, 2008:144). Die voorheen gemarginaliseerde posisie van die vroulike skrywer sowel as die vroulike leser word nou vervang met ’n dominante vroulike posisie deur ’n vroulike kletsconingin wat voorkeur gee aan fiksie van vroulike outeurs met vroulike protagoniste en dit vir die grootliks vroulike lesers van haar boekklub aanbeveel. Protagoniste kan boonop bykans almal moeilike omstandighede oorwin (Striphas, 2009:129). “The book club furthers the pattern of presenting inspirational stories of real-life people by emphasising the place of reading in self-improvement through increased self-knowledge” (Driscoll, 2008:144). Hierdie benadering sluit ook aan by haar persoonlike narratief – om deur geletterdheid aan armoede te ontsnap en sukses te behaal (Driscoll, 2008:146) – en dit resoneer met die belangstellings van lesers, hulle persoonlike ervarings en bekommernisse (Striphas, 2009:125).

5.2 Ontstaan en verloop van die Afrikaanse leeskring

In die Afrikaanse literêre sisteem is leeskringe gewild en is in Suid-Afrika ’n landwyse instelling wat selfs op die heel kleinste plattelandse dorpie aangetref word (Albrecht, 1990a:90). Onderhoude wat met leeskringe in die media verskyn, dui aan dat dié verskynsel steeds so gewild is dat daar selfs waglyste is om by bestaande leeskringe aan te sluit (Botha, 2008b:9; Calitz, 2010:8; Helderberg-leeskring, 2009:19).

Volgens Blignault (1980:10) het die leeskring sy ontstaan uit die Afrikaanse vrou se sogenaamde “lappiesaande” waar vroue bymekaargekom het om handwerkies te doen. Daar het die gebruik ontstaan dat een van hulle uit ’n boek voorlees. Die eerste Afrikaanse-Hollandse leesunie is onder voorsitterskap van Mabel Malherbe in 1912 onder beskerming van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie in Pretoria gestig (Albrecht, 1990b:93), maar dit is veral sedert die 1950’s en 1960’s wat dit “’n beduidende samelewingsverskynsel op literêre gebied” geword het (Liebenberg, 1998:18).

Die Afrikaanse leeskring se beskermheer en mediator was vir dekades die skrywer Audrey Blignaut, wat as tussenganger tussen die boek en die leser, die waarde van die hoë of belangrike boek en gebalanseerde keuses onder leeskringe op toeganklike wyse gepropageer het (Albrecht, 1990a:90, 1990b:93). Dit word aanvaar dat Blignaut se reeks radiopraatjies op die program “Vrouerubriek” aanleiding gegee het tot die groei van leeskringe onder Afrikaanse vroue (Albrecht, 1990b:93; Botha, 2004:6, 2008a:13), en ook dat haar *Van leser tot leser: ’n Gesprek met leeskringe* (1980) weens die gewildheid van dié radiopraatjies verskyn het.

Reeds in 1987 word daar ’n leeskringseminaar in die Vrystaat aangebied om interaksie tussen leeskringe onderling en tussen leeskringe en skrywers te bewerkstellig. Toe reeds was daar meer as 40 plattelandse leeskringe en ongeveer 30 leeskringe in die groter stede van die Vrystaat. In 1988 word dié geleentheid uitgebrei na landswye leeskringe, waarby skrywers, biblioteke, tydskrifte en uitgewershuse betrek word.

Hettie Scholtz (toe verbonde aan H.A.U.M.-Literêr) voer dan ook aan dat hierdie ’n belangrike platform vir interaksie tussen rolspelers skep “omdat dit aanvullend is tot die rol van die uitgewers en van die media, wat oor die algemeen min ruimte aan boeke kan afstaan. Die grootste waarde is egter dat dit ons kultuur in die wydste sin verbreed, omdat dit kruisbestuwing bewerkstellig en verskillende perspektiewe by mekaar uitbring” (Scholtz aangehaal in Slabber, 1988:24).

Leeskringe word ook ’n besprekingsforum om die kloof tussen en die persepsies rondom hoë en gewilde literatuur uit die weg te probeer ruim (Van Zyl, 1988b:5), probleme met die voorskryfmark aan te spreek, die kwessie van sensuur te bespreek, die sogenaamde vervreemding wat tussen die skrywer en die leser bestaan te help oorbrug, informele gesprekke tussen skrywers en lesers te bewerkstellig en ’n platform te skep waar akademici gestruktureerde lesings, werksessies en boekbesprekings kan aanbied.

“Leeskringdiens 2000” word in 1998 deur NALN bekendgestel, om die leeskringe van oor die hele land van beter inligting te voorsien (Liebenberg, 1998:18). Vir die tydperk 2001–2003 neem NALN se nasionale Leeskringindaba die Leeskringseminare oor, en verskuif dit na die *Volksblad*-kunstefees se boekeprogram. In 2004 word Internet-Plus vir leeskringe op die Woordfees in Stellenbosch bekendgestel.

5.3 Sosiale rol van leeskringe in die gemeenskap

Leeskringe in Suid-Afrika – soos wêreldwyd – word gekenmerk deur ’n tradisie van die samekoms rondom boeke deur vrouelesers (Driscoll, 2008:140, 141; Van Zyl, 1988a:6), wat die marginalisering van beide die vroueleser en die kommersiële roman tot gevolg gehad het omdat, veral in die 1980’s en 1990’s, die heersende persepsie was dat vrouelesers wat aan leeskringe behoort, verstrooingsliteratuur lees wat nie aangekoop word nie, maar by plaaslike biblioteke uitgeneem word (Van Zyl, 1981:3, 1988a:6).

Reeds in 1990 voer Blignault aan dat die leeskring voldoen aan die intelligente en opgevoede vrou se behoefte aan intellektuele stimulasie (Albrecht, 1990a:90). Sy, veral, propageer dan ook boeke van “werklike waarde”, “letterkundige gehalte” en minstens een meesterwerk uit die wêreldliteratuur onder leeskringe (Blignault, 1980:18, 74–80). Navorsingsbevindinge aangaande internasionale tendense rakende die keuse van leesmateriaal dui aan dat daar betreklik min besprekingswaarde in populêre fiksie is, en dat leeskringe juis wegstuur van populistiese genrefiksie wat resepmatig daar uitsien. “When asked about what makes a book discussable, a member [...] said: ‘It’s a book people can take different opinions on and find evidence in the text to support [it]’” (Long, 2003:114, 118).

Keuse van en motivering vir tekste wat vir leeskringe gekies word, verskil. Vir lede van die Durbanville-leeskring is die doel van leeskringe om die lesers bekend te stel aan boeke waarvan hulle nie kennis dra nie, wat hulle nie normaalweg self sou kies om te lees nie, om hul aan te moedig om boeke klaar te lees wat anders net halfgelees gelaat sou word, en ’n soort volwasse opvoedkundige funksie te vervul (Calitz, 2010:8). Dit help met verruimde persepsies omdat dit onbekende wêreld open en sienswyses kan verander (Calitz, 2010:8). Dit is dié benadering wat Blignault lank onder leeskringe gepropageer het (Joubert, 1981:n.p.).

Hierdie benadering is ook duidelik in navorsing oor internasionale boekklubs. Fiksie wat gelees word, word gesien as “equipment for living” (Long, 2003:131) en die klubomgewing as van terapeutiese waarde met ruimte om persoonlike probleme te bespreek (Driscoll, 2008:143; kyk ook die vertelling van Nafisi, 2004). Long (2003:22) beskryf die sosiale funksie en die impak van die leeskring soos volg:

By looking at women’s reading groups [...] one can see people in the process of creating new connections, new meanings, and new relationships – to the characters in the books or their authors, to themselves, to other members of the group, to the society and the culture in which they live. In other words, they are in the process of remaking themselves in dialogue with others and in literary texts.

’n Element van gemeenskapsdiens word in sommige gevalle ook aan leeskringe gekoppel deurdat boeke wat klaar gelees is aan behoefdiges versprei word, en onder andere boekinsamelings ten behoeve van skole onderneem word om lees in plaaslike

gemeenskappe te bevorder (Lategan, 2001:6). Uitgewers onderskat nie die rol wat leeskringe in die groter sisteem en in die gemeenskap speel nie. Lapa-uitgewers steun as deel van hulle gemeenskapsdiens meer as agtien Noord-Kaapse leesklubs vir kinders en volwassenes ten einde 'n leeskuiluur onder voorheen benadeelde lesers te bevorder (Nieuwoudt, 2011:12).

5.4 Keuse van tekste vir leeskringe

Volgens Long (2003:115) is die seleksiekriteria vir boeklyste van leeskringe van besondere belang vir die navorser, want dit “reveals the negotiations at the boundaries of the institution of literature”. Faktore wat 'n rol speel by die keuse van tekste word deur Long (2003:116–130) aangedui as onder meer die beskikbaarheid van die tekste, besprekingswaarde, literêre kritiek in die media, smaakhiërargie en die openbare mening, boekwinkels se aanbevole tekste, voorgeskrewe werke in die tersiêre sektor, literêre pryse en spesifieke genrevoorkeure.

Jeanne Calitz (2010:8) se onderhoud met lede van een van die oudste leeskringe – of leesunies soos dit oorspronklik genoem is – gee insig in die werkinge van die leeskring binne die literêre sisteem. Daar word aangedui dat keuses vir boeke dikwels afhang van die resensies wat in die media verskyn; maar ook dat daar soms botsings tussen die leesmaak en die resensies is. Dalene Roux (aangehaal in Calitz, 2010:8) verduidelik haar leeservaring van Eben Venter se *Santa Gamka* (2007) soos volg:

“Man, ek het nie regtig geweet waarom dit gaan toe ek dit begin lees het nie. En toe so halfpad deur, toe raak dinge so 'n bietjie ... koddig.” [...]

Die ander lede lag; hulle weet wat sy bedoel. Die boek val nie in almal se smaak nie.

“Maar dit het 'n prys gewen, die mense sê dit is goed – die koerante sê so.”

Uit die dienste wat NALN uit die literêre-knipselversameling oor die jare aan leeskringe gelewer het, is dit duidelik dat resensies 'n groot rol in die keuse en bespreking van materiaal vir leeskringe gespeel het. Volgens Long (2003:122) speel 'n verskeidenheid faktore rondom resensies ook 'n rol, en dra leeskringlede ook kennis van die status en prestige van die koerant of tydskrif waarin die resensie verskyn, en oor die lengte, bladplasing en resensent.

Die akademiese en literêre waarde van tekste kom ook deur gebruike van plaaslike leeskringe na vore. Weens die aard van die besprekings en die literêre aard van boeke wat deur sommige leeskringe gekies word, word daar by spesiale byeenkomste gebruik gemaak van skrywers en akademici om leeskringe toe te spreek. Die sluiting van *Boeke-Insig* wat boekhandleidings beskikbaar gemaak het vir die onderwys en die

leeskringbesprekings, was 'n geweldige slag vir leeskringe (Helderberg-Leeskring, 2009:19).

Blignault (1980:22) het dan ook die leeskringlid aangemoedig om slegs van “gesaghebbende” letterkundige menings en betroubare, “standaard naslaanwerke” gebruik te maak by die bespreking van tekste – waaronder Kannemeyer se literatuurgeskiedenis as aanbevole teks gelys is.

5.5 Biblioteke en beskikbaarheid

Biblioteke het vroeër jare 'n groot rol gespeel in die aankoop en beskikbaarmaking van materiaal wat deur leeskringe aangevra word, sowel as in die stigting van leeskringe en deelname aan die aktiwiteite daarvan (Albrecht, 1990a:90). Dit het aanleiding gee tot die (wan)persepsie deur skrywers en uitgewers dat leeskringlede nie boekkopers is nie (omdat hulle dit deur biblioteke bekom) en nie juis 'n ekonomiese impak tot gevolg het nie (Albrecht, 1990a:90). Blignault het haar egter sterk teen hierdie persepsie uitgespreek, en gemeen dat die verdwyning van leeskringe 'n gevoelige slag vir skrywers, uitgewers en biblioteke sal wees (Albrecht, 1990a:90). “Leeskringaktiwiteite het mettertyd 'n unieke en belangrike rol begin speel om [...] 'n leeskuil in Afrikaans te voed en 'n progressie in die leessmaak van die ontwikkelende leser te kweek. Dit het ook 'n beduidende invloed op die kopersmark en die biblioteekaanvraag t.o.v. Afrikaanse boeke begin uitoefen” (Liebenberg, 1998:18). As daar gekyk word na die voorbeeld wat Amanda Botha (2008b:9) met betrekking tot die poësieleeskring in Stellenbosch noem, is dit duidelik watter impak leeskringe op verkope kan uitoefen: “As jy met syfers speel, maak jy sulke sommetjies: in die afgelope tien jaar was negentig digters se werk onder bespreking! Elke lid het negentig bundels gekoop [omdat hulle verplig word deur die leeskring om dit aan te skaf – LK] en met die ledetal op twintig gee dit al aan die verkope van Afrikaanse bundels 'n stewige hupstoot.”

5.6 Leeskringe in die literêre sisteem

Elize Botha (in Lategan, 2002:6) wys daarop dat die leeskring in die Afrikaanse literêre sisteem “strategies van die grootste belang [is] vir die boek-infrastruktuur asook die owerheid. Dit vorm knooppunte wat fasiliterend optree vir boekverspreiding en -verkope en stuur ook daadwerklike aksies van stapel om skrywers, lesers en uitgewers bymekaar te bring”.

Volgens Long (2003:ix) het die bestudering van leeskringe as deel van die groter literêre sisteem nie juis onder navorsers posgevat nie:

It was as if women's reading groups occupied a zone of cultural invisibility. They were not of interest to literature departments, whose major focus was on books and authors, not readers. They were not of interest to sociologists or political

scientists because women's reading groups do not pursue activities with any obvious relationship to formal political processes [...] Scholars of popular culture had not found reading groups interesting because the groups read canonized fiction and did not transform their cultural consumption into a "resistant" subcultural style. Communication departments had not researched them because reading groups were not engaged with the mass media. Leftists were uninterested because book groups participants were middle class and clearly not part of proletarian or potentially revolutionary culture.

Die sukses van die Oprah's Book Club het die sigbaarheid en die navorsingswaarde van hierdie verskynsel egter verander. Die kontroversie waarin dié klub gehul was, is 'n aanduiding van die invloed wat 'n nuwe rolspeler op die literêre sisteem uitoefen. In die verloop van die Jonathan Franzen-debat is daar besonder skerp kritiek uitgespreek teen Winfrey se posisie en status as literêre kenner; die boekklub as 'n kommersiële apparaat wat gebruik word om verkoopsyfers op te jaag; die bevordering van minderwaardige werke, wat afbreuk doen aan Franzen se werk van gevorderde literêre gehalte (Driscoll (2008:147); die totale vernietiging van standaard waarteen boeke gemeet word (Striphas, 2009:117); die misplasing van sy boek in 'n vrouemark wat tot gevolg sal hê dat mans die boek nie sal koop nie (Striphas, 2009:131); Oprah se handelsmerk wat sy status as skrywer (maar ook die uitgewer se status) oorskadu (Striphas, 2009:132) en die oordadige fokus wat Winfrey op die outeur eerder as die verhaal plaas (Striphas, 2009:132). "The whole Franzen-book club meltdown might have exposed the arbitrariness of value hierarchies, but it also reinforced how distinctions – between low and high art, women and men, TV and books, corporate and independent media production – are anything but meaningless in the late age of print," verduidelik Striphas (2009:133).

Die Afrikaanse leeskringkultuur is 'n belangrike, maar grootliks onderskatte, swak nagevorsde en yl gedokumenteerde aspek van die Afrikaanse literatuur- en boekgeskiedenis. Die data-insamelingsprojek wat in 2003 van stapel gestuur is om die leeskultuur en -tendense oor die verspreiding, samestelling en aktiwiteite van leeskringe, asook oor 'n aantal verbandhoudende aspekte te versamel, sal uiteindelik uiteensettings, peilings en voorspellings moontlik maak wat nie vantevore gedoen kon word nie (Botha, 2004:6; *Volksblad*, 2003). Hierdie empiriese data kan dan gebruik word vir navorsing oor leeskringe in Suid-Afrika, maar kan ook vir groter kohesie onder leeskringe sorg, as boeklyste en -keuses onder mekaar gesirkuleer word (kyk ook Long, 2003:114).

6. ANDER

Die prestasies van die vorige geslag Afrikaners moet, uit hul perspektief, bra onbenullig lyk. Die Dertigers het ernstige poësie ontdek. So what? Die Veertigers het politieke mag verkry. So what? Die Vyftigers het hulle hare vol Brylcreem gesmeer. So what? Die Sestigters het in kleinlettertjies leer dig. So what? Die tagtigters en negentigters het Afrikaanse ruk-en-rol uitgedink en verder niks gedoen nie. So What?!!

Koos Kombuis, *Rapport* (2002:16)

Die Afrikaanse literêre sisteem, binne die groter konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing en gepaardgaande faktore, sluit rolspelers in wat ter sprake gekom het, maar nie in hierdie studie volledig bespreek is nie. In hierdie afdeling word daar kortliks verwys na enkele sodanige rolspelers. Sommige is so klein dat dit nie werklik 'n invloed op die sisteem kan uitoefen nie, en het weens veranderinge in die Suid-Afrikaanse politiek sedert veral 1994 'n kleiner rol in die sisteem begin vervul, of is reeds volledig in ander studies gedokumenteer.

6.1 Subsidies

Regeringsubsidies vir die ontwikkeling van kuns en kultuur word sedert 1997 deur die National Arts Council of South Africa (NAC) toegeken aan individue, instansies, groepe in spesifieke gemeenskappe en organisasies.⁶⁵ Dit stel die volgende ten doel (NAC, 2012):

The NAC is a national agency mandated by the Department of Arts and Culture, with the responsibility of developing South Africa's creative industry by awarding grants to individuals and organisations in the arts. This is embedded in our mission which is to develop and promote excellence in the arts. The NAC operates by inviting applicants to submit their project proposals and applications for bursaries once per annum, in which an independent panel of experts in each of the seven arts disciplines adjudicates on each application and makes recommendations to council.

Vir literatuur is vir die boekjaar 2008/2009 slegs 54 letterkundige projekte befonds – hoewel 'n groot verskeidenheid projekte vir befondsing in aanmerking kan kom – wat die kleinste uitgawe (R1 616 631) van alle afdelings weerspieël (NAC, 2008–2009:70–71).⁶⁶

Twee organisasies wat hulle wel beywer vir die bevordering van Afrikaans deur die Afrikaanse boek, is die Hiemstra- en die Dagbreek-trust. Tussen 1984 en 2006 is meer as 300 publikasies deur die Hiemstra-trust befonds. Danie Van Niekerk (2006) verduidelik:

Hulp is in die eerste plaas bedoel vir belangrike publikasies wat sonder borge

⁶⁵ Kyk ook hoofstuk 2, afdeling 4.2.2 en 4.2.3 vir politieke en ekonomiese faktore.

⁶⁶ Die opsomming van die NAC is nie taalspesifiek opgestel nie.

ongepubliseer sou gebly het, en om die prys van sulke boeke binne bereik van die gewone koper te bring [...] Sonder subsidies sou talle boeke wat vandag op die rakke in huise en biblioteke staan, dalk glad nie gepubliseer gewees het nie, omdat by publikasies met 'n stewige omvang en 'n beperkte afset (en dus 'n hoë koste per eksemplaar) die uiteindelijke winkelprys normaalweg onmoontlik hoog sou wees.

Kanonieke werke soos die Afrikaanse literatuurgeskiedenis van Kannemeyer en Van Coller, toonaangewende bloemlesings van kortverhale (De Vries se *Die groot Afrikaanse kortverhaalboek*) en poësie (Brink se *Groot Verseboek*); biografiese werke, woordeboeke, vertalings (in en uit Afrikaans), herdrukke van klassieke werke en woordeboeke is hierdeur befonds. 'n Belangrike aanduiding dus dat kanonstatus – wat die Afrikaanse literatuur betref – in sy geheel afhanklik is van befonding buite die uitgewersbedryf.

6.2 Voorgeskrewe mark (skole en universiteite)

Veral aan tersiêre instansies het studentegedalle in taalvakke dramaties gedaal. Enkele universiteite het hulle Afrikaanse departemente gesluit, ander het Afrikaans by die departemente Afrika- en Europese Tale ingedeel (kyk ook Van der Waal, 2006:69–70). Hierdie getalleafname word toegeskryf aan die staking van verpligte taalmodules as deel van regs kursusse en 'n afname in studentegedalle in onderwys kursusse.

Die skoolboekmark het, soos in hoofstuk 2 bespreek, reeds in 1996 in duie gestort, wat ernstige ekonomiese implikasies vir die groter boekbedryf tot gevolg gehad het (Struik, 2008).

Wat betref die kinder- en jeugboekmark, is daar wel positiewe vooruitsigte. Volgens Du Plessis (2009) en Malan (2009) lê die grootste gedeelte van hierdie verkope steeds by die verspreiding aan skole, skoolbiblioteke, biblioteke en onderwysdepartemente wat deur middel van tussengangers en agente bestellings plaas. Du Plessis (2009) verwys ook na aankope deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement met die 100-boeke-per-klas- en Quidup-projekte wat grootskaalse verkope moontlik maak. So is daar al in Diedericks-Hugo se Thomas@-reeks meer as 80 000 titels verkoop weens die gebruik daarvan vir graad 8- en 9-leerders aan eerste- en tweedetaalsprekers van Afrikaans (Du Plessis, 2009). Soos reeds duidelik blyk uit die bespreking van faktore wat die besluitneming in uitgewershuse beïnvloed, was die verkope van waardevolle voorgeskrewe materiaal aan veral skole die rugsteun van die uitgewersbedryf tot 1998.

Hierdie sisteem en die rolspelers is volledig in Van der Waal (2006) bespreek en is vir die doeleindes van hierdie studie nie in berekening gebring nie.

6.3 Biblioteke

Vroeër moes alle biblioteke 'n verpligte 50% van hulle geld aan Afrikaanse boeke spandeer (Barnard, 2005:87), maar Afrikaanse skoolboeke, biblioteekaankope óf staatsinstellings word nie langer bevoordeel nie. Hierdie en ander faktore het aanleiding tot die insinking van die boekbedryf gegee, en uitgewershuise soos Daan Retief en Benedic/Makro is genoodsaak om hulle deure te sluit weens die tekort aan biblioteekaankope wat ontstaan het (Galloway & Venter, 2005:64; kyk ook Struik, 2008:219).

In 'n ondersoek na die boekproduksiesyfers vir 2004–2007 wat deur Willem Struik onderneem is, verteenwoordig bibliotekeleweransiers slegs 3% van die verkope (Struik, 2008:225). Hierdie afname word toegeskryf aan geldelike tekorte van provinsiale regerings. Struik (2008:228) voer ook aan dat die openbare biblioteekdiens in die meeste provinsies grootliks in onbruik verval het, met die uitsondering van die Wes-Kaap.

In 2011 ontstaan daar egter ook probleme met aankope, en word aankope vir 'n tydperk in die geheel gestaak. Waar biblioteekaankope vroeër 'n groot finansiële bydrae tot die uitgewersbedryf gemaak het, en 'n groot rol in die aankope van beskikbare materiaal vir leeskringe vervul het (kyk ook afdeling 5 m.b.t. leeskringe), is hierdie rol nou iets van die verlede. Van der Waal (2007:62–63) verwys ook na probleme met die onewewigtige verspreiding van biblioteke, die tekort aan skoolbiblioteke, swak gebruik van biblioteekdienste, geldelike tekorte vir boekaankope, sowel as personeeltekorte en gebrekkige instandhouding. Die ongeveer 2 000 biblioteke wat die breë Suid-Afrika moet bedien, kom neer op een biblioteek per 25 000 gebruikers.

6.4 Literêre en versettydskrifte

Die sogenaamde “little magazines” en literêre tydskrifte het veral in die sestiger- en tagtigerjare 'n belangrike uitlaatklep teen sensuur geword, literêre vernuwing teweeggebring, debatte gestimuleer en kreatiewe werk gepubliseer. In die ontwikkeling en sigbaarmaking van veral jong digters het dit 'n belangrike rol vervul. Naudé (2004:11) meen tereg “[d]aar is miskien 'n ‘halfwegstasie’ tussen die gevestigde uitgewerye en selfpubliseerders nodig om aspirante van hulp te wees”. Ook Johann Lodewyk Marais wys op die tekort aan publiseringsgeleenthede wanneer hy sê dat hierdie geleenthede ook “tydskrifte waarvan ons tans heeltemal te min het – of wat heeltemal te min benut word” insluit (aangehaal in Prins, 2006:3).

Akademiese tydskrifte wat ruimte vir kreatiewe werk afstaan is *Literator en Tydskrif vir Letterkunde*, maar werke hier kom ongeregeld en in klein hoeveelhede voor.

Literêre tydskrifte wat publiseringsgeleenthede bied, is grootliks vervang deur webwerwe waar skrywers hul werk makliker kan voorlê en vinniger terugvoer kan

ontvang. *LitNet* veral het toegetree as publikasiedium, toonaangewende literêre webblad en debatsruimte. Tradisionele literêre en versettydskrifte (*little magazines*) het almal egter reeds teen 2010 doodgeloop. Die aanlynmaandblad *Die Vrye Afrikaan* en tydskrifte soos *Spilpunt* (2004–2005), *Ons Klyntji* (ongereelde verskyning) wat publikasiegeleenthede gebied het, sowel as *Kakkerlak* en *Boeke-Insig* kom ook almal na 'n kort leeftyd tot 'n einde.

6.5 Skrywersverenigings

Die Afrikaanse Skrywerskring, Afrikaanse Skrywersgilde en Afrikaanse Skrywersvereniging kan as die grootste Afrikaanse literêre verenigings beskou word. Die Afrikaanse Skrywerskring (1934–1974) het hulle beywer om kontak tussen skrywers, besprekings, die verspreiding van die Afrikaanse boek plaaslik en internasionaal te bevorder en oorsigte oor die Afrikaanse letterkunde te publiseer (*Jaarboek van die Afrikaanse skrywerskring*, wat later *Tydskrif vir Letterkunde* geword het) (Kannemeyer, 2005:121–122). Met die verbod op Brink se *Kennis van die aand* (1973) samel hulle fondse in vir die hofspraak om die verbod teen te staan, en stuur 'n sterk bewoorde verklaring uit. Dit gee direk aanleiding tot die stigting van die Afrikaanse Skrywersgilde wat as vakbond vir die beskerming van die skeppende kunstenaar dien (Kannemeyer, 2005:552). Die Afrikaanse Skrywersvereniging wat in 1986 tot stand kom, het ten doel om die gemarginaliseerde en die ongepubliseerde skrywer te bevorder (Kannemeyer, 2005:552).

Dit is egter met die groot debat oor en oornome van die Afrikaanse PEN (bekend as die Pretoria Pen) en die samesmelting daarvan met die Afrikaanse Skrywersunie in 2011/2012 dat daar weer 'n liggaam na vore tree wat die skrywer se belange wil bevorder (*LitNet*, 2011) deur middel van

- bevordering van die belange van die boek – benewens skrywers word lesers, resensente, akademië en uitgewers dus ook betrek;
- bedingingsmag aan skrywers – die belange van die Afrikaanse skrywer moet só gehoor word dat hulle inspraak het by groter organisasies;
- protes teen totalitarisme, behoud van alternatiewe denke en individualiteit;
- internasionale skakeling;
- teenstand teen marginalisering van Afrikaans, Afrikaanse skrywers en gehalte, spesifiek t.o.v. staatspublikasies, en veral op onderwysgebied;
- solidariteit met die verdruktes en betrokkenheid by die wyer gemeenskap;
- diversiteit;
- oorkoming van rasprobleme – uitleef van nierassigheid in die praktyk;
- onafhanklikheid van politieke partye en van monopolisme;
- die stryd teen sensuur.

Skrywersunies het op verskeie wyses 'n belangrike rol in die Afrikaanse literêre sisteem vervul, deur onder meer 'n kritiese spreekbuis teen sensuurwetgewing te wees, die

marginalisering van skrywers uit te wys en hierdie groepe te bevorder, publikasies te inisieer, finansiële steun te bied en as kritiese barometer op te tree. Deesdae word dit ook beskou as 'n tipe “vakbondorganisasie” wat die Afrikaanse skrywer se posisie in die uitgewersbedryf verdedig.

6.6 Literêre toerisme

In Suid-Afrika het literêre toerisme nog nie posgevat soos in Amerika en Engeland nie (Von Klemperer, 2006:9). Met befondsing deur die National Research Foundation (NRF) het die Universiteit van KwaZulu-Natal in 2006 'n projek onderneem wat op Engelse skrywers uit die distrik fokus.

Op die Afrikaanse front is dit die literatuurhistorikus John Kannemeyer wat die grootste bydrae tot literêre toerisme gemaak het met sy binne- en buitelandse literêre toere: onder meer die Kaapse rondrit; Wellington-toer (met 'n fokus op Breyten Breytenbach); Luukse Langenhoven-toer; Loerie-toer na Knysna en die Suid-Kaap; Leipoldt-Boerneef-toer deur Ceres, Wuppertal en Clanwilliam; Overberg-toer (met 'n fokus op M.E.R., Audrey Blignault en Con de Villiers); Kalahari-toer; en die Louw-toer na Sutherland. Laasgenoemde se beskrywing lees soos volg (Kannemeyer, 1999):

'n Toer na die wêreld van NP van Wyk en WEG Louw en Karel Schoeman se *Hierdie lewe*. Ons besigtig die Louw-manuskripte in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek en geniet 'n koppie koffie by Sondraai, die huis van WEG Louw. Dan vertrek ons rigting Tulbagh, waar ons middagete geniet. Ons oornag in Kagga-Kamma, een van die laaste Boesman-tuistes, waar ons die sonsondergang teen die kranse van die Skurweberge kan bewonder. Die volgende dag reis ons na die Roggeveld oor die Oubergpas, waar ons stop om die panoramiese uitsig op die Ceres-Karoo te beleef. In Sutherland geniet ons die gasvryheid en boerekos van die plaasmense, bekyk Van Wyk Louw se “blom-groot sterre” deur die koepels van die Sterrewag ('n geleentheid wat hom net een maal per jaar voordoet). Ons laaste oornagting is in Matjiesfontein met sy ou koloniale glorie.

7. GEVOLGTREKKING

Hoewel nie alle rolspelers in die literêre sisteem 'n ewe belangrike rol vervul nie, is dit duidelik dat die fyn netwerk van rolspelers in die Afrikaanse literêre sisteem nie genoegsame aandag geniet nie. Veranderende tendense in die boekbedryf, leesgedrag, tegnologie, politieke magsverhoudinge en ekonomiese uitdagings oefen alles 'n invloed op die beskikbare publikasies in die literêre sisteem uit. Dit moet verder ondersoek word en neerslag vind in akademiese studies. Ten einde die voortbestaan van Afrikaanse boeke en letterkunde te verseker, is dit noodsaaklik om 'n daadwerklike poging aan te wend om veranderende tendense behoorlik te ondersoek en te boekstaaf en sodoende probleme te identifiseer en aan te spreek.

HOOFSTUK 10

Samevatting en notas by die voltooiing van die studie

Of letterkundige kritiek 'n wetenskap of 'n kuns is, is nog lank nie besluit nie, maar die indruk wat 'n mens dikwels by die lees van akademiese werke kry, is dat dit heel eenvoudig neerkom op veel geraas en weinig wol. Studente weet natuurlik dat 'n mens in staat moet wees om hierdie goed gedurende 'n eksamen kwyt te raak, maar vir hom wat in die kuns bevrediging van 'n hoë hunkering soek, is die terminologie van die beoordelaars dikwels 'n duister padwyser.

Kobus van Zyl, *Die Huisvrou* (1956:20)

10.1 SAMEVATTING

Die Afrikaanse literêre sisteem word gekenmerk deur afgebakende (studie)velde wat selde aandag buite dié grense geniet. Die totale insinking van die boekbedryf in die vroeë negentigerjare en die latere ekonomiese probleme in die boekkleinhandel is maar een voorbeeld van verskeie faktore/aspekte wat nie juis aandag in literatuurgeskiedenis, -ondersoeke of by kongresse wat op die Afrikaanse literatuur toegespits is, aandag geniet nie. Dwingende kwessies soos die leesgedrag van 'n jonger geslag, onbillike resensiepraktyke, verandering in die boekbedryf en op die gebied van skryfopleiding sowel as leeskringe, boeksubsidies en die ineenstorting van biblioteekaankope is alles elemente van die literêre sisteem wat 'n behoorlike ondersoek regverdig, maar meestal beperk is tot slegs enkele berigte in die breë media.

Hoewel daar onder meer in die werke van De Wet (1994, 2005), Van Coller (o.m. 1984, 2001a, 2001b, 2002a, 2002b) en Venter (2005) aandag aan rolspelers in die literêre sisteem gegee word, is dit nie genoegsaam om 'n blik op die geheelbeeld van dié sisteem te kry, dit te karteer en of die (binne)werkinge van die sisteem behoorlik te ondersoek of te verstaan nie.

In hierdie studie is daar gepoog om die rolspelers in die literêre sisteem te karteer deur publikasies, die resepsie daarvan en openbare debatte daarvoor vir die tydperk 2000–2009 te ondersoek. Daar is aandag gegee aan die uitgewersbedryf, mediapraktyke, literêre pryse, vertalings, bloemlesings, literatuurgeskiedenis, skryfskole, verwerking van literêre werke vir film en die uitvoerende kunste, die impak wat die sensuurwetgewing op die status van skrywers en die bedryf gehad het, leeskringe en 'n aantal kleiner faktore soos boeksubsidies, biblioteke, literêre tydskrifte, skrywersverenigings en literêre toerisme. Die wyse waarop hiërargieë in die sisteem tot stand kom, kanonisering bewerkstellig word, knelpunte manifesteer veral soos in openbare debatte, en die wyse waarop eksterne faktore op die sisteem inspeel, is beskryf.

10.2 GEVOLGTREKKING

Teoretiese aspekte rondom die verskille tussen hoë en lae literatuur (werke van literêre gehalte teenoor populêre werke), die kanon en die sisteemteorie is bespreek en dien as agtergrond vir die studie waarin die verskillende rolspelers en faktore in die Afrikaanse literêre sisteem ondersoek is.

Samevattend is die volgende knelpunte met betrekking tot kanonisering in hierdie kartering van die Afrikaanse literêre sisteem binne die tydperk 2000–2009 geïdentifiseer:

- **Die Afrikaanse boekbedryf**

Die rol van die Afrikaanse uitgewershuse in die literêre sisteem, die publikasieproses en rolspelers in die uitgewersbedryf, sowel as die kleinhandel, is in hierdie studie onder die loep geneem. 'n Argument is uitgemaak vir die belangrike, maar steeds onderskatte, rol wat uitgewers in die literêre bedryf speel. Hierdie onderskatting blyk uit die tekort aan inligting oor uitgewers van en uitgewerspraktyke in die Afrikaanse literatuur. Substeme wat onafhanklik van mekaar funksioneer, skep ernstige probleme vir die instandhouding van die Afrikaanse literêre sisteem. Nie alleen beteken dit dat uitgewershuse en literêre kritici nie in voeling met mekaar is nie, maar dat die uitdagings wat in die boekbedryf ervaar word, nie neerslag vind in die besprekings oor publikasies vir die Afrikaanse lesersmark nie. Die prysbekroning vir gepubliseerde dramas het byvoorbeeld in die mediadebatte laat deurskemer watter uitdagings uitgewers ervaar om volhoubaar in hierdie genre te publiseer. Verder is daar 'n aantal eksterne faktore wat ook 'n invloed op die boekbedryf uitoefen wat veroorsaak dat dié bedryf – en ook die Afrikaanse boek – onder druk verkeer, sonder dat die breë publiek of die kritici noodwendig hiervan kennis dra.

- **Mediapraktyke en resensies**

Ten opsigte van mediapraktyke en resensies is dit duidelik dat die kloof tussen die algemene publiek se leesverwagtinge, die druk waaronder die media verkeer om lesers te behou en die resensente nie altyd oorkom word nie. Lesers wat hulle menings op openbare forums uitspreek, lewer heelwat kritiek op die resensies wat aangebied word, en stel hoë eise met betrekking tot resensies aan resensente. Hoewel dit in hierdie studie nie bewys is dat daar 'n korrelasie is tussen positiewe resensies en goeie boekverkope, of negatiewe resensies en swak boekverkope nie, is dit tog duidelik uit die besprekings dat daar onder sekere individue in die bedryf 'n saak voor uitgemaak word dat hierdie korrelasie wel bestaan. Handelaars soos Exclusive Books maak dit in hulle dokumentasie aan voornemende skrywers en uitgewers duidelik dat goeie verkope met goeie bemerking vir die boek saamhang, en moedig skrywers en uitgewers aan om seker te maak dat hulle boeke die nodige mediablootstelling geniet ten einde rakspasie in die winkels te verseker. Mediablootstelling en resensies in veral dag- en weekblaaie speel dus 'n rol in die algemene publiek se persepsies oor 'n bepaalde boek (o.m. ook soos uitgespreek deur leeskringe m.b.t. die keuse van boeke vir hul leeslyste), maar nie in die handelaar se keuse om 'n boek in die winkel te verkoop of nie.

- **Literêre bekronings**

Die bekroning van die Afrikaanse literatuur spreek nie tot die breë leserspubliek nie, maar beoordelaars se keuses dra ook nie altyd die gespesialiseerde leser en akademikus se goedkeuring weg nie. Uit die debatte wat ontleed is, is dit duidelik dat prysbekronings en die waarde wat lesers en akademici aan sekere pryse heg, steeds 'n knelpunt in die literêre sisteem is. Die waarde wat literêre bekronings aan skrywers se werke of oeuvres toevoeg, is waarskynlik een van die belangrikste faktore in die kanoniseringsproses. Aangesien skrywers slegs vir werke binne 'n sekere tydperk oorweeg kan word vir bekroning, is dit moeilik om die foutiewe waardering vir 'n bepaalde werk te herstel. Nie alleen word daar in debatte gevra om groter deursigtigheid met betrekking tot die beoordelingsproses nie, maar 'n aantal alternatiewe pryse word ook ingestel in 'n poging om die miskennis van skrywers en genres teë te werk.

- **Verwerking**

Wat die uitvoerende kunste en films betref, is dit duidelik dat veral die Afrikaanse literatuurgeskiedenis in gebreke bly om die invloed te beskryf wat toonsettings, verfilming en teaterproduksies, sowel as die opbloeit van kunstefeeste op die Afrikaanse literêre sisteem uitoefen. Nie alleen is hier 'n nuwe bloeipunt in die ontwikkeling van die Afrikaanse letterkunde nie, maar blyk dit ook duidelik dat letterkundige werk 'n gewilde keuse is vir verwerking na ander mediums. Die Afrikaanse poësie (om maar een voorbeeld te noem) wat in gedrukte formaat kommerwekkende publikasiesyfers die laaste dekade geopenbaar het, geniet deur middel van verwerking hernude aandag onder nuwe gehore in nuwe formate. Verfilming van literêre werke het sedert 2005 toegeneem, en hierdie films is in die algemeen goed deur plaaslike, sowel as internasionale gehore ontvang. Met betrekking tot die Afrikaanse literatuur in vertaling, sien die situasie betreffende mediablootstelling beter daar uit as in die uitvoerende kunste soos musiek en teater. Vertaling geniet goeie mediablootstelling, maar daar is steeds 'n tekort aan genoegsame blootstelling in die Engelse media vir werke wat uit Afrikaans na Engels vertaal is. Die status van vertalers word deur bekroning verhoog, hoewel daar in literatuurgeskiedenis nog nie voldoende aandag hieraan gegee is nie.

- **Bloemlesings en literatuurgeskiedenis**

Twee van die grootste kanoniseerders in enige literatuur is bloemlesings en literatuurgeskiedenis. Dit wil voorkom asof die voorgeskrewe waarde van 'n bloemlesing 'n groot rol speel in die ontvangs daarvan, en dat die plaaslike sisteem nie geneë is om buitelandse waardeoordele oor die Afrikaanse literêre sisteem te aanvaar nie. Uit die studie is dit dan ook duidelik dat daar groter debat oor bloemlesings in die

Afrikaanse poësie as oor die Afrikaanse prosa heers, en dat daar 'n onewewigtigheid in die sisteem met betrekking tot die waardeoordele oor en aanvaarbaarheid van hierdie bloemlesings bestaan. Wat die literatuurgeskiedenis betref, is dit ook duidelik dat dieselfde sistemiese uitsluiting van eksterne menings as by vertaling en bloemlesings heers. Inklusiewer Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis het heelwat kritiek onder Afrikaanse akademici en geskiedskrywers ontlok weens die keuse van werke en skrywers wat ingesluit of weggelaat is, sowel as die waardeoordele wat uitgespreek is. Die volledigheid van literatuurgeskiedenis betreffende die inklusiwiteit en geheelbeeld van die literatuur, kan bevraagteken word. Vertaling, uitvoerende kunste wat betrekking het op literêre werke wat verwerk is, uitgewers en verandering in die boekbedryf, die invloed wat sensuur op onder meer literêre produksie en skrywersreputasies uitgeoefen het, en andere geniet nie genoegsame aandag nie.

- **Ander sub sisteme**

In die slothoofstuk is daar aandag gegee aan 'n aantal kleiner sub sisteme in die literêre sisteem. Die ontwikkeling en groei van skryfopleiding (veral aan tersiêre instansies) oefen 'n daadwerklike en sigbare invloed op die literêre sisteem uit deur die bydrae wat dit tot gepubliseerde werk lewer. Die Afrikaanse leeskringfenomeen onder veral vrouelesers het min gepubliseerde navorsing opgelewer. Dit is 'n belangrike komponent in die groter literêre sisteem wat verdien om daadwerklik ondersoek en gedokumenteer te word. Ten einde die sub sisteme volledig te karteer, is daar ook 'n kort oorsig gegee oor die rol van subsidies, voorgeskrewe werke, biblioteekdienste, tydskrifte (literêre en verset-), skrywersverenigings, en literêre toerisme. Uit hierdie lys van sub sisteme en/of rolspelers is dit egter duidelik dat dit slegs subsidies en skrywersverenigings is wat aktief nog 'n invloedryke rol in die literêre sisteem vervul.

10.3 NOTAS BY DIE VOLTOOIING VAN DIE STUDIE

Verandering tree in

Sedert ek hierdie studie in 2007/2008 onderneem het, het die Afrikaanse literêre sisteem algaande 'n groter mate van “demokratisering” ondergaan. Die fokus van die Afrikaanse uitgewersmark en media het ter oorlewing begin populariseer. Die handel het met die sluiting van veral die Fascination Books-groep 'n gevoelige slag beleef, en die huidige situasie met Exclusive Books kan dalk groter ramspoed vir die bedryf beteken. Biblioteekdienste het selfs 'n groter agteruitgang getoon, en verkope aan hierdie sektor het drasties gedaal. Die boekbedryf (uitgewers en handelaars) word om kommersiële oorlewing grootliks gedwing om verkoopbaarheid as maatstaf vir publikasie te gebruik.

Skrywers het dit weer nodig geag om 'n skrywersvereniging te stig om namens skrywers te onderhandel. Aan universiteite word daar kommer uitgespreek oor die dalende getalle Afrikaanse studente, en debatte oor die voertaal van tradisioneel Afrikaanse universiteite word in die media gevoer.

John Kannemeyer se dood in 2011 laat 'n groot leemte op die gebied van argivale navorsing, skrywersbiografieë, literatuurgeskiedenis, literêre kritiek en literêre toerisme.

Die internet het aan die breë publiek 'n groter mate van deelname aan die literêre sisteem gegee, deurdat beperkte publikasieruimte en hekwagtersrolle (begin) verval en aan die breë publiek oopgestel word.

Leemtes en uitdagings

Die literêre gesprek is nie langer beperk tot akademiese bronne of selfs die formele media nie, maar ontstaan ook op informele en dikwels moeilik naspelbare wyse. Die kartering van die Afrikaanse literêre sisteem laat die navorser met twee groot (en onoorkomelike) uitdagings:

- Die hoeveelheid materiaal wat vandag aanlyn beskikbaar is, maak 'n algemeen geldende kartering van die Afrikaanse literêre sisteem bykans onmoontlik. Talle webtuistes wat gerig is op boeke en letterkunde, aanlyndebatte, blogs van skrywers en meningvormers en die publiek se menings en terugvoer hierop, verruim die aantal bronne wat geraadpleeg moet word. Die veld waaruit moontlike inligting bekom kan word, is nie meer begrens nie, en dit is vir die navorser onmoontlik om kennis van alles te dra.
- Daarteenoor is relevante, beskikbare inligting ook steeds 'n probleem. Uitgewers verskaf nie verkoopsyfers vir navorsingsdoeleindes nie (soos die geval met verkoopsyfers van Kannemeyer en Van Coller se literatuurgeskiedenis); universiteitsdepartemente kan/wil nie volledige inligting verskaf oor voltooides studies nie (soos dit die geval was met gepubliseerde werke uit MA-studies in kreatiewe skryfkuns); kunstefeeste kan/wil nie ou programme beskikbaar maak nie en volledige programme van vorige feeste is nie op die web beskikbaar nie; die Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) se databank van knipsels word nie meer so volledig soos vroeër bygehou nie en SA Media se materiaal moet ook gekruiskontroleer word vir volledigheid, aangesien daar heelwat resensies is wat nie hier beskikbaar is nie.

10.4 SLOT

Die voortdurende tegnologiese veranderinge en ekonomiese druk waaronder uitgewers en die media verkeer, het die laaste paar jaar al duideliker geword in die debatte rondom vervlakking. Dit is my wens dat geïsoleerde, afgebakende literatuur- en literatuursosiologiese studies, literatuur- en boekgeskiedenis ruimte sal maak vir gesprekke oor die toekoms van die Afrikaanse literatuur met inagneming van knellende faktore (intern én ekstern) wat 'n daadwerklike invloed op die bedryf uitoefen.

10.5 GEPUBLISEERDE NAVORSING UIT HIERDIE STUDIE

Verskeie referate is gelewer en navorsingsartikels (sowel as publikasies in die media) wat op die een of ander wyse met 'n subveld van die Afrikaanse literêre sisteem verband hou, het die afgelope jare verskyn:

- Oor gemarginaliseerde skrywers: Kleyn, A.J. & Marais, J.L. 2010, “Wopko Jensma en die soeke na 'n nuwe (Suid-) Afrikaanse identiteit”, *Tydskrif vir Letterkunde* 47(1); en “Waar gaan ons nog 'n keurder kry wat my goedgesind is?” – Die publikasiegeskiedenis van Storm Sevenster – 'n roman (referaat).
- Oor sensuurwetgewing: Kleyn, A.J. & Marais, J.L. 2011, “[om] hier op oordeelsdag bontbokke te kom tel” – Wopko Jensma en die sensuurwetgewing van die jare 70, *Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans* 16(2).
- Oor wanpersepsies van genres of subgenres: Kleyn, A.J., Augustus 2008, “'n Ander bestekopname van die Afrikaanse poësie, 2004–2007”, *LitNet-Akademies*, met bylaag; Kleyn, A.J. & Snyman, M. 2010; “'n Blik op die Afrikaanse kinder- en jeugboeksisteem: 15 jaar na die ontstaan van die nuwe Suid-Afrika”, *Mousiaion* 28(2).
- Daar verskyn in 2013 artikels oor onder meer die kanoniseringswaarde van skryfkursusse en 'n bestekopname van die Afrikaanse literêre en versettydskrif.

Dit is te verwagte dat daar oorvleueling van inligting tussen die artikels en die proefskrif sal wees.

BIBLIOGRAFIE

Who reads must choose, since there is literally not enough time to read everything, even if one does nothing but read.

Harold Bloom, *The Western Canon* (1995:15)

Die bibliografie wat bykans 900 inskrywings bevat, is ingeperk deur verwysings na kreatiewe werke in die teks met publikasiedatum toe te lig, en is nie in die bibliografie opgeneem nie.

- A.C.S. 1956. "Die jongste Afrikaanse boeke". *Die Bondgenoot* 1(12):11, 24.
- Adendorff, Elbie. 2003. Digdebutte teen die millenniumwending: 'n Polistemiese ondersoek. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- Adendorff, Elbie. 2006. "Die Afrikaanse poëtiesistiem teen die millenniumwending". Beskikbaar by: <http://www.inletterland.net/in_letterland/2006/10/diestandvand.html>. Besoek op 21/08/2007.
- Adendorf, Elbie. 2011. "Toorwoorde roep my: Valiant se toorwoorde roep beslis". *LitNet*. Beskikbaar by: <<http://www.litnet.co.za/Article/toorwoorde-roep-my-valiant-se-toorwoorde-roep-beslis>>. Besoek op 04/01/2013.
- Adendorff, Elbie & Foster, P.H. 2007. "'n Resepsie-ondersoek na die ses debuutdigbundels van 1999-2000". *Afrikaans in Europa*. Beskikbaar by: <<https://aie.ned.univie.ac.at/node/13441>>. Besoek op 22/03/2010.
- Alberts, Ben. 2003. *Die Burger*, 8 Desember, p. 13.
- Albrecht, Sybelle. 1990a. "Leeskringe: Modegier of erns?". *De Kat*, Oktober, p. 90.
- Albrecht, Sybelle. 1990b. "Beskermvrou van die boek". *De Kat*, Oktober, p. 90.
- Annelise. 2007. *Maanvrug*. Pretoria: Goddess Unlimited.
- Antonissen, Rob. 1947. *Schets van den ontwikkelingsgang der Zuid-Afrikaansche letterkunde*. België: Pro Arte.
- Antonissen, Rob. 1955. *Die Afrikaanse letterkunde van die aanvang tot hede*. Pretoria: HAUM.
- Antonissen, Rob. 1964. *Die Afrikaanse letterkunde van die aanvang tot hede*. Kaapstad: NASOU.
- Antonissen, Rob. 1964. "Afrikaanse literatuurgeskiedenis". *Kriterium* 2(1):17-22.
- Atwell, David & Attridge, Derek. 2012. *The Cambridge History of South African Literature*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Aucamp, Hennie. 1984. *Woorde wat wond: Geleentheidstukke oor randkultuur*. Kaapstad: Tafelberg.
- Aucamp, Hennie. 1986. *Die blote storie: 'n Werkboek vir kortverhaalskrywers*. Kaapstad: Tafelberg.
- Aucamp, Hennie. 1992. *Windperd: Opstelle oor kreatiewe skryfwerk*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Aucamp, Hennie. 1993. "Die bloemlesing op skool binne die kader letterkundeonderwys: voorstelle vir 'n vernuwende benadering". *Klasgids*, Augustus: 41-56.
- Aucamp, Hennie. 1994. *Die blote storie 2: 'n Werkboek vir kortverhaalskrywers*. Kaapstad: Tafelberg.
- Aucamp, Hennie. 2001. "Politieke korrektheid merk bundel met SA volksverhale". *Die Burger*, 24 Januarie, p. 14.
- Aucamp, Hennie. 2003. "Bied 'Groot Verseboek' aan as reeks in houer". *Die Burger*, 7 April, p. 9.
- Aucamp, Hennie. 2007a. "Die jaar van Stockenström". *Die Burger*, 2 April, p. 13.
- Aucamp, Hennie. 2007b. "Van 'luisterlied' tot 'liedteks'". *Die Burger*, 27 Oktober, p. 11.
- Baderoon, Gabeba. 2006. "A Writing Culture of Our Own." *LitNet* se "SA Literature Now" miniseminaar. Beskikbaar by: <http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_custom&cause_id=1270&page=salit>. Besoek op 21/12/2008.
- Barnard, Chris. 1987. "'n Oomblik met Chris Barnard." *Rapport*, 14 Junie, p. 28.
- Barnard, Madelein. 2008. "Die kritici se stemme word dun". *Rapport*, 4 Mei, p. 3.
- Barnard, Madeleine. 2011. "'Melodie bestaan al in Jonker se gedigte'". *Die Burger*, 4 Junie, p. 14.
- Barnard, Riana. 1998. Kanoniseringsprosesse in die Afrikaanse literatuursistiem: Die rol van N.P. van Wyk Louw. Ongepubliseerde tesis, Universiteit van die Vrystaat.
- Barnard, Riana. 2000. "Wanneer vertaling 'n verleentheid word". *Insig*, Maart, pp. 43-44.

- Barnard, Riana. 2005. Die uitdaging van volhoubare groei: 'n Kritiese ondersoek na uitgewerstrategieë. Ongepubliseerde MBA, Universiteit van Stellenbosch.
- Barsch, Achim. 1991. "The Empirical Theory of Literature and Systems Theory". In: Ibsch, Elrud; Scram, Dick & Steen, Gerard (eds.). *Empirical Studies of Literature: Proceedings of the Second IGEL-Conference, Amsterdam 1989*. Amsterdam: Rodopi.
- Baumann, Paul. 2006? "Confessions of a Book Review Editor". Beskikbaar by: <<http://backissues.cjarchives.org/year/01/3/baumann.asp>>. Besoek op 03/01/2009.
- Beebee, Thomas O. 1994. *The Ideology of Genre: A Comparative Study of Generic Instability*. Pennsylvania: Pennsylvania State University Press.
- Beeld. 2001. "Lees boekresensies op Beeld.com en bestel van kalahri.net". *Beeld*, 21 Maart, p. 5.
- Beeld. 2003. Dan Sleigh wen RAU-skryfprys. *Beeld*, 11 Oktober, p. 12.
- Behrens, L. 1967. "Vertalings". *Cape Librarian* 1(1):11-12.
- Belfiore, Eleonora & Bennett, Oliver. 2009. "Researching the Social Impact of the Arts: Literature, Fiction and the Novel." *International Journal of Cultural Policy* 15(1):17-33.
- Bennett, Andrew & Royle, Nicholas. 1995. *An Introduction to Literature, Criticism and Theory*. Hertfordshire: Prentice Hall.
- Bennett, Nini. 2013. "Om tot verhaal te kom." *Rapport*, 5 Augustus. Beskikbaar by: <<http://www.rapport.co.za/Boeke/Nuus/Om-tot-verhaal-te-kom-20120803>>. Besoek op 08/01 2013.
- Berger, Kevin. 2001. "The Incredible Vanishing Book Review". Beskikbaar by: <http://archive.salon.com/books/feature/2001/07/19/book_reviews/print.html>. Besoek op 06/11/2008.
- Bertyn, L.I. 1982. "'n Aantreklike vriend word 'n groot vyand". *Die Burger*, 13 Mei, p. 18.
- Besselaar, G. 1914. *Zuid-Afrika in de letterkunde*. Amsterdam: J.H. de Bussy.
- Beukes, Marthinus. 2008a. "Pragvertaling verryk Afrikaans, troef idee van sterwende taal". *Beeld*, 28 Januarie, p. 11.
- Beukes, Marthinus. 2008b. [fluisterklip]. Beskikbaar by: <<http://www.lapa.co.za/Web/Boek/boek.aspx?Boek=3937&tema=1>>. Besoek op 15/10/2008.
- Beukes, W.D. (red.). 1992. *Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Bezuidenhout, Andries. 2011. "Valiant nou ingesluit in uitgelese groep". *Beeld*, 11 April, p. 11.
- Bezuidenhout, Zandra. 2000. *Dansmusieke*. Stellenbosch: Suid Kollege Uitgewers.
- Bezuidenhout, Zandra. 2005. "Waar was julle almal?". Beskikbaar by: <http://www.oulitnet.co.za/taaldeb/afrikaans_zandra.asp>. Besoek op 05/02/2008.
- Bezuidenhout, Zandra. 2008. "Loflike prentboek met taferle in ruite geraam." *Die Burger*, 29 Desember, p. 11.
- Bila, Vonani. 2005. "The Irrelevance of Prizes of Poetry." *New Coin* 41(2): 7-11.
- Bisschoff, A. 1992. "Triviale literatuur". *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Blignault, Audrey. 1980. *Van leser tot leser: 'n Gesprek met leeskringe*. Kaapstad: Tafelberg.
- Bloemhof, Etienne. 2001a. "Resensente moet billik wees". *Die Burger*, 17 November, p. 14.
- Bloemhof, Etienne. 2001b. "Hambidge haal selektief aan". *Die Burger*, 14 November, p. 12.
- Bloemhof, Etienne. 2001c. "Joan Hambidge kies feite selektief". *Die Burger*, 22 November, p. 12.
- Blond, A. 1972. *The Publishing Game*. London: Jonathan Cape.
- Bloom, Harold. 1983. *Anxiety of Influence*. New York: Oxford University Press.
- Bloom, Harold. 1995. *The Western Canon: The Books and School of the Ages*. New York: Harcourt Brace.
- Blumer, Arnold. 2000. "Met sulke vriende is vyande onnodig". *Die Burger*, 10 April, p. 10.
- Boekkooi, Paul. 1988. "Dilemma met pryse." *Insig*, Junie, pp. 38-39.
- Boekkooi, Paul. 2003. "Schoeman-roman op film verwring". *Rapport*, 26 Januarie, p. 28.
- Boggom en Voertsek. 2008. "Odendaal oor resensies". *LitNet*, Beskikbaar by: <<http://www.litnet.co.za/cgi->

- bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270%60&news_id=56537>.
Besoeek op 29/11/2008.
- Booyens, Bun. 2002. "Steve Hofmeyr takel joernalis oor resensie". *Volksblad*, 2 April. Beskikbaar by: <<<http://www.volksblad.com/Suid-Afrika/Nuus/Steve-Hofmeyr-takel-joernalis-oor-resensie-20100615>>. Besoeek op 20/12/2010.
- Bosman, F.C.L. 1928. *Drama en toneel in Suid-Afrika*. Kaapstad: Dusseau.
- Boshoff, Johan P. 2008. "Taksering van die Afrikaanse letterkunde as Suid-Afrikaanse letterkunde". *LitNet*. Beskikbaar by: <http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&ause_id=1270&news_id=56663&cat_id=163> . Besoeek op 29/11/2008.
- Bosman, Martjie. 1988. *Awards for South African Literature*. Pretoria: Human Sciences Research Council.
- Bosman, Martjie. 2003. "Het Afrikaanse rock iets vir die Afrikaanse poësie te sing?". *Stilet* 15(1):101–121.
- Botha, Amanda. 2004. "Leeskringe het groot rol". *Die Burger*, 8 Maart, p. 6.
- Botha, Amanda. 2008a. "Uitgewers én rolprentmakers vry deesdae lustig na leeskringe". *Die Burger*, 14 Januarie, p. 13.
- Botha, Amanda. 2008b. "Leeskring net vir poësie wil op tien jaar uit nate bars". *Die Burger*, 27 Oktober, p. 9.
- Botha, Danie. 2008. "Ons het die Annemari Coetsers ook nodig". *By* (bylaag tot *Beeld*, *Die Burger* en *Volksblad*), 8 Februarie, p. 3.
- Botha, Elize. 1988. "'n Herevaluering van benaderings tot geskied- en kroniekskrywing". In: Wiehahn, Rialette & Roodt, P.H. *Teks en tendens: Verrigtinge van die 1986-Hoofkongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging 11, 12 en 13 September 1986*. ALV-Publikasie 2. Hillcrest: Owen Burgess-Uitgewers.
- Botha, Elize. 1991. "Literatore: Kuratore – Voorsittersrede." *Stilet* 3(2):1–6.
- Botha, Elize. 1997. "Dis nie net vir kuns nie." *Insig*, Julie, p. 24.
- Botha, Elize. 2000. "S.P. Benjamin." *Akademie vir Wetenskap en Kuns*.
- Botha, Elize. 2001. "Nuwe skrywers. Nuwe lesers? – Grepe uit die verhaal van Afrikaanse uitgewerye en die Afrikaanse prosa in die negentigerjare." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 41(1):73–80.
- Botha, Elize. 2002. "Kultuur: 'n Terugblik op 2002". *Woord en daad*. Somer, pp. 14–17.
- Botha, Johan. 1978. "Dit vergelyk met beste". *Die Transvaler*, 5 Augustus, p. 7.
- Botha, Martin. 2009. "Jong SA rolprentmakers verstom". *Beeld*, 9 Desember, p. 5.
- Botha, Saartjie. 2007. "Teen die onsêbare in." *Boeke-Insig*, 1 September, p. 38.
- Botma, Gabriël. 2002. "Kunstedebat moet deurlopend wees". *Die Burger*, 20 April, p. 4.
- Botma, Gabriël J. 2006. "Sinergie as politiek-ekonomiese strategie by *Die Burger* 2004–2005". *Ecquid Novi* 27(2):137–158.
- Bottomley, Edward-John & Roberts, Maryke. 2011. "Woordwarm Valiant". *Taalgenoot*, 1 Julie, p. 20.
- Bourdieu, P. 1993. *The Field of Cultural Production*. VSA: Columbia University Press.
- Brand, Gerrit. 2007. "Die belydenisse van 'n boekeredakteur". *Die Burger*, 7 Mei, p. 11.
- Brand, Gerrit. 2008. "'n Boekeredakteur wonder: Wie sal die resensente resenseer?" *Die Burger*-aanlyn. Beskikbaar by: <<http://jv.dieburger.com//Stories/Entertainment/Books/18.0.804023429.aspx>>. Besoeek op 04/02/2010.
- Breed, C.A. & Greyling, S.F. 2010. "'n Ondersoek na 'n werkwyse: Die herskryf van 'n komplekse roman na 'n draaiboek". *Literator* 31(2):83–115.
- Brems, H. 2006. *Altijd weer vogels die nesten beginnen*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- [Breytenbach, Breyten] Breyten Buiteblaf. 2008. "Petisie, manifes nodig om te help red in *Last Chance Saloon*". *By* (bylaag tot *Beeld*, *Die Burger* en *Volksblad*), 25 Oktober, p. 2.
- Breytenbach, Kerneels. 2000. "Duur om bundel in SA te versprei". *Die Burger*, 13 April, p. 12.
- Breytenbach, Kerneels. 2002. "Armblanke-sege in intellektuele Lotto". *Beeld*, 11 Oktober, p. 14.

- Brillenburger Wurth, Kiene. 2006. "Tussen 'hoog' en 'laag'". In: Brillenburger Wurth, Kiene & Ridney, Ann. *Het leven van teksten: Een inleiding tot de literatuurwetenschap*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Brillenburger Wurth, Kiene & Ridney, Ann. 2006. *Het leven van teksten: Een inleiding tot de literatuurwetenschap*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Brink, André. 1983. *Mapmakers: Writing in a State of Siege*. London & Boston: Faber & Faber.
- Brink, André P. 1978. "Dis 'n monument in ons letterkunde". *Rapport*, 13 Augustus, p. 16.
- Brink, André P. 1983. "Grootste vakboek ook boeiende literatuur". *Rapport*, 18 September, p. 29.
- Brink, André P. (samest.). 2000a. *Groot Verseboek 2000*. Kaapstad: Tafelberg.
- Brink, André P. 2000b. "Uit hartstog vir die poësie". *Volksblad*, 14 Junie, p. 3.
- Brink, André P. 2003. *Anderkant die stilte*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Brink, André P. 2004. "Ryp, deurwinterde bundel". *Rapport*, 27 Junie, p. 4.
- Brink, André P. (samest.). 2008a. *Groot Verseboek* [eerste uitgawe in drie dele]. Kaapstad: Tafelberg.
- Brink, André P. 2008b. "In voëlvlug oor die 'Verseboek'". *Die Burger*, 6 Desember, p. 11.
- Brink, E. 2008. "Kommentaar op *Chinchilla*-resensie; aangrypende roman oor trauma" *LitNet*.
Beskikbaar by: <http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=32590&cat_id=726>. Besoek op 28/12/2008.
- Brits, Elsabé. 2004. "'Vertaal Afrikaanse skrywers'". *Die Burger*, 8 April, p. 5.
- Britz, Elretha. 1999. "Van Coller verrig 'n reusetak". *Volksblad*, 22 Maart, p. 6.
- Britz, Etienne. 1996. "Literatore staan voor moeilike keuse". *Die Burger*, 4 September, p. 8.
- Britz, Etienne. 1999. "Afrikaans as vertaalmedium is twintig jaar agter". *Die Burger*, 5 Augustus, p. 13.
- Britz, Etienne. 2000a. "Gee bundel 'n nuwe naam". *Die Burger*, 18 April, p. 12.
- Britz, Etienne. 2000b. "'n Gul Groot verseboek". *Rapport*, 19 November, p. 15.
- Britz, Etienne. 2005a. "Rabie-vertaling wys Afrikaans is universeel". *Die Burger*, 28 Februarie, p. 9.
- Britz, Etienne. 2005b. "Mammoet deel van profesie". *Die Burger*, 28 November, p. 13.
- Bruwer, S. 1972. "Die kuns van die klapskrif". *Cape Librarian* 31(3):14-16.
- Buelens, Geert. 2009. "Op zoek naar de ultieme boekenlijst." *Nieuwsbrief* 28(3):7-8.
- Burger. 2008. "'Agaat'-vertaling op kortlys vir Engelse prys". 5 Maart, p. 13.
- Burger, Karin. 2008a. "Brink se keuse vir Groot Verseboek is swak, sê digter". *Rapport*, 7 Desember, p. 12.
- Burger, Karin. 2008b. "Ladybird lyk vir hom na niks meer as gogga in digbundel". *Rapport*, 7 Desember, p. 12.
- Burger, Kobus. 2002a. "'Skryf mooi goed oor ons mense'". *Beeld*, 6 April, p. 9.
- Burger, Kobus. 2002b. "Resensente laat nie kunste in Suid-Afrika 'vrek'". *Volksblad*, 6 April, p. 7.
- Burger, Kobus. 2004. "Strydom-bundel gou bekend gestel". *Die Burger*, 29 Maart, p. 8.
- Burger, Marita. 2009. "Vertaling van dagboek hartsbegeerte". *Volksblad*, 27 April, p. 7.
- Burger, Willie. 2000a. "'Stinkafrikaners' se gemaaktheid voorop". *Beeld*, 18 September, p. 11.
- Burger, Willie. 2000b. "Perspektief en profiel". *Literator* 21(1):141-153.
- Burger, Willie. 2002. "Waar's die nuwe stemme in ons letterkunde?" *Die Burger*-lesingreeks, KKNK, April 2002. Beskikbaar by: <<http://www.oulitnet.co.za/seminaar/wburger.asp>>. Besoek: 29/08/2007.
- Burger, Willie. 2005. Leeskursusse meer nodig as skryfkursusse. *Die Burger*, 17 Oktober, p. 13.
- Burger, Willie. 2008a. "Oor aanhalings wat argumente steun". *By (bylaag tot Beeld, Die Burger en Volksblad)*, 12 April, p. 10.
- Burger, Willie. 2008b. "Om nuut na die wêreld te kyk". *By (bylaag tot Beeld, Die Burger en Volksblad)*, 30 Augustus, p. 7.
- Burger, Willie. 2008c. "Oor resensies en boekeblaai". *By (bylaag tot Beeld, Die Burger en Volksblad)*, 25 Oktober, p. 9.
- Burger, Willie. 2008d. "Die eenvoudige waarheid vir gewone mense". *By (bylaag tot Beeld, Die Burger en Volksblad)*, 22 November, p. 11.

- Burger, Willie. 2009a. "'n Blik op 'n blik vol verse". *LitNet*. Beskikbaar by:
<http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=59811&cause_id=1270>. Besoek op 21/04/2009.
- Burger, Willie. 2009b. "UJ-Prysfunksie 2009" [Toespraak].
- Calitz, Jeanne. 2010. "Sewe dekades se kuier met boeke". *Die Burger*, 15 November, p. 8.
- Calitz, Louis. 1995. "Wat kry sy toe, die Afrikaanse kultuur, uit die skat van Bertolt Brecht? – Aucamp as omsetter van Brecht vir 'n Afrikaanse kommunikasiesituasie". *Communicare* 14(2):51–61.
- Carruthers, Vincent. 2003. "Lack of Context Spoils New Edition of Marais Classic". *The Citizen*, 8 February, p. 16.
- Cartmell, Deborah & Whelehan, Imelda (eds.). 1999. *Adaptations: From Text to Screen, Screen to Text*. London & New York: Routledge.
- Cattrysse, P. 1997. "Polysystem Theory and Cultural Studies". *Canadian Review of Comparative Literature* 24(1):49–55.
- Chameleon, Chris. 2009. "VERSUS: Ingrid Jonker: Gefolterde genie of oorskatte digter?". *Rapport*, 5 Julie, p. 3.
- Chapman, Michael. 1994. "Writing Literary History in Southern Africa: The Relevance of a Social Theory". *JLS/TLW* 10(3/4):318–330.
- Chapman, Michael. 1996. *Southern African Literatures*. London & New York: Longman.
- Chapman, Michael. 1998. "The Politics of Identity: South Africa, Storytelling, and Literary History". *New Literary History* 29: 85–99.
- Chapman, Michael. 2002. "The Politics of Identity: South Africa, Story-telling, and Literary History". *JLS/TLW* 18(3/4):224–239.
- Chapman, Michael. 2003. *Southern African Literatures*. Scottsville: University of Natal Press.
- Chapman, Michael. 2005. "If You Don't Know the Taal, then Stay out of the Kombuis!". *LitNet*. Beskikbaar by: <http://www.oulitnet.co.za/indaba/chapman_heywood.asp>. Besoek op 01/12/2011.
- Chapman, Michael & Lenta, Margaret (eds.). 2011. *SA Lit beyond 2000*. Scottsville: University of KwaZulu-Natal Press.
- Chetty, Kuben. 2005. "Weak Apartheid Saga". *Independent on Saturday*, 2 July, p. 5.
- Chigurh. 2008. "Joan Hambidge die kritikus en die kanon". *LitNet*. Beskikbaar by: <http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=37616&cause_id=1270>. Besoek op 29/11/2008.
- Chopper Charlie & Griffin. 2008. *Is dit net ek of is alles tos?* Waterfront: Two Dogs.
- Cilliers, Cecile. 2001. "Ewige stryd van setlaar tussen eie, nuwe kultuur". *Rapport*, 29 Julie, p. 15.
- Cilliers, Cecile. 2002. "Greeff bedrewe, oortuigend". *Volksblad*, 30 September, p. 6.
- Cilliers, Cecile. 2003. "Stram vertaling lei tot kampvuurstories sonder veel fut". *Beeld*, 25 Augustus, p. 13.
- Cilliers, Cecile. 2006 "Ontroerend en beeldryk, maar nie Krog se beste". *Die Burger*, 24 April, p. 11.
- Claassens, George. 2007. "Hoe nou as resensent karakter in boek word". *Die Burger*, 6 Julie, p. 17.
- Clarke, Liz. 2009. "A Woman of Substance". *Sunday Tribune*, 22 February, p. 30.
- Cloete, T.T. 1982. "Literêre geskiedskrywing". *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 22(1):141–152.
- Cloete, T.T. 1984. *Wat is literatuur?* Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO Departement Sentrale Publikasies.
- Cloete, T.T. (red.). 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Cloete, T.T. 2000. "'n Anderste soort kyk na die Afrikaanse digkuns". *Rapport*, 16 April, p. 5.
- Cloete, T.T. 2002. "Wag maar op die skoon oë". *Beeld*, 27 April, p. 4.
- Cloete, T.T. 2004. "'n Antwoord aan Kannemeyer". *Tydskrif vir Letterkunde* 41(2):142–156.

- Cochrane, Neil. 2008. "Die swart Afrikaanse vroueskrywer (1995–2007): Nog steeds 'n literêre minderheid binne 'n demokratiese bestel?" *Acta Academica* 40(1):31–51.
- Cochrane, Neil. 2010. "Naweek". *Tydskrif vir Letterkunde* 47(2):175–177.
- Coetser, Johan. 2002. "Venster geopen op gemeenskap in Nederland vandag". *Beeld*, 28 Oktober, p. 13.
- Coetzee, Ampie. 1991. *Letterkunde & krisis: 'n Honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikaner-nasionalisme*. Bramley: Taurus.
- Coetzee, Ampie. 1996a. "Oorgangsliteratuurgeskiedenis: Die illusie van 'n nasionale Suid-Afrikaanse letterkunde". *Literator* 18(3):41–55.
- Coetzee, Ampie. 1996b. "Afrikaans Literature in the Service of Ethnic Politics". In: Kriger & Kriger (eds.) *Afrikaans Literature: Recollection, Redefinition, Restitution: Papers held at the 7th Conference on South African Literature at the Protestant Academy, Bad Boll*. Amsterdam: Rodopi.
- Coetzee, Ampie. 2005a. "Anargistiese Afrikaans nie 'n SA sportspan". *Die Burger*, 12 Februarie, p. 15.
- Coetzee, Ampie. 2005b. "Bespreking van Christopher Heywood se *A History of South African Literature*". *LitNet*. Beskikbaar by:
<http://www.oulitnet.co.za/seminaar/history_sa_lit.asp>. Besoek op 01/12/2011.
- Coetzee, Ampie. 2006. "Kannemeyer 'n grafskrif van Afrikaanse letterkunde". *Rapport*, 22 Januarie, p. 4.
- Cohen, Robyn. 2008. "Thriller Genre's Top Gun Always on Target". *Cape Argus*, 1 Desember, p. 13.
- Combrink, Anneretha; Greyling, Franci & Du Plessis, Hans. 2008. Uit die oogpunt van die buitestander: Die rol van identiteit en ruimte in die skep van 'n gemeenskapse jeugnovelle. *Tydskrif vir Letterkunde* 45(2):32–47.
- Conderaerts, Eric. 1985. "Ik zie de lezer niet: De poëziebloemlezing tussen 1970 en 1979". *Ons Erfdeel* 23(1):387–397.
- Conradie, Elisabeth. 1934. *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika: 'n Kultuurhistoriese studie Deel 1 (1652–1875)*. Pretoria: De Bussy.
- Conradie, Elisabeth. 1949. *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika: 'n Kultuurhistoriese studie Deel 2 (1875–1905)*. Pretoria: De Bussy.
- Corrigal, Mary. 2005. "Crying Out". *Sunday Independent*, 26 June, p. 5.
- Crous, A. 2004. "Onbevredigende tendense in die rolprentbedryf". *LitNet*. Beskikbaar by:
<<http://www.oulitnet.co.za/filmfundi/andrevies.asp>>. Besoek op 31/12/2012.
- Crous, Marius. 1998. "Poësie van nou byeengebring". *Die Burger*, 14 Januarie, p. 9.
- Crous, Marius. 2007. "Stander dig met goeie oog en oor". *Die Burger*, 29 Januarie, p. 9.
- Crous, Marius. 2008. "Kanonisering – die los woldraad in die wol". *LitNet*. Beskikbaar by:
<http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=37778&cause_id=1270>. Besoek op 29/11/2008.
- Crous, Marius. 2009. "De Coninck inspekteer die kolletjies op die 'i' ... in Afrikaans". *Beeld*, 24 Augustus, p. 15.
- C.W.H. 1956. "'n Praatjie oor nuwe boeke". *Die Taalgenoot* 25(9):15.
- Dale, Stephen. 2003. "For Once Celluloid Outshines Novel". *Business Day*, 20 June, p. 13.
- Damrosch, David. 2009. *How to Read World Literature*. Oxford: Wiley-Blackwell.
- Da Sousa Correa, Delia & Owens, W.R. 2010. *The Handbook of Literary Research*. Oxon: Routledge.
- De Beer, Diane. 2007. "Tribute to SA Poet Not All It Could Have Been ...". *The Star*, 26 April, p. 7.
- De Beer, Martinus. 2008a. *Hemelhel*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- De Beer, Martinus. 2008b. "Kommentaar op *Hemelhel*-resensie". *LitNet*. Beskikbaar by:
<http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=32231&cause_id=1270>. Besoek op 22/12/2008.

- De Geest, Dirk. 1997. "Systems Theory and Discursivity". *Canadian Review of Comparative Literature* 24(1):161–175.
- De Geest, Dirk. 2003. "Cultural Repertoires within a Functionalist Perspective: A Methodological Approach". In: Dorleijn, G.J. & Vanstiphout, H.J.L. *Cultural Repertoires: Structure, Function and Dynamics*. Leuven: Peeters.
- De Glas, F. 1992. "Hebben uitgeverijen invloed op de literaire canon?" *Spiegel der letteren* 34(3–4):289–304.
